

DIE GESKIEDENIS VAN HOUTVOORSIENING

AAN DIE KAAP, 1652-1795

deur

A. APPEL



Skripsie ingehandig ter verkryging van die
graad Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan
die Universiteit van Stellenbosch

Februarie 1966

OPGEDRA AAN MY OUIERS

V O O R W O O R D

Toe die verversingspos aan die Kaap in 1652 gestig is, was hierdie landstreek nog feitlik in 'n natuurlike staat. Die verversingspos sou slegs suksesvol wees indien die nedersetters doeltreffende huisvesting, voldoende voedsel en behoorlike beskerming besit. Daar is dus aan hulle 'n uitdaging gestel om sekere basiese gebruiksartikels te verkry. Hierdie uitdaging moes beantwoord word en hulle antwoord sou die sukses van die onderneming bepaal.

'n Onontbeerlike gebruiksartikel waaraan die nedersetters 'n behoefte gehad het, was hout. Dit is dus vir ons belangrik om te weet hoe hulle dit in die hande gekry het.

Tot dusver is slegs enkele aspekte van dié onderwerp aangeroer. G.M. Theal se veelgelese werk, History of Africa south of the Zambesi from ... 1505 to ... 1795, is een van die belangrikste geskrifte in hierdie verband. Die monografieë wat oor sommige Kaapse gesaghebbers geskryf is, behandel sekere aspekte, soos E.C. Godeé Molsbergen se werk, getitel De Stichter van Hollands Zuid-Afrika Jan van Riebeeck en A.J. Boëseken se werk Simon van der Stel en sy kinders. Dr. Boëseken noem ook in haar dissertasies, Die kommissarisse aan die Kaap, 1657-1700 en Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap sekere feite in verband met hierdie onderwerp. P.J. Venter het in sy Landdros en Heemrade (1682-1827) ook sekere sake aangerak, en T.R. Sim gee in The Forests and Forest Flora of the Colony of the Cape of Good Hope 'n breë oorsig oor die bepalinge met betrekking tot die houtbosse. So ook gee M.W. Spilhaus in The First South Africans and the Laws which governed them ... 'n opsomming van die plakkate ten opsigte van die bosse.

In hierdie studie word gepoog om 'n sistematiese uiteensetting van dié onderwerp te gee. In die eerste plek word die ver-

skillende behoeftes wat aan timmerhout en brandhout ontstaan het, bespreek. Vervolgens word die pogings om deur middel van bosontginning, bosaanplantings en die invoer van hout hierin te voorsien, nagegaan. Die benutting van die plaaslike houtbronne het met ernstige vernieling gepaardgegaan. Hieraan, sowel as aan die pryse van hout, word ook aandag gegee.

Die navorsing is in die Staatsargief, die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek en die Mendelssohn Biblioteek, almal in Kaapstad, en in die Carnegiebiblioteek op Stellenbosch gedoen.

Ek wil graag sekere persone wat in verband met hierdie studie hulp verleen het, bedank. In die eerste plek 'n woord van besondere dank en waardering aan my ouers wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie taak te voltooi.

My opregte dank aan prof. dr. D.J. Kotzé onder wie se leiding hierdie studie voltooi is. Sy kritiese gees was steeds navolgenswaardig.

Aan prof. dr. P.J. van der Merwe ook my opregte dank vir sy raad in die beginstadium van die navorsing.

Ek bedank die personeellede van die inrigtings waar die navorsing gedoen is vir hul vriendelike hulp.

My dank ook aan prof. dr. G.L.F. Hartwig en prof. dr. C.L. Wicht, albei van die plaaslike Fakulteit van Bosbou, vir hul belangstelling en vir die vriendelike wyse waarop hulle my talle vrae beantwoord het.

'n Woord van besondere dank aan Danie Hofmeyr wat soveel moeite gedoen het vir my vervoer terwyl ek met die navorsing besig was.

Geldelike bystand van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing) ter bestryding van die koste van hierdie navorsing word hierby erken.

A. Appel

Stellenbosch
Februarie 1966

I N H O U D S O P G A W E

I DIE BEHOEFTE AAN HOUT

1

A. Timmerhout vir

Kompanjiesgeboue en ander konstruksie- werke	2
Verdedigingswerke	17
Bou en herstel van skepe	20
Oliewinning	23
Private gebruik deur die burgers	24
Wamakery	29
Bou van brûe en ponte	32
Ander soorte timmerwerk	33

B. Brandhout vir

Brand van kalk en bak van stene	34
Traanbrandery	36
Gebruik op skepe	36
Kompanjiesamptenare en die Kompanjiesbe- drywe	38
Huishoudelike gebruik deur vryburgers ...	39

II POGINGS OM IN DIE BEHOEFTE TE VOORSIEN

41

A. Die Verkenning en Ontginning van die In- heemse Bronne:

Die Skiereiland

Aanvanklike verkenningstogte en ontgin- ning, 1652-1699	41
Verdere verkenning en ontginning, 1700-1795	62

Die „Overbergse“ Bosse

Die verslae van 1710, 1711 en 1712	78
Hernieude ondersoek, 1724-1729	81
Die ontginning van die bosse aan die Riviersonderend, 1730-1790	84
Die ontginning van die Outeniekwaland- bosse, 1777-1790	91
Die reëlins van die neëntigerjare ...	94

Die Plettenbergbaaihoutpos

Die kommissies van ondersoek van 1786 .	95
Die begin van die bedryf	101
Verdere ontwikkeling	104
Die reëlins van die neëntigerjare ...	110

B. Die Aanplant van Bome:

Proewe en aanplantings, 1652-1679	117
--	-----

Die "eike tydperk", 1679-1707	125
Verdere boskultuur, 1707-1795	135

C. Die Invoer van Hout:

Voorrade uit Nederland	142
Invoere uit Indië en Batavia	151
Timmerhout vanaf Maritius	152
Gevolgtrekkings	154

III DIE VERNIELING VAN DIE HOUTBRONNE 156

Die uitkap van geelhout	156
Die vernieling van die timmerhoutbosse..	157
Die uitroeiing van die brandhoutbronne..	167
Veldbrande	171

IV DIE HOUTMARK 173

V BESLUIT 184

LITERATUUR EN BRONNE

I L L U S T R A S I E S

	teenoor bladsy
'n Agtiende-eeuse windmeul	28
Kaart van die Kaapse skiereiland, 1652-1795	41
Kaart van die Kaapse suidkus gedurende die agtiende eeu	79
Kaart van Riviersonderend wat die ligging van die Kompanjies- bosse aandui	87
Kaart van die Kompanjiespos in Outeniekwaland	92
Kaart van die Kompanjiespos in Plettenbergbaai	101
Bouval van die houtstoor in Plettenbergbaai	103

DIE BEHOEFTE AAN HOUT

Die inheemse bosse van die teenswoordige Kaapkolonie was die beste ontwikkel gedurende die prehistoriese tyd.¹⁾ Die primitiewe lewenswyse van die Hottentotte en ander inheemse bevolkingsgroepe het min eise aan die bosse gestel. Die bevolking was ook in verhouding klein. Die enigste skade wat aangerig is, was deur bosbrande veroorsaak. In vergelyking met hierdie eenvoudige behoeftes, het 'n snelle en onoordeelkundige ontginning sedert 1652 plaasgevind.

Volgens die instruksies aan Jan van Riebeeck, gedateer 12 Desember 1651, moes hy onmiddellik ná sy aankoms aan die Kaap „een bequame houte logie” by die „soete rievier” oprig. Daarna moes hy die plek bepaal waar die fort De Goede Hoop gebou moes word.²⁾ Dit sou sy eerste taak wees. Hy moes ook die Kompanjie se skepe van lewensmiddele voorsien, en „spesiaal van drinkwater en brandhout.”³⁾ Die Bewindhebbers het blykbaar gedink dat dit maklik sou gaan om hierdie opdrag uit te voer, want in hulle „Remonstrantie” het Janszen en Proot verklaar dat „achter ende in 't opgaen vanden tafelbergh hout genoegh te becomen sal wesen.”⁴⁾

Vanaf die stigting van die verversingspos het daar van Kompanjiesweë 'n behoefte aan 'n voorraad timmerhout vir die oprigting van geboue, asook geskikte hout vir herstelwerk aan die skepe, ontstaan. Weens hul haastige vertrek uit Texel, het Van Riebeeck en sy mense meer as 700 gesaagde planke en 400 sparre en

1) Sim, T.R.: The Forests and Forest Flora of the Colony of the Cape of Good Hope, p.76.

2) C. 409, I: Inkomende Briewe, 1652-1660, 12 Desember 1651, pp. 25-26.

3) C. 430, I: Inkomende Briewe, 1709, 25 November 1708, p. 116.

4) C. 409, I: Inkomende Briewe, 1652-1660, 26 Julie 1649, p. 22.

balke agtergelaat. As gevolg hiervan sou hulle, volgens Van Riebeeck, „vrij verlegen” wees „int maecken van onse wooningen magesijnen bruggen ende traen huijsen etc.”⁵⁾ Tweedens het besoekende skepe groot eise ten opsigte van brandhout gestel - 'n artikel wat ook vir die plaaslike behoeftes broodnodig was.

A Timmerhout

Ons let allereers op die behoefte aan timmerhout vir die oprigting van Kompanjiesgeboue en ander konstruksiewerke. Die geskiedenis van die behoefte hieraan gedurende die eerste aantal jare hang saam met die vestiging van die eerste bouwerke, nl. die grondfort, die woonhuise, die pakhuse en later die Kasteel.

Kort nadat met die bouery begin is, het die reënseisoen aangebreek. Die onontbeerlike lewensmiddele het gevaar geloop om te bederf, en om hulle te bewaar, was 'n groot hoeveelheid planke noodsaaklik.⁶⁾

Die eerste huisvesting is verskaf deur „een loose plancke tent.”⁷⁾ Daar is dadelik met die bou van die fort begin, die walle waarvan hoofsaaklik uit grond bestaan het en met kreupelbos versterk is omdat gevrees is dat die reënseisoen die grondwalle sou laat wegspoel.⁸⁾ Hierdie vrees is bewaarheid toe die agtergordyn van die fort ten gevolge van swaar stortreën in Junie 1655 ingestort het. Daar was 700 tot 800 stokke nodig om dit te herstel.⁹⁾ Die volgende jaar was nuwe stormpale in die walle nodig aangesien die eerstes verrot het. 'n Harder houtsoort vir hierdie soort pale was nodig sodat dit nie elke drie tot vier jaar vervang hoef te word nie.¹⁰⁾ In Augustus 1659 is besluit

5) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 16 Mei 1652, p.19.

6) Bosman, D.B. en Thom, H.B.: Daghregister gehouden bij den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, I, 6 Junie 1652, p.40.

7) Bosman en Thom: Daghregister, I, 24 April 1652, p.31.

8) Bosman en Thom: Daghregister, I, 9 April 1652, p.26.

9) Bosman en Thom: Daghregister, I, 19 Junie 1655, p.315.

10) Bosman en Thom: Daghregister, II, 9 September 1656, p.66.

om die walle te versterk deur 'n hekwerk van sporte rondom op¹¹⁾
te slaan, waarvoor hout uit die Kaapse bos gebruik sou word.
Gedurende die reënseisoen van 1660 het die suidelike deel van
die punt Walvis ineengestort. Vir die herstel hiervan was 'n
aantal dik pale nodig.¹²⁾

Die voorsiening van vars vleis en die verbouing van graan
was twee van die belangrikste take van die verversingspos. Vee
is van die Hottentotte geruil en moes teen rowery beskerm word.
Hiervoor was dus krale nodig. Daar is ook moeite gedoen om die
vee te laat aanteel. Vir hierdie doel is 'n klompie skape op
Robbeneiland gesit. In die winter van 1658 het 120 van hulle
weens blootstelling aan wind en weer gevrek. Dit was 'n ge-
voelige verlies, en in November is besluit om 'n stal te bou
waarvoor die volgende uit die Kaapse bos nodig was: hout vir
35 style, 500 voet hout vir dwarsbalke, hout vir 200 sparre en
hout vir twee deure met kosyne. Die muur moes rondom met „bos-
plancken" dig gemaak word. Dieselfde dag is ook besluit om 'n
groot beeskraal by die Kompanjie se koringskuur te bou. Die
hout hiervoor moes in die bos gekap word.¹³⁾

Vir die bou van die eerste pakhuise en die waghuis is¹⁴⁾
„lighte vaderlantse houtwercken" gebruik. Uit die aard van
die saak was hierdie geboue nie stewig en duursaam nie, sodat
periodieke herstelwerk daaraan nodig was. In April 1655 was
hulle alreeds erg bouvallig. In Julie 1657 is besluit om 'n
koringskuur, 108 voet lank en 40 voet breed, albei Rynlandse
maat, te bou. Die hout hiervoor moes in die bos gereedgemaak

11) S.A. Argiefstukke: Resolusies van die Politieke Raad, I, 1651-1669, 16 Augustus 1659, p.210.

12) Bosman en Thom: Dagregister, III, 27 Augustus 1660, p.259.

13) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 30 November 1658, p.179.

14) Bosman en Thom: Dagregister, I, 2 April 1655, p.299.

15) word. Vir 1674 was 120 eike „swalpen" en 100 dennebalke vir
herstelwerk aan die pakhuis¹⁶⁾ nodig. Gedurende 1707 was die
Politieke Raad verplig om onmiddellik ná die ontvangs van 'n
skeepsvrag hout uit Nederland weer 'n voorraad aan te vra, veral
planke en sparre „waar van men hier soo destituijt is, dat de
nodige reparatie moeten veragteren ..." ¹⁷⁾ Die volgende jaar
is 'n opname van die pakhuis gemaak wat getoon het dat hulle
erg bouvallig was. Vir die herstelwerk was 'n aantal balke
van 18 en 20 voet lengte nodig. ¹⁸⁾ In 1718 het die Politieke
Raad van die Here Sewentien verlot gevra om 'n nuwe voorraadskuur
op die strand te bou en om die nodige herstelwerk aan ander
Kompanjiesgeboue te doen. Die hout hiervoor is uit Nederland
aangevra. ¹⁹⁾ Gedurende Oktober 1723 was die volgende benodig
vir herstelwerk aan die „mastloos" : 1 balk, 22 balke vir
„schaersteijle" en hanebalke, 15 stutpale vir gordings en nokke,
6 ribbe vir muurplate, 90 Nederlandse sparre en 140 latte. ²⁰⁾
In 1741 was 660 dennebalke van 24 voet en 28 voet lengte „Seer
nodigh tot reparatie van s Comp: gebouwen binnen en buijten 't
Casteel." ²¹⁾ In 1744 was vir dieselfde doel 150 dennebalke van
28 voet, 2500 denneplanke van 30 voet en 100 Pruisiese planke
van 30 voet nodig. ²²⁾ Met die bou van koringmagasyn, wyn-
kelders en skure was balke van 24 tot 30 voet lengte noodsaaklik,

15) Bosman en Thom: Dagregister, II, 20 Julie 1657, pp.147-148; S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 20 Julie 1657, p.107.

16) C. 496, II: Uitgaande Briewe, 1672-1673, p.632.

17) C. 509, I: Uitgaande Briewe, 1707-1709, 15 April 1707, p.134.

18) C. 702: Memorien en Instructien, 1686-1722, pp.557-558.

19) C. 512: Uitgaande Briewe, 1718-1720, 30 April 1718, p.149.

20) C. 18: Resolusies, 1723-1724, 5 Oktober 1723, p.408.

21) C. 142: Bijlagen, 1740-1741, p.222.

22) C. 145: Bijlagen, 1744, pp.330, 334 en 336.

„vermits die zoorte van Gebouwen in zulk een warm klimaat als dit, Lugtig en diensvolgens hoog en weijd moeten weesen ...”
Verder was daar 'n daaglikse verbruik van balke van 18 tot 20 voet, terwyl dié van 22 voet vir geboue met 'n binnemaat van 20 voet benodig was.²³⁾

In November 1757 is 'n uitvoerige verslag oor die toestand van die Kompanjiesgeboue opgestel. Vyfhonderd balke en 1800 planke was nodig vir herstelwerk.²⁴⁾ Vyfhonderd-en-tagtig dennebalke, 2800 denneplanke en 500 gesaagde planke was nodig „tot opbouwen van s' Comp^s: gebouwen, als wel voor Contant” in 1763.²⁵⁾ Die volgende jaar is 'n begin gemaak met die oprigting van 'n nuwe Kompanjiesgebou in Valsbaai. In Julie het die poshouer, Jan Frederik Kirsten, laat weet dat voorlopig 20 klaatbalke vir die maak van kosyne nodig was.²⁶⁾

Gedurende die laaste jare van die Kompanjie se bewind het die koloniste baie graan in Mosselbaai gelewer. Die graan moes beskerm word. In Oktober 1786 is derhalwe besluit om 'n pakhuis te bou wat 150 voet lank, 20 voet breed en 13 voet hoog sou wees. Vir die balke, planke, deur- en vensterkosyne en lateihout was 'n voorraad „opregt Smalblads geelHout” uit die bosse van Outenikwaland nodig.²⁷⁾ Gedurende die reënseisoen van 1791 het 'n deel van die opgebergde graan egter bederf. Om verdere skade te voorkom, is besluit om 'n plankvloer aan te bring. Hiervoor was 60 geelhoutbalke van 19 voet en 160 geelhoutplanke van 21 voet nodig.²⁸⁾

23) C. 44: Resolusien, 1752, 1 Februarie 1752, pp.33-44;
C. 537: Uitgaande Briewe, 1752, 19 Februarie 1752, pp.149-151.

24) C. 49: Resolusien, 1757, 22 November 1757, p.435.

25) C. 164: Bijlagen 1763, pp.58-60.

26) C. 459: Inkomende Briewe, 1764-1765, 16 Julie 1764, p.448.

27) C. 318: Memorien en Rapporten, 1786, pp.668-671.

28) C. 92: Resolusien, Junie-Augustus, 1791, 22 Julie 1791, pp.414-416.

Vir 1789 het die Politieke Raad die volgende inheemse hout vir sy werksaamhede benodig: 700 „Smalblad dan wel regt Geel-²⁹⁾ houte Balken," 2000 geelhoutplanke en 500 stinkhoutplanke. Aangesien herstelwerk nodig was aan sekere Kompanjiesgeboue „Welke Van Jatij hout Zijn geextrueerd, en waar toe men dus niet wel Voeglijk het Geelhout zou kunnen emploijeeren," was 70³⁰⁾ djatibalke en 395 djati-meulplanke in 1792 nodig. In Januarie 1794 was 16 dennebalke nodig vir „stellings in S' E Comp^s Wijnkelders." ³¹⁾

Die binne-afwerking en die meubilering van die geboue het ook hout vereis. So was in 1674³²⁾ honderd denneplanke van twee duim nodig om swaar deure te maak. In 1719 is die volgende hout gebruik „tot Comp: meubelen": 4 stukke „wageshot", 2 dennebalke, 2 denneribbe, 2 gesaagde planke, 8 „Jassemse"³³⁾ balke en 10 djatiplanke.

In 1763 was 16 djati-meulplanke nodig vir die maak van deure, lateihoute, vensterbanke en rame, terwyl 70 nodig was vir die herstel van die geute.³⁴⁾ Die uitrusting van „een vertrek gesteineert tot een Post Comptoir" het die volgende benodig in 1791: 1 denneplank en 1 dennerib vir 'n tafel, 17 denneplanke en 3 denneribbe vir twee groot tafels, 1 denneplank vir 'n briewebak, 3 djatiduie vir vyf „Herkplanken" en 4 djatiduie vir 'n glasraam en paneel.³⁵⁾

Die hantering van die vrag van die verbyvarende skepe het 'n groot probleem geskep. Aanvanklik het slawe die goed na en

29) C. 320, II: Memorien en Rapporten, 1788, p.659.

30) C. 200: Bijlagen, Julie 1792, p.210.

31) C. 216: Bijlagen, Mei-Junie 1794, p.113.

32) C. 496, II: Uitgaande Briewe, 1672-1673, p.632.

33) C. 291: Memorien en Rapporten, 1710-1726, 11 April 1719, p.181.

34) C. 167: Bijlagen, 1766, p.138.

35) C. 325, III: Memorien en Rapporten, 1791, II, pp.1283-1284.

van die skepe gedra. Hulle moes soms „tot den hals" in die water loop - iets wat veral in die wintertyd noodlottige gevolge kon hê. Die Kommandeur het dit besef en in Mei 1652 besluit dat 'n hawehoof gebou moes word.³⁶⁾ Dit sou tussen 70 en 80 roede³⁷⁾ (d.w.s. 280-320 tree)³⁸⁾ lank wees. Uit die aard van die saak is 'n groot hoeveelheid swaar balke en planke hiervoor vereis. In April 1656 was „partije groote balcken" uit die bos nodig om daarvan swaar rame met „gebinten gordings etc^{a)}" te maak. Hulle sou met klippe gevul en in die water neergelaat word aangesien dit te klipperig was om pale in te dryf.³⁹⁾ Die hawehoof was feitlik klaar in Januarie 1658. Toe was vierduim⁴⁰⁾ planke uit die bos weer nodig vir dekdoeleindes.

Mettertyd het die strand by die hawehoof al hoe meer opgevol sodat geen bote met laagwater en weinig bote met hoogwater by die hawehoof kon kom. Teen 1715 is geoordeel dat die hawehoof verleng moes word. Hiervoor moes 'n hoeveelheid pale in die Kaapse bos gekap word.⁴¹⁾ In September 1720 was 'n aantal heipale vir stutpale by die hawehoof nodig omdat die oues verrot het. Hierdie balke kon egter ook nie meer in die plaaslike bosse gevind word nie.⁴²⁾ Tweehonderd heipale van 24 voet lengte was „ten hoogsten benodigt tot 't uitbreijden en ver-

36) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 30 Mei 1652, p.28.

37) Bosman en Thom: Dagregister, II, 22 Julie 1656, p.58.

38) Hierdie berekening is volgens die formule: 1 roede = 12 voet. Sien Ras, A.C.: Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke, 1652-1713, p.x.

39) C. 493, II: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 7 April 1656, p.520.

40) Bosman en Thom: Dagregister, II, 17 Januarie 1658, p.233.

41) C. 9: Resolutien, 1713-1715, 12 Februarie 1715, pp.278-283.

42) C. 15: Resolutien, 1720-1721, 3 September 1720, p.185.

beeteren van 't Zeehoof⁴³⁾" in 1723. Die verkryging van geskikte hout vir hierdie werk is bemoeilik deurdat alle balke nie gebruik kon word nie. Dit moes reguit, minstens 10 tot 11 duim dik en van goeie hout wees. In 1728 was 180 sulke pale en 16 gesaagde eikebalke nodig.⁴⁴⁾ Vir 1731 was die volgende vir die hawehoof nodig: 150 heipale van 36 tot 40 voet stuk, 20 gesaagde eikebalke van 30 tot 32 voet stuk en 200 denneplanke.⁴⁵⁾ In 1744 was 50 heipale vir herstelwerk nodig.⁴⁶⁾

Dit het op hierdie tydstip voorgekom dat baie balke van die hawehoof „door de worm van binnen door vreeten" was. Baie balke het afgebreek „soo dat het voor melte hoof ten groosten deelen int geheel zal moeten vernieuwt worden." Vir 1746 was 600 juffers van 36 tot 40 voet en 150 heipale van 25 tot 30 voet broodnodig vir herstelwerk.⁴⁷⁾ In 1749 was 70 gesaagde eikebalke van 30 voet, 300 eikestutpale van 25 tot 30 voet en 300 „carveel"-planke nodig.⁴⁸⁾ In 1763 was 40 „carveel"-planke van 24 voet stuk nodig.⁴⁹⁾ Op 31 Mei 1792 het die voorrade-meester, Cornelis Cornelisz, in opdrag van die Politieke Raad die toestand van die hawehoof ondersoek. Uit sy verslag het dit geblyk dat baie pale óf gedeeltelik óf totaal deur die wurms deurgevreet was. Baie dekplanke was ook verweer. Hierdie toestand sou in die komende winter gevaarlik wees sodat herstelwerk onmiddellik aangepak moes word. Hiervoor sou die volgende nodig wees: 50 djatibalke vir pale, 8 dennebalke „voor de Leggers om in 't Zeehoofd te leggen," 20 denneribbe vir die geute, 60 djati-„swalpen" vir loopplanke langs die hoof en 80 djati-meulplanke

43) C. 124: Bijlagen, 1723, p.241.

44) C. 518, II: Uitgaande Briewe, 1728, 11 Augustus 1728, pp.878-879.

45) C. 132: Bijlagen, 1731, pp.270-272.

46) C. 145: Bijlagen, 1744, p.334.

47) C. 147: Bijlagen, 1746, pp.322-324; C. 530: Uitgaande Briewe, 1745, 10 April 1745, p.112.

48) C. 150: Bijlagen, 1749, p.116.

49) C. 164: Bijlagen, 1763, p.60.

50)

vir dekwerk.

Om die skepe van vars water te voorsien, is 'n klipwaterleiding tot by die strand gebou. In Mei 1679 is besluit om dit nóg 16 roedes verder seewaarts deur middel van houtgeute te verleng en die hout hiervoor moes in die Kaapse bosse gevind word. Die verlenging sou van onder met „binten van swaere paelen van hart caaps hout in de grondt" gestut word. Som-

51)

mige geute het egter verrot en in Augustus 1699 moes 1600 nuwe geute gemaak word. In Januarie 1710 was daar 'n gebrek aan geskikte timmerhout om die waterleiding in stand te hou.

53)

Goewerneur Noodt het in Junie 1728 die Politieke Raad in kennis gestel dat die waterleiding in 'n baie slegte toestand was. Op sy voorstel is besluit om dit te verlê, waarvoor 'n aantal heipale nodig was.

54)

In 1665 is van die Here Sewentien instruksies ontvang vir die bou van 'n „stercke royale fortresse" Hierdie groot bouwerk het 'n hoë eis aan die beskikbare houtvoorraad gestel. Die volgende jaar reeds was „achter de taeffelberg inde kloof bosies niet een bequame boom meer te vinden om planken daer van te zagen." In Houtbaai was wel planke verkrygbaar „doch

55)

56)

50) C. 97: Resolutien, April-Junie 1792, 1 Junie 1792, pp.513-516.

51) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 7 Mei 1679, p.293.

52) V.C. 15: Dagregister, 1699-1701, 1 Augustus 1699, pp. 345-346.

53) C. 510, I: Uitgaande Briewe, 1710-1713, 31 Januarie 1710, p.25; C. 7, II: Resolutien, 1700-1710, 4 Februarie 1710, p.507.

54) C. 23: Resolutien, 1727-1728, 24 Junie 1728, pp.191-192.

55) Ras, A.C.: Die Kasteel, p.56.

56) C. 494, II: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 16 Mei 1666, p.904.

dit magh tot dees groot begonnen fortresse, en wes meer mocht nodig wesen so veel helpen als een boon in een brouketel!"⁵⁷⁾

Die sewentigerjare was vir die Nederlande jare van spanning en oorlog, en die Kaap het die gevolge daarvan gevoel. Die voltooiing van die Kasteel is as die belangrikste werk beskou omdat die Here Sewentien oor die moontlikheid van 'n onverhoedse Franse aanval op die Kaap besorgd was. In April 1679 was feitlik al die binnegeboue van die Kasteel voltooi.⁵⁸⁾

Die volgende jaar is verlof ontvang vir die oprig van 'n Kommandeurswoning binne die Kasteel. Aangesien die vernaamste bouwerke „ten principalen g' absolveert zijnde", was geskikte hout, veral vir balke en planke, geredelik beskikbaar.⁵⁹⁾ Ná voltooiing van die „Kat" in 1697 is geen noemenswaardige Kompanjiesbouwerke dadelik aangepak nie, behalwe nuwe koringkelders.⁶⁰⁾

Gedurende 1713 moes aan die Kasteel herstelwerk verrig word. 'n Gedeelte van dié werk kon met beskikbare materiaal gedoen word, terwyl die res uitgestel is tot dat hout uit Nederland ontvang word.⁶¹⁾ Hout het dus 'n belangrike funksie aan die Kaap vervul.

In 'n verslag van P.G. Noodt, gedateer 21 Junie 1708, wat in Februarie 1723 in die Politieke Raad behandel is, word herstelwerk aan die Kasteel bespreek. Hy het onder andere aanbeveel dat aan die een kant van die Kasteel 'n valbrug gemaak word wat dit aan daardie kant sou beveilig.⁶²⁾ Vir hierdie projek was nodig: 36 juffers, 30 ribbe, 30 denneplanke, 40 denneplanke vir

57) C. 494, II: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 10 Februarie 1667, p.1085.

58) Ras, A.C.: Die Kasteel, pp.76-77.

59) C. 499, II: Uitgaande Briewe, 1679-1681, 20 Maart 1681, pp.723-724.

60) Ras, A.C.: Die Kasteel, p.86.

61) C. 9: Resolusien, 1713-1715, 27 Junie 1713, pp.33-35.

62) C. 123: Bijlagen, 1722, p.549.

die steiers, 5 dennebalke vir die style en drumpels van die sluis, 8 „carveel“-planke vir die sluisdeure en 25 eshout vir 50 draagbare.⁶³⁾

Die bou en meubelering van kerke het 'n periodieke behoefte aan timmerhout geskep. Omdat die kerkgebou van Kaapstad in Augustus 1708 „t' eeniger tijd wel Ligtelijk een swaare krak zoude kunnen krijgen...“ was 'n voorraad hout vir herstelwerk daaraan broodnodig.⁶⁴⁾ In Oktober 1718 was nóg 600 gesaagde planke nodig vir die solder van die kerk.⁶⁵⁾ In die kerk het vier stoele vir die Goewerneur en drie burgerrade gestaan. Almal was „zeer fraai, en ongemeen net van eikenhout.“ Die agtkantige preekstoel het „... op een swarte ebbenhout dikke fraei geslingerde enkele styl, 4 of 5 voeten hoog, en 5 duim over 't kruis dik“ gestaan. Op agt „swarte fraai geslingerde pilasters“ het „een mooye kap“ gerus. Die preekstoel met sy kap was „over al met ebbenhoute lysten omzet...“⁶⁶⁾ Die uitrusting van die kerk het dus 'n voorraad goeie hout vereis.

Intussen is in die „kolonies“ ook met die oprigting van kerkgeboue begin. In die tagtigerjare van die sewentiende eeu is met die bou van 'n kerk in Stellenbosch begin. In Januarie 1687 moes nog 'n hoeveelheid hout hiervoor in die bosse van Hottentots-Holland gehaal word.⁶⁷⁾ Omdat hierdie kerkgebou afgebrand het, moes 'n tweede een gebou word waarvoor in Augustus 1717 nodig was: 18 kapstyle, 18 kapbalke, 18 „capkrebels“, 8 hanebalke, 8 „krebels“, 3 balke van 22 voet „tot maklaars“, 8 „hoekkepers“, 8 „kielkepers“, 8 kort „kielkepers“, 8 „krebels“ van 15 voet, 16 balke van 21½ tot 22 voet, 280 voet muurplate, 100 voet vir nokke, 900 voet vir gordings, 20 balk-

63) C. 17: Resolutien, 1722-1723, 9 Februarie 1723, pp.485-486.

64) C. 509, I: Uitgaande Briewe, 1707-1708, 10 Augustus 1708, p.775.

65) C. 13: Resolutien, 1718-1719, 4 Oktober 1718, pp.176-177.

66) Valentyn, F.: Beschryving Van ... Kaap der Goede Hoop etc., 10de boek, p.15.

67) V.C. 11: Dagregister, 1687, 11 Januarie 1687, p.38.

planke, 1200 sparre en 12 balke van 26 voet.⁶⁸⁾ In Oktober 1717 het die kerkraad weer die nodige „steijgerhoud en planken” by die Politieke Raad aangevra.⁶⁹⁾ In Augustus 1719 het die kerkraad wéér geskryf dat hulle nie geskikte „hout om te steijgeren” en as sparre vir die dak kon kry nie. Hulle het „30 stuxs eijke boomtjes tot steijgring en gordings” gevra. Boonop het hulle versoek dat 400 kiaatribbe uit Batavia bestel word of dat 300 Nederlandse sparre uit die houtmagasyn aan hulle toegesê word.⁷⁰⁾

Die Kompanjie se bouwerk in Stellenbosch het dus 'n groot behoefte aan timmerhout geskep. Later, in 1754, was 50 djatibalke, 20 denne- of djatibalke, 150 denneplanke, 200 djatiduie, 100 „Chineese” planke, 40 juffers, 200 sparre en 10 djati-„swalpen” in verband met die pastorie nodig.⁷¹⁾

In Junie 1717 het die predikant van Drakenstein, ds. Petrus van Aken, 'n opgawe aan die Politieke Raad gestuur van die voorraad hout wat vir die bou van hul kerk nodig was, nl. 60 vragte timmerhout en nog 24 „bladen wagenshot” vir kerkdeure en vensterrame.⁷²⁾ In September het die kerkraad weer die volgende aangevra: vier balke van 20 voet, 40 karbele van 10 voet, 15 balke van 24 voet vir die kapbinte, 10 karbele vir die „spante”, 16 „dwarhoute tot toorentye” van 8 voet, 240 juffers van 30 voet, 10 ribbe van 18 voet en 6 balke van 14 voet.⁷³⁾ In 1719 was nog 162 gesaagde planke, 450 balklatte en 40 wavragte timmerhout nodig wat in die Paradysbos (agter Tafelberg naby Rondebosch) gehaal sou word.⁷⁴⁾

68) C. 12: Resolusien, 1717-1718, 30 Augustus 1717, pp.141-143.

69) C. 12: Resolusien, 1717-1718, 5 Oktober 1717, p.210.

70) C. 14: Resolusien, 1719-1720, 15 Augustus 1719, pp.114-116.

71) C. 454: Inkomende Briewe, 1754-1755, 21 April 1754, p.251.

72) C. 12: Resolusien, 1717-1718, 2 Junie 1717, pp.40-41.

73) C. 12: Resolusien, 1717-1718, 7 September 1717, p.177.

74) C. 13: Resolusien, 1718-1719, 17 Januarie 1719, p.276.

In 1743 het goewerneur-generaal Van Imhoff as kommissaris die Kaap besoek en baie aandag aan die belange van die koloniste gegee. Hy het hom veral beywer om die kerklike- en bestuursgeriewe van die nuut bevolkte gebiede te verbeter. As gevolg van sy bemoeiing is in 1743 in die Land van Waveren 'n gemeente gestig, en twee jaar later 'n gemeente in die Swartland.⁷⁵⁾ Die bou van 'n kerk in die gemeente Swartland en 'n pastorie vir die gemeente Waveren het baie timmerhout vereis.

Met die stigting van die distrik Graaff-Reinet in 1786 is die behoefte aan timmerhout vir Kompanjiesgeboue daar akuut gevoel omdat daardie streek geen inheemse bosse besit het nie. In Mei 1787 was 'n aansienlike voorraad hout vir die kerk,⁷⁶⁾ predikantswoning en voorleserswoning nodig. Geen presiese opgawes hiervan kan egter gevind word nie. Van die kerk word gepraat as 'n voorlopige kerkgebou, en dit moes inderdaad so gewees het, want reeds in September 1790 moes daaraan herstelwerk verrig word.⁷⁷⁾ In Julie 1791 moes die volgende hout gekoop word: 250 sparre vir die voorlopige kerkgebou, 400 voet nok- en dwarshout, 16 kapstyle en 2 „Kiel Keepen.”⁷⁸⁾ Ds. Von Manger en sy Kerkraad het ook weer in Junie 1794 timmerhout aangevra.⁷⁹⁾

Die tekort aan geskikte hout in Stellenbosch het die Kompanjie se bouwerke daar vertraag of die koste daarvan vergroot. Dit was onder andere die geval met die bou van 'n nuwe „regthuijs”

75) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.H. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.58.

76) G.R. 1/1: Notule van Landdros en Heemrade, 1786-1795, 7 Mei 1787, p.20; G.R. 14/4: Publications, Notices and Warnings, 1786-1819, 7 Mei 1787.

77) G.R. 1/1: Notule van Landdros en Heemrade, 1786-1795, 6 September 1790, p.141.

78) G.R. 1/1: Notule van Landdros en Heemrade, 1786-1795, 11 Julie 1791, p.156.

79) G.R. 14/4: Publications, Notices and Warnings, 1786-1819, 18 Junie 1794.

in die plek van die een wat in 1710 afgebrand het. In Februarie 1716 het nog baie hout daarvoor kortgekom. Dit wat wél gebruik is, moes gekoop word, sodat dit 'n aansienlike finansiële las vir die jong „kolonie" meegebring het. Die toestand was so ernstig dat die landdros en heemrade versoek het dat die res van die hout uit die Kompanjie se magasyn beskikbaar gestel word.⁸⁰⁾

In Maart 1716 het die Kaapse burgerrade die volgende hout vir die bou van die burgerwaghuis daar benodig: 20 balke van 22 voet, 20 ribbe, 20 kapstyle van 18 voet, 20 hanebalke, 200 voet „platen", 300 voet dwarshout, 60 voet hout vir nok, 900 sparre, 100 paar planke en 900 paar latte. Volgens hulle sou hierdie hout slegs van die Kompanjie verkry kon word. Voorts het hulle vir Nederlandse sowel as Indiese hout gevra.⁸¹⁾ Herstelwerk aan die burgerwaghuis het 150 kaaatbalke en 360 planke uit Batavia in Mei 1745 vereis.⁸²⁾

Op aanbeveling van Van Imhoff is in 1743 in die „Overbergse" distrikte 'n subdrostdy gestig. Dit het in 1745 'n selfstandige drostdy geword en drie jaar later die naam Swellendam ontvang.⁸³⁾ In 1745 is begin om 'n huis vir adjunklanddros Rhenius aan die „Kooren Lands riviértje" te bou. Die hout wat hiervoor nodig was, moes „aldaar in het bosch" gekap word.⁸⁴⁾ Die drostdy is in die loop van 1746-1747 opgerig, en uit die konstruksie kan vandag nog gesien word dat dit baie timmerhout vereis het. In Junie 1777 was „... de eene kamer in 't woonhuijs van den Secretaris tot noch toe ongezolderd..." Die geelhoutplanke wat vir die kamervloere van die drostdy bedoel was, sou hiervoor gebruik word.⁸⁵⁾

80) C. 10: Resolutien, 1715-1716, 3 Februarie 1716, p.204.

81) C. 10: Resolutien, 1715-1716, 3 Maart 1716, p.295.

82) C. 37: Resolutien, 1745, 4 Mei 1745, pp.168-170.

83) Van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, pp.136-137.

84) St. 19/165: Dokumente Betreffende Overbergse Saken, 1744-1767, 10 Mei 1745. Naby die huidige Swellendam is 'n Korenlands-rivier

85) Swm. 1/2: Notule van landdros en heemrade, 1764 en 1775-1780, 18 Junie 1777.

Die Swellendamse geboue het steeds herstelwerk vereis.

Die landdros en heemrade moes byvoorbeeld in Januarie 1790 twaalf geelhoutplanke koop vir die herstel van o.a. die „houte Vengsters der drostdy...“⁸⁶⁾ Gedurende 1785 was die volgende hout vir die bou van 'n nuwe stal en skool nodig: 32 balke, „Spantwerk Kapstijlen etc^a“, kosynhout, een „creb“ van 64 voet, 18 pale en 600 voet planke.⁸⁷⁾

Die huisvesting van die siekes was 'n ander belangrike taak van die verversingspos. 'n Hospitaal is dus gebou waarvoor 'n hoeveelheid hout benodig is. Teen 1699 was 68 „Noordse“ planke gebruik „tot solderinge in 't oude hospitaal.“⁸⁸⁾ In Maart 1709 was die gebou as gevolg van 'n gebrek aan planke nog vir 'n groot gedeelte sonder 'n solder. Hiervoor was 800 tot 900 planke nodig.⁸⁹⁾ Teen Maart 1710 was die gebou nog steeds gedeeltelik sonder 'n solder sodat meer planke nodig was.⁹⁰⁾

Gedurende die sewentigerjare is met die bou van 'n nuwe hospitaal begin. In Januarie 1775 was die volgende hout nodig: 1938 dennebalke, 1252 denneplanke, 23 gesaagde planke, 336 juffers, 4 denneribbe, 72 dennelatte, 6 eikeplanke, 3833 djatibalke, 144 „Jassemse“ balke, 11518 djati-meulplanke, 4 djati-affuit-„swalpen“, 7091 djatiduie en 511 djatiplanke. Vir die volgende jaar was 268 dennebalke, 477 djatibalke, 1638 djati-meulplanke en 1004 djatiduie nodig. Die volgende hout was van tyd tot tyd nodig: 1053 dennebalke, 2752 djatibalke, 7466 djati-meulplanke en 3224 djatiduie.⁹¹⁾

86) Swm. 1/3: Notule van landdros en heemrade, Maart 1789-Desember 1798, 18 Januarie 1790, p.13.

87) C. 471: Inkomende Briewe, 1787-1788, p.621.

88) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 17 November 1699, p.354.

89) C. 7, II: Resolusies, 1700-1710, 11 Maart 1709, pp.457-458.

90) C. 510, I: Uitgaande Briewe, 1709-1710, 30 Maart 1710, p.62.

91) C. 309: Memorien en Rapporten, 1773-1775, pp.350-353; C. 67: Resolusies, 1775, 28 Maart 1775, pp.177-185.

Vir 1781 is 500 denneribbe, 1570 denneplanke en 100 juffers benodig, en vir 1782 was 468 dennebalke, 1170 denneplanke en 100 juffers nodig.⁹²⁾

Gedurende die volgende paar jaar was daar 'n gebrek aan kìaathout sodat 30 djatibalke, 3000 lêerduie en 900 halfleêrduie van die burgers Jacobus J. Vos en Jacobus J. van den Berg in Mei 1786 gekoop moes word.⁹³⁾ Vir die solder van die groot portaal en die 4 siekesale was 1500 denneplanke van 24 voet in Augustus 1788 nodig.⁹⁴⁾

Reeds in 1791 moes herstelwerk aan die noordwestelike vleuel van die hospitaal gedoen word. Vyf-en-neëntig djatiduië was vir 21 nuwe glasrame en 21 nuwe „rottingraamen" nodig. Die maak van 2 nuwe vensters en die herstel van die ander het 4 djati-meulplanke vereis. Ses djati-meulplanke en 6 djatiduië was nodig vir die herstel van die deure en die kosyne.⁹⁵⁾ In Augustus 1792 het die regent van die hospitaal 80 denneplanke van 20 voet en 8 dannelatte van 20 voet aangevra. Dit was vir die „benodigde Riggels en Planken tot gerief der Zieken, in vijf Zieken Zaals, te Zamen een lengte uitmaakende van 1557 Voeten, benevens vier blinden en twee halve deuren van Latwerk om te beter Lugt in de voorsz: Zaaen te kunnen werden gebragt."⁹⁶⁾

Die hospitaal het ook met sterfgevälle te doen gekry, en in die geval van blankes was dit gebruik om hulle in houtkiste te begrawe. In April 1707 het die Goewerneur 'n voorraad hout aangevra, veral planke en sparre „waar van men hier soo destituijt is, dat ... men geen doodkist meer kan laten maaken."⁹⁷⁾ In

92) C. 182: Bijlagen, 1781, pp.238 en 240.

93) C. 99: Resolutien, Januarie-Mei 1786, 12 Mei 1786, pp. 733-734.

94) C. 189: Bijlagen, 1788, p.719.

95) C. 325, II: Memorien en Rapporten, 1791, II, pp.183-184.

96) C. 98: Resolutien, Augustus-September 1792, 3 Augustus 1792, p.33.

97) C. 509, I: Uitgaande Briewe, 1707-1708, 15 April 1707, p.134.

1710 is besluit om amptenare en die „gemeene man“ in kiste te begrawe sover as wat planke beskikbaar was.⁹⁸⁾ In April 1711 is besluit om soldate en matrose sover as moontlik in kiste te begrawe om sodoende die blankes „hun fatsoen, omtrent de inlandsche natien zoo veel doenlijk is, te prevenieeren.“⁹⁹⁾ In die winter van 1713 het die pokke-epidemie die lewens van omtrent 'n kwart van die blankes in Kaapstad geëis.¹⁰⁰⁾ 'n Groot behoefte aan hout vir kiste het dus ontstaan. Vir 1723 was 1000 denneplanke nodig en in 1744 is weer 600 benodig.¹⁰¹⁾

Timmerhout was ook vir verdedigingswerke nodig. In die instruksies aan Van Riebeeck is slegs voorsiening gemaak vir die bou van 'n fort wat 'n bolwerk teen buitelandse sowel as binne-landse vyande moes wees. Kort ná sy aankoms het Van Riebeeck egter meer vestingwerke noodsaaklik gevind, sodat gedurende die eerste jare verskeie reduite opgerig is. Vir sommige hiervan was 'n hoeveelheid hout nodig. Die eerste een, Duijnhoop, wat in Februarie 1654 voltooi is, was grotendeels van grond.¹⁰²⁾ In hulle skrywe van November 1660 het die Here Sewentien Van Riebeeck vermaan om op sy hoede te wees vir 'n aanval deur Franse skepe. Na aanleiding hiervan is in April 1661 besluit om in aller yl „een goede heghte stercke houtte redout van 20 voeten in 't viercant, met een cap bedeckt...“ te bou.¹⁰³⁾ Dit was Santhoop. Gedurende 1657 is Coornhoop gebou en twee jaar later Kijkijkt, Keert de Koe en Houdt den Bul.¹⁰⁴⁾

98) C. 7, II: Resolusies, 1700-1710, 11 Maart 1710, pp.549-555.

99) C. 8: Resolusies, 1710-1713, 13 April 1711, pp.96-108.

100) Theal, G.M.: History of South Africa before 1795, II, pp.475-476.

101) C. 124: Bijlagen, 1723, p.241; C. 145: Bijlagen, 1744, p.336.

102) Ras, A.C.: Die Kasteel, pp.35-36.

103) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 5 April 1661, pp.261-262.

104) Ras, A.C.: Die Kasteel, pp.39-40 en 42.

Teen Augustus 1659 het die veeroof deur die Hottentotte sulke afmetings aangeneem dat besluit is om 'n houtheining op te slaan. Op elke roede sou 2 pale, 6 duim dik en 8 voet lank, met dwarspale ingeplant word „op datter de beesten alsoo weijnich onderdeur, als boven over souden cunnen gejaeght ende te beter gestut mogen worden.”¹⁰⁵⁾ Op 13 Augustus is besluit om slegs die afstand van 500 roede tussen Jan Reijniersens se huis en die see, waar geen bome was nie, met die heining toe te maak.¹⁰⁶⁾ Die res van die afstand was ruig genoeg. Daar was dus 1000 pale en nog 'n aantal dwarspale uit die bos nodig.

Vir die bewaring van die ammunisie moes voorsiening gemaak word. In 1674 was 150 kjaatplanke van 1¹/₉ voet breed en 2 duim dik vir kruitkiste nodig, asook 900 kjaatbalke en 60 eikebalke om in die kruitkelders te gebruik.¹⁰⁷⁾ In Maart 1794 was die volgende vir die bou van 'n ammunisiehuis en waghuis by die tweede battery in Valsbaai nodig: 100 sparre, 100 voet muurplate, 12 kapstyle en 12 hanebalke van 14 voet, 130 voet dwarshout, 40 voet nokhout, 7 stukke swaar hout van 20 voet elk vir „legbalke”, 3 denneplanke vir twee deure en drie vensters, en 5 denneribbe vir twee deure en drie kosyne.¹⁰⁸⁾ Later in die maand was die volgende benodig vir die herstel van die kruitmagasyn in Stellenbosch: 10 denneplanke van 2 duim, 'n paar voet djatihout „tot pennen voor de vloer” en 200 „Stophoute.”¹⁰⁹⁾

Die kanonne wat in die ou grondfort geplaas is, het aanvanklik op los planke gestaan. In Januarie en Februarie 1654 was 'n

105) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 9 Augustus 1659, pp.207-208.

106) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 13 Augustus 1659, p.209.

107) C. 496, II: Uitgaande Briewe, 1672-1673, 14 April 1673, pp.498 en 632.

108) C. 105: Resolusies, Januarie-Maart 1794, 4 Maart 1794, pp.679-680.

109) C. 105: Resolusies, Januarie-Maart 1794, 31 Maart 1794, p.916; C. 215: Bijlagen, Maart-April 1794, p.355.

hoeveelheid hout uit die bos „tot beddingen van 't geschut"
110)
nodig.

Hieraan was voorts 'n periodieke behoefte. In 1674 was 900 planke van 3 duim dik en 2500 „mosch deelen" nodig om onder andere „beddingen in de Corps du gardes van te
111)
maken."

Vir die maak van elke onderstel (affuit) was 2 planke en 1 dwarshout nodig. Die mate van hierdie hout het verskil volgens die grootte van die kanon. Vir 'n eenponder moes die planke 8 voet lank en 3 duim dik wees, terwyl vir 'n vier-en-twintig-
112)
ponder planke van 14 voet lank en 7 duim dik nodig was. Teen die dertigerjare is kiaathout as die geskikste en duursaamste hout hiervoor beskou. In Februarie 1735 is 40 kiaatplanke vir die maak van affuite uit Batavia aangevra.
113)
Vir 1742 was 92 eikeplanke en 46 dwarshoute nodig vir die maak van 46 affuite. In 1747 was 1092 voet hout, Rynlandse maat, vir 39 affuite
114)
nodig.

Die onderstelle is op wiele gemonteer sodat speke nodig was. Teen 1760 is bevind dat die ingevoerde hout wat tot dusver hiervoor gebruik is, baie gou verrot het. Dit het ook geblyk dat assegaaihout „daar toe het beste en duursaamste in de lugt komt te weesen.." Daar is dus 850 speke vir die affuitwiele van 24-, 18-, 12- en 8-ponders aangevra van die opsigter by Rivier-
115)
sonderend.

In 1789 was die volgende hout vir die maak en herstel van 36 affuite, 2 „Triquebals", 8 ammunisiewaens, 6 voorwaens van 24

110) Bosman en Thom: Daghregister, I, 28 Januarie en 4 Februarie 1654, pp.193 en 197.

111) C. 496, II: Uitgaande Briewe, 1672-1673, 14 April 1673, pp. 498 en 632.

112) C. 143: Bijlagen, 1742, pp.186 en 192.

113) C. 29, I: Resolutien, 1735-1736, 22 Februarie 1735, p.75.

114) C. 148: Bijlagen, 1747, p.112.

115) C. 545: Uitgaande Briewe, 1760, p.347.

pond en 6 voorwaens van 18 pond nodig: 68 „opregt Geelhoute Swalpen", 7 geelhoutplanke, 38 ysterhoutasse, 124 „Geel dan wel saffraan houte naaven", 1786 assegaaihoutspeke, 893 rooieles vellings, 21 skamels, 11 voorskamels, 21 tange, 11 voortange, 32 disselbome en 11 langwaens. In 1790 was 110 eikeplanke en 10 „Stammen van Essen boomen zo veel regt als mogelijk, en zonder kwasten" nodig.

Vir die bou en herstel van skepe is ook timmerhout vereis. 'n Aantal klein bote is gebruik om klippe en skulpe en die produkte van die robbevangs vanaf die eiland te vervoer. Mettertyd was herstelwerk aan hierdie bote noodsaaklik. In Julie 1655 was hout uit die plaaslike bosse vir die herstel van die galjoot Tulp nodig. In Augustus 1660 moes die „ribben, plancken, lijffhouten ende andere houtwercken" vir herstelwerk aan die galjoot Perkuijt uit die bos van die vryhoutsaer, Leendert Cornelisz, gehaal word. In Januarie 1686 is besluit om die bote Jupiter en Mercurius „te verdubbelen met Caapse plancken.." 'n Verslag waarin sekere herstelwerk aan die hoeker Brak behandel word, is in Desember 1743 in die Politieke Raad ter tafel gelê. Daarin is genoem dat die benodigde hout nie byderhand was nie. Die Raad het dus besluit om te laat ondersoek of sulke hout in die Kompanjiesbosse gevind kon word.

Daar is ook 'n paar bote gebou. In September 1655 is die sloep Robbejacht te water gelaat. Dit was omtrent „16 á 17 lasten" groot en „alles gemaect van 't Caeps hout." In

116) C. 320, II: Memorien en Rapporten, 1788, pp.660-661.

117) C. 190: Bijlagen, 1789, p.575.

118) Bosman en Thom: Daghregister, I, 17 Julie 1655, p.330; S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 17 Julie 1655, p.55.

119) Bosman en Thom: Daghregister, III, 12 Augustus 1660, p.255; S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 12 Augustus 1660, p.247.

120) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1687, 11 Januarie 1686, pp. 120-121.

121) C. 35: Resolusies, 1743, 17 Desember 1743, pp.459-463.

122) Bosman en Thom: Daghregister, I, 11 September 1655, p.342.

Augustus 1665 is besluit om "een groot hecht vaertuijgh van omtrent 50 voeten lengte kiels" te laat bou.¹²³⁾ As gevolg van die toenemende skeepsvrag het die Politieke Raad in September 1719 besluit om nog 'n boot te laat bou.¹²⁴⁾

Die Kompanjieskepe en ander vaartuie wat in Tafelbaai aangedoen het, het die grootste eise aan timmerhout gestel. Die grootste gedeelte van die swaar Oos-Indië-vaarders moes van goeie hout gemaak word. Hiervoor is grootliks eikehout gebruik, terwyl die kleiner onderdele van greinhout vervaardig is.¹²⁵⁾ Daar moes soms noodsaaklike herstelwerk aan die skepe verrig word, maar die hout daarvoor kon nie maklik in die plaaslike bosse aan die Kaap gevind word nie. Teen 1672 was die eise wat skepe met betrekking tot maste, wange en stenge gestel het so groot dat die Politieke Raad die vraag gestel het of dit nie goed sou wees indien hierdie skepe deur afgevaardigdes geïnspekteer word nie. Dan kon vasgestel word of die aangevraagde hout werklik nodig was.¹²⁶⁾

In April 1685 kon geen bruikbare rondhout in die bosse vir die herstel van die Purmer gevind word nie.¹²⁷⁾ In Augustus 1699 kon geen geskikte hout om as swaar kromhoute of balke vir herstelwerk aan die Nieuland te gebruik, in die Kompanjie se bosse gevind word nie.¹²⁸⁾ In November 1716 het die skipper van die Reijnsteijn 60 klaatplanke aangevra om in tyd van nood te gebruik om die dekluike dig te maak of om vlotte van te maak.¹²⁹⁾ Vir die

123) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 3 Augustus 1665, p.333.

124) C. 14: Resolusies, 1719-1720, 19 September 1719, p.158.

125) Crone, G.C.E.: Onze schepen in de Gouden Eeuw, p.41.

126) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 19 Februarie 1672, p.72.

127) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 28 April 1685, pp.21-24.

128) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 25 Augustus 1699, pp.349-350.

129) C. 11: Resolusies, 1716-1717, 3 November 1716, pp.248-249.

vervanging van die Kockenge se mas was in Maart 1717 weer geskikte hout nodig.¹³⁰⁾ In Maart 1718 was 8 „cnies" en 2 ra's nodig vir die herstel van die Amasona.¹³¹⁾ Vir 1719 was die

volgende nodig: 50 mashoute vir skepe van 130 tot 160 voet,¹³²⁾ 60 rondhoute vir stenge en ra's en 60 essenhoutroeispane.

'n Steng en groot ra was vir die Purmerlust in Februarie 1720 nodig.¹³³⁾ Die volgende jaar was 30 rondhoute vir die maak van stenge en ra's vir skepe van 130 tot 160 voet nodig.¹³⁴⁾

In September 1723 was die volgende vir herstelwerk aan die Raadhuijs van Vlissingen nodig: 4 blaaie „wagenshot", 2 „carveel"-planke, $1\frac{1}{2}$ eikeplanke en 17 denneplanke.¹³⁵⁾ 60 mashoute is in 1740 benodig.¹³⁶⁾

In Junie 1744 het die skeepsowerhede van die Deense vaartuig Koning van Deenemarken hout vir herstelwerk uit die Kaapse bosse aangevra. Die posisie is egter bemoeilik deurdat „in de Bosschen alhier geensints sodanige soorten van houten worden gevonden als de Supp:¹³⁷⁾ ten tot repareering van hunnen bodem benodigt hebben." In 1744 was verder 50 „Schuijtte planke"

vir gebruik in „S Lands boots", 65 mashoute vir die maak van groot-en voormarsra's, 15 mashoute vir besaansra's en 20 eikeplanke „ten dienste van 'S Comps. passerende schepen" nodig.¹³⁸⁾ Vir 1746 is 43 mashoute en in 1747 70 mashoute benodig.¹³⁹⁾ Die syfers vir hierdie artikel vir die jare 1749, 1750, 1752, 1754,

130) C. 11: Resolutien, 1716-1717, 16 Maart 1717, pp.389-393.

131) C. 12: Resolutien, 1717-1718, 16 Maart 1718, pp.448-449.

132) C. 121: Bijlagen, 1718-1719, pp.652-656.

133) C. 14: Resolutien, 1719-1720, 20 Februarie 1720, p.380.

134) C. 122: Bijlagen, 1719-1720, p.870.

135) C. 18: Resolutien, 1723-1724, 21 September 1723, pp.376-378.

136) C. 141: Bijlagen, 1740, p.162.

137) C. 36: Resolutien, 1744, 4 Junie 1744, pp.248-249.

138) C.145: Bijlagen, 1744, pp.320-326 en 336.

139) C. 147: Bijlagen, 1746, p.310; C. 148: Bijlagen, 1747, pp.130-132.

1755, 1756, 1757 en 1759 was soos volg: 60, 66, 87, 32, 73,
98, 127 en 104 onderskeidelik.¹⁴⁰⁾ In 1761 was 111 mashoute en
in 1763 21 eikeplanke van 22 tot 24 voet „voor Comp^s: passeerende
scheepen" nodig.¹⁴¹⁾ Die volgende jaar was die aanvraag 80 mas-
houte terwyl in 1765 dertig „schuijte planke" nodig was.¹⁴²⁾ In
1780 was weer 150 mashoute nodig. As gevolg van die groot hoe-
veelheid wat aan die Franse gegee is, was teen Julie 1781 geen
mashoute in voorraad nie. Daar is dus besluit om „... een nadere
Eysch uijt 't Vaderland te doen."¹⁴³⁾ Die behoefte aan timmerhout
vir die gebruik op skepe het dus 'n wye verskeidenheid getoon:
van planke vir gebruik in moontlike nood tot ligte en swaar hout
vir herstelwerk.

Timmerhout is nie net in die bou van en herstelwerk aan ge-
boue, verdedigingswerke en skepe gebruik nie, maar ook in die
oliewinning. Die ekonomiese beleid wat die Kompanjie aan die
Kaap gevolg het, is gekenmerk deur winsbejag. Die handelsmoont-
likhede hier was gering met die gevolg dat allerhande pogings om
met die minste onkoste die meeste voordeel te behaal, op elke
gebied waarneembaar was.¹⁴⁴⁾ In ooreenstemming met hierdie be-
ginsel het Van Riebeeck dan ook werk gemaak om die robbevangs-
en traanbrandbedryf ten volle te eksploiteer. Omdat robbe volop
was, veral in die Robbeneiland-Saldanhabaaigebied, het dit spoedig
'n omvangryke bedryf geword.¹⁴⁵⁾

140) C. 150: Bijlagen, 1749, p.116; C. 151: Bijlagen, 1750, p.26; C. 153: Bijlagen, 1752, p.156; C. 155: Bijlagen, 1754, p.106; C. 156: Bijlagen, 1755, p.170; C. 157: Bijlagen, 1756, p.266; C. 158: Bijlagen, 1757, p.312; C. 160: Bijlagen, 1759, p.216.

141) C. 162: Bijlagen, 1761, p.235; C. 164: Bijlagen, 1763, p.60.

142) C. 165: Bijlagen, 1764, p.137; C. 166: Bijlagen, 1765, p.165.

143) C. 73: Resolusien, 1781, 10 Julie 1781, p.432.

144) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.H. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p.152.

145) Muller, C.F.J.: Die geskiedenis van die vissery aan die Kaap tot aan die middel van die agtiende eeu, in Argiefjaarboek, I, 1942, p.47.

Houtknuppels met 'n ysterbeslag aan die een punt was nood-
saaklike apparaat vir die robbejag.¹⁴⁶⁾ Uit die aard van die
saak was daar 'n periodieke aanvraag hiervoor. In Januarie 1655
het Jan Woutersz gevra dat 50 lang reguit knuppels na Dassen-
eiland gestuur word.¹⁴⁷⁾ Nadat die rob se vel afgeslag en die
vet afgeskraap is, is dit volgens die Franse gebruik met agtien
houtpenne uitgestrek om droog te word.¹⁴⁸⁾ Jan Woutersz het
in Januarie 1655 een lêer van hierdie pene gevra.¹⁴⁹⁾ Dieselfde
maand het Jan Symonsz uit Saldanhabaai berig dat "wij hebben heel
verlegen geweest om pennen om de vellen daer mede te steecken"¹⁵⁰⁾.
Die vet is dan uitgebraai en reeds in Mei 1652 was "eenige
hechte brede dicke balckdeelen off andere dicke brede kiate
plancken tot traen ende coelbacken" nodig.¹⁵¹⁾ In April 1653
was "ten minsten hondert stux goede balckdeelen, tot koelbacken"
nodig.¹⁵²⁾

Die velle is na Nederland en Batavia uitgevoer. Daarvoor
moes aanvanklik bergplek ingerig word sodat in April 1653 hout
vir "een redelijck groot packhuijs tot berging der voorhaelde
vellen..." nodig was.¹⁵³⁾

Soos uit die volgende sal blyk, is baie timmerhout vir
private gebruik deur die burgers vereis. Met die uitreiking van
die eerste vrybriewe in Februarie 1657 is aanvanklik twee

146) Bosman en Thom: Daghregister, I, 14 November 1652, p.83.

147) Bosman en Thom: Daghregister, I, 5 Januarie 1655, p.275.

148) Muller, C.F.J.: Geskiedenis van die vissery aan die
Kaap tot aan die middel van die agtiende eeu, in Argiefjaarboek,
I, 1942, p.64.

149) Bosman en Thom: Daghregister, I, 5 Januarie 1655, p.275.

150) Bosman en Thom: Daghregister, I, 6 Januarie 1655, p.277.

151) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 15 Mei 1652,
p.13.

152) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 14 April 1653,
p.54.

153) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 14 April 1653,
p.54.

„kolonies" gestig. Aan die oostekant van die Liesbeekrivier was die sogenaamde Harmanscolonie wat uit vyf persone bestaan het. Ten weste van die rivier is vier persone gevestig wat die sogenaamde Stevenscolonie uitgemaak het.¹⁵⁴⁾ Die vryburgers het dadelik begin om hulle huise en skure te bou. Meubels moes ook gemaak word om in die primitiewe behoeftes te voorsien. Hierdie timmerhout moes uit die bosse gekry word.¹⁵⁵⁾ Vir die vleg van die huismure was van die fynhout wat op die duine gegroei het, nodig.¹⁵⁶⁾ Teen Oktober 1658 het die meeste vryburgers al hulle huise en skure klaar gehad. Daar is egter besef dat die vryburgers wat later sou kom, ook timmerhout nodig sou kry.¹⁵⁷⁾ Daarom is maatreëls getref teen die onordelike uitkap van die bome. Hout vir „soo veelderhande gebruik als tot hujsen, stallen, schueren en kralen...", veral 'n groot hoeveelheid muurpale was steeds nodig.¹⁵⁸⁾

In 1692 het die landdros en heemrade van Stellenbosch verlof van die Goewerneur gevra om 'n huurhuis langs die plaaslike kerk te bou. Hulle het ook versoek dat die hout hiervoor wat nie in die bosse van Stellenbosch gekry kon word nie, in Hottentots-Holland gekap word.¹⁵⁹⁾ Die volgende jaar was 600 voet plank, 1200 latte en 1000 deklatte uit Houtbaai nodig vir die huise wat in Stellenbosch gebou word.¹⁶⁰⁾

154) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.H. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.63.

155) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 6 November 1657, p.116; Bosman en Thom: Dagregister, II, 6 November 1657, pp.191-192.

156) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 2/3 Oktober 1658, pp.100-101.

157) C. 680: Origineel Placaat Boek, 1652-1686, 2/3 Oktober 1658, pp.100-101; S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 2 Oktober 1658, p.171.

158) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 21 Mei 1685, p.123; S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 12 Februarie 1691, p.232.

159) St. 1/1: Notule van landdros en heemrade, 1691-1707, 4 Augustus 1692, pp.10-11.

160) St. 1/1: Notule van landdros en heemrade, 1691-1707, 24 April 1693, p.15.

Veral gedurende die ampstermyn van Simon van der Stel is ernstige pogings aangewend om meer koloniste na die Kaap te lok. Vanaf 1688 tot die middel van 1700 het ongeveer 150 Franse Hugenote geïmmigreer.¹⁶¹⁾ Hulle is in die buiteland uitgeplaas en moes hul daar as boere vestig. Teen 1699 het die skaarste en gebrek aan timmerhout die bou van onder andere woonhuise vertraag en feitlik belet. Baie van die koloniste, en veral die immigrante uit Nederland, kon nie „ter seet komen” nie.¹⁶²⁾ Vir 1700 was dus 3000 denneplanke nodig „tot verkoop aen d' jngesetenen, die daer om tot den opbouw van haar huise als die van de E Comp: Seer verleegen Sijn...” 'n Verdere hoeveelheid denneplanke asook dennesparre en ribbe „zoude dienen principal: om d' jngesetenen tot den opbouw van huise daer hier door den toevloey van menschen groot gebrek aen is voor Contant te gerieven...”¹⁶³⁾

Uit die aard van die boumateriaal was herstelwerk periodiek nodig. Teen 1738 het 'n ernstige gebrek aan timmerhout geheers. Indien in hierdie behoefte nie voorsien word nie sou die owerheid nie in staat wees om die Kompanjiesgeboue behoorlik in stand te hou nie. Die koloniste sou ook hulle huise „dewelke reparatie komen te vereijsschen, bij gebrek aan Houtwerken ... moeten Sien in Storten en verlooren gaan...” Vir herstelwerk was 300 blaaiwagens, 400 dennebalke van 24 voet, 450 denneribbe van 22 voet, 2000 denneplanke van 30 voet, 500 gesaagde denneplanke van 20 voet, 500 latte en 100 juffers van 30 tot 40 voet nodig.¹⁶⁴⁾

161) Van der Walt, A.J.H., Wild, J.H. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.94.

162) C. 505: Uitgaande Briewe, 1696-1698, 30 Mei 1699, pp. 307-308; S.A. Argiefstukke: Resolusies III, 1681-1707, 28 Maart 1699, p.341.

163) C. 424, II: Inkomende Briewe, 1699-1701, pp.760 en 772.

164) C. 30, II: Resolusies, 1737-1738, 28 Januarie 1738, pp.460-461; C. 140: Bijlagen, 1739, pp.464-474.

Reeds teen die twintigerjare van die agtiende eeu het die trekboer die Gouritsrivier bereik. Sodoende het baie koloniste teen die volgende dekade in die „Overbergse" distrikte gewoon. Die behoefte aan timmerhout vir die bou van huise en vir die wamakery het nie uitgebrei nie. In 1734 het hierdie koloniste verlof gekry om hiervoor hout in die bosse van Riviersonderend te kap.¹⁶⁵⁾ Hulle het die bosse verniel sodat die verlof in September 1741 ingetrek is.¹⁶⁶⁾ Hierdie verbod het hulle egter in 'n groot nood geplaas. In Mei 1743 het sommige koloniste die Goewerneur versoek om hulle weer verlof vir die kap van timmerhout en wamaakhout in „'S Comp^s bosschen Landwaerts in geleegen" toe te staan.¹⁶⁷⁾

Vir die boerdery van die vryburgers, en latere koloniste, was telkens hout nodig. Die vryburgers het ook varke ontvang vir aanteel. Die diere het begin rondloop en skade in die tuine aangerig. Die enigste oplossing was om die tuine te „ompaggen offte heijnigen..."¹⁶⁸⁾ Hiervoor was planke en stokke uit die bos nodig. In 1677 het baie vryburgers gekla dat die koeie, perde en skape van ander mense die graan verniel. Om dit te voorkom, is die vryburgers beveel om slote om hulle landerye te grawe en, indien moontlik, met „spaakhout" te beplant.¹⁶⁹⁾ Vir die oplei van erte en bone was 'n hoeveelheid stokke nodig.¹⁷⁰⁾

165) C. 28, II: Resolutien, 1733-1734, 7 September 1734, pp.471-472.


166) C. 33: Resolutien, 1741, 5 September 1741, pp.333-335; C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 5 September 1741, pp.141-143.

167) C. 35: Resolutien, 1743, 28 Mei 1743, pp.277-279.

168) S.A. Argiefstukke: Resolusies I, 1651-1669, 30 September 1658, p.170.

169) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 23/26 Maart 1677, pp.379-382.

170) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 2/3 Oktober 1658, pp.100-101.



'n Agtiende-eeuse windmeul

Ook die vryburgers het onder die aanhoudende veediefstal van die Rottentotte gely. Daar is dus besluit om 'n heining van bome en pale, soos dié van die Kompanjie, op te slaan. Alle vryburgers wat aan die oorkant van die Liesbeekrivier gewoon het, is beveel om so ver as wat hulle landerye gestrek het, dit te omhein.¹⁷¹⁾ Hiervoor was hout uit die bosse nodig.

Gedurende die agtiende eeu was baie hout vir die bou van en herstelwerk aan verskeie meule nodig. In Februarie 1715 is 'n aantal planke vir die herstel van die Drakensteinse meul benodig.¹⁷²⁾ Dit sou in die Land van Waveren gesaag word. Reeds ná 3 weke het die windmeul wat vir die Kaapse koloniste gebou is, herstelwerk vereis. In Maart 1718 was 'n paar meulroedes van 87 voet nodig om dié meul weer in 'n werkende toestand te kry. Die burgerrade het verklaar dat plaaslik nie geskikte hout hier-¹⁷³⁾voor gevind kon word nie. In Maart 1724 het die burgerrade weer die volgende vir die meul aangevra: een stuk goeie eike-¹⁷⁴⁾hout vir 'n as asook 'n stuk eikehout vir 'n „kruisteert“.

In 1727 was 'n stuk kìaathout van 12 voet lank, $2\frac{1}{3}$ voet breed en $2\frac{1}{4}$ voet dik nodig.¹⁷⁵⁾ In Februarie 1732 was die volgende hout nodig: een stuk eikehout van 44 voet vir 'n spruitbalk, twee stukke sparhout van 50 voet elk, een eikehout van 38 voet, 100 „Rollen daar d' Cap op draait 10d^m over 't kruijs en 8d^m lang, blooemakershout“, en een meulas van 24 voet.¹⁷⁶⁾ In

171) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 7/9 November 1659, pp.134-135.

172) St. 1/4: Notule van landdros en heemrade, 1711-1715, 5 Februarie 1715, p.131.

173) C. 12: Resolusien, 1717-1718, 28 Maart 1718, pp.472-473.

174) C. 18: Resolusien, 1723-1724, 7 Maart 1724, pp.666-667; C. 126: Bijlagen, 1725, p.548.

175) C. 441: Inkomende Briewe, 1727-1728, 31 Januarie 1728, p.624.

176) C. 22: Resolusien, 1732-1733, 21 Februarie 1732, pp. 50-51; C. 134: Bijlagen, 1733, p.258.

1738 is een stuk eikehout van 42 voet vir 'n dwarsbalk, een stuk van 25 voet vir 'n kruisbalk en een stuk van 22 voet vir 'n penbalk vereis.¹⁷⁷⁾ 'n Tweede windmeul is gebou, waarvoor in 1779 nodig was: 28 dennebalke, 112 denneplanke, 'n eike „Standaar" van 10 voet, 'n eike-as van 30 voet, 7 eikekuipstukke, 16 Iephoutplate, 5 eikebalke, 24 denneribbe en 4 meulroedes van 90 voet.¹⁷⁸⁾

Intussen is in 1746 'n begin gemaak met die bou van 'n pelmeul. 'n Gedeelte van die hout moes uit Nederland gekry word. Die res moes in „de Landwaarts in geleegene Bosschen soo veel doeneljk ... gesogt ... Worden."¹⁷⁹⁾ In 1753 was 'n klaatmeulas nodig.¹⁸⁰⁾

Timmerhout was ook vir die wamakery onontbeerlik. Die aanbring van timmerhout, brandhout, skulpe en klippe het van die begin af probleme opgelewer. Aanvanklik is van Hottentotarbeid gebruik gemaak om die werkslui van die Kompanjie te help.¹⁸¹⁾ Eersgenoemde was egter van nature lui en wou te veel getrakteer word, terwyl die hout „valt te suyr ende verde voor 't volcq te halen..."¹⁸²⁾ Die enigste oplossing was dus om hierdie werk met waens te doen. Reeds in Junie 1653 is „een hier gemaecte wagen van hout uyt 't bos" gebruik.¹⁸³⁾ In dieselfde jaar het die Goewerneur uit Nederland 'n paar waens aangevra, maar teen April 1654 nog niks ontvang nie „'tonser grootte verlegentheyd-". Die posisie is vererger deurdat die hout in die plaaslike bosse „om

177) C. 139: Bijlagen, 1738, pp.350-352.

178) C. 181: Bijlagen, 1780, pp.427-428.

179) C. 38: Resolutien, 1746, 1 Desember 1746, pp.232-233.

180) C. 454: Inkomende Briewe, 1754-1755, 31 Desember 1753, p.212.

181) Bosman en Thom: Daghregister, I, 26 Mei 1653, p.141.

182) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 22 April 1654,

183) Bosman en Thom: Daghregister, I, 12 Junie 1653, p.146.

raeden te maecken volgens 't oordeel der Timmerl^m onbequaem is, ende dierhalven noodich van costij met eenige wagens offte raders dienen gesecondeert..."¹⁸⁴⁾

In Junie 1677 is die behoefte aan timmerhout, „mitsgaders assen en vellingen, en vordere wagenmaeckers hout" weer genoem.¹⁸⁵⁾ Vroeg in 1700 was 'n hoeveelheid wamaakhout, soos speke en vellings, nodig.¹⁸⁶⁾ In 1704 is uit Nederland hout vir die maak van 100 waens aangevra. Dit moes 'n swaar houtsoort wees. Die Here Sewentien het aan die Goewerneur geskryf dat die hout so swaar was dat „eenige Soorten van het Selve naeuwljx van die Swaarten te bekomen Sijn..."¹⁸⁷⁾ Gedurende 1708 is hout vir die maak van 40 ossewaens vanaf Mauritius aangevra.¹⁸⁸⁾

In 1716 is 100 wa-asse benodig terwyl vir 1723 die volgende nodig was: 2000 speke, 2000 vellings, 100 beukhoutwa-asse, 100 Iephoutnawe, 50 voortange, 50 agtertange, 200 essenhoutbuiktange en 200 essenhoute van 10 voet.¹⁸⁹⁾ Vir 1725 was nodig: 10000 vellings, 25000 speke, 100 nawe, 500 essenhoute van 10 voet en 600 denneplanke van 20 voet.¹⁹⁰⁾ Tien jaar later is 4300 vellings van 28 duim, 150 nawe, 150 beukhoutwa-asse en 260 buikplanke van 18 voet benodig.¹⁹¹⁾ Vir 1737 was 300 vellings, 50 nawe, 50 beukhoutwa-asse en 160 buikplanke nodig.¹⁹²⁾ In 1741 en 1743 was die volgende nodig: 2200 vellings, 160 beukhoutwa-asse, 440

184) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 22 April 1654, pp.228 en 234.

185) C. 588, I: Origineel Dagregister, 1677-1678, 14 Junie 1677, pp.162-163.

186) C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 28 April 1700, p.912.

187) C. 427, I: Inkomende Briewe, 1705, 29 September 1704, p.1195.

188) C. 430, I: Inkomende Briewe, 1709, 24 Augustus 1708, p.27.

189) C. 120: Bijlagen, 1716, p.595; C. 124: Bijlagen, 1723, p.246.

190) C. 126: Bijlagen, 1725, p.546.

191) C. 136: Bijlagen, 1735, pp.344-346 en 696-698.

192) C. 138: Bijlagen, 1737, p.776.

dubbele speke van 5 duim dik en 3 voet lank, 100 buikplanke van 10 voet en 60 essenhoute van 11 voet.¹⁹³⁾ Vir 1744 was die volgende „zeer nodig tot 't maken en repareeren van 'S Comp^s: Wagens": 2000 beukhoutvellings van 3 voet, 2000 dubbele speke van 3 voet, 150 beukhoutwa-asse van 7 voet en 60 essenhoute van 10 voet.¹⁹⁴⁾ Die volgende jaar is slegs 60 nawe van 1³/₄ voet en 11 duim „over 't kruijs" aangevra.¹⁹⁵⁾ In 1747 en 1749 was 1600 vellings, 140 beukhoutwa-asse, 90 nawe en 100 buikplanke nodig.¹⁹⁶⁾ In 1750 is 700 beukhoutvellings, 500 beukhoutwa-asse, 150 buikplanke van 24 voet en 40 Iephoutnawe benodig.¹⁹⁷⁾ Drie jaar daarna is slegs 200 vellings en 100 buikplanke aangevra.¹⁹⁸⁾

In 1788 is die volgende inheemse wamaakhout vir die Kompanjie se werksaamhede aangevra: 600 voorvellings, 900 agtervellings, 1200 voorspeke, 1800 agterspeke, 200 nawe, 100 asse, 150 skamels, 80 paar voortange, 80 paar agtertange, 150 disselbome, 200 leerbome, 100 ossewatange, 200 „malwagen"-vellings, 50 „malwagen"-disselbome, 100 koetsvellings, 200 koetsspeke, 24 koetsnawe, 12 koetsasse, 12 koetslangwaens en 12 koetsdisselbome.¹⁹⁹⁾

Vanaf 1703 is die eerste weilisensies deur die Kaapse regering aan die trekboere uitgereik om met hul vee in die bineland te gaan posstaan. Aanvanklik het daar nie gereelde bewoning van bepaalde plekke plaasgevind nie. Namate die wei-

193) C. 142: Bijlagen, 1740-1741, p.224; C. 144: Bijlagen, 1743, pp.88-90.

194) C. 145: Bijlagen, 1744, pp.336-338.

195) C. 146: Bijlagen, 1745, p.286.

196) C. 148: Bijlagen, 1747, p.114; C. 150: Bijlagen, 1749, p.120.

197) C. 151: Bijlagen, 1750, p.32.

198) C. 154: Bijlagen, 1753, p.72.

199) C. 320, II: Memorien en Rapporten, 1788, p.659.

lisensies egter die uitsluitlike basis van die ekstensiewe veeboerdery geword het, het daar ook meer permanentheid in die gebruik van die veepos gekom. Sodoende het die veepos in die veld met verloop van tyd die blywende woning van baie boerefamilies geword.²⁰⁰⁾

Toe hierdie punt in die kolonisasie van die binne-land bereik is, is primitiewe wonings en krale opgerig. Hier-voor was, behalwe klip en klei, hout nodig. Die trek van hierdie pioniersbevolking was onmoontlik sonder die ossewa, en Theal beweer tereg dat "without the South African ox-waggon ... the expansion of the settlement beyond the first range of mountains would have been almost impossible."²⁰¹⁾

Vir die maak van en herstelwerk aan die waens was wamaakhout nodig. Vir hierdie behoeftes was die trekboere op die inheemse bosse aangewys. Op-gawes van hierdie behoeftes kon nie gevind word nie. Daar is reeds verwys na die verlot aan die koloniste in 1734 om in die bosse van Riviersonderend ook wamaakhout te kap. Die ophef van hierdie verlot in 1741 het hulle gedwing om twee jaar later hul nood aan die Goewerneur te stel. Hulle het gevra om weer hierdie hout te mag kap.

Die oorgange oor die riviere het vir die koloniste 'n probleem geskep. Timmerhout vir die bou van brûe en ponte was dus nodig. In 1701 was 'n aantal vragte timmerhout vir die brug wat in Stellenbosch gebou word, nodig. Dit sou in die Paradysbos gekap word.²⁰²⁾ In 1712 het die landdros en heemrade van Stellenbosch besluit om 'n brug oor die Bergrivier te bou. Hier-voor was 'n hoeveelheid hout, wat in die Land van Waveren gehaal sou word,²⁰³⁾ nodig. In Maart 1723 was herstelwerk aan „een ge-

200) Van der Merwe, P.J.: Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, pp.62-72.

201) Theal, G.M.: History of South Africa before 1795, III, p.363.

202) C. 424, III: Inkomende Briewe, 1699-1701, 27 Maart 1701, p.941.

203) St. 1/4: Notule van landdros en heemrade, 1711-1715, 21 November 1712, pp.56-57.

meene brug aan t ronde bosje" nodig waarvoor die burgerrade van Kaapstad 10 balke en 12 „muscovische" planke van 2 duim aangevra²⁰⁴⁾ het. Gedurende 1729 het die Stellenbosse owerhede besluit

om brûe oor die Botrivier en Palmietrivier te bou. Die hout hiervoor moet in die Kompanjie se bosse by die Riviersonderend²⁰⁵⁾ gekap word.

By Potjieskraal en Kluitjieskraal aan die Breërivier is²⁰⁶⁾ ponte gebou. In 1775 was 1040 voet witelsplank hiervoor²⁰⁷⁾ nodig.

Met die tewaterlating het balke van die een pont geskeur sodat 4 stinkhout- of rooi-elsbalke gekap en gedroog moes²⁰⁸⁾ word om die skade te herstel. In Januarie 1778 was hout vir „het repareeren der oude, en 't maken van nieuwe klappen"²⁰⁹⁾ van een van die ponte nodig.

Behalwe die bogenoemde bouwerke en bedrywe het ander soorte timmerwerk ook 'n behoefte aan timmerhout geskep. Die wynbou-bedryf het spoedig omvangryk geword. In 1785 was daar in Stellenbosch, die Kaap en Drakenstein onderskeidelik 2536000,²¹⁰⁾ 1064500 en 4757000 „wijnstokken". 'n Gedeelte van die wyn is uitgevoer sodat hout vir vate nodig was. As gevolg van die gebrek aan vaatwerk in Februarie 1795 kon die aangevraagde wyn nie na Batavia verskeep word nie. Die Goewerneur het dit oorweeg om geelhoutduie te gebruik. Hy is egter ingelig dat hierdie hout nie vir wynvate geskik was nie maar slegs vir

204) C. 17: Resolutien, 1722-1723, 2 Maart 1723, pp.568-569.

205) C. 519, I: Uitgaande Briewe, 1729-1730, 31 Mei 1729, p.492; C. 442: Inkomende Briewe, 1729-1730, 20 Junie 1729, pp.267-268.

206) Swm.1/3: Notule van landdros en heemrade, Maart 1789-Desember 1798, 25 Oktober 1791, p.77.

207) Swm.1/2: Notule van landdros en heemrade, 1764 en 1775-1780, 25 Oktober 1775, p.214.

208) Swm.1/2: Notule van landdros en heemrade, 1764 en 1775-1780, 18 Junie 1777.

209) Swm.1/2: Notule van landdros en heemrade, 1764 en 1775-1780, 14 Januarie 1778.

210) C. 572: Uitgaande Briewe, Mei-Desember 1786, pp.720-723.

watervate. Die enigste oplossing was dus om 'n aantal watervate te laat maak wat aan die skepe vir wynvate verruil sou word. Vir die watervate was 8000 „stuks best gaave Leggerduigen van geelhout" uit Plettenbergbaai nodig.²¹¹⁾

By die bouery was hout vir verskeie doeleindes nodig. Vir die aanry van die boumateriaal het die klipbrekers, die steenbakkers en die messelaars kruiseiens nodig gehad. In April 1792 was dit noodsaaklik om die Kompanjie se kruiseiens te herstel sodat dit die volgende maand, met die aankoms van die bandiete, bruikbaar kon wees. Hiervoor was 'n voorraad hout uit die magasyn van die Kompanjie nodig.²¹²⁾ Die stene is in houtvorms gebak. Die messelaars het boë en strykborde gebruik. Hierdie gereedskap is van hout gemaak. Verder was timmerhout nodig om die karre in die Kompanjie se perdestal te herstel. Selfs by die pottebakkerie was hout nodig.²¹³⁾

B Brandhout

In die eerste plek was brandhout nodig vir die brand van kalk en die bak van stene. In Maart 1654 het die Here Sewentien Van Riebeeck in kennis gestel dat dit te duur was om kalk en stene na die Kaap te stuur. Die versending daarvan sou gestaak word.²¹⁴⁾ Daar moes dus plaaslik in hierdie behoeftes voorsien word. Geskikte grond om stene van te bak was wel in die Tafelvallei beskikbaar²¹⁵⁾, en skulpe vir die brand van kalk was geredelik in Tafelbaai en op Robbeneiland verkrygbaar.

In September 1653 is 'n begin gemaak om brandhout vir die

211) C. 108: Resolusien, Januarie-September 1795, 27 Februarie 1795, pp.409-411.

212) C. 97: Resolusien, April-Julie 1792, 27 April 1792, pp.346-347.

213) C. 167: Bijlagen, 1766, pp.137-138.

214) C. 409, I: Inkomende Briewe, 1652-1660, 8 Maart 1654, p.172.

215) Ras, A.C.: Die Kasteel, p.14.

216)
kalkoonde op te stapel. Reeds gedurende November het Van Riebeeck verklaar dat dit goed sou wees indien die brandhout net so volop soos die skulpe was. Hy het bereken dat die brandhout toe reeds sou begin ontbreek. Volgens hom kon nog net een vrag uit Houtbaai gehaal word. 217)
Gedurende 1655 het brandhout vir 218)
veral die steenoonde min geword. Met die begin van die bouwerk aan die Kasteel in 1665 is 'n groot hoeveelheid brandhout benodig omdat twee kalkoonde aan die gang gehou moes word. Die volgende jaar is gevrees dat die brandhout slegs nog 2 jaar sou hou. Dit was reeds agter teen Tafelberg tot byna onder Bosheuvel afgekap, "ontstaende sulx Iegenwoordig wt het veele kalck branden en steen backen." 219)
Hierdie gebrek was so ernstig dat nie genoeg kalk gebrand kon word om die bouwerk aan die gang te hou nie. Daar is dus in Maart 1676 besluit dat die Sparendam 220)
'n voorraad kalk op Mauritius moes gaan haal. 'n Week later was 'n bootvrag brandhout, "waer van w' hier dichte bij niet wel tot ons genoegen door de schaersheijt cunnen gediend sijn," uit Houtbaai nodig. 221)

Teen Maart 1723 is 'n steenoond in gereedheid gebring maar as gevolg van 'n gebrek aan brandhout kon dit nie "afgestookt" word nie. 222)
Teen die veertigerjare was brandhout nog steeds

216) Bosman en Thom: Dagregister, I, 18 en 19 September 1653, p.155.

217) Bosman en Thom: Dagregister, I, 17 November 1653, p.175.

218) Bosman en Thom: Dagregister, I, 14 September 1655, p.344.

219) C. 494, II: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 16 Mei 1666, p.904.

220) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 11 Maart 1676, p.139.

221) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 19 Maart 1676, p.139.

222) C. 8: Resolutien, 1710-1713, 14 Maart 1713, pp.334-340.

223)

skaars. Die posisie het dus eerder verswak.

Vir die traanbrandery op Dasseneiland en in Saldanhaabaai was steeds brandhout nodig. Reeds in November 1652 is na brandhout op die eilande in Saldanhaabaai gesoek maar niks is gevind

224)

nie. Die Kaapse bosse moes dus ook in hierdie behoefte

voorsien. So was in Oktober 1654 'n voorraad vir Dasseneiland

225)

nodig.

Die voorsiening van brandhout vir die gebruik op skepe was een van die vernaamste verpligtinge van die verversingspos. So

het die Goewerneur in 1709 opdrag gekry om „sorg te dragen het

ten minste aldaar aan het noodige brand hout voor 's Comp^s:

Scheepen niet en komt te manqueren." 226) Gedurende die tydperk

1652-1699 het 1596 Kompanjieskepe en 311 ander skepe Tafelbaai

227)

aangedoen. Dit was dus 'n gemiddelde van 33 Kompanjieskepe

en 7 ander skepe per jaar. In Mei 1666 is genoem dat „de wt

comende als thuijs varende scheepen te magtigh veel van alsulken

branthout weg (nemen), 'twelk dan Iaerlijcx onse gebreck hier

van vermeerderen..." 228) Twee maande later was 208 vragte

229)

brandhout nodig vir 7 skepe wat in die baai was. Teen

1685 was die jaarlikse verbruik van die Kompanjieskepe 805 vrag-

230)

te brandhout.

Aan die begin van die volgende eeu was die voorsiening van

223) Wentzel, O.F.: A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, I, Van Riebeeckvereniging, 4, p.129.

224) Bosman en Thom: Dagregister, I, 7 November 1652, p.401.

225) Bosman en Thom: Dagregister, I, 3 Oktober 1654, pp. 253-254.

226) C. 430, I: Inkomende Briewe, 25 November 1708, pp. 116-117.

227) Theal, G.M.: History of South Africa before 1795, II, pp.125, 195 en 371.

228) C. 494, II: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 16 Mei 1666, p.904.

229) C. 494, II: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 24 Julie 1666, p.1010.

230) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.458; C. 708: Instructie voor den Commandeur Simon van der Stel en den Raad van Cabo de goede hoop door den Heer H.A. van Rhede, 16 Julie 1685, pp.32-33.

brandhout aan skepe nog steeds 'n probleem. Dit het met verloop van tyd toegeneem aangesien die skeepsverkeer toegeneem het. Tot 1789 het 4816 Kompanjieskepe en 2931 ander skepe in Tafelbaai en Simonsbaai aangedoen ²³¹⁾, wat 'n jaarlikse gemiddelde van 54 en 33 onderskeidelik was. Hierdie omstandighede het die waarnemende Goewerneur gedwing om in Julie 1700 die revolusionêre voorstel te maak dat die skepe voortaan in Batavia ²³²⁾ vir die hele reis na Nederland van brandhout voorsien word.

In April 1708 het van die retoerskepe nog brandhout nodig gehad. Die kap en aanry daarvan het probleme geskep. Daar was ook nie genoeg hout nie. Daarop het die Politieke Raad besluit om die benodigde hout van die koloniste te koop. ²³³⁾ Die volgende maand het ook goewerneur Van Assenberg die voorstel gemaak dat Batavia die skepe van voldoende brandhout vir die reis na Nederland moes voorsien. ²³⁴⁾ In 1709 was weer 139 vragte brandhout vir die Ceylonse skepe nodig. ²³⁵⁾ Baie van die skippers van die retoervloot het in Maart 1713 brandhout aangevra. Dit kon egter nie aangery word nie as gevolg van ander noodsaaklike werk van die Kompanjie se waens. Die enigste ²³⁶⁾ oplossing was dus om weer die hout van die burgers te koop.

Teen die twintigerjare het die voorsiening van brandhout aan die skepe feitlik 'n onoplosbare probleem geword. Vir die

231) Theal, G.M.: History of South Africa before 1795, II, p.492; Theal, G.M.: History of South Africa before 1795, III, pp. 77,166,215 en 259.

232) C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 14 Julie 1700, pp.1040-1041.

233) C. 7, II: Resolutien, 1700-1710, 3 April 1708, p.374.

234) C. 430, I: Inkomende Briewe, 1709, 25 November 1708, p.116.

235) C. 509, II: Uitgaande Briewe, 1707-1709, 26 Augustus 1709, pp.1283-1284.

236) C. 8: Resolutien, 1710-1713, 17 Maart 1713, pp.341-344.

derde keer het die betrokke Goewerneur in Februarie 1723 aan die Here Sewentien en die Indiese regering voorgestel om die uit- en tuisvarende skepe van genoeg brandhout te voorsien. Hierdeur wou hy die aanhoudende versoeke van die skeepsowerhede wat onder allerhande voorwendzels aan die Kaapse regering gestel word, voorkom. Volgens die Goewerneur het die skaarste aan brandhout nouliks toegelaat om in die plaaslike behoeftes te voorsien, nl. vir die brand van kalk en die bak van stene, vir die hospitaal en vir die bakkery.²³⁷⁾ In Maart 1745 was 'n voorraad hout vir die skepe nodig aangesien hulle te min gehad het om die reis voort te sit.²³⁸⁾

In Februarie 1756 was 'n retoervloot in die baai. So 'n vloot het gewoonlik uit 20 tot 30 of meer skepe bestaan.²³⁹⁾ Aan elkeen moes toe 40 vragte brandhout gelewer word, sodat ongeveer 1000 vragte benodig is.²⁴⁰⁾ In Februarie 1757 was 40 vragte vir 4 skepe van die retoervloot nodig.²⁴¹⁾ In Desember 1789 was die posisie dat „de meer en meer toenemende schaarsheid van Brandhout, voorsiennige komt te vorderen...” Die volgende maand was 'n hoeveelheid uit Saldanhabaai nodig vir die skepe.²⁴²⁾

Brandhout was ook vir die gebruik deur die Kompanjies-amptenare en die Kompanjiesbedrywe nodig. Die amptenare van die Kompanjie het maandeliks 'n sekere hoeveelheid brandhout uit die Kompanjiesbosse ontvang. Gedurende die twintigerjare was dit soos volg: die Goewerneur: 31 vragte; die Sekunde, Fiskaal, Predikant en Kaptein: 2 vragte elk; agt boekhouers, vyf krank-

²³⁷⁾ C. 17, II: Resolusien, 1722-1723, 2 Februarie 1723, pp.404-406.

²³⁸⁾ C. 37: Resolusien, 1745, 23 Maart 1745, pp.111-113.

²³⁹⁾ Theal, G.M.: History of South Africa before 1795, II, pp.492-493.

²⁴⁰⁾ C. 48: Resolusien, 1756, 23 Februarie 1756, pp.115-116.

²⁴¹⁾ C. 49: Resolusien, 1757, 15 Februarie 1757, pp.119-120.

²⁴²⁾ C. 86: Resolusien, Julie-Desember 1789, 11 Desember 1789, p.720.

besoekers, die baastuinier, die baassmid, die luitenant en die „opperwondheeler“: een vrag elk.²⁴³⁾ Dit het beteken dat maandeliks 'n minimum van 56 vragte benodig was. Hierdie verbruik het in die daaropvolgende dekades vinnig toegeneem totdat dit in 1791 op die volgende te staan gekom het: in die boekjaar 1789-1790 vir die huishouding van die Goewerneur 923 vragte, dus ongeveer 77 maandeliks; die Sekunde ongeveer 10 vragte per maand; vyf verdere raadslede elk 2 vragte per maand, en 'n oudlid van die raad ook 2 vragte per maand.²⁴⁴⁾ Die maandelikse behoefte was dus op daardie stadium ongeveer 99 vragte. Binne 70 jaar het die minimumbehoefte van die amptenare dus amper verdubbel.

In 1791 was daagliks vir die hospitaal, die slawelosie en die „Linie“ een vrag elk, en vir die broodbakkerij twee vragte daagliks nodig²⁴⁵⁾ - wat op 150 vragte per maand te staan gekom het. Vir sy amptenare en die genoemde belangrike bedrywe het die Kompanjie teen die jaar 1791 dus ongeveer 250 vragte brandhout maandeliks nodig gehad. In die lig van hierdie behoefte en „dewyl die houtbosschen, of eygentlijk thans naakte houtvelden ... zodanig van brandhout zijn ontbloot“ was dit redelik te wagte dat „de schaarsheid binnen korten tot een volkomen gebrek voor de Comp^e:“ sou oorslaan.²⁴⁶⁾

Sedert die vestiging van die vryburgers het 'n behoefte aan brandhout vir huishoudelike gebruik ontstaan. Gedurende die winter was verwarming nodig. As gevolg van immigrasie en kolonisasie van die binneland is hierdie aanvraag vergroot.²⁴⁷⁾

243) Valentyn, F.: Beschryving Van ... Kaap der Goede Hoop etc., 10de boek, pp.145-147.

244) C. 92: Resolutien, Junie-Augustus 1791, 8 Julie 1791, pp.161-162.


245) C. 92: Resolutien, 1791, 8 Julie 1791, p.154.

246) C. 92: Resolutien, 1791, 8 Julie 1791, pp.146-147.

247) C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 14 Julie 1700, p.1040.

Opgawes van hierdie behoeftes kon nie gevind word nie. Uit die aard van die saak was dit tot aan die einde van die onderhawige tydperk 'n probleem wat steeds aandag vereis het.

Vanaf die stigting van die verversingspos was die behoefte aan timmerhout en brandhout een van die basiese behoeftes van die gemeenskap. Dit was 'n uitdaging waarop onvermydelik 'n antwoord gegee moes word.



KAART VAN
DIE KAAPSE SKIEREILAND
1652-1795

H O O F S T U K I I

POGINGS OM IN DIE BEHOEFTE TE VOORSIEN

A. Die Verkenning en Ontginning van die Inheemse Bronne:

Met die stigting van die verversingspos op die skiereiland was dit vanselfsprekend dat die aanvanklike verkenningstogte en ontginning in daardie gebied uitgevoer sou word. In die onmiddellike omgewing van die nedersetting was „geen bequaem bos ... om iets van te cunnen maecken.“¹⁾ Naby die fort en waterplek was egter 'n „meenichte bosschagies ... van corte, crome boomen...“, seer bequaem tot branthout.²⁾ In die lig van die behoefte moes dus na timmerhout gesoek word.

Op 5 Mei 1652 het die boekhouers van die Drommedaris en die Reijger, saam met die assistente Van den Helm en Verburgh, vanaf die fort vertrek en oor die kloof tussen Tafelberg en die Leeuberg³⁾ gegaan. Hulle het „heel achter buijten om gewandelt tot omtrent 6 mijlen“⁴⁾ 't lant in.“ Daar het hulle „een seer schoon groot bos“ gevind waarin „grootte hooge ende rechte opwassende bomen“ gegroei het. Die volgende oggend het hulle teruggekeer.⁵⁾ Dit was die eerste inheemse houtbos waarmee die Nederlanders kennis gemaak het. Op 9 Junie het Van Riebeeck self na „een seer grootte bosschagie, vol van grootte, hooge, rechte, sware, middelmatige ende cleijne boomen“ agter Tafelberg, omtrent 6 myl vanaf die fort, gegaan. Dit was waarskynlik dieselfde plek as wat die boekhouers besoek het. Hierdie bome was

1) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 16 Mei 1652, p.14.

2) Bosman en Thom: Dagregister, I, 18 September 1652, p.59.

3) die huidige Kloofnek.

4) 1 Hollandse (of Duitse) myl = 1/2 Engelse myle. Sien Bosman en Thom: Dagregister, I, noot h, p.436.

5) Bosman en Thom: Dagregister, I, 5 en 6 Mei 1652, p.34.

geskik „om 't grootste werck van te maecken dat men soude willen wenschen ...”⁶⁾

Die vervoer van die hout vanuit hierdie bos het egter 'n probleem geskep. Intussen is ook bevind dat die hout wat hulle uit Nederland saamgebring het, te lig was vir die geboue wat aan die sterk bergwind onderworpe was. Daar is dus gesoek na bome wat nader aan die fort gegroei het en wat geskikter was vir gebruik in die bouwerke. Met hierdie doel voor oë het Van Riebeeck en 'n timmerman op 18 September 1652 die suidoostelike hange van Tafelberg besoek. Teen die hange en in sommige klowe, omtrent $1\frac{1}{2}$ myl van die fort af⁷⁾, het hulle „seer schoone bosschagies” gevind. Hier was duisende „fraije dicke, ende vrij langhe, rechte boomen.” Volgens Van Riebeeck het dit feitlik na „boecken - ende essenhout” gelyk.⁸⁾ Ongeveer 'n kwartier verder teen die berghang op het hulle nog „bij honderden sodanige, jae veel grooter, bosschagies soo vol van schoone, groote, lange ende rechtop wassende boomen...” gevind. Hier sou „der heele masten van scheepen, bij duijsende...” uitgehaal kon word.⁹⁾

Op 1 Oktober 1652 is besluit om die baai en die houtbos wat die assistente in Mei gevind het, noukeuriger te laat ondersoek. Die stuurman van die boot, 'n aantal gewapende manne en die Hottentot Herrie het met Van den Helm en Verburgh saamgegaan. By die baai het hulle „seer schoone ende veele bosschagies met noch veel bequaemer, hoger, dicker, ende rechter boomen als oijt voor dato vernomen hadden,” gevind. Hierdie bos het ongeveer

6) Bosman en Thom: Dagregister, I, 9 Junie 1652, p.41.

7) d.w.s. ongeveer naby die huidige Rondebosch en Nuweland.

8) Bosman en Thom: Dagregister, I, 18 September 1652, pp.58-59.

9) Bosman en Thom: Dagregister, I, 18 September 1652, p.59.

"5½ duijsent treden" van die strand gestaan. Volgens Van den Helm en Verburgh was daar 'n geskikte pad om die hout met waens na die strand te vervoer. Daar was ook 'n vars rivier wat in die see uitmond. Indien die hout wou dryf, kon dit met hierdie stroom afgedryf word, aldus dié assistente.¹⁰⁾ Die beskrywing wat hulle gegee het, naamlik dat die baai goed beskut was behalwe "eenighsints maer wat voor de Z.Z.W. wint", laat geen twyfel dat dit die huidige Houtbaai was nie.¹¹⁾ Die bosse wat hulle in Mei "omtrent 6 mijlen 't lant in" gevind het, was dus beslis in die omgewing van Houtbaai. 'n Verdere ondersoek van hierdie baai is in die vooruitsig gestel.

Op 14 Oktober het die offisiere van die Goede Hoop opdrag gekry om eers na die bogenoemde baai te vaar voordat hulle hul verkenningstog van St. Helenabaai en Saldanhabaai en die weskus voortsit. Hulle moes die "gelegenheijt van de bosschagie etc. pertinent in een caerte aff ... teijckenen."¹²⁾ Daar het niks van hierdie ondersoek gekom nie aangesien die weer te onstuimig was om na die baai te seil.¹³⁾

Die hout wat die nedersetters nodig gehad het, is intussen uit die bosse aan die suidoostelike kant van Tafelberg gehaal. In November 1652 is 'n opname gemaak hoeveel knuppels vir die robbejag uit die bos, "anderhalff mijl van 't fort gelegen", gekry kon word.¹⁴⁾ Later die maand is weer 'n hoeveelheid hout vir die robbevangs uit die bos gehaal.¹⁵⁾ Daagliks is ook

10) Bosman en Thom: Daghregister, I, 1 Oktober 1652, pp.64-65.

11) Vgl. Bosman en Thom: Daghregister, I, 1 Oktober 1652, noot b, p.434.

12) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 15 Oktober 1652, p.10; C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 14 Oktober 1652, pp.29-30.

13) Bosman en Thom: Daghregister, I, 20 Oktober 1652, p.75.

14) Bosman en Thom: Daghregister, I, 14 November 1652, p.83.

15) Bosman en Thom: Daghregister, I, 25 November 1652, p.90.

brandhout gekap. Dit is soms deur die skeepslui van 'n besoeken-
de vaartuig in die baai gedoen.¹⁶⁾ In 1653 het die bogenoemde
bosse nog steeds in die timmerhoutbehoefte voorsien. Gedurende
Mei, Junie en Julie was die timmermanne daar besig om die hout
vir die brandvrye pakhuis gereed te maak.¹⁷⁾ Die hout is met 'n
wa wat deur osse getrek is, vervoer.¹⁸⁾

Op 11 Julie 1653 is Verburgh en die skipper van die galjoot
na die baai agter Tafelberg gestuur om die gesteldheid van die
aanlêplek te bepaal, asook om vas te stel of „beter ende facilder
timmerhoudt uyt dat bos als van hier over lant te krijen ware.”¹⁹⁾
Vir die eerste keer is die benaming „Houtbay” gebruik, wat tot
dusver nog net die beskrywing was.²⁰⁾ Twee weke later is be-
sluit om die galjoot Roode Vos weer na Houtbaai te stuur om vas
te stel of die nodige timmerhout en brandhout uit die nabygeleë
bos gehaal kon word. Die offisiere van die vaartuig het opdrag
gekry om die Kommandeur van hulle aankoms in die baai in kennis
te stel.²¹⁾ Op 28 Julie is hierdie boodskap ontvang en die vol-
gende dag het Van Riebeeck en 12 gewapende soldate oor land na
die baai vertrek. Omtrent 'n halfuur verder van die bekende bos
agter Tafelberg het hulle opgemerk dat „redelijcke gelegentheyt
sal te vinden wesen om meerder houdt te becomeen...” Dit sou ná
hulle tuiskoms so spoedig moontlik ondersoek word.²²⁾ Met sy

16) Bosman en Thom: Daghregister, I, 27 Mei, 4 Junie en 3-5
Julie 1653, pp.141, 143 en 145.

17) Bosman en Thom: Daghregister, I, 26 Mei, 11-12 Junie en
3-5 Julie 1653, pp.141, 144 en 146.

18) ^{Vgl.} Bosman en Thom: Daghregister, I, 30 Mei 1653, p.141. Ons
kan dit ook 'n eksperiment met die eerste Afrikaanse ossewa noem.
Vgl. Bosman en Thom: Daghregister, I, 30 Mei 1653, noot 6, p.141.

19) Bosmen en Thom: Daghregister, I, 11 Julie 1653, p.147.

20) Bosman en Thom: Daghregister, I, noot 3, p.147.

21) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 25 Julie
1653, pp.17-18; Bosman en Thom: Daghregister, I, 25 Julie 1653,
pp.148-149; C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 26 Julie
1653, pp.134-135.

22) Bosman en Thom: Daghregister, I, 29 Julie 1653, p.149.

aankoms in Houtbaai het Van Riebeeck die bos ondersoek. Dit was $1\frac{1}{2}$ myl van die strand af.²³⁾ Die pad was te klipperig, heuwelagtig en moerassig om die hout op die strand te kry.

Die Kommandeur was teleurgesteld hieroor omdat „daer stonden de schoonste bosschagies van de werelt ende in deselve soo lange, dick, reghte, houten als men souden mogen wenschen off begeeren.”²⁴⁾

Hierdie feite het dus heeltemal met die opname wat Van den Helm en Verburgh in Oktober 1652 van hierdie gebied gemaak het, verskil. Naby die strand het egter volop struike wat vir brandhout geskik was, gegroei. Van Riebeeck het beveel dat 'n bootvrag hiervan gekap moes word. Daarop het die geselskap na die fort teruggekeer.²⁵⁾

Op 1 Augustus 1653 het die Kommandeur na die bos wat hy met sy besoek aan Houtbaai opgemerk het, vertrek. Dit was ongeveer „2 groote mijlen van 't fort achter den Tafelbergh” geleë, en was „treffelijk vol van alderhande schoone, hooge, dicke bomen...” wat maklik van die berg vervoer kon word. Daar was dus nou, volgens Van Riebeeck, hoop dat hierdie bos in alle behoeftes van die verversingspos sou kon voorsien.²⁶⁾ Die volgende dag het hy weer uitgegaan „om te vernemen of oock noch bequamer gelegenheyt te vinden ware om hout te halen.” Hy het egter niks gevind nie.²⁷⁾ Op 4 Augustus is 'n begin gemaak om 'n goeie wapad uit dié bos te bou.²⁸⁾

Voorlopig is die idee om timmerhout uit Houtbaai te kry, laat vaar. Op 4 Augustus is 'n boodskap aan die skeepsowerheid

23) Volgens Argiefkaart 1/17 was die „Houtbays Bosch” aan die bolope van die Houtbaairivier, d.w.s. naby die huidige Oranjekloof en „Back Table”, geleë.

24) Bosman en Thom: Dagregister, I, 29 Julie 1653, p.149.

25) Bosman en Thom: Dagregister, I, 30 Julie 1653, p.150.

26) Bosman en Thom: Dagregister, I, 1 Augustus 1653, p.150

27) Bosman en Thom: Dagregister, I, 2 Augustus 1653, p.151.

28) Bosman en Thom: Dagregister, I, 4 Augustus 1653, p.151.

van die Roode Vos, wat nog in hierdie baai was, gestuur. Hulle is in kennis gestel dat omtrent „2 uijren gaens van 't fort" 'n groot bos gevind is waaruit timmerhout redelik maklik gehaal kon word. Die galjoot moes so spoedig moontlik met 'n vrag brandhout na Tafelbaai terugkeer.²⁹⁾ Brandhout is not gereeld uit Houtbaai gehaal. Die galjoot Salmander het op 11 Augustus met 'n vrag vir die kalkoonde hiervandaan in Tafelbaai aangekom.³⁰⁾ Gedurende die volgende maande is hierdie bron intensief ontgin want reeds in November het Van Riebeeck bereken dat nog net een vrag hier gekry sou kon word.³¹⁾ Op 17 November het die Politieke Raad besluit dat 'n galjoot nog 'n vrag brandhout vir die kalkoonde daar moes gaan haal.³²⁾

Intussen het die wa op 5 Augustus uit die bos met twee stukke hout as „spanningen" vir die pakhuis teruggekom. Gedurende Oktober is voortgegaan om hout wat vir „houtgebinten" en balke geskik is, aan te ry.³³⁾ Dit het egter moeilik en stadig gegaan.³⁴⁾ Die volgende maand is daaglik brandhout sowel as timmerhout uit die bos, ongeveer $1\frac{1}{2}$ myl vanaf die fort, gehaal.³⁵⁾ Gedurende Desember het elke dag 50 persone na die bos, $2\frac{1}{2}$ myl van die fort, gegaan om stormpale aan te bring. Dit het steeds moeite en inspanning gekos.³⁶⁾ Op 20 Desember het Van Riebeeck en die onderkoopman, Jacob Reyniersz, met 20 man na die bos gegaan om „aldaer wat nader inspectie op de houdtwercken,

29) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 4 Augustus 1653, p.136.

30) Bosman en Thom: Dagregister, I, 11 Augustus 1653, p.152.

31) Bosman en Thom: Dagregister, I, 17 November 1653, p.175.

32) S.A.Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 17 November 1653, p.25.

33) Bosman en Thom: Dagregister, I, 22 en 23 Oktober 1653, pp.164-165.

34) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 13 Oktober 1653, p.171.

35) Bosman en Thom: Dagregister, I, 17 November 1653, p.175.

36) Bosman en Thom: Dagregister, I, 2 Januarie 1654, p.184.

etc., te nemen..."³⁷⁾

Gedurende die eerste twee jaar is timmerhout dus in die bosse aan die suidoostelike hange van Tafelberg, ongeveer $1\frac{1}{2}$ tot 2 myl van die fort af gekap. Brandhout is in die onmiddellike omgewing van die fort, in die genoemde bosse en in Houtbaai gehaal.

Die vervoer van die timmerhout het steeds 'n probleem gebly. Reeds in Junie 1652 het Van Riebeeck opgemerk dat dit goedkoper sou wees om die hout uit Nederland of Batavia in te voer as om dit uit die bosse te haal.³⁸⁾ In April 1653 het hy weer verklaar dat hulle genoeg hout in die bosse kon kry maar dat die vervoer na die fort "oock soo veel tijt soude spillen als 't hout wel hondert maal waerdigh is."³⁹⁾ Die owerhede het eersgenoemde idee die nek ingeslaan deur die hoop uit te spreek dat "ul bij nader ontdeckinge vande Custen ende Landen, in d' een of d' ander baeij wel bequaem Timmer ende branthout sullen vinden..."⁴⁰⁾ In Junie 1654 is dus besluit om die Tulp op 'n verkenningstog van die ooskus te stuur. Hulle moes die kus van Rio Dolce tot by Rio dos Reijs⁴¹⁾ ondersoek en vasstel waar timmerhout en brandhout verkry kon word, veral laasgenoemde wat "hier metter tijt sal ontbreken."⁴²⁾ Met betrekking tot hierdie saak het die ekspedisie niks opgelewer nie.⁴³⁾

37) Bosman en Thom: Dagregister, I, 18 en 20 Desember 1653, pp. 180-181.

38) Bosman en Thom: Dagregister, I, 9 Junie 1652, p.41.

39) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 14 April 1653, pp.69-70.

40) C.409, I: Inkomende Briewe, 1652-1660, 8 Maart 1654, p.172.

41) Op Blaeuw se "AFRICAE nova descriptio" word Rio dos Reijs as 'n rivier wat in die huidige Delagoabaai uitmond, aangegee.

42) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 18 Junie 1654, p. 38; C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 26 Junie 1654, pp.252-253.

43) Bosman en Thom: Dagregister, I, 12 Desember 1654, pp.268-270.

Teen November 1654 het die brandhout vir die steenbakkery begin ontbreek. Daar was genoeg in die bos, 2 tot 3 myl vanaf die fort, maar perde vir die karweiwerk het ontbreek. Daar is dus besluit om die galjoot Roode Vos na Houtbaai te stuur om 'n vrag te haal. Dieselfde tyd is ook „uit 't geberchte" brandhout gebring.⁴⁴⁾ Op 23 November het die galjoot uit Houtbaai teruggekom. Volgens die skipper was die uit- en invaar in dié baai baie gevaarlik en behoort daar nie weer hout gehaal te word nie. Hy het ook genoem dat „boven een galjotsladingh qualijck meer te becomen soude wesen."⁴⁵⁾ Die voorraad brandhout het dus Van Riebeeck se beraming van 'n jaar tevore oorskry.

In Januarie 1655 is brandhout vir die steen- en kalkoonde teen die berg gehaal. Dit moes mettertyd al hoe verder weggekapt word sodat dit teen Februarie „een gantsche mijl heel tegen den Tafelbergh op ende noch vrij sober te halen valt."⁴⁶⁾ Die gebrek aan geskikte trekvee is al hoe meer gevoel.⁴⁷⁾ In Desember 1654 het Van Riebeeck genoem dat die osse moeilik in die waens getrek het.⁴⁸⁾ Vir die haal van timmerhout sowel as brandhout was 'n paar perde „soo noodigh ... als broodt inden mont..."⁴⁹⁾ 'n Paar perde is wel uit Batavia na die Kaap gestuur maar die Weesp het met dié kosbare vrag by Tafelbaai verby geseil. In Februarie 1655 is die Tulp na St. Helenabaai gestuur om die perde van die Weesp af te haal.⁵⁰⁾

44) Bosman en Thom: Daghregister, I, 13, 16 en 19 November 1654, pp.265-266; C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 8 Desember 1654, pp.324-325.

45) Bosman en Thom: Daghregister, I, 23 November 1654, p.266.

46) Bosman en Thom: Daghregister, I, 10 Februarie 1654, p.288.

47) Vgl. Nel, J.J.: Perdeteelt in Suid-Afrika, pp.7-17.

48) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 2 Desember 1654, p.325.

49) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 12 Februarie 1655, p.357.

50) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 12 Februarie 1655, p.357.

Die bosse agter Tafelberg het bly voorsien in die behoefte aan timmerhout. In Maart 1655 is hier hout gekap vir die sloep Robbejacht wat in aanbou was.⁵¹⁾ 'n Paar maande later is „eenige knies ende andere houtwercken" vir die Tulp ook hier gehaal.⁵²⁾ Met 'n dreigende tekort aan brandhout in September 1655 het Van Riebeeck in die bosse gaan ondersoek instel of daar nie 'n makliker plek vir die waens was om hout te haal nie. Hy het so 'n plek ongeveer 2 tot 2½ myl van die fort af gekry.⁵³⁾ Die volgende maand moes die hout „heel achter, boven tegen den Tafelbergh op, met grooten arbeyt" gehaal en tot onder by die wapad deur die werksmense gesleep word. Die Kommandeur het weer die bosse besoek om vas te stel of die hout nie nader en met minder moeite gevind kon word nie. Hy kon so 'n plek nie vind nie en het beveel dat die werk soos gewoonlik moes voortgaan.⁵⁴⁾ Gedurende 1656 is baie balke uit die bos vir werk aan die hawehoof gehaal.⁵⁵⁾ Vir nuwe stormpale in die wal van die fort is in September 1656 'n harder houtsoort gebruik, „heel hardt ende meest groen ebbenhout wesende..."⁵⁶⁾

Teen Augustus 1656 het die brandhout in die onmiddellike omgewing van die fort begin min raak. Dit moes nou feitlik alles uit die bosse agter Tafelberg, omtrent 3 myl van die fort, met waens gehaal word. Hiervoor was nog meer perde noodsaak-

51) Bosman en Thom: Daghregister, I, 13 Maart 1655, p.295.

52) C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 24 Julie 1655, p.437.

53) Bosman en Thom: Daghregister, I, 14 September 1655, pp.344-345.

54) Bosman en Thom: Daghregister, I, 4 Oktober 1655, pp.351-352.

55) C. 493, II: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 7 April 1656, p.520. Vgl. Bosman en Thom: Daghregister, II, 4 Maart, 22 Julie, 4 November en 28 Desember 1656, pp.23, 58, 79 en 90.

56) Bosman en Thom: Daghregister, II, 9 September 1656, pp.65-66. Die Haagse kopie van die Daghregister praat egter van „evenhout". Sien Bosman en Thom: Daghregister, II, 9 September 1656, noot 1, p.66.

57) lik. Gedurende November, Desember en Januarie 1657 is 84
vragte brandhout vir die steenoond hier gekap. 58) Gedurende
Maart en April 1657 is nog steeds balke vir gebruik by die bou
van die hawehoof uit die bos gehaal. 59) Die grootste probleem
het egter die vervoer van die swaar timmerhout gebly.

Tot op daardie stadium het die Kompanjie al die bosse
onder sy direkte beheer gehad om in sy eie behoeftes te voorsien.
Met die instelling van die vryburgers in Februarie 1657 het dit
nodig geword om ook hierdie mense van hout vir boudoeleindes,
gereedskap en huishoudelike gebruik te voorsien. Dit het ook
aan die owerheid duidelik geword dat dit groter uitgawes vir die
Kompanjie sou meebring. In Oktober 1657 het die vrytimmerman,
Leendert Cornelisz van Zevenhuijsen, versoek dat hy 'n bos vir
homself mag kry. Dit was ongeveer „3 uijren gaens" van die fort
en teen die „bosbergen Z. waerts beneden den Taeffelbergh" geleë. 60)
Hy het gevra dat alleenlik hy daaruit hout mag haal om „tot
goeden oirbaer, sonder schendinge, maer tot verbeteringe van
do. bosschagie te gebruijcken ende daer uijt tot gerieff van
d' E. Compe. ende vrijeluijden op eijgen costen te saegen ende
leveren alderhande plancken, balcken, ribben etc." Die Politieke
Raad het besef dat dit die Kompanjie van die las sou onthef.
Cornelisz se versoek is dus toegestaan. 61) Die toekenning van
bosse vir private ontginning was, as een van die uitvloeisels van
die vryburgerstelsel, 'n nuwe verskynsel aan die Kaap. Dit was
'n poging om doeltreffend in die toenemende behoeftes te voorsien.

57) C. 493, II: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 14 Augustus
1656, p.562.

58) Bosman en Thom: Daghregister, II, 11 November en 28
Desember 1656 en 27 Januarie 1657, pp.81, 90 en 94.

59) Bosman en Thom: Daghregister, II, 10 Maart, 21 Maart en
23 April 1657, pp.110, 114 en 124.

60) In die omgewing van die huidige Kirstenbosch Nasionale
Botaniese Tuin. Met „bosbergen" word dan die suidoostelike hange
van Tafelberg bedoel.

61) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 27 Oktober
1657, p.115.

Die volgende maand, November, het die baastimmerman, Roeloff Ziewertsz, 'n dergelike versoek aan die Kaapse owerheid gerig. Hy het 'n bos tussen dié van Cornelisz en die Kompanjiesbos aangevra om op eie koste „plancken, swalpen, ribben, etc., tot gerieff van d'E. Compagnie ende vrije luyden" te lewer. Hy sou ook die Kompanjie se waens, ploëë, êe, bougereedskap en ander boerderybenodighede maak, „met previlegie dat tot sulck hantwerck niemandt als hij soude mogen worden toegelaten..." As gevolg van dieselfde oorwegings is die bos aan Ziewertsz toegeken. Hierdie twee vryboseienaars is verbied om hout uit enige ander bos te kap en moes hulle slegs tot timmerwerk bepaal.⁶²⁾

Die bestaande wapad na die bosse agter Tafelberg het ten weste van die Liesbeekrivier, om die voet van Duiwelspiek en verby die „Comps. boogard" by Rustenburg (Rondebosch) gegaan.⁶³⁾

In Desember 1657 het Van Riebeeck die moontlikheid van 'n beter wapad hierlangs ondersoek. Die pad wat hy gevind het, het aan die oorkant van die Liesbeekrivier, ten ooste van die landerye van die vryburgers, oor die harde ongeskikte bougrond en langs die noordelike hang van die Bosheuwel gegaan. Dit was wel 'n uur langer as die ou pad, maar makliker aangesien dit oorgelyker grond gegaan het. Die vryburgers is dan ook beveel om slegs hierdie pad na die „vrijmansbos" te gebruik.⁶⁴⁾ Cornelisz het die houtsagery tot Junie 1662 behartig toe hy op eie versoek na Batavia gestuur is.⁶⁵⁾

In die gebied tussen die houtbosse en die Liesbeekrivier het „veele corte, dicke boomen (onbequaem te vertimmeren)" gegroei. Dit is gedurende 1658 vir brandhout gebruik. Op⁶⁶⁾

62) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 6 November 1657, p.116; Bosman en Thom: Daghregister, II, 6 November 1657, p.191.

63) Mossop, E.E.: Old Cape Highways, pp.11-14.

64) Bosman en Thom: Daghregister, II, 10 Desember 1657, pp.205-206.

65) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 3 Junie 1662, p.283.

66) Bosman en Thom: Daghregister, II, 20 Junie 1658, p.309

'n inspeksiereis gedurende Julie van hierdie jaar het Van Riebeeck die „van 't geberchte na de reviere Liesbeecq aff-streckende bos" besoek. Die bome het so dig gegroei dat die wapad die enigste opening was.⁶⁷⁾

Teen 1659 het die brandhout in die omgewing van die fort weer redelik vermeerder, sodat sommige vryburgers dit tussen die fort en die Soutrivier gekap het. In Oktober is hulle verbied om dit verder hier te haal. Hulle het verlof gekry om wel tus-⁶⁸⁾sen die fort en die Leeuberg brandhout te kap. Agterom laasgenoemde berg was 'n klein baai, „genaempt het Leeuwen-⁶⁹⁾zantbaeyken", waar ook struike gegroei het wat vir brandhout geskik was. In Januarie 1660 het die Schape-jachjen 'n vrag⁷⁰⁾ daar gaan haal. In Januarie 1661 is die galjoot Perkyt ge-⁷¹⁾stuur om 'n voorraad in hierdie baai te haal. Die omgewing van die fort was dus veel ryker aan brandhout as wat oorspronklik gemeen, en bekend, was.

In November 1659 is 'n ekspedisie onder leiding van Abraham Gabbema na Saldanhabaai gestuur om verskeie sake te ondersoek. Hulle moes onder andere vasstel „off aldaer off ergens eenig bequaem timmerhout, palen ende clipsteen bij⁷²⁾ der hant off ergens anders bequamelijck te becomen is." Dit het geblyk dat daar in die sogenaamde Lakusbaai (Noordbaai) brandhout verkrygbaar was. In Oktober 1660 het die galjoot

67) Bosman en Thom: Daghregister, II, 26 Julie 1658, p.346.

68) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 1 Oktober 1659, p.130.

69) Waarskynlik in die gebied van die huidige Drieankerbaai tot by Clifton.

70) Bosman en Thom: Daghregister, III, 14-15 Januarie 1660, p.177.

71) Bosman en Thom: Daghregister, III, 6 Januarie 1661, p.318.

72) Bosman en Thom: Daghregister, III, 24 November 1659, pp.157-158.

⁷³⁾
Perkyt 'n vrag daar gaan haal.

Ten spyte van die vroeëre ongunstige mening oor Houtbaai is herhaaldelik probeer om timmerhout en brandhout vandaar te kry. In Junie 1662 het die Politieke Raad besluit dat die Zee Ridder 'n voorraad hout in dié baai moes gaan haal. Die geselskap, onder leiding van Gabbema, moes van die beste en dikste bome vir timmerhout kap, asook 20 rondhoute vir die maak van gordings, 8 tot 10 wilde-elsbome van 10-12 voet lengte waaruit eetbakke vir die garnisoen gedraai sou word, 50 tot 60 stutte van 15, 16, 18 of 20 voet elk om onder die huise te gebruik en 100 of meer houtstele vir grawe. Die res van die skeepsruimte moes met reguit brandhout gevul word.⁷⁴⁾ Met hulle aankoms het die fiskaal die toestande ondersoek en volop brandhout naby die strand gevind. Volgens hom sou daar altyd genoeg wees. Die timmerhout, egter, „waren genoeg in ditto baytie boven tegen t gebergte aen, wel 2 á 3 uren ver van de strant, dat niet mogelyck was sonder wagens aen de strant te brengen...” Hulle het dus slegs met 'n vrag brandhout na Tafelbaai teruggekeer.⁷⁵⁾ Weereens het die poging om timmerhout uit Houtbaai te kry, misluk.

Die bosse agter Tafelberg het intussen in die timmerhout-behoefte voorsien. In September 1662 is 'n swaar boom hier gekap om as boegspriet te dien.⁷⁶⁾ In Junie die volgende jaar is die skeepslui van die Velthoen na die „Berghbos” gestuur om die gevelde timmerhout daaruit te sleep en na die wapad te bring.⁷⁷⁾

In November 1663 is die fiskaal Lacus, die baastimmerman, die landboumeester Cruythoff en die baas van die houtkappery

73) Bosman en Thom: Dagregister, III, 23 Oktober 1660, p.281.

74) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 13 Junie 1662, p.284; V.C. 4, I: Dagregister, 1662-1666, 17 Junie 1662, pp.158-161.

75) V.C. 4, I: Dagregister, 1662-1666, 20-21 Junie en 6 Julie 1662, pp.165-166 en 176.

76) V.C. 4, I: Dagregister, 1662-1666, 12 September 1662, p.206.

77) V.C. 4, II: Dagregister, 1662-1666, 4 Junie 1663, p.378.

gestuur om die bosse te gaan ondersoek. Hulle moes vasstel of al die bome vir timmerhout geskik was en hoe lank die inwoners nog daar kon gaan houtkap, aangesien die vryhoutsaers die beste bome uitgesoek het om planke van te saag.⁷⁸⁾ Op 27 November het hulle 'n verslag ingelewer van hul besoek aan die bosse „leggende aen de binnen cant van dit uytterste Caepse geberchte.” Die eerste bos was „recht voor den inham ofte deurganck tot de Houtbhaey” geleë.⁷⁹⁾ Daarin kon volop kreupelhout asook baie boekenhout-, peerhout- en assegaaihoutbome gevind word. Nie ver daarvandaan nie, in die rigting van die Bosheuwel, was 'n ander bos. Verskeie boomsoorte, wat vir die maak van balke en ribbe geskik was, het daar gegroei. Daar was egter nie noemenswaardige geelhoutbome nie. In die derde bos, nog verder in die rigting van die Bosheuwel, was „een goede quantiteyt groote dicke en seer schoone geele boomen” wat meestal teen die berg gestaan het. Laer af het ook nog verskillende boomsoorte gegroei. Verder aan was daar 'n bos wat die geselskap die „sparrenbos” genoem het omdat min groot bome daarin gegroei het, maar baie reguit boompies wat vir allerlei timmerwerk soos sparre, geskik was. Nader aan die berg was 'n bos waarin hoofsaaklik kreupelhoutbome gegroei het. Hierdie bosse was veel verder as dié wat tot op daardie stadium bewerk is. Dit was egter nie moeilik om daar te kom nie aangesien die vryburgers reeds 'n goeie pad daarheen „gespoort en gebaent” het.

In die sogenaamde „Leenenbosch”⁸⁰⁾ was geen geskikte geelhoutbome meer nie, maar elshout-, boekenhout-, peerhout- en assegaaihoutbome het in 'n redelike hoeveelheid daar gegroei. 'n Goeie voorraad sparre kon ook nog daar gekap word. Langsaan, in die sogenaamde „Cleijenbos”, het verskeie geelhoutbome gestaan.

78) V.C. 4, II: Dagregister, 1662-1666, 26 November 1663, p.488.

79) waarskynlik in die omgewing van die huidige Constantia Nek.

80) die bos wat Leendert Cornelisz bewerk het.

Sommige sou egter moeilik gekap en uitgehaal kon word aangesien dit tussen groot klippe gegroei het. Langs die rand van die bos en dieper in het nog volop ander boomsoorte gegroei en „dat noch wel in sulcken quantiteyt, dat se se in geen half dozyyn jaren sullen cunnen verwercken." In die nuwe bos van die Kompanjie, langs die rivier, was 'n groot aantal geelhoutbome sowel as ander bome. Uit die ou bos kon egter weinig meer as 'n hoeveelheid latte en riggels gekry word.

Die fiskaal was van mening dat indien die hout in bogenoemde bosse oordeelkundig gekap word, dit nie vir die volgende vier of vyf jaar nodig was om 'n ander gebied te ontgin nie.⁸¹⁾

Daar is dadelik 'n begin gemaak om hierdie bosse te ontgin. In September 1665 was werkslui besig om timmerhout „in vervaerlijcke steen-bergh-klooven" te soek, te kap en te „besnoeijen."⁸²⁾ Teen Oktober van hierdie jaar is daar egter geoordeel dat daar binne die volgende twee of drie jaar 'n gebrek aan veral planke sou ontstaan. In 'n poging om dit te voorkom, het goewerneur Wagenaar met 'n wa en 10 soldate agter om die Bosheuwel gegaan. Hy wou probeer om deur 'n kloof van die Steenberge tot by 'n bos te kom waar goeie timmerhoutbome gestaan het. Hulle het met die wa tot diep in die kloof gegaan maar teen 'n onoorkomelike steilte gestuit. Die Goewerneur het, nadat die soldate teruggestuur is, nog op verskeie ander plekke in die gebergte klein bosse gekry waar goeie hout gehaal kon word. Dit kon egter ook nie met 'n wa bereik word nie.⁸³⁾ Die vervoerprobleem het dus 'n bepalende rol in die ontginning van die inheemse bosse gespeel.

Teen Mei 1666 was die brandhout agter Tafelberg tot feitlik by die Bosheuwel afgekap en weggery. Daar was ook „inde kloof

81) V.C. 4, II: Dagregister, 1662-1667, 27 November 1663, pp.489-493.

82) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 8 September 1665, p.336.

83) V.C. 4, IV: Dagregister, 1662-1666, 5 Oktober 1665, pp.908-910.

bosies niet een bequame boom meer te vinden om planken daer van te Zagen..." In die bos wat die vorige jaar agter die Bosheuvel gevind is, was werkslui besig. Volgens hulle sou ook dit gedurende 1666 uitgewerk wees. ⁸⁴⁾ Gedurende dieselfde tyd is al die houtkappers „naede houtbaeij tusschen 't steengebergte" gestuur om bome wat vir timmerhout geskik was, te seek. Hier het hulle „in seer ijselijcke en verschrickelijcke valeijen" 'n aantal geskikte geelhoutbome gevind. Aangesien dit 'n beperkte getal was „oordeelen deselve dat wij daer van boven een Jaer off twee niet soudan kannen werden gediend..." ⁸⁵⁾ 'n Paar houtkappers is hier geplaas om planke te saag. Die waens kon egter nie hier kom nie sodat 'n „bequame breede en seer vermakelycke wegh" deur luitenant Schut en sy soldate van hier tot in die Kompanjie se nuwe bos gemaak is. Sodoende is teen September 1666 „al verscheijde wagenvrachten plancken en Timmerhout aen 't Fort becomen." Alhoewel groot bome vir timmerhout nie meer in die ou bos van die Kompanjie gevind kon word nie, het die Kompanjieshoutkappers daagliks nog baie sparre, latte, pale, gordings, steierhoute, „platings" en veral „thuijn staken" daaruit gelewer. ⁸⁶⁾ In Oktober is 30 man gestuur om timmerhout uit die Houtbaai-bos te haal. ⁸⁷⁾

Teen 1668 was die Houtbaai-bos 'n belangrike bron van timmerhout vir die Kompanjieswerke. Voorlopig kon geredelik in die behoefte aan veral planke voorsien word. ⁸⁸⁾ Hierdie behoefte het nie toegelaat dat dié bos ook deur die vryburgers en vryhoutsaaers gebruik word nie. In Julie 1668 het Theunis

84) C. 494, II: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 16 Mei 1666, p.904.

85) C. 494, II: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 24 Julie 1666, pp.1011-1012.

86) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, pp.204-205.

87) V.C. 4, V: Dagregister, 1662-1666, 24 Oktober 1666, p. 1109.

88) C. 494, II: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 10 Februarie 1667, p.1085.

Dirksz van Schalckwijck 'n versoek aan die Politieke Raad gerig om as vryhoutsaer 'n bos te mag kry. In die lig van die bogenoemde oorweging is hy toegelaat om in die verlate bos van die Hel en dié van Leendert Cornelisz vir drie jaar hout te kap.⁸⁹⁾

Reeds in 1666 het Goewerneur Wagenaar beraam dat die brandhout „sal aleer twee Jaren ten eijde lopen, seer schaersselijk te becomen wesen...”⁹⁰⁾ Aan die einde van dié dekade het die plaaslike bosse egter nog steeds in hierdie behoefte voorsien.⁹¹⁾

In 1670 het kommissaris Van den Broeck ook aan hierdie saak aangedag gegee. Hy het die moontlikheid geopper dat die bosse aan die kus ten noorde en ten ooste van die Kaap ondersoek word. Die brandhout kon gekap en opgeberg word totdat 'n Kompanjiesvaartuig dit gaan haal. Die Goewerneur en die fiskaal het in hulle antwoord daarop gewys dat noordwaarts tot in St. Helenabaai en ooswaarts so ver as Mosselbaai geen hout verkrygbaar was wat gehaal kon word nie. Waar wel hout was, het dit hoog teen die berge gegroei wat die kap daarvan bemoeilik het.⁹²⁾ Daarenteen was in die Kaapse bosse nog geredelik brandhout verkrygbaar.⁹³⁾

Met die oog op die stigting van 'n buitepos in Hottentots-Holland het luitenant Breitenbach en landmeter Jan Wittebol 'n opname van dié gebied in Desember 1671 gemaak. Uit die aard van die saak het hulle ook vasgestel waar, en in welke hoeveelhede, hout verkrygbaar was. Hulle het teen die berge genoeg brandhout gekry, „maar tot 'et bouwen van huysen weijnigh off niet...”⁹⁴⁾ Ná die vestiging van die buitepos is deegliker ondersoek ingestel na die gesteldheid van die bosse. Teen Novem-

89) naby die Paradysbos.

90) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.205.

91) C. 495, I: Uitgaande Briewe, 1668-1671, 22 Maart 1669, p.272.

92) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, vraelys gedateer 25 Februarie 1670, p.7.

93) C. 495, II: Uitgaande Briewe, 1668-1671, 19 Maart 1670, p.618.

94) C. 495, II: Uitgaande Briewe, 1668-1671, 30 Desember 1671, pp.1251-1254; V.C. 6: Dagregister, 1671-1673, 30 Desember 1671, p.227.

ber 1672 is teen die berghange by verskeie riviertjies al
„bereets negen boschaeges ontdekt, waarin men oir deelt goet
hout tot huijsen te timmeren te wesen..."⁹⁵⁾ Dit kon egter
slegs „met kracht van volc en groote moeijten" gekap en uitge-
haal word.⁹⁶⁾

Brandhout was dwarsdeur die eeu skaars. Periodiek is be-
ramings van die beskikte voorraad gemaak. Om die plaaslike
bronne aan te vul, is herhaaldelik uit Houtbaai 'n hoeveelheid
laat haal, soos in Maart 1676 met die hoeker Baers.⁹⁷⁾ In
die Tafelvallei tot teen die berg het kreupelhout, wat die ver-
naamste bron van brandhout was, gegroei. In Junie 1676 het die
Goewerneur hierdie bosse ondersoek. As gevolg van die daaglikse
gebruik en willekeurige uitkap deur almal was dit redelik uitge-
dun.⁹⁸⁾ Gedurende die tagtigerjare het 'n kreupelhoutbos teen
die Windberg (Duiwelspiek) gestaan. Dit is spesiaal met die
oog op brandhout vir die Kompanjie se werksaamhede bewaar. Dit
was omtrent 200 roede, d.w.s. 800 tree, breed, „tegen den bergh
opgaende, lopende met een smallen streeck langs dien bergh tot
voor den Tafelbergh." Die bome was nie baie hoog nie en het yl
gestaan. Behalwe hierdie bos was nêrens in die onmiddellike
omgewing brandhout te vind nie.⁹⁹⁾

Gedurende die sewentigerjare is uit die bosse agter Tafel-
berg nog swaar balke, 26 voet lank en 13 duim dik, gehaal. Dit
moes 'n uur ver na die wapad gesleep word en vandaar was dit nog
drie uur na die Kasteel. Die planksagery in die Houtbaaibos het
geredelik voorrade gelewer. Ook hier was die vervoer 'n ernstige
probleem aangesien die bos vier uur vanaf die Kasteel was. Ge-

95) V.C. 6: Dagregister, 1671-1673, 20 November 1672,
pp.526-527.

96) V.C. 6: Dagregister, 1671-1673, 26 Julie 1673, p.818.

97) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 19 Maart
1676, p.139.

98) V.C. 7: Dagregister, 1674-1676, 26 Junie 1676, p.207.

99) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 5 Mei 1685,
pp.72-73.

durende die reënseisoen was die paaie moeilik begaanbaar en het die trekosse daaronder gely. ¹⁰⁰⁾ Op grond van die groot aantal geelhoutbome in die Houtbaai-bos het kommandeur Simon van der Stel in April 1680 die voorstel gemaak dat 'n saagmeul daar opgerig word. ¹⁰¹⁾ Die hout kon met bote na die Kaap gebring word. Daar het deurgaans 'n behoefte aan planke vir herstelwerk en ander werk bestaan. Die bosse kon nog geredelik hierin voorsien sodat die oprigting van so 'n saagmeul as noodsaaklik beskou is. As gevolg van 'n tekort aan arbeid moes voorlopig van hierdie skema afgesien word. ¹⁰²⁾

In Februarie 1683 is die Houtbaai-bos aan twee vryhoutsaers, Hendrick Dirckx van Embden en Hendrick Coster, toegestaan. Hulle kon die bos vir 10 jaar bewerk. Alle ander persone is verbied om hier hout te kap en moes hul benodigde houtwerk teen die vastgestelde pryse van die houtsaers koop. Laasgenoemde mag nie latte of sparre van geelhout kap nie. Hulle moes jaarliks aan die Kompanjie 150 gulde in kontant betaal of planke ter waarde van 200 gulde lewer. ¹⁰³⁾ Gedurende hierdie jare het ook die bosse agter Tafelberg, soos die Paradysbos, nog timmerhout verskaf. ¹⁰⁴⁾

In November 1687 het Simon van der Stel Valsbaai ondersoek en dit op kaart gebring. In die omgewing van Iselsteinbaai (Simonsbaai) het hy 'n bos gevind „twelck soo dicht in malkan- deren en sonder enige opening te laten, gewassen was...“ ¹⁰⁵⁾

100) C. 498, II: Uitgaande Briewe, 1676-1678, 18 Mei 1678, pp.961-963.

101) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 8 April 1680, pp.327-328; V.C. 9: Dagregister, 1680-1683, 6 April 1680, p.55.

102) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 28 November 1684, p.93.

103) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 17 Februarie 1683, pp.61-62. Vir geldeenhede sien die Bylaag.

104) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 17 en 27 Mei 1685, pp.113 en 140-141.

105) V.C. 11: Dagregister, 1687, 19 November 1687, pp.487-488.

Teen die neëntigerjare is die Houtbaaibos nie meer deur vryhoutsaaers bewerk nie. Die onbeheerde kap van timmerhout het dus voorgekom. In April 1691 het Joost Pietersz en Borchard Pietersz van Isenberg aansoek gedoen om vir 5 jaar uit hierdie bos timmerhout aan die koloniste te lewer. Hierdie versoek is toegestaan op voorwaarde dat hulle jaarliks aan die Kompanjie 100 planke, 10 voet lank en minstens 'n voet breed, gratis moes lewer. Indien hulle in gebreke bly om dit te doen, moes hulle op eie koste 3,000 jong eikebome in die Kompanjiesbos plant. 'n Pryslys vir die hout is vasgestel.¹⁰⁶⁾

Gedurende hierdie jare is die koloniste toegelaat om hul brandhout „ter gewoonlijke plaatse haar omtrent de Steenbergengewesen“, te kap. As gevolg van die toenemende gebruik sou die nedersetting en veral die Kompanjieskepe mettertyd 'n gebrek hieraan ondervind. In Oktober 1692 is besluit dat al die inwoners nêrens elders as in „de Houtbhaij over de lange hoogte“¹⁰⁷⁾ brandhout mag kap nie. 'n Stelsel van beheer is ingestel. 'n Kolonis moes vir elke vrag 'n „lootje“ met die Kompanjieswapen daarop teen betaling van 'n dubbele stuiwer by die sekretaris kry. As hy uit die bos met die vrag kom, moes hy die „lootje“ aan die opsigter oorhandig. Hiervan is dan 'n lys opgestel wat met dié van die sekretaris gekontroleer is. Verder moes met elke vrag wat op bogenoemde plek gekap is, vier stompe of stamme van kreupelbome uitgery word. Hierdeur moes die bosse uitgedun word om „gelegendheid te geven tot den anwas van nieuwe bomen...“ Niks anders as kreupelhout moes vir brandhout gekap word nie.¹⁰⁸⁾

Die Kompanjie het sy brandhout op pad na Constantia en die

106) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 3 April 1691, pp.236-237.

107) die huidige Constantia Nek.

108) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 18 Oktober 1692, p.261; C. 681: Origineel Placcaat Boek, 1686-1709, 18 Oktober/17 November 1692, pp.158-160.

omliggende vlaktes laat haal. Die koloniste het ook hier sonder verlof brandhout gekap. Aan die begin van die agtiende eeu is hulle by herhaling aangesê om dit slegs anderkant die „Lange Hoogte” te gaan kap indien die nodige verlof verkry is.¹⁰⁹⁾

Intussen is in Saldanhabaai, tussen die waterplek en Rietbaai,¹¹⁰⁾ „groote quantiteit” brandhout gevind. Alhoewel dit maar „sprockel en dun hout” was, kon die skepe dit vir daaglikse gebruik inneem.¹¹¹⁾

Teen die einde van die eeu het die kolonie 'n ernstige gebrek aan timmerhout ondervind. Dit was so erg dat „diverse huijsgesinnen geen huijsvesting connen become...”¹¹²⁾ Die „Comp^s: bij gelegene bossen” was „van bequaam Timmerhout, meest geheel ontbloot...” Die naaste inheemse bosse was 30 myl vanaf die Kaap geleë en die afstand en toestand van die paaie het dit nie „doenelijk” gemaak om die hout vandaar te haal nie.¹¹³⁾ Verskeie skippers het berig dat op die eilande Dina en Marseveen, „in de groote Zee kaart meede bekend en ongeveerlijk 41 a 42 gra. besuijden de Linie geleegen”, volop timmerhout sou wees. In Maart 1699 het die Politieke Raad besluit om die galjoot Wezel te stuur om vas te stel of hierdie berigte juis was. Indien wel, moes hulle die hout „op behoorlijke maat” kap en na die Kaap bring.¹¹⁴⁾ Op 13 Mei het die galjoot teruggekom sonder dat die eilande gevind is.¹¹⁵⁾ Dieselfde maand het die owerheid verlof van die Here Sewentien gevra om die Wezel langs die ooskus te stuur „tot nader ontdekking van de sware rivieren en baijen daar de geboomtens in souden konnen afgevoerd werden.”¹¹⁶⁾

109) C. 681: Origineel Placcaat Boek, 1686-1709, pp.337-338.

110) vandag nog so bekend.

111) C. 505: Uitgaande Briewe, 1696-1698, 10 Junie 1699, p.396; C. 424, I: Inkomende Briewe, 1699-1701, 17 Junie 1699, pp.259-261.

112) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 28 Maart 1699, p.341.

113) C. 505: Uitgaande Briewe, 1690-1698, 30 Mei 1699, p.307.

114) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 28 Maart 1699, p.341; V.C. 15: Dagregister, 1699-1701, 28 Maart 1699, p.95; C. 702: Memorien en Instructien, 1686-1722, pp.210-211.

115) C. 505: Uitgaande Briewe, 1696-1698, 30 Mei 1699, p.309.

116) C. 505: Uitgaande Briewe, 1696-1698, 30 Mei 1699, pp. 309-310.

In November 1699 het goewerneur W.A. van der Stel 'n reis na die binneland onderneem. Omtrent¹⁸ tot 20 uur vanaf die Kaap het hy oor die Ubiquase-berge in 'n streek gekom waar geskikte houtbosse gevind is. Hierin was „diversse lange en dikke soorte van boomgewasse, gants bequaam tot Timmerhout, voor die geene, die sig daar soude komen neder te zetten..." Dit was egter moeilik om die bome uit die bos te kry. Die Goewerneur het die streek die Land van Waveren genoem.¹¹⁷⁾ Hierdie bosse is vroeg gedurende die volgende eeu ontgin en veral timmerhout vir die nabygeleë distrikte is hier gekap. So is in 1712 die hout vir 'n brug wat oor die Bergrivier gebou is, hier gehaal.¹¹⁸⁾ Drie jaar later is die planke vir die herstel van die Drakensteinse meul daar gesaag.¹¹⁹⁾

Aan die einde van die sewentiende eeu was die vernaamste houtbosse in die skiereiland reeds ontdek. Hierdie bosse sou tot aan die end van die volgende eeu die hoofbronne van timmerhout en brandhout wees. Timmerhout is hoofsaaklik in die digte bosse aan die suidoostelike hange van Tafelberg en verder suidwaarts teen die Bosberge en Steenberge gekap. Daarenteen is brandhout oor 'n groter gebied gevind. Die omgewing van die fort het periodiek in hierdie behoefte voorsien. Ook die timmerhoutbosse het brandhout verskaf. Bykomende plekke was veral Houtbaai en Saldanhabaai. Gedurende hierdie tydperk het die vervoerprobleem 'n vername rol in bosontginning gespeel.

Aan die begin van die agtiende eeu was die behoeftes van die Kolonie omvangryk. Daar was veral 'n groot gebruik van timmerhout en wamaakhout „waarom men doorgaens het meeste benodigt is..." As gevolg van die ononderbroke ontginning was

117) C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 1 Maart 1700, pp.689-691.

118) St. 1/4: Notule van landdros en heemrade, 1711-1715, 21 November 1712, pp.56-57.

119) St. 1/4: Notule van landdros en heemrade, 1711-1715, 5 Februarie 1715, p.131.

dit te verwagte dat die plaaslike bosse op 'n sekere tyd hier-
in nie voldoende sou kon voorsien nie. Dit was die geval ge-
durende die eerste jare toe die bosse „voor 't grootste gedeelte
120)
uijtgekapt" was. Dit was dus nodig om ook groot hoeveel-
hede hout uit Nederland in te voer alhoewel dit nie altyd genoeg
was nie. Die enigste alternatief was die verdere verkenning en
ontginning van die inheemse bronne.

In Junie 1702 het die Here Sewentien aan die Goewerneur
opdrag gegee om „naeder te laeten ondersoecken off 't sij be-
noorden, maer wel voornamentlijk beoosten de Caep, niet goet
branthout te vinden en van daer 't sij door galjods off andere
121)
vaertuijgen aff te haelen soude wesen." Teen November 1705
was die algemene behoefte so ernstig dat die Politieke Raad be-
sluit het om die Postlooper na Terra de Natal (Natal) op 'n ver-
kenningstog te stuur. Benewens die topografie van die land
moes die ekspedisie ondersoek instel na die natuurlike produkte,
maar veral na „de bosschaadjen, geboomtens en houtwerken daar
vallende, en dat voornamentlijk zullen hebben te letten off
'er bequaem timmer en wagenmakershout ... te vinden zal
weesen..." Van alles moes noukeurige aantekening gemaak
122)
word. Die resultaat van hierdie ondersoek was vir die
Kaapse owerhede teleurstellend. Op sommige plekke is wel groot
bosse gevind, maar die hout was dieselfde as die Kaapse „gemeene
boshout". Die geselskap het twee monsters saamgebring maar dit
was „tot geen ander eijnde als vellingen, spaaken en dissel-
123)
boomen bequaam". Daar is geen bewyse dat van hierdie hout
na die Kaap gebring is nie. Ons moet dus aanneem dat, ten

120) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 10
November 1705, p.428.

121) C. 426, I: Inkomende Briewe, 1703-1704, 21 Junie 1702,
p.889.

122) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 10 Novem-
ber 1705, p.428; C. 599: Origineel Dagregister, 1705, 10
November 1705, p.332; C. 702: Memorien en Instructien, 1686-
1722, pp.427-428; C. 508: Uitgaande Briewe, 1704-1706, 31 Maart
1706, pp. 984-985.

123) C. 508: Uitgaande Briewe, 1704-1706, 24 Junie 1706,
p.1188.

spyte van die ongunstige verklarings oor die beskikbare hout-
voorraad, daar nog genoeg hout in die Kaapse bosse was.

Dit was dus noodsaaklik dat die Kaapse bosse deeglik onder-
soek word om sodoende die werklike toestand vas te stel. In
opdrag van die Goewerneur het die Raadslede verskeie verslae met
betrekking tot hierdie saak op 11 Maart 1710 in die Politieke
Raad ter tafel gelê. Die verslae van kaptein Adolf Jan van der
Laan en onderkoopman Willem van Putten, wat persoonlik die bosse
besoek het, is ook voorgelê. Hiervolgens was nog genoeg brand-
hout verkrygbaar. Uit ander berigte, soos dié van landdros de
Meurs en baastuinier Jan Hartogh, het dit geblyk dat oos van die
Hottentots-Hollandberge verskeie „houtplaatsen" en bosse was.
Andreas Finger het 'n verslag van 'n persoonlike besoek aan
hierdie bosse ingelewer, waarna later uitvoerig verwys sal word. ¹²⁴⁾

Uit die verskillende verslae het dus voorlopig twee feite
geblyk: genoeg brandhout was nie ver van die Kaap nie, en ver-
der die binneland in vir die Kompanjie en die koloniste ver-
krygbaar; in die tweede plek was oos van die Hottentots-Holland-
berge, omtrent 25-30 myl vanaf die Kaap, verskeie houtbosse waar-
in geskikte timmerhout, wamaakhout en brandhout gevind kon word.

Hierdie berigte was egter nie die resultate van deeglike
ondersoek nie. Dit was dus nodig om die korrekte feite te ver-
kry voordat begin kon word om hierdie gebiede te ontgin. Met
dieselfde vergadering van 11 Maart 1710 is kaptein Van der Laan
en onderkoopman Van Putten „tot de ware ondersoeking der hout-
bosschen" aangestel, met die opdrag om 'n „nette opmerkinge van
alles" te maak. ¹²⁵⁾ Op 13 April 1711 het hulle hul verslag in
die Politieke Raad ingelewer. Dit het getoon dat in die berge
van die Land van Waveren „nog een ruijme quantijt van veelder-

124) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 11 Maart
1710, p.155.

125) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 11 Maart
1710, pp.155-156.

leij soort van hout te bekoomen is, en dat men 't selve met waagens kan afhaalen." ¹²⁶⁾ Hulle verwysings na die bosse oos van die Hottentots-Hollandberge word later bespreek.

In die tweede dekade van die agtiende eeu is die bosse oos van die Hottentots-Hollandberge dus vir die eerste keer deur die Kaapse owerheid ondersoek. Intussen is voortgegaan om die beskikbare bosse in die Skiereiland en die onmiddellike binneland te bewerk, waarvoor toesig steeds nodig was. Die bome moes periodiek uitgedun word sodat hulle mekaar nie kon verdring nie. In April 1711 het die besoekende kommissaris, Pieter de Vos, die Goewerneur opdrag gegee om die bosse by "'t ronde bosje" ¹²⁷⁾ en die Paradys deur amptenare te laat besoek. Hulle moes toesien dat die nodige uitdunning gedoen word. Hierdie opdrag is spoedig uitgevoer want reeds in Oktober het in laasgenoemde bos heelwat gekapte bome gelê wat geskik vir timmerhout was. ¹²⁸⁾ Dit is spoedig gehaal voordat dit kon bederf.

In Augustus 1714 het kaptein Chavonnes die bosse naby Houtbaai en die Steenberge en omgewing ondersoek. Daar het baie bome gegroei wat vir timmerhout en wamaakhout geskik was. Die Kompanjie en inwoners kon hier vir 'n aantal jare voldoende hout kry. By die genoemde berge was tien vername timmerhout- en wamaakhoutbosse geleë. Agter die berge, omtrent ses ure van die Kasteel, was vier groot bosse, en agter die plek van Niclaes Oortman twee kleineres. Agter Constantia was ook vier ¹²⁹⁾ bosse. Enkele dae later het ene Feijerabendt hierdie bosse nader ondersoek en in die sogenaamde "scavone bos ... Een Groote quantiteyt hout van alderhande Soort in gevonde..." Onder andere was daar 'n groot voorraad geelhout waarvan 260 blokke

126) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 13 April 1711, p.215; C. 510, II: Uitgaande Briewe, 1710-1713, 17 Junie 1711, pp.595-596.

127) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 13 April 1711, pp.215-216.

128) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 13 Oktober 1711, pp.242-243.

129) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 14 Augustus 1714, pp.417-418. Met Steenberge is hier heelwaarskynlik die huidige Constantiaberger bedoel.

van 20 tot 30 voet verkry kon word. Verder was daar hout vir balke, style, hoekkepers, gordings en kosynhout. Timmerhout vir die herstel van skepe en wamaakhout was geredelik verkrygbaar. Volgens Feijerabendt kon hierdie bosse vir die volgende 20 jaar in die Kompanjie se behoeftes voorsien.¹³⁰⁾

In Augustus 1714 het die Politieke Raad besluit dat geen kolonis sy benodigde hout in hierdie bosse mag kap nie. Kompanjiesamptenare is hier geplaas wat hout aan die koloniste teen vasgestelde pryse gelewer het.¹³¹⁾

Teen 1716 het die Kompanjie die volgende bosse vir sy eie doel bewerk: dié agter die Steenberge waar timmerhout gekap is; die Helbos waar die „vaamhoutkappers" was; die Houtbaai-bos waarin, saam met laasgenoemde bos, brandhout vir die kalkoonde en timmerhout vir die hawehoof gekap is, en die Paradysbos, wat brandhout en timmerhout gelewer het. In die ou bos was twee arbeiders besig met die snoei en skoonmaak van die „eikeplantingen". Die houtkappers van die Helbos en die Houtbaaibos het mekaar gehelp. In al die bosse het die Kompanjie 33 houtkappers in diens gehad, met kaptein De Chavonnes en Jacobus Cruse as toesighouers.¹³²⁾

Die verkryging van brandhout deur die koloniste in en om die hoofplaas het teen 1717 'n probleem geskep. Gedurende die voorafgaande vyf jaar is hulle toegelaat om dit slegs anderkant die Soutrivier te kap, die meeste waarvan nou uitgeroei was. Verder moes die slawe elke keer deur die rivier gaan om die hout te kry, en hierdie praktyk het reeds noodlottige gevolge gehad - veral gedurende die winter. Die burgerrade het dus in Augustus 1717 die Politieke Raad versoek om 'n geskikte alternatiewe

¹³⁰⁾ C. 434, III: Inkomende Briewe, 1714, 17 Augustus 1714, p.689.

¹³¹⁾ S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 14 Augustus 1714, p.418.

¹³²⁾ C. 10: Resolusies, 1715-1716, 17 Maart 1716, pp.388-390.

plek aan te wys.¹³³⁾ Later die maand het kaptein De Chavonnes volgens opdrag die volgende streek vir die haal van brandhout bepaal: vanaf die huis, „de roode bloem“, tot by die woonplek van Johannes Heufken wat naby „Ronde Bosje“ was. Die kaptein het die versekering gegee dat die koloniste vir 'n geruime tyd hier brandhout kon kry. Die Politieke Raad het verder besluit dat slegs uit hierdie streek brandhout gekap moes word en die slawe verbied om kreupelhout, amandelhout of rivierhout te kap.¹³⁴⁾

Binne drie jaar het die koloniste gekla dat hulle nie meer genoeg hout hier kon kry nie. In September 1720 het die owerheid aan hulle verlof toegestaan om anderkant die Kloof (Kloofnek) by die vlagman se huis brandhout te kap. Dit mag slegs deur slawe, en nie deur waens nie, aangebring word. Almal wat hiervan gebruik wou maak, moes weer skriftelike verlof van die Goewerneur kry.¹³⁵⁾

Behalwe in die Tafelvallei, teen die Windberg en teen Tafelberg, het die Kompanjie ook in die duine agter die sogenaamde „graauwen heuvel“ sy brandhout, of „duynhout“, laat haal. Die koloniste het voortdurend op hierdie Kompanjiesgronde oortree sodat hulle weer in Julie 1729 verbied is om hier brandhout te kap. Die gebied anderkant die kloof by die vlagmanshuis, is by herhaling aan hulle toegewys. Verlof vir die aanry van 12 vragte hout sou wel teen betaling van 3 Riksdalders uitgerek word.¹³⁶⁾ Die volgende jaar is besluit om ook die verlof vir die kap van timmerhout op 'n seël van 3 Riksdalders te skryf.¹³⁷⁾

In 1729 is ondersoek ingestel na die toestande in Tafelbaai, Valsbaai en Saldanhabaai met die oog op aandoening deur

133) C. 12: Resolusien, 1717-1718, 17 Augustus, 1717, pp.122-123.

134) C. 12: Resolusien, 1717-1718, 30 Augustus 1717, pp. 145-146.

135) C. 15: Resolusien, 1720-1721, 17 September 1720, pp.197-198.

136) C. 24: Resolusien, 1729-1730, 19 Julie 1729, pp. 175-177.

137) C. 25: Resolusien, 1730-1731, 24 Oktober 1730, pp. 202-203.

skepe. 'n Belangrike aspek was die beskikbaarheid van brandhout. In laasgenoemde baai is min gevind behalwe enkele kreupelbosse wat hier en daar op die sanderige vlaktes gegroei het.

Die wortels hiervan kon uitgegrawe word om as brandhout te dien.¹³⁸⁾

In Valsbaai het brandhout „hier en daar wel aan 't gebergte maar in geen grooten overvloed" gegroei, en dit was moeilik bekombaar.¹³⁹⁾

In 'n sandstrook tussen Tygerberg en Valsbaai genaamd Olifantsvallei, het sekere „stunted bushes" gegroei. Die wortels was twee of drie voet lank en twee tot drie duim dik, en is as waardevolle brandhout geag. Die slawe het dit bymekaar gemaak en teen 18 tot 20 skellings per vrag verkoop.¹⁴⁰⁾

Van tyd tot tyd moes aan die koloniste gebiede vir die haal van hulle brandhout toegewys word. In Mei 1743 is hulle toegelaat om „tusschen de Brouwerij en 'S Comp^s schuur en soo Berg op..." brandhout te haal. Dit kon deur slawe of deur waens aangebring word.¹⁴¹⁾

Die volgende jaar is ook die streek „tusschen gedagte Post de Schuur en 'S Comp^s: Thuijn aan het Ronde=Bosje..." aan hulle toegesê.¹⁴²⁾

Daar het spoedig 'n gebrek aan brandhout ontstaan sodat dit reeds in 1744 nouliks, en dan wel met groot moeite, in die omgewing van die Kaap verkrygbaar was. Die plaaslike koloniste het hierdie gebrek erg gevoel. Om hulle so veel as moontlik tegemoet te kom, het die Politieke Raad hulle in Julie van hierdie jaar verlof gegee vir die haal van

138) C. 24: Resolutien, 1729-1730, 27 Desember 1729, p.323; C. 519, II: Uitgaande Briewe, 1729-1730, 24 Januarie 1730, pp.41-42.

139) C. 519, II: Uitgaande Briewe, 1729-1730, 24 Januarie 1730, p.29.

140) Mentzel, O.F.: A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, II, Van Riebeeckvereniging, 6, p.91.

141) C. 35: Resolutien, 1743, 28 Mei 1743, pp.275-277; C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 28 Mei 1743, pp.172-174.

142) C. 36: Resolutien, 1744, 7 Januarie 1744, pp.35-36.

brandhout tussen die Kompanjiesposte Baas Harmanskraal en
143)
Muizenberg.

Die duinplantegroei was steeds 'n belangrike bron van brandhout. Sommige koloniste het uit die verkoop daarvan 'n bestaan gemaak, terwyl dit broodnodig was vir voorsiening aan die skepe. 144) Sodoende moes gebiede met volop brandhout periodiek gesoek word. Aan die einde van die tagtigerjare was een van die oplossings dat „daar toe het Kappen van Hout in de Saldanhabaai als een der voornaamste middelen moet worden beschouwd.” 145) Sedert die twintigerjare het die brandhout hier dus goed toegeneem om nou in 'n dringende behoefte te voorsien.

Ons het gesien dat aan die begin van die twintigerjare die Kompanjie sy timmerhout en brandhout uit die Helbos, die Paradysbos, die Houtbaaibos en die agter die Steenberge gekry het. 146) Teen die middel van die eeu was die Paradys en Wittebome twee van die belangrikste Kompanjiesposte. Albei was ongeveer „2 uren gaans” van die Kasteel, eersgenoemde „agter de tafelberg” en die ander „tegens het Constantiase gebergte” geleë. Dit was verblyfplekke vir die Kompanjie se houtkappers wat „doorgaans daarom Streex het benodigde wagen en brandhout, voor de Comp: komen te hakken.” 147) In die binneland kon timmerhout en wamaakhout gevind word „agter de Simoonsberg”

143) C. 36: Resolutien, 1744, 30 Junie 1744, pp.305-306;
C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 30 Junie 1744,
pp.200-201. Baas Harmanskraal was naby die huidige Retreat.

144) C. 82: Resolutien, Junie-Desember 1787, 29 Junie 1787,
p.475.

145) C. 86: Resolutien, Julie-Desember 1789, 11 Desember
1789, p.720.

146) Aan die oostekant van die huidige Constantia Nek. 'n
Wittebomespoorwegstasie bestaan vandag nog.

147) C. 300: Memorien en Rapporten, 1755-1757, p.5.

148)

(Simonsberg), in die Land van Waveren en in die Winterhoek.

Hierdie bosse was periodiek in 'n mindere of meerdere mate uitgekapt sodat timmerhout en wamaakhout steeds skaars was. So moes in 1744 'n gedeelte van die timmerhout vir die pastorie in Waveren in Grootvadersbos gekap word.¹⁴⁹⁾

Aan die begin van die sestigerjare is die Kirstenboschpos aangewelê „om nader te zyn by de bosschen in 't gebergte...“ Dit was bokant Nieuwland (Nuweland) geleë en omtrent „drie uren gaans“ van die Kasteel. Hierdie pos is egter as deel van die Paradys, wat 'n halfuur vandaar geleë was, beskou.¹⁵⁰⁾

Teen 1790 was die Paradyspos die vernaamste leweransier van hout aan die Kompanjie. Saam met Kirstenbosch is voorrade gelewer aan die artillerie, die ambagswerf, die skeepswerf, die fortifikasies, die Schuurpos, die steenbakkery, die gortmeul, die Kompanjiestuine, die bakkery, die soutpanne, die traanbrandery, die stal en 'n paar buiteposte. In 1790 het dit die volgende bedra: 170 kruiwadisselbome, 813 kruiwaspote, 413 kruiwaspoke, 539 kruiwaskeie, 388 kruiwavellings, 125 kruiwanawe, 498 kruiwa „hoofden en pooten“, 60 draagbaardisselbome, 51 draagbaarskeie, 185 „handspaken“ (hefboomhoute), 456 „piquet Steelen“, 2655 stele vir pikke, grawe en ander gereedskap, 1600 tentpenne, 192 drastokke, 56 leerbome, 1466 leerskeie, 233 jukhoute, 2184 jukskeie, 111 langwaens, 378 ronge, 35 disselbome, 48 latierbome, 32 latierpale, 60 rivierpale, 218 kraal-pale, 582 kraalsparre, 23 kraalbome, 300 pale vir die opdam van die soutpanne, 96 pale vir die „Schilderhuisen“, 10 stamp-houte, 690 gedraaide houtjies vir die stoele van die wagte, 3 houte vir 'n snybank, 10 ploegbalke, 10 ploeghoofde,⁸ ploegsterte, 8 ploegplanke,⁸ ploegvellings, 4 ploegnawe, 7 ploegtonge, 7 ploegasse, 5 ploegtange,

148) V.C. 152: Corte Beschryvinge over-de zuydhoek van Africa, p.2.

149) C. 36: Resolutien, 1744, 8 Mei 1744, pp.171-173.

150) C. 324, I: Memorien en Rapporten, 1791, I, pp. 386-387.

5 ploegskamels, 5 ploegrietskeie, 32 sweepstokke, 70 besemstokke, 51 „Schietër stangen“, 27 „Schut“ gaffels, 10 „wiesbomen“, 18 „Zysse bomen“, 120 knuppels vir die traanbranders, 30 „herkehoofden“, 30 „herke-Steelen“, 12 vurkstele, 150 huissparre, 20 huispale, 3 hanebalke, 16 „gordelingen“, 38 kapstyle, 240 deklatte, 4 kielkepers, 810 voet hout vir gordings en nokke, 15 boshoute, 750 kamhoute, 220 „drillingstokken“, 120 laternstokke, 3 stange vir die draaibank, 4 „Boomen voor keilhouten“, 4 „Boomen onder de tappen“, 8000 boontjiestokke en een stuk ysterhout, 6 voet lank en 8 duim dik.¹⁵¹⁾ Timmerhout, soos kapstyle, gordings en sparre, is ook deur die Wittebomepos gelewer. Hierdie pos was by die houtveld van die Kompanjie geleë, en die vernaamste artikel wat hier gekry is, was brandhout. Dit is dan van De Schuur na die Kaap met waens aangery.¹⁵²⁾

Die Houtbaaipos, „leggende in een kloof van 't gebergte agter Constantia aan de weg die men na die baai passeeren moet“, was ongeveer „ses uren gaans“ van die Kasteel. Die twee blanke arbeiders hier het onder Wittebome geresorteer. Hulle moes timmerhout „uit de bosschen in 't daarby geleegen gebergte“ kap wat vir „rystblokken, Stampers, houte holle bakken, en potleepels...“ geskik was. Dit was vir gebruik in die hospitaal en die slawelosie. Verder moes hulle besems vir die verskillende amptenare maak.¹⁵³⁾ Op hierdie pos is ook „handspaken“, drastokke, tentpenne, kruywaens, „boomen“, „pooten“, vellings en speke gemaak, en aan die verskillende Kompanjiesbedrywe gelewer.¹⁵⁴⁾ Hierdie artikels is aan die einde van elke maand na die Kaap gestuur.¹⁵⁵⁾

151) C. 324, I: Memorien en Rapporten, 1791, I, pp.388-389.

152) C. 324, I: Memorien en Rapporten, 1791, I, pp.384-385.

153) C. 324, I: Memorien en Rapporten, 1791, I, p.386.

154) C. 212: Bijlagen, Oktober-Desember 1793, p.967.

155) C. 325, III: Memorien en Rapporten, 1791, II, p.1116.

Die pos De Schuur was tussen die „rondeboschje" en Nieuwland, „een en eenhalf uur gaans van de Kaap geleëgen aan de voet en ten Zuid westen van de windberg..." Hier is toesig gehou oor die kap en aanry van brandhout vir die Kompanjie se broodbakkery, die hospitaal, die slawelosie, die „Linie", asook vir die Goewerneur, die sekunde en die ander raadslede. Daarby het die volgende plekke, wat op die Kaapse vlakte of duine geleë was, ook onder beheer van De Schuur gestaan: „Varkens valy,"¹⁵⁶⁾ „Vaderlandsche rietvaly",¹⁵⁷⁾ „Diepe valy",¹⁵⁸⁾ Baas Harmens-kraal, „Raape kraal"¹⁵⁹⁾ en „Buffelskraal". Op die vier eersgenoemde plekke is die brandhout van onder die grond verkry, die sogenaamde duin- of wortelhout. Op Raapekraal en Buffelskraal, wat aan die houtveld gegrens het, is kreupelbome en wittebome (silwerbome) hiervoor gekap. Volgens die baas van die Schuurpos, Rauch, is ongeveer 4,000 vragte brandhout jaarliks vir die genoemde bedrywe gelewer.¹⁶⁰⁾ Dit is amper 1000 vragte meer in vergelyking met die opgawe van De Wet en Van Reede van Oudshoorn in Julie 1791.¹⁶¹⁾

Teen die neëntigerjare, en tot aan die einde van die onderhawige tydperk, het die Kompanjie dus sy timmerhout uit die bosse om en by Wittebome, Paradys en Houtbaai gekry. In die groot behoefte aan brandhout het die Wittebomepos en die duinplantegroei van Varkensvallei, Rietvallei, Diepvallei, Baas Harmenskraal, Raapekraal, Buffelskraal asook Saldanhabaai voorsien.

In die lig van die finansiële moeilikhede wat die Kompanjie gedurende die laaste jare ondervind het, was die besuinigingsmaatreëls verstaanbaar. Een van die bedrywe waaruit die Here

156) suid van die huidige Philippi. Daar bestaan nog 'n Varkens Vleiweg.

157) eweneens suid van Phillipi.

158) naby die teenswoordige Princessvlei.

159) wes van die huidige Lakesidespoorwegstasie.

160) C. 324, I: Memorien en Rapporten, 1791, I, pp.390-392.

161) C. 92: Resolusien, 1791, 8 Julie 1791, pp.153-154 en 161-162.

Sewentien slegs die meeste voordeel vir die Kompanjie wou trek, was die houtvoorsiening aan die Kaap. In hulle skrywe aan die Goewerneur, gedateer 2 Oktober 1790, is aan die regering opgedra om alle middele op die proef te stel waardeur die hout in die Kompanjiesbosse tot die grootste voordeel van hierdie maatskappy gebruik kon word. Tot hierdie ondersoek is O.G. de Wet en W.J. van Reede van Oudshoorn in Mei 1791 aangestel.¹⁶²⁾

In hulle uitvoerige verslag van 8 Julie 1791 bespreek De Wet en Van Oudshoorn verskeie aspekte, waaronder veral die brandhoutvoorsiening, breedvoerig. Hulle moes nagaan op watter wyse die arbeiders, wat tot dusver vir die kap en vervoer van die hout aangehou is, so veel as moontlik verminder kon word. Hulle het aanbeveel dat De Schuur verkoop word aangesien die pos nie sy instandhouding regverdig nie.¹⁶³⁾ Die lewering van brandhout aan die Kompanjie het sekere uitgawes meegebring. In die verslag is twee maniere van lewering ontleed om te bewys watter die mees ekonomiese sou wees. Soos reeds genoem, was tesame 1825 vragte brandhout vir die hospitaal, die slawelosie, die „Linie" en die broodbakkers jaarliks (of 5 per dag) nodig. Dit kon van die koloniste gekoop word teen 'n minimum van 4 Riksdalders per vrag. Die jaarlikse bedrag sou dan 7,300 Riksdalders of 17,520 gulde bedra. Daarenteen kon gereken word dat 12 slawe nodig was om een vrag brandhout per dag te kap en na die Kaap aan te ry. Vir 5 vragte daagliks sou 60 slawe nodig wees. Indien hulle van die koloniste gehuur word teen 5 Riksdalders elk per maand, sou die onkoste 3,600 Riksdalders of 8,640 gulde per jaar beloop. Dieselfde slawe van die Kompanjie sou 3,411 gulde jaarliks kos. In albei gevalle moes twee blanke opsigters aangestel word. Hulle jaarlikse salaris,

162) C. 91: Resolusien, Maart-Mei 1791, 10 Mei 1791, p.92.

163) C. 92: Resolusien, Junie-Augustus 1791, 8 Julie 1791, pp.148-150.

"kostgeld" en rantsoene sou f.696.4.14 beloop. Die bedrag vir die Kompanjieslawe en die opsigters sou dus nie meer as f.4,107.4.14 bedra nie, teenoor f.9,336.4.14 in die ander geval. Die af-¹⁶⁴⁾gevaardigdes het dus aanbeveel dat die brandhout deur slawe van die Kompanjie aangery word. Dit kon beurtelings uit "Champsbaaij" (Kampsbaai) en dan weder van onder het paradijs" gekry word.¹⁶⁵⁾

Die brandhoutvoorsiening aan die skepe is ook ondersoek. Aangesien slegs duinhout hiervoor gebruik is, was dit te ver vir die Kompanjieslawe om dit aan te dra. Die aanbeveling is gemaak dat die koloniste dit moes lewer, maar dat strenge toesig gehou word. Die boekhouer in die Kompanjie se slaghuis was as gevolg van laasgenoemde se ligging die geskikste persoon hiervoor.¹⁶⁶⁾ Met betrekking tot brandhout is ook vasgestel "hoedanig de dienaaren aan wien tot nu toe verstrekkingen van het Hout zyn gedaan, daar over redelyker wijze schadeloos zouden kunnen werden gesteld." Ons het gesien dat hierdie behoefte teen 1790 ongeveer 99 vragte per maand beloop het. Die Kompanjie moes die amptenare vergoed vir die hout wat hulle voortaan teen 4 Riksdalders per vrag van die koloniste moes koop. De Wet en Van Oudshoorn het voorgestel dat die volgende betalings gedoen word: aan die Goewerneur vir 20 vragte per maand, 80 Riksdalders; aan die sekunde en hoofadministrateur vir 10 vragte, 40 Riksdalders; aan 5 raadslede vir 10 vragte gesamentlik, 40 Riksdalders, en aan oudlid Westerhoff, 8 Riksdalders. Die maandelikse vergoeding sou dus 168 Riksdalders wees.¹⁶⁷⁾

Die laaste aspek wat ondersoek is, was die besware teen die verkoop van die houtbosse self. Sou die Kompanjie deur so 'n stap gebrek aan hout ondervind sodat dit op die lange duur nie

164) Hierdie berekenings is met die Hollandse gulde van 20 stuivers as basis gemaak.

165) C. 92: Resolusien, Junie-Augustus 1791, 8 Julie 1791, pp.153-158.

166) C. 92: Resolusien, Junie-Augustus 1791, 8 Julie 1791, pp.158-159.

167) C. 92: Resolusien, Junie-Augustus 1791, 8 Julie 1791, pp.161-162.

teen 'n redelike prys te kry was nie? Hierop is geantwoord dat brandhout sedert die begin van die kolonie as 'n behoefte van die Kompanjie beskou is. Hierin behoort laasgenoemde nooit heeltemal afhanklik van die koloniste gemaak te word nie. Deur die verkoop van die houtbosse sou dit volkome in die hande van die koloniste kom. Die Kompanjie sou dus nie meer 'n voorraad besit om 'n willekeurige styging in die pryse teen te werk nie. So-doende was daar rede om te glo dat as gevolg van die toenemende skaarste aan brandhout en die vermeerderende bevolking, saam met die nadelige invloed van die besparingsmaatreëls van die Kompanjie, „zeer ligt een zodanige verhoging in den prijs zoude kunnen doen volgen...” Hierdeur sou nie slegs die Kompanjie in 'n moeilike posisie geplaas word nie, „maar ook een groote drukking voor de Ingezeetenen ontstaan konde.” Hieruit was egter nie met sekerheid af te lei dat die verkoop van die houtbosse¹⁶⁸⁾ so 'n gebrek aan hout vir die Kompanjie sou skep nie.

Met die bespreking van die verslag het die Politieke Raad¹⁶⁹⁾ alle aanbevelings daarin eenparig goedgekeur. Daar is aan Le Sueur en Van Reede van Oudshoorn opgedra om De Schuur op 5 September 1791 op 'n openbare veiling te verkoop. Gordon en Van Reede van Oudshoorn is gelas om so spoedig moontlik met die aanbring van brandhout vir Kompanjiesgebruik deur slawe 'n aanvang te maak. Hulle moes ook twee opsigters aanstel. Hierdie¹⁷⁰⁾ skema het reeds in die begin van Augustus in werking getree. In die lig van die besluit is tenders gevra vir die lewering van brandhout aan skepe gedurende die tydperk 1 September 1791-31 Augustus 1792.¹⁷¹⁾ David Wentzel is as opsigter oor die verskaffing aangestel en 'n aantal bepalinge is hiervoor opgestel. Die

168) C. 92: Resolusien, Junie-Augustus 1791, 8 Julie 1791, pp.163-165.

169) C. 92: Resolusien, Junie-Augustus 1791, 8 Julie 1791, pp.169-176.

170) C. 325, II: Memorien en Rapporten, 1791, II, p.639.

171) C. 686: Origineel Placcaat Boek, 1787-1792, 8 Julie 1791, p.279.

kontrakteurs sou minstens 24 uur voor die tyd in kennis gestel word indien hout benodig is. Hy moes dit voor 8 vm. op die bepaalde dag by die hawehoof besorg. Die opsigter moes eers die vragte ondersoek. Dit mag nie kleiner wees as vragte wat gewoonlik aan koloniste gelewer is nie en slegs „wortelhout uit de Duinen" mag hiervoor gebruik word. Die prys is op 3 Riksdalders per vrag vasgestel.¹⁷²⁾ Op 1 Augustus 1792 is so 'n kontrak met Jan Mostert Jansz gesluit.¹⁷³⁾ Om die amptenare te vergoed, is die volgende uitbetalings gedoen: aan die Goewerneur, 80 Riksdalders; aan Gordon, Le Sueur, die kassier, Van Reede van Oudshoorn en oudlid Westerhoff, elk 8 Riksdalders, wat 'n totale som van 120 Riksdalders bedra het.¹⁷⁴⁾

Daar moes ook in die behoeftes aan brandhout van die koloniste voorsien word. Om duidelik vas te stel „wat Land onder 's Comp^s Houtveld worden begrepen, en wat aan Particulieren moet worden geconsidereerd te zijn gecedeerd, om hun hout daaruit te kunnen doen roeijen, dan wel kappen" is die grense van die Kompanjie se houtveld in September 1791 met pale afgesteek. Plankies met die inskripsie „houtveld" was daaraan geheg. Die owerheid wou ook hierdeur die jong kreupelbome in hierdie gebied bewaar aangesien dit „binnen weinige Jaren eene goede voorraad van hout beloofd..." Almal is streng verbied om hier hout te kap.¹⁷⁵⁾

In die omgewing van Wittebome, Kirstenbosch en Paradys was 'n ruim voorraad brandhout. Om die koloniste tegemoet te kom, het Nederburgh en Frykenius aanbeveel dat „daar in door de

172) C. 320, I: Memorien en Instructien, 1788, pp.237-240.

173) C. 201: Bijlagen, Augustus 1792, pp.37-41.

174) C. 92: Resolutien, Junie-Augustus 1791, 8 Julie 1791, p.174.

175) C. 325, II: Memorien en Rapporten, 1791, II, pp.640-641; C. 93: Resolutien, Augustus-Oktober 1791, 16 September 1791, pp.425-430.

partikuliere Ingezeetenen op Ordonnantie hout wierd gekapt..." Sodoende sou aan die Kompanjie finansiële voordeel "en aan de Ingezeetenen gerief ... kunnen worden toegebragt." ¹⁷⁶⁾ Dieselfde voorstel met betrekking tot die bosse van Houtbaai is deur die kommissaris-generaal in Mei 1793 gemaak. ¹⁷⁷⁾ Op ondersoek het dit geblyk dat daar geen besware hierteen was nie.

Sekere maatreëls vir die kap van hout in hierdie bosse is voorgestel. Elke persoon wat hier wou gaan hout haal, moes skriftelike verlof daartoe verkry. Op elke wavrag of drag hout wat uit dié bosse geneem is, moes 'n sekere bedrag gehef word. 'n Blanke moes as opsigter aangestel word. Indien die Kompanjiesarbeiders vir die koloniste hout kap, sou dit 'n hoë koste beloop. Laasgenoemde moes dus toegelaat word om hul eie hout te kap. Dit weer, het onvermydelike vernieling van die jong ¹⁷⁸⁾ bome meegebring, aldus Nederburgh en Frykenius.

Gedurende 1793 was daar net een leweransier van brandhout vir skepe en vir die laboratorium van die hospitaal. Hierdie hout het die Kompanjie nou $3\frac{1}{4}$ Riksdalders per vrag gekos, sodat die benodigde 500 vragte 1625 Riksdalders beloop het. Indien dieselfde skema gevolg word deur dit met gehuurde slawe aan te bring, sou die bedrag 840 Riksdalders wees. 'n Wins van 1246 Riksdalders kon gemaak word indien 16 Kompanjieslawe ge-¹⁷⁹⁾bruik word. Aangesien besparing die staatsleuse was, het Nederburgh en Frykenius die Politieke Raad in Augustus 1793 ver-¹⁸⁰⁾lof gegee om laasgenoemde skema aan te pak.

176) C. 695: Verslag en Bylagen van Nederburgh en Frykenius, IV, 1792-1793, pp.209-210.

177) C. 691: Brieven van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius, III, 10 Mei 1793, p.464; C. 696: Verslag en Bylagen van Nederburgh en Frykenius, V, 1792-1793, p.69.

178) C. 212: Bijlagen, Oktober-Desember 1793, pp.968-969.

179) C. 103: Resolutien, Julie-September 1793, 16 Augustus 1793, pp.248-251.

180) C. 691: Brieven van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius, III, 27 Augustus 1793, p.717.


Die voorsiening van brandhout aan die skepe het op dieselfde basis as in Batavia geskied. 'n Vaartuig met „100 koppen" het $2\frac{1}{2}$ vadem per maand gekry. Die vadem was 6 voet lank, 6 voet hoog en $2\frac{1}{2}$ tot 3 voet breed. In Desember 1793 was daar klagtes van besoekende skeepsowerhede dat die brandhout wat hulle gekry het, te min was. In sy ondersoek het kommissaris-generaal Sluysken bevind dat in hierdie voorsiening nie op 'n vaste basis gehandel is nie. Die „Equipagiemeester" het voorgestel dat die vadems voortaan op die hawehoof of elders neergelê word. Dit was dan die verantwoordelikheid van die skeepsowerhede om dit direk na die skepe te laat vervoer.¹⁸¹⁾

Tot aan die einde van die onderhawige tydperk het die plaaslike bosse van die Skiereiland dus tot 'n redelike mate in die behoeftes van die kolonie voorsien. Periodiek was van hierdie bosse in 'n mate uitgekap, maar met verloop van tyd kon dit weer ontgin word. Die bosse teen die suidoostelike hange van Tafelberg sowel as dié teen die Constantiaberger was die vernaamste bronne van timmerhout. Brandhout is steeds oor 'n groter oppervlakte gekap. In hierdie opsig het die plante-groei van die duine 'n belangrike rol gespeel. Die vervoer-probleem het steeds 'n beperkende en vertragende invloed op die ontginning uitgeoefen, terwyl finansiële oorwegings gedurende die laaste jare 'n belangrike faktor was.

Reeds gedurende die sewentiende eeu het die Nederlanders met die sogenaamde Overbergse bosse kennis gemaak. Met sy reis gedurende Oktober 1688 het kommandeur Simon van der Stel deur die kloof tussen die Bergrivier en die Riviersonderend gegaan. Hy het die bosse by laasgenoemde rivier ondersoek en bevind dat „de bosschen van timmerhoud wel voorsien zijn..."¹⁸²⁾ Die

181) C. 104: Resolutien, Oktober-Desember 1793, 27 Desember 1793, pp.795-800.

182) Mikrofilm 313: Dagregister, 1688, 22 Oktober 1688.



KAART VAN DIE KAAPSE SUIDKUS GEDURENDE DIE AGTIENDE EEU

- 1 Ziekenhuis
- 2 Tygerhoek
- 3 Piesangrivier
- 4 Buffeljagtsrivier
- 5 Swartrivier

Skaal:



volgende jaar het Isaq Schrijver suid van die Langeberge verby getrek. In die omgewing van die huidige Swellendam het hy op-¹⁸³⁾ gemerk dat die bergreeks met groot bosse begroei was.

Die behoefte aan timmerhout en brandhout aan die begin van die agtiende eeu het direk aanleiding gegee tot die ondersoek van hierdie bosse. In die reeds genoemde verslae wat die Raadslede in Maart 1710 in die Politieke Raad ter tafel gelê het, was verwysings na „houtplaatsen" oos van die Hottentots-Hollandberge. Andreas Finger het 'n verslag van 'n persoonlike besoek aan „eenige houtbosschen, Landwaard in van cabo de goede hoop" voorgelê. Hy het drie plekke genoem waar timmerhout, soos balke, planke en ribbe asook wamaakhout, in oorfloed gevind kon word. Hierdie plekke was ook vir die oprigting van saagmeule geskik. Die eerste plek, aan die Riviersonderend, was 8 dagreise van die Kaap en een dagreis van die see geleë. Hier was 'n baai, genaamd „de klijne riviers valleij". In die „Houteniquas Land", (Outeniekwaland) wat „dartig schoft" van die Kaap was, was die tweede bos, „gelijk in Noorweegen". Ook hier was 'n baai, „mosselbhaij" (Mosselbaai). By die derde plek, in die „gamtouer Land" en eweneens dertig skofte van die Kaap, was „schoone bosschen en geleegentheid." Die baai was egter nie¹⁸⁴⁾ aan hom bekend nie aangesien hy nog nooit daar was nie.

Die Politieke Raad het besef dat die presiese feite in verband met hierdie bosse nodig was. Dit is ook genoem dat 'n saagmeul aan een van die riviere opgerig kon word om die hout voorlopig te bewerk sodat dit „facielder" vervoer kon word. Daarna kon dit deur enkele arbeiders na die Kaap gebring¹⁸⁵⁾ word. Hierdie spekulasie van die raadslede sou egter wreed

183) Mossop, E.E.: Journals of the expeditions of Olaf Bergh and Isaq Schrijver, Van Riebeeckvereniging, 12, p.213.

184) C. 335: Attestatien, 1710-1712, pp.55-56.

185) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 11 Maart 1710, p.155.

ontnugter word.

Met dieselfde vergadering van Maart 1710 is kaptein Adolf Jan van der Laan en onderkoopman Willem van Putten „tot de ware ondersoeking der houtbosschen" aangestel.¹⁸⁶⁾ Uit hulle verslag, wat op 13 April 1711 ingelewer is, het onder andere geblyk dat aan die Riviersonderend goeie timmerhout en wamaakhout vir etlike jare gevind kon word. Dit kon egter nie maklik oor see afgehaal word nie aangesien 'n geskikte hawe ontbreek het. Die naaste bosse was 'n paar myl van die strand geleë. Boonop kon die hout nie as vlotte afgevoer word nie omdat „het Caabse hout, door 't waater doordrongen Zijnde komt te zinken."¹⁸⁷⁾ Om dit deur klein riviervaartuie te laat haal, sou nie die moeite werd wees nie.¹⁸⁸⁾

In die lig van hierdie probleme het die Politieke Raad besluit om die moontlikheid van watervervoer nie verder te ondersoek nie totdat 'n beter metode gevind kon word. Van Putten en tuinier Jan Hartogh is aangestel om 'n deeglike ondersoek van die bosse aan die Riviersonderend te maak.¹⁸⁹⁾

Op 16 Maart 1712 het Van Putten en Hartogh hulle verslag uitgebring. By Ziekenhuijs¹⁹⁰⁾ het hulle deur die Riviersonderend gegaan en ná twee uur by die klein bos gekom. Hier was „een meenigte van Timmer en Wagenhout bestaande inde soort van Geel Assegaeije Wit, en roodt Peere Elsen IJser, en Stink houte bomen..." Die meeste bome was 40 tot 50 voet hoog en het 'n dikte van „10, 12, 15, 20 a 30 duijm diameter" gehad. Dit was dus uitstekend geskik vir die saag van 8" x 10" en 10" x 12"

186) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 11 Maart 1710, p.156.

187) Dit is 'n bekende feit dat die Suid-Afrikaanse inheemse hout te swaar is om op water afgedryf te word, soos bv. in Noorweë gedoen word.

188) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 13 April 1711, p.215.

189) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 13 April 1711, p.215; C. 510, II: Uitgaande Briewe, 1710-1710, 17 Junie 1711, pp.595-597.

190) die huidige Nethercourt, dist. Caledon. Sien Mossop, E.E.: Journals of Bergh and Schrijver, Van Riebeeckvereniging, 12, p.270.

balke, asook vir ander grootte balke. Indien die bos vir die Kompanjie bewerk sou word, kon die afval hout vir gordings, sparre en latte gebruik word. By die bos was 'n standhoudende riviërtjie waar baie maklik 'n saagmeul opgerig kon word. Die omtrek van die bos was „omtrent drie a vier ure gaans” en feitlik al die bome het in die klowe „van 't hoge en Zware geberge” gegroei. Dit kon egter maklik met die waens oor die lae rûens bereik word. Vanaf Ziekenhuijs het hulle 'n anderhalf ure gery en deur 'n volgende drif gegaan. Ná 'n verdere ure was hulle by die ingang van die kloof waar die groot bos gestaan het. Hier het dieselfde boomsoorte as in die klein bos gegroei. Op die oog af het dit „wel viermaal groter” voorgekom. Ook hier was geskikte plekke, „die zig uijt den natuur schijnen aan te bieden”, om meer as een saagmeul te bou. Dié bos kon ewe maklik per wa langs die plat rûens bereik word. Hulle het ook genoem dat al die waens wat aan die Kaap nodig was, mettertyd hier gemaak kon word. Dit kon dan 'n vrag hout na die Kaap neem, waarna die osse teruggejaag word om die proses te herhaal. Volgens hulle sou hierdie bosse „wel voor honderd jaar goet en be-¹⁹¹⁾ kwaam hout konnen uijtleeveren...”

Voorts het Van Putten en Hartogh sekere aanbevelings gemaak. Om die vervoer van die hout te vergemaklik, moes die beste houtkappers, smede en wamakers by die klein bos geplaas word omdat dit die naaste was. Die hout kon tot daar aangebring word. Indien 'n Kompanjiespos gestig word, moes dit ook hier aangelê word. 'n Baas en onderbaas, met 10 of meer houtkappers, sou wenslik wees. Hulle eerste taak sou wees om timmerhout vir¹⁹²⁾ die bou van 'n saagmeule gereed te maak.

Die Kaapse owerhede het 13 jaar lank niks in verband met hierdie verslag gedoen nie. Met hulle brief aan die Goewerneur,

191) C. 126: Bijlagen, 1725, pp.22-28.

192) C. 126: Bijlagen, 1725, pp.29-34.

gedateer 23 Junie 1724, het die Here Sewentien 'n afskrif hiervan saamgestuur. Sodoende is die aandag weer op die bosse aan die Riviersonderend gevestig. Aan die gesaghebber is opgedra om „het selve te examineeren, en eens nader te laten ondersoeken, of ter plaatse bij gemelde vander Putten aangeweesen, niet met voordeel een Houtkapperij Soude konnen worden aangelegt.“¹⁹³⁾ Dit was dus besliste beleid van die Bewindhebbers dat die plaaslike inheemse bosse soveel moontlik ontgin moes word. In die lig van die groot behoefte aan hout was dit verstaanbaar.

Die waarskynlike redes vir die jare lange verontagsaming van hierdie bosse deur die Kaapse owerhede word in hulle antwoord op bogenoemde skrywe genoem. In die eerste plek was die bosse te ver van die Kaap geleë om enige voordeel daaruit te trek. Hierdie feit is vererger deurdat die pad oor die Hottentots-Hollandberg feitlik onbegaanbaar was. Die waens moes aan die voet van die berg uitmekaar gehaal en na bo gedra word. Bergaf moes die wiele vasgebind en die wa deur mense vasgehou word. Dit was onmoontlik om die bosse met bote te bereik as gevolg van die „sterke brandingen“. Die besware van Van der Laan en Van Putten, naamlik die gebrek aan 'n geskikte hawe, die afstand van die bosse vanaf die strand, die onmoontlikheid van vlotte en die vervoer per rivierbote as onprakties, is nie genoem nie. In die lig van hierdie struikelblokke het die Goewerneur geglo dat die Here Sewentien die onderneming as onuitvoerbaar sou afskryf. Hy het ander argumente teen die saak bygevoeg. Sommige koloniste het hulle in hierdie streek gevestig om 'n bestaan te maak uit wamakery. Hulle kon egter skaars hul kos verdien. Dit was die rede waarom feitlik niemand verlot gevra het vir houtkap in hierdie bosse nie. Indien daar wel voordeel uit te haal was,

193) C. 440: Inkomende Briewe, 1725-1726, 23 Junie 1724, p.33.

sou dergelijke verlof dikwels gevra gewees het in die lig van die „veel malige gebrek van hout" aldus die Goewerneur. Hy het egter bygevoeg dat, na aanleiding van die Here Sewentien se opdrag, die bosse by die Riviersonderend weereens noukeurig ¹⁹⁴⁾ ondersoek sou word.

In Julie 1725 het die Politieke Raad besluit dat Johan Tobias Rhenius en landdros Martinus Bergh, benewens om vee en trekosse te ruil, die bosse aan die Riviersonderend noukeurig moes besigtig. Hulle moes die pad daarheen ondersoek, asook of daar „mogelijkheijd soude zijn dat aldaar eenige voordeelen voord' E': Comp^s: wierde gedaan, met het houthakken, Con- ¹⁹⁵⁾ strueeren van wagens als andere saken meer..."

Op 24 Augustus 1725 het Rhenius en Bergh die verslag van hulle ondersoek ingelewer. By Gansekraal ¹⁹⁶⁾ het hulle oor die Riviersonderend gegaan en ná twee ure in die groot, en daarna in die klein bos gekom. Albei bosse was in die klowe teen die berghange geleë en is slegs deur 'n grasrug van ongeveer 300 treë breed in twee bosse verdeel. Hier het volop mooi en groot bome gegroei, „van verscheijde soorten als geel houte, asse-gaije houte, wit rood en hard peeren, wit en rood elsen, ijser houte, stink houte, beuken houte en vlier houte boomen, en andere bij ons onbekend, van een ongemeene hoogte en dikte." Rhenius en Bergh het genoem dat indien hierdie bome op 'n geskikter plek of nader aan die Kaap gestaan het, dit baie goed vir timmerhout en wamaakhout, „en bij gevolge van grootten nutte voor d' E Comp^e:" gebruik kon word. Met betrekking tot die vermoontlikhede was die verslag uiters ongunstig. Die pad oor ¹⁹⁷⁾ die Hottentots-Hollandkloof en Houhoek was feitlik onbegaan-

194) C. 515, II: Uitgaande Briewe, 1724, 10 April 1725, pp. 1098-1099.

195) C. 20: Resolusien, 1725-1726, 24 Julie 1725, pp.126-127.

196) in die hoek tussen die huidige Slangrivier en die Riviersonderend is 'n Gansekraal geleë.

197) vandag nog so bekend.

baar vir waens. Vanaf die rivier na die bosse was dit redelik sleg. Die kans om die hout met die rivier af te voer, was skraal. Daar was baie klipbanke in die middel en ná sy aansluiting met die Breërivier het baie waterversnellings voorgekom waar die water hoog op die onderliggende rotse afgestort het. Hierdeur sou alles verpletter word. 'n Ander probleem was die groot aantal trekosse wat nodig was vir die uitsleep van die hout. Op daardie tydstip het die Kompanjie 'n skaarste aan osse gehad. In die toekoms sou hulle nie meer op ruil met die omringende Hottentotte kon reken nie aangesien laasgenoemde se vee in groot getalle gevrek het. Boonop is hulle deur Boesmans beroof. Die Hottentotbevolking is ook grootliks deur die pokke-epidemie van 1713 uitgedun. Met al hierdie probleme in ag geneem, het Rhenius en Bergh gevoel dat „hoe groot en houtrijsk die bosschen over de Rivier Sonder Eijnd geleegen, en hoe bequaam het hout tot timmerage en 't construeeren van wagenen zoude zijn, het vervoeren van 't selve naar herwaarts d' E Comp^e: niet alleen tot groote kosten, maar selfs schadelijk zoude zijn.”¹⁹⁸⁾

Die vernaamste struikelblok in die ontginning van die bosse aan die Riviersonderend was dus die vervoerprobleem. Die Here Sewentien was baie begerig dat alles in die werk gestel moes word om dit op te los. In Augustus 1727 het die owerheid in Batavia aan goewerneur Noodt opdrag gegee om vas te stel „off 'er ook middel soude te vinden sijn, om de weegen tot het afvoeren van swaar hout uijt de bosschen aan de rivier sonder end geleegen, practicabel te maaken...”¹⁹⁹⁾

Daar is spoedig aan hierdie opdrag uitvoering gegee. Reeds op 1 November 1727 het die Goewerneur vanaf die Kasteel vertrek om ondersoek in te stel of die pad oor die Hottentots-Hollandberge „door het doen springen der rotzen of op eenige andere wijze toeganckelijk souden te maken weesen...” Hy sou ook die

198) C. 342: Attestatien, 1724-1725, pp.557-558 en 556-575; C. 516, I: Uitgaande Briewe, 1726, 25 Februarie 1726, pp.206-209.

199) C. 441: Inkomende Briewe, 1727-1728, 28 Augustus 1727, p.600.

200)
bosse persoonlik gaan inspekteer. Op 2 Desember het hy sy verslag uitgebring. Die pad oor die berg kon tot 'n sekere mate verbeter word. Die afstand tussen die Kaap en die bosse was 'n groter probleem. Tot by die berg was dit 13 tot 14 ure se ry. Vandaar moes vir meer as 20 uur deur 'n woeste streek oor steil paaie en riviere tot by die bosse gegaan word. Vanaf die rivier tot by die bosse was die pad op verskeie plekke „seer moeilik.“ In die bosse was 'n groot aantal bome maar aangesien die meeste in diep kloof gegroei het, kon die waens dit nie bereik nie. Arbeiders sou dus noodsaaklik wees sodat onkoste hieraan verbonde was. Hierdie feite is dus heeltemal teenstrydig met die opmerkings van Van Putten en Hartogh in 1712. Om die hout uit hierdie bosse oor 'n afstand van „36 mijlen gaans“ met waens of per boot na die Kaap te bring, was dus „volstrekt onmogelik.“ Die Goewerneur het geen argumente teen laasgenoemde alternatief van vervoer genoem nie. In die lig van hierdie probleme was hy oortuig dat dit onmoontlik was om dié bosse tot voordeel van die Kompanjie te ontgin.²⁰¹⁾

Die owerhede in Nederland was ontevrede omdat goewerneur Noodt nie meer besonderhede, veral met betrekking tot die afvoer van die hout as vlotte, verstrek het nie.²⁰²⁾ Hulle het dus nie by die kommentaar van Van der Laan en Van Putten oor hierdie aangeleentheid berus nie, maar wou elke moontlikheid laat ondersoek met die oog op die ontginning van hierdie bosse.

Die feitlik onbegaanbare paaie na die bosse, hulle afstand van die Kaap en van die see asook die afwesigheid van 'n bevaarbare of bruikbare rivier naby die bosse, het dus die ontginning van die Riviersonderendbosse tot voordeel van die

200) C. 606: Duplikaat Dagregister, 1723-1727, 1 November 1727, p.1222; C. 22: Resolusien, 1726-1727, 28 Oktober 1727, pp.270-271.

201) C. 345: Attestasien, 1727-1728, pp.59-65; C. 518, I: Uitgaande Briewe, 1728, 25 Februarie 1728, pp.133-139.

202) C. 442: Inkomende Briewe, 1728-1729, 18 Augustus 1729, p.545.


Kompanjie verdrag. Hierdie toestand is in September 1734 deur goewerneur Jan de la Fontaine herbevestig ná sy besoek aan die noodlydende vaartuig Huijs te Marquette in Mosselbaai. Teen 1730 het die eerste trekboere sover oos as die Groot-Brakrivier gekom ²⁰³⁾, sodat baie reeds langs die suidkus gevestig was teen die middel van die dertigerjare. In die lig hiervan het die Goewerneur in die Politieke Raad voorgestel dat aan die koloniste wat in die omgewing van die bosse aan die Riviersonderend gewoon en verlot vir die kap van hout vir eie gebruik gevra het, dit toegestaan moes word. Die Kompanjie kon die finansiële voordeel van die seëls waarop die verlot geskryf word, kry. Die voorstel is aanvaar. ²⁰⁴⁾ Die bosse is dus nou onder beheer van die Kompanjie geplaas en die koloniste kon teen betaling in hulle behoefte aan timmerhout en wamaakhout voorsien. Nadat hierdie verlot in September 1741 ingetrek is as gevolg van vernieling ²⁰⁵⁾, het sommige „Landbouwers over de bergen“ in 1743 hulle nood ten opsigte van hout aan die Goewerneur voorgelê. Hulle het gevra dat bogenoemde verbod opgehef word. Hierop het die Politieke Raad besluit dat hulle toegelaat sou word om in „voorm: bosschen over de bergen geleegen /: die aan de revier Sonder eijnd uijtgesondert blyvende :/ eenig Wagemakers en Timmerhout tot hun eijgen gebruik te moogen kappen en van daar te vervoeren...“ ²⁰⁶⁾ Dit moes egter met oordeelkundigheid gepaard gaan.

203) Van der Walt, A.J.H.: Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der Guten Hoffnung, p.65.

204) C. 28, II: Resolusien, 1733-1734, 7 September 1734, pp.471-472.

205) C. 33: Resolusien, 1741, 5 September 1741, pp.333-335; C. 683: Origineel Plakkaat Boek, 1735-1753, 5 September 1741, pp.141-143.

206) C. 35: Resolusien, 1743, 28 Mei 1743, pp.277-279; C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 28 Mei 1743, pp.172-174.



Janw. 1894 n° 24 a 25

Kaart van Riviersonderend wat die ligging van die Kompanjiesbosse aanduid

Argiefkaart 1/1140

Met verloop van tyd het die Kompanjie die bosse wat naby die Riviersonderend geleë was, vir sy eie voordeel begin ontgin. By Soetmelksvallei, 4 dagreise van die Kaap, is 'n pos²⁰⁷⁾ gestig waaronder ook Ziekenhuis en Tygerhoek geresorteer het. Die houtbos wat bewerk is, was in die klowe „met meerder dan twee ure agter waarts.“²⁰⁸⁾ Teen die sewentigerjare het 'n sersant en 24 arbeiders die pos beman. Volgens kontemporêre²⁰⁹⁾ getuienis was sommige bome 80 tot 100 voet hoog. Groot stukke timmerhout soos balke, is deur die osse met die grootste moeite uitgesleep. Die kleiner stukke, soos wie, bylstele en hout vir wiele en asse, is vorm gegee voordat dit uit die bos geneem is. Elke maand is 3 wavragte timmerhout met Kompanjies-²¹⁰⁾ waens na die Kaap gestuur.

Gedurende die sewentigerjare is telkens aan koloniste verlot toegestaan om 12 vragte timmerhout en wamaakhout oos van die Hottentots-Hollandberge te kap. So het Jan Smit Jurriaansz op 17 Augustus 1772, A. Trouts op 30 Junie 1773 en H. Detlefs²¹¹⁾ op 18 Februarie 1774 vergunning van die Goewerneur verkry. Hulle is egter nie toegelaat om in die bosse by die Riviersonderend hout te kap nie. Die verlofbriefies moes eers aan landdros Mentz van Swellendam getoon word. Uit die ordonnansieboek wat slegs gedeeltelik bewaar gebly het, blyk dat 9 vergunnings verskaf is - wat beteken dat 108 vragte gekap is.

Met die stigting van die selfstandige drostdy Swellendam

207) C. 324, I: Memorieën en Rapporten, 1791, I, p.398; Daar is 'n Soetmelksvlei tussen die huidige Greyton en Riviersonderend(dorp). Tygerhoek was eweneens naby die huidige Riviersonderend(dorp).

208) V.C. 96: Joernaal van Cloppenburg, 29 September 1768, p.9; Masson, F.: An Account of Three Journeys, p.274.

209) Masson, F.: An Account of Three Journeys, p.274.

210) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, II, p.114.

211) C. 805: Hout, 1773-1792.

is die bosse van die Langeberge aangespreek om in die plaaslike behoefte aan hout te voorsien. Drie bosse het hiervoor in aanmerking gekom. Twee kon maklik van die landdros se huis af gesien word terwyl die ander een, die sogenaamde „wagen makers bos”, verder op na die Appelbosrivier was. Die ander bosse was volgens die inwoners van minder belang en het boonop te hoog in die kleiner bergklowe gestaan. Die koloniste van die omgewing het verlofbriewe vir die kap van 12 vragte timmerhout gekry maar sonder dat 'n tydsbepaling bygevoeg is. As gevolg daarvan het „veel bedrog ter ruine der bossen in de Clooven” voorgekom. In sommige gevalle moes die vragte by die landdros se woning verby geneem word. Waar dit nie nodig was nie, is die bosse in hierdie geval meer verniel as andersins.

By Rietvallei, aan die Buffeljagtsrivier en 3 dagreise van Riviersonderend, is nog 'n Kompanjiespos gestig. Ongeveer 5 uur se ry met 'n volgelaaide ossewa daarvandaan was Grootvadersbosch, waar timmerhout vir pale, balke, poste, planke en akkergereedskap gekap is. Volgens Thunberg is 'n wavrag vir die Kompanjie elke 3 maande na die Kaap gestuur. Die koloniste het hier vir eie gebruik of vir verkoop hout gekap.

Volgens Thunberg het 'n verskeidenheid van boomsoorte in

212) naby die huidige Swellendam.

213) V.C. 96: Joernaal van Cloppenburg, 2 Oktober 1768, p.13.

214) V.C. 96: Joernaal van Cloppenburg, 29 September 1768, pp.11-12.

215) Die Buffeljagtsrivier vloei naby die huidige Swellendam in die Breërivier. Volgens Masson was Rietvallei ongeveer 150 myl vanaf die Kaap. Sien Masson, F.: An Account of Three Journeys, p.286.

216) C. 300: Memorien en Rapporten, 1755-1757, p.7.

217) V.C. 96: Joernaal van Cloppenburg, 14 Oktober 1768, p.33; Mentzel, O.F.: A geographical and topographical description of the Cape, III, Van Riebeeckvereniging, 25, p.82; Sparman, A.: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, I, p.272. Grootvadersbosch is vandag nog 'n bosreserwe, naby die huidige Heidelberg, Kaap.

218) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, II, p.41.

dié bos gegroei, naamlik swartysterhout (Gardenia Rothmannia), wat hard en sterk was en vir asse en disselbome gebruik is; geelhout (Ilex crocea) wat vir planke, balke, tafels, deure, kaste, vensterrame en botterkarrings gebruik is; kamassiehout, wat slegs 'n struik was en klein stukkie vir die kante van meubels gelewer het; rooipeerhout wat vir die onderste gedeeltes van waens gebruik is; „bucku“-hout (Olea capensis) wat die geskikste vir die maak van wawiele was ²¹⁹⁾; rooi-elshout (Cunonia capensis) wat vir wawiele, nawe en stoele geskik was en essenhout (Ekebergia capensis) wat vir gereedskap en verskillende implemente gebruik is. Voorts, volgens Thunberg, was daar wit- en bruinstinkhout wat vir klerepresse, banke, stoele, tafels en ander kosbare meubels gebruik is; olyfhout (Olea Europaea) wat swaar en bruin van kleur is en vir stoele en meule gebruik is; katjiepieringhout (Gardenia Thunbergia) wat hard en sterk was en vir die maak van knuppels gebruik is; witte-essenhout wat vir planke, warakke en skoenmakerstafels gebruik is; swartbashout (Royena villosa) wat vir waens en jukke van osse gebruik is; keurhout (Sophora capensis) wat vir waens en wiele gebruik is; amandelhout wat vir skoenhakke en leeste gebruik is; assegaaihout (Curtisia faginea) wat vir disselbome en die handvatsels van Hottentotspiese gebruik is; doringhout (Mimosa nilotica) wat vir remskoene, jukke en die brand van houtskool gebruik is; waboomhout (Protea grandiflora) wat 'n gesogte brandhout was; kreupelbome (Protea speciosa) waarvan die bas deur die looiers gebruik is en lepelhout wat vir die maak van lepels en houtbakke gebruik is.

220)

219) Die benaming „bucku“-hout is verwarrend. Volgens die botaniese ekwivalent het Thunberg waarskynlik ysterhout bedoel. Boekenhout se botaniese naam is Rapanea melanophloeos. Sien Wicht, C.L.: Afrikaanse Bosboomname, in Die Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Bosbouvereniging, no.5, Oktober 1940, p.57; Adamson, R.S. en Salter, T.M.: Flora of the Cape Peninsula, p.669.

220) Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia, II, pp.109-112; vgl. die kritiek op Thunberg se botaniese benamings: Some Langeberg Forests, Notes by Thunberg and J.J. Kotze, in Die Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Bosbouvereniging, no.5, Oktober 1940, pp.36-37; sien ook Taylor, H.C.: Forest types en floral composition of Grootvadersbosch, in Die Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Bosbouvereniging, no.26, September 1955, pp.33-46.

Teen 1777 kon timmerhout en wamaakhout feitlik nie meer in die Kompanjiesbosse by die Riviersonderend en Rietvallei gevind word nie. Gedurende Desember 1776 het Swellengrebel Grootvadersbosch besoek en genoem dat „het timmerhout is er byna geheel uytgehakt, zodat men niet dan kromme en slegte boomen ziet.”²²¹⁾ Die opsigter by die Riviersonderendbosse het gerapporteer dat hierdie bosse uitgekapt was. Selfs 'n bos wat 18 tot 20 jaar gerus het, is gedurende die afgelope 9 maande, toe dit weer ontgin is, reeds kaal gekapt. Die houtkappers het die weinig hout op lewensgevaarlike plekke gaan haal.²²²⁾ Die Kaapse owerheid het besef dat in die lig van die Kompanjie se behoefte aan timmer- en wamaakhout, dit absoluut noodsaaklik was om hierin te voorsien. Dit was ook nodig om aan die jong bome in die Riviersonderendbosse die vereiste tyd te gee om volgroei te word sodat dit meer bruikbaar sou wees.²²³⁾

Ten spyte van hierdie ongunstige rapporte is gedurende die daaropvolgende jare steeds wamaakhout in die bosse by die Riviersonderend gekapt. Vanaf September 1787 tot die end van Augustus 1793 is die volgende gelewer: 1594 wavelings, 2347 waspeke, 124 wanawe, 112 wa-asse, 128 waskamels, 54 perdewavoortange, 53 ossewavoortange, 70 agtertange, 75 disselbome, 7 draaiborde, 4 langwaens, 126 gesaagde leerbome, 80 „malwagen“-vellinge, 4 „Malwagen Bomen“, 10 koetsvellinge, 13 koetsasse, 14 koetsnawe, 3 koetslangwaens, 2 koetsdisselbome, asook 89 nawe, 29 asse, 516 vellinge, 1129 speke en 24 disselbome vir artilleriedoel-eindes.²²⁴⁾ In 1790 het die Soetmelksvalleipos 880 waspeke,

221) Cloeten, P.: Journaal van eenen landtogt die den ondergeteekende met den Weledelen heer Mr Hendk Swellengrebel in den jaare 1776 gedaan heeft, in Godee Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika, IV, p.35.

222) C. 465: Inkomende Briewe, 1776-1777, 23 Februarie 1777, pp.623-625.

223) C. 69: Resolutien, 1777, 8 Julie 1777, pp.280-281.

224) C. 214: Bijlagen, Januarie-Februarie 1794, pp.538-539 en 556-557.

400 wavelings, 28 wanawe, 43 wa-asse, 27 wadisselbome, 30 wa-skamels, 5 paar wavoortange, 15 paar agtertange, 12 waleerbome, 10 ossewavoortange, 12 „malwagen“-vellings en 12 paar saalbome gelewer.²²⁵⁾

Baas Theunissen wat in bevel van die bosse by die Rivier-sonderend was, het voorgestel dat hout voortaan uit Outeniekwal-land gehaal word.²²⁶⁾ Hiervoor het hy genoeg rede gehad want sedert die middel van dié eeu is herhaaldelik berig gelewer van die groot bosse aldaar. Teen die end van die sestigerjare het 14 boere in die „waare houteniquas Land“, tussen die kus en die bosse, plase gehad. Hulle het 'n bestaan gemaak uit die kap en verkoop van hout.²²⁷⁾

Die omvang van die bosse in Outeniekwaland is deur sommige getuies vaagweg en deur ander meer noukeurig aangegee. Volgens Sparman het die gebied tussen die Keeromrivier²²⁸⁾ en die Keur-boomsrivier²²⁹⁾ die kern van Outeniekwaland gevorm, „en is, naar het bericht, welk ik desaangaande ontving, overal met houtgewas begroeid.“²³⁰⁾ Masson noem dat Outeniekwaland noordoos van Mosselbaai geleë was, en dat die bosse so groot was dat hul om-vang nie presies bekend was nie.²³¹⁾ 'n Juister afbakening is deur Paterson gegee: "These woods have their beginning to the north of Mossel Bay, and extend about one hundred and twenty miles to the east, ending at a place called the Sitsicamma."²³²⁾

225) C. 324, I: Memorien en Rapporten, 1791, I, p.399.

226) C. 465: Inkomende Briewe, 1776-1777, 23 Februarie 1777, p.624.

227) V.C. 96: Joernaal van Cloppenburg, 8 Oktober 1768, pp.19-20; Cloeten, P.: Journaal van eenen landtogt, in Godee Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika, IV, p.33.

228) Volgens Sparman se kaart vloei die Swartrivier in die Keeromrivier, sodat laasgenoemde die huidige Kaalmansrivier moet wees.

229) Vandag nog so bekend - mond naby die huidige Plettenbergbaai in die see uit.

230) Sparman, A.: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, I, p.297.

231) Masson, F.: An Account of Three Journeys, p.288.

232) Paterson, W.: A Narrative of four journeys, p.35.

Volgens sommige getuies was die Outeniekwalandbosse goed voorsien van 'n verskeidenheid van timmerhoutsoorte, soos geelhout, stinkhout, assegaaihout, elshout, boekenhout, kamassiehout, ysterhout²³³⁾ en ander, „daaronder van 2, 3 á 4 voeten diameter dik.“ Die waarde van hierdie gebied is goed deur Masson beskryf: "These woods are a great treasure to the Dutch, and will be very serviceable to the inhabitants of the Cape, when their other woods are exhausted."²³⁴⁾

In 1775 is aan 3 koloniste verlof verleen om elk 12 vragte timmer- en wamaakhout „over 't Hottentotshollands Gebergte, in't houte niqua Bosch“ te gaan kap.²³⁵⁾ Teen die tyd dat die Riviersonderendbosse uitgekap was, was die potensiaal van dié in Outeniekwaland bekend, en is dit inderdaad reeds ontgin.

In die lig van hierdie gegewens het goewerneur van Plettenberg die bosse in Outeniekwaland in 1777 laat ondersoek. Ook nou het dit geblyk dat „dezelve zeer abundant van diverse soorten van Timmer- en Wagen-Hout voorzien zijnde, men dus het benodigde Hout voor nog veele Jaaren ten behoeve der E: Compie^{ie} daaruijt konde bekomen...“²³⁶⁾ Op voorstel van die Goewerneur het die Politieke Raad in Julie 1777 besluit om 'n houtkappos in Outeniekwaland aan die Swartrivier te stig.²³⁷⁾ Hiervoor is 3 leningplase ingetrek wat ongeveer 12 dagreise van die Kaap geleë was.²³⁸⁾ Die bosse vanaf Madagaskarskraal²³⁹⁾ tot by die Kaaimansrivier is gesluit. Alle koloniste is verbied om in

233) Cloeten, P.: Journaal van eenen landtogt, in Godeé Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika, IV, pp.27-28; Dagverhaal van de landryse, door den Weledelen Gestrengen Heer Mr. Joachim Baron van Plettenberg ... in den jaare 1778, gedaan door de landstreeken beoosten de gem. Caap..., in Godeé Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika, IV, p.57.

234) Masson, F.: An Account of Three Journeys, pp.288-289.

235) C. 805: Hout, 1773-1792.

236) C. 69: Resolutien, 1777, 8 Julie 1777, p.281.

237) C. 69: Resolutien, 1777, 8 Julie 1777, p.282.

238) C. 324, I: Memorien en Rapporten, 1791, I, p.401.

239) Onbekend - naby die huidige George is nog 'n Malgaskraal.

hierdie streek timmerhout te kap. Vir eie gebruik kon hulle slegs „agter en ter zijden het selve Bosch” hout kap. 12 Arbeiders van Riviersonderend, 2 van Rietvallei, 'n smid en 'n wamaker is na die nuwe pos oorgeplaas. 'n Bekwame persoon sou as opsigter oor hulle aangestel word. ²⁴⁰⁾ Die gekapte hout is met waens van die Kompanjie na die Kaap geneem. ²⁴¹⁾ Die vervoerprobleem het dus ook hier invloed uitgeoefen. Hierdie probleem sou later die ver- naamste oorweging wees vir die aanlê van 'n ander pos waar 'n makliker metode van vervoer moontlik was.

In 1779 het die Kaapse owerheid met die koloniste in Outeniekwaland 'n kontrak vir die lewering van assegaaihout vir affuite gesluit. ²⁴²⁾ Dit was blykbaar een van die belangrik- ste take van dié pos. Teen 1790 was dit egter nie meer nodig hout om vir die maak van affuite in dié bosse te kap nie sodat die Politieke Raad dit oorweeg het om die pos af te skaf. ²⁴³⁾ Ge- durende dieselfde jaar het dié pos nog die volgende hout gelewer: 216 speke, 104 vellings, 18 nawe, 15 asse - alles vir die affuite van drieponders; 2 ammunisiewa „boomen”, 670 waspeke, 295 wa- vellings, 12 wanawe, 28 wa-asse, 28 waskamels, 23 wadisselbome, 4 paar wavoortange, 14 paar agtertange, 8 leerbome, 8 ossewa- voortange, 4 koetsasse, 4 koetsnawe en 12 paar saalbome. ²⁴⁴⁾ Die affuithout het egter nou die minderheid van die opbrengs gevorm. Een van die redes vir bogenoemde oorweging moet blykbaar gesoek word in die feit dat die bosse van Riviersonderend teen hierdie tyd redelik aangegroei het.

Reeds in Januarie 1786 is in die Politieke Raad genoem dat

240) C. 69: Resolusien, 1777, 8 Julie 1777, pp.282-284.

241) C. 324, I: Memorien en Rapporten, 1791, I, p.400.

242) C. 466: Inkomende Briewe, 1778-1779, 28 Oktober 1779, p.835.

243) C. 87: Resolusien, Januarie-Junie 1790, 20 April 1790, p.543.

244) C. 324, I: Memorien en Rapporten, 1791, I, pp.400-401.

die vervoer van hout uit Outeniekwaland hoë koste beloop. Om dit teen te gaan, is die vraag geopper of 'n doeltreffender middel aangewend kon word.²⁴⁵⁾ Die resultaat was die aanlê van die houtkappers in Pletterbergbaai. In Oktober 1790 het die Politieke Raad besluit om die Outenikwalandpos nie af te skaf nie. Die arbeiders is tot 6 verminder. Ook is 'n smid en 'n wamaker daar gelaat aangesien die nodige geriewe daar was. Die Kompanjie kon dus sonder noemenswaardige koste die waens en ander gereedskap vir die poste in Mosselbaai en Plettenbergbaai daar laat maak.²⁴⁶⁾ In Februarie 1794 is die bemanning van die pos verder tot slegs 'n baas en 2 arbeiders verminder.²⁴⁷⁾

Die finansiële besnoeiings gedurende die laaste jare het ook op die „Overbergse" bosse invloed uitgeoefen. As gevolg van die beeindiging van sy poste kon die Kompanjie geen of weinig voordeel uit hierdie bosse trek nie. In Desember 1791 het die Politieke Raad aan landdros Faure van Swellendam opdrag gegee om vas te stel hoe hierdie bosse met die minste onkoste die beste bewaar en ontgin kon word. Met betrekking tot laasgenoemde aspek het Faure aanbeveel dat aan elkeen wat aansoek doen om in die bosse van Outeniekwaland timmer- en wamaakhout te kap, verlof toegestaan moes word. Dit moes teen 10 Riksdalders vir 12 vragte in plaas van die gebruikelike 3 Riksdalders uitgereik word. Die aansoekers moes vooraf 'n skriftelike bewys van genoemde landdros verkry dat hulle „ontbloot van eenig ander middel van bestaan" was. Sodoende sou hulle teen baatsugtige persone beskerm word. Die Kompanjie kon dan die finansiële voordeel uit hierdie stelsel trek, aldus Faure.²⁴⁸⁾

²⁴⁵⁾ C. 79: Resolusien, Januarie-Mei 1786, 17 Januarie 1786, p.298.

²⁴⁶⁾ C. 89: Resolusien, Oktober-Desember 1790, 12 Oktober 1790, pp.992-997.

²⁴⁷⁾ C. 105: Resolusien, Januarie-Maart 1794, 4 Februarie 1794, p.496.

²⁴⁸⁾ C. 96: Resolusien, Januarie-Maart 1792, 31 Januarie 1792, pp.262-267.

In Januarie 1792 het die Politieke Raad besluit dat verloff vir die kap van een vrag hout in Outeniekwaland voortaan op 'n seël van een Riksdalder geskryf sou word. Die ander aanbevelings wat landdros Faure gemaak het, is goedgekeur.²⁴⁹⁾ Die koloniste in die „Overbergse“ distrikte het heftig teen hierdie bepaling beswaar gemaak sodat dit in Desember 1794 herroep is. Die seël van 3 Riksdalder vir 12 vragte sou weer gebruik word. Aangesien dit kon gebeur dat die poshouders vir eie belang die beste hout kon kap en verkoop om sodoende die koloniste te benadeel, het die Politieke Raad ook besluit dat hierdie persone geen hout vir hulself of vir ander mag kap of laat kap nie.²⁵⁰⁾

In die ontginning van die „Overbergse“ bosse was die probleem van vervoer 'n bepalende faktor. Dit het die benutting van hierdie bosse in diens van die Kompanjie vertraag. Sedert die dertigerjare van die agtiende eeu het dié bosse in die groot behoefte aan timmerhout en veral wamaakhout vir die Kompanjieswerke, sowel as vir die koloniste, voorsien. As gevolg van die geleidelike uitputting van dié bosse is die owerheid verplig om dit steeds verder ooswaarts te laat ontgin.

Gedurende die tagtigerjare was die voltooiing van die nuwe hospitaal die belangrikste bouwerk aan die Kaap. Hiervoor was groot voorrade timmerhout nodig. Die meeste hiervan moes ingevoer word aangesien „aan het zelve werk nimmer de vereischte duurzaamheid toe te brengen is, wanneer niet het Europeesche Hout daar aan geemploijeerd werdende...“ Van laasgenoemde was veral „het Cajaten hout best te prefereeren...“²⁵¹⁾ In antwoord op die versoeke vir hout wat na Nederland gestuur is, het die Here Sewentien in Julie 1785 gevra of dit moontlik was

249) C. 96: Resolutien, Januarie-Maart 1792, 31 Januarie 1792, p.271; C. 687: Origineel Placcaat Boek, 1792-1795, 31 Januarie/14 Maart 1792, pp.9-10.

250) C. 687: Origineel Placcaat Boek, 1792-1795, 12/24 Desember 1794, pp.529-531.

251) C. 80: Resolutien, Junie-Desember 1786, 14 Junie 1786, p.700.

dat minstens 'n gedeelte van die benodigde hout in een van die Kaapse baaie gevind kon word.²⁵²⁾ Hierdie skrywe, saam met ander faktore, het tot die stigting van die Plettenbergbaaihoutpos aanleiding gegee.

Dit was bekend dat die onmiddellike omgewing van Plettenbergbaai goed bebos was. Volgens inligting wat die Goewerneur ontvang het, was dit moontlik om timmerhout „in groote abundantie, en op een voordeelige wijze voor d' E. Comp^{ie}”²⁵³⁾ hiervandaan te kry. Teen 1786 het die vervoer van hierdie artikel met waens vanaf die Kompanjiespos in Outeniekwaland hoë koste be-loop. In die lig van hierdie omstandighede het die Politieke Raad in Januarie 1786 aan landdros Woeke van Graaff-Reinet opdrag gegee om „op zijne te rug reize de route te nemen over de Plettenbergbaai, en naauwkeurig nategaan, en te ondersoeken, op welke wijze het kappen van Timmer en ander hout, in de naast daarbij gelegene Bosschen best aan te vangen en voort te setten zij,...” Hy moes 'n volledige verslag van sy ondersoek by die Politieke Raad indien.²⁵⁴⁾ Die Raad het hoë verwagtings van hierdie onderneming gekoester sodat alle moontlike pogings tot die sukses daarvan aangewend sou word. Meer spesifiek is gehoop dat „aldaar een soort Hout gevonden werd hetwelk in duurzaamheid aan het Cajaten Hout gelijk is...” Sodoende sou 'n groot deel van die houtbestelling in Nederland verval.²⁵⁵⁾

Op 4 Augustus 1786 het Woeke sy verslag in die Politieke Raad ter tafel gelê. Hy het aanbeveel dat die plaas van Cornelis Botha aan die Piesangrivier²⁵⁶⁾ vir die aanlê van 'n

252) C. 79: Resolutien, Januarie-Mei 1786, 19 April 1786, pp.520-521.

253) C. 79: Resolutien, Januarie-Mei 1786, 17 Januarie 1786, pp.198-199.

254) C. 79: Resolutien, Januarie-Mei 1786, 17 Januarie 1786, pp.201-202.

255) C. 80: Resolutien, Junie-Desember 1786, 14 Junie 1786, pp.701-702.

256) by die huidige Plettenbergbaai.

Kompanjiespos ingetrek word. Dit was goed voorsien van drinkwater en het 'n gunstige ligging gehad. Ongeveer een uur vanaf die strand het 'n „van allerlei, zo Timmer als wagen en Meubel Hout voorzien Bosch" begin, met 'n omtrek van ses ure se ry te perd. Dit was op 'n natuurlike wyse van ander dergelike bosse afgeskei. So 'n pos moes deur 'n goeie kenner van hout en 40 tot 50 arbeiders beman word. Die nodige pakhuis moes naby die Kompanjiesbaken gebou word. Die hout moes gedurende die geskikste tyd van die jaar gekap en na die pakhuis gery word. Ses waens en 100 trekosse was daarvoor nodig. Aangesien die baai onveilig was vir lang vertoef, moes die skepe vinnig gelaai word.²⁵⁷⁾

Met dieselfde vergadering het burgerluitenant J.G. van Reenen van sy ondersoek in verband met die lewering van graan deur die koloniste in die omgewing van Mosselbaai en Plettenbergbaai rapport gelewer. Aangesien die grond in Outeniekwaland „natuurlik niet zeer, nog tot den graanbou, nog tot de vee fokkerij" geskik was, was dié koloniste geneë om hout teen „zeer Civiele prijzen" aan die Kompanjie in Plettenbergbaai te lewer. Indien hierdie verlof aan hulle toegestaan word, kon 'n groot getal erwe nog daar uitgegee word omdat dit in hierdie geval nie so groot soos gewoonlik hoef te wees nie. Sodoende kon baie huisgesinne 'n bestaan voer. Dit was ook 'n uitstekende middel om „de aller nadeeligste verdere verwijsing der Ingezetenen" te voorkom. Van Reenen het die volgende voorlopige pryslys waarvolgens hout gelewer kon word, opgestel:

1 huisbalk van „smal blads geelhout, het welk men bij ondervinding weet in duurzaamheid tegen de Lugt en vogtigheid ten minsten gelijk te staan met het Indisch Kajaten Hout", 20' - 22' lank, 5" x 7" dik, teen 1¹/₄ Rds; 1 huisbalk, 20' - 22' lank, 6" x 8"

²⁵⁷⁾ C. 80: Resolusien, Junie-Desember 1786, 4 Augustus 1786, pp.914-915; C. 705: Memorien en Instruktionen, 1783-1786, pp.355-377.

dik, teen $1\frac{1}{2}$ Rds; 1 huisbalk, 20' - 22' lank, 9" x 11" dik, teen $2\frac{1}{4}$ Rds; 1 huisbalk, 20' - 22' lank, 10" x 12" dik, teen $3\frac{1}{4}$ Rds; Wamaakhout: 1 velling teen 6 stuiwers; 100 speke teen $\frac{1}{4}$ Rds; 1 naaf teen 18 stuiwers; 1 as teen 30 stuiwers; 1 tang teen 30 stuiwers; 1 skamel teen 18 stuiwers; 1 draai-bord teen 12 stuiwers; 1 rong teen 2 stuiwers; 1 disselboom teen $2\frac{1}{4}$ stuiwers; 1 leerboom teen $2\frac{1}{4}$ stuiwers; Stinkhoutplanke, 3" dik, teen 8 stuiwers per voet; Geelhoutplanke, $1\frac{1}{4}$ " dik, teen 3 stuiwers per voet.²⁵⁸⁾

Hierop het die Raad besluit om hom, seekaptein Duminij en winkelier Bergh met die volgende opdragte na Outeniekwaland te stuur. Hulle moes eerstens die veiligheid van die baai vir skepe vasstel. Dan moes hulle uitvind of die koloniste^{van} die streek genoeg geneem het om hout in Plettenbergbaai aan die Kompanjie te lewer. Indien bogenoemde pryse aanvaarbaar was, sowel as dit wat later op ander nie genoemde hout vasgestel sou word, moes 'n "finaal accoort" met die koloniste aangegaan word. Voorlopige kontrakteurs moes aangewys word sodat hulle kon begin met die lewering van soveel timmerhout en wamaakhout "van bovengen^{te} differente Calibers" as wat 'n skeepslanding sou maak. 'n Skuur moes gebou word waar die hout gedroog en minstens vir 'n jaar lank opgeberg kon word. Die oprigting hiervan moes aan die laagste tenderaar toegewys word. Aangesien op die oog af moeilik tussen "het goed en ondeugend geel Hout"²⁵⁹⁾ onderskei word, moes die Kommissie maatreëls aan die hand doen om bedrog hierin deur die leweransiers te voorkom. Hulle moes ook bepaal dat geen boom in die bosse van Outeniekwaland onnodig en vernielsugtig gekap mag word nie. Alle besondere sake wat onder die aandag van die opsigter behoort te kom, moes vasgestel word sodat dit in sy

258) C. 80: Resolusien, Junie-Desember 1786, 4 Augustus 1786, pp.916-921.

259) opregte geelhout, Podocarpus latifolius, en outeniekwa-geelhout, Podocarpus falcatus.

opdrag ingesluit kon word. Indien die koloniste hulle ooreenkoms verbreek, moes die kommissie die nodige maatreëls tref om die onderneming deur Kompanjieswerkslui te laat voortsit. In so 'n geval moes arbeiders van die Outeniekwalandpos na Plettenbergbaai oorgeplaas word.²⁶⁰⁾

Die uitvoerige verslag van Van Reenen, Duminy en Bergh is op 27 Desember 1786 aan die Politieke Raad voorgelê. Plettenbergbaai kon gedurende die tyd van die wintermoesson, d.w.s. in Junie, Julie en Augustus, met veiligheid besoek word. Voorlopig is 'n aantal erwe naby die baai toegeken waar die koloniste hulle kon vestig indien hulle met die lewering van hout sou voortgaan. Vyf-en-twintig erwe is op die plase van Cornelis Botha en Johan Jacob Kretzinger, langs die Piesang- en Wittedriftrivier, afgesteek. Verder is bepaal dat die houtkappers elke jaar by die Goewerneur vir die verlenging van hul hout^{kontrakte}~~balke~~ aansoek moes doen. Indien hulle dit wou laat verval, was kennisgewing aan die Goewerneur twee maande voor die tyd nodig. Daar is bevind dat as gevolg van die stand van die opregte geelhoutbome tussen die outeniekwageelhoutbome dit baie moeilik was om slegs eersgenoemde te vel. Die kommissie het dus besluit dat die outeniekwageelhout in swaar balke gelewer mag word, wat, indien nodig, in planke verdeel kon word.

Die koloniste het nie die bogenoemde pryslys aanvaar nie. Hulle argument was dat vee en veral trekosse baie duur was. Hierby is die hoop wat hulle gekoester het om 'n dubbele inkomste uit die lewer van graan en hout te maak, die nek ingeslaan. Die regering het bepaal dat eersgenoemde slegs in Mosselbaai gelewer mag word. Volgens opdrag het die Kommissie hierna bereken wat die onderneming die Kompanjie sou kos indien laasgenoemde se arbeiders gebruik word. Met alles in ag genome sou die hout se

²⁶⁰⁾ C. 80: Resolusien, Junie-Desember 1786, 4 Augustus 1786, pp.922-931.

prys net soveel of meer beloop as die voorgestelde pryse van die koloniste. Aan die anderkant sou so 'n onderneming deur Kompanjiesarbeiders afbreuk doen aan die oorspronklike doel, naamlik „om dezelve door den tijd te doen dienen tot een middel van bestaan, voor zodanige Lieden, als, dewijl zij tot nu toe van een betamelijke broodwinning gedestitueerd waren geweest, ginds en herwaards door het veld Swerwende zig meer en meer van de hoofdplaatse hadden verwijderd, ten einde onder het pretext der veefockerij om, zo te zeggen buiten het bereik der wetten, een Eigendunkelijk, luij en vadzig leeven te lei²⁶¹⁾den." Agter die oorweging vir die aanlê van 'n houtkappos was dus nie slegs 'n ekonomiese motief nie maar ook 'n baie sterk sosiale beweegrede.


Daar is toe op die volgende pryse met die koloniste ooreengekom:

1 huisbalk van opregte geelhout, 20' - 22' lank, 5" x 7" dik, teen 2 Rds; 1 huisbalk van opregte geelhout, 20' - 22' lank, 6" x 8" dik, teen 2 Rds; 1 huisbalk van opregte geelhout, 20' - 22' lank, 7" x 9" dik, teen 3:2 Rds; 1 huisbalk van opregte geelhout, 20' - 22' lank, 10" x 2" dik, teen 5 Rds; 1 gesaagde plank van geelhout, 20' lank, 11"-12" x 1¹/₄", teen 1:2 Rds; 1 velling teen 8 stuiwers; 100 speke teen 5 Rds; 1 naaf teen 2¹/₄ stuiwers; 1 as teen 7 schellings; 1 skamel teen 2¹/₄ schellings; 1 draaibord teen 18 stuiwers; 100 ronge teen 5 Rds; 1 disselboom teen 2¹/₄ stuiwers; 1 paar gesaagde leerbome teen 1 Rds; 1 langwa teen 2¹/₄ stuiwers; 1 paar voortange vir 'n perdewa teen 1 Rds; 1 paar agtertange teen 7 schellings; 1 paar buikplanke, 12' x 1¹/₄' x 2" teen 2¹/₂ Rds; Stinkhoutplanke van 13", 14" en 15" breed en 3" dik teen 12 schellings per voet. Outeniekwageelhoutbalke teen dieselfde prys as die opregte geel-

261) C. 80: Resolutien, Junie-Desember 1786, 27 Desember 1786, pp.1307-1321.

**PLATTE GROND VAN SECONFACNES
POST in de PLETTENBERGS BAAY**
Opgevoomen door 'C. F. F. van der LINDEN, Luitenant der Artillerie
en geteekend door J. J. van der WOUDE, Cadet Bombardier

- A. SEC Compagnie van Artillerie
- B. Willems Lager
- C. Ploeg van de Militaire Post
- D. SEC Compagnie van Artillerie
- E. Opletters Lager
- F. Veld Lager
- G. F. D. van der Woude
- H. F. van der Woude



*Bezoek van de
S. A. van der
Woude
1811*

Schaal van een Rhynlandsche Barchen

262)
hout.

Die Kommissie het voorgestel dat indien besluit word dat die Kompanjie die projek self sou onderneem, die bos wat deur Woeke genoem is, in twee gedeel word. Die onderste gedeelte, wat die naaste aan die strand was, moes dan vir die Kompanjie ontgin word. Die boonste bos moes oopgestel word sodat die koloniste op die platteland vir eie gebruik daarin kon kap. Met betrekking tot die lewering van die outeniekwageelhout is sekere maatreëls aan die hand gedoen. Die opsigter van die houtmagasyn moes alle hout wat gelewer word, met die Kompanjiesmerk brand. Elke vrag moes minstens $\frac{2}{3}$ opregte geelhout en op die meeste $\frac{1}{3}$ outeniekwageelhout bevat. Hierdeur sou meer plek in die bosse gemaak word. Sodoende kon ook mettertyd oor die deugsamheid van laasgenoemde houtsoort geoordeel word. Gereelde inspeksie deur die opsigter of 'n ander aangestelde persoon moes gedoen word om te verseker dat bome nie onoordeelkundig afgekapt word nie. Die opsigter moes teenwoordig wees by die aflaai van elke vrag. Slegs dit wat reeds „wind droog, maathoudend, en wel bewerk” was, moes aanvaar word. Dadelik daarna moes soveel as moontlik in die loods gepak word „om al gaande weg te kunnen uit drogen...” Die res moes met riet bedek word totdat dit gelaai kon word. Vanaf die loods na die laaiplek op die strand moes 'n pad gemaak word.

263)
Met dieselfde vergadering van 27 Desember het die Politieke Raad dié verslag en ooreengekome kontrak met die koloniste goedgekeur. Daar is dus begin om erwe langs die Piesang- en Witte-driftrivier uit te gee. Elke erf was „van Twaalf = tot Vyfthien = Hondert Schreeden in 't Vierkant” groot en geen rekognisiegelde

262) C. 80: Resolusien, Junie-Desember 1786, 27 Desember 1786, pp.1322-1323.

263) C. 80: Resolusien, Junie-Desember 1786, 27 Desember 1786, pp.1328-1337.

is daarop betaal nie. Die kontrakteurs vir die grootste getal vragte hout het voorkeur gekry in die keuse van 'n erf. Hierna het almal volgens hulle getal vragte 'n erf gekies. Aan diegene wat vir minder as 10 vragte getender het, is geen erf toegestaan nie. Die uitdeel van persele het egter slegs „voor het teegwoordige" gegeld. Indien sommige koloniste later sou besluit om kontrakte aan te gaan, moes hulle tevrede wees met dit wat dan beskikbaar sou wees.²⁶⁴⁾

By die hernuwing van die kontrakte kon die Goewerneur 'n aannemer se erf aan 'n ander toesê indien laasgenoemde 'n beter kontrak gesluit het. Sodoende is die koloniste gedwing om elke jaar die grootste aantal vragte aan die Kompanjie te lewer. Indien 'n kontrakteur in gebreke bly om sy jaarlikse kwota te lewer, sou hy voortaan van die vergunning om enige hout aan die Kompanjie te lewer, verstoke wees, asook van sy erf. Die geboue op die erf sou tot voordeel van die Kompanjie verbeur word. Verder moes hy die owerheid vergoed vir die tekort op die berekende skeeps-lading hout.²⁶⁵⁾

Verder is bepaal dat die kontrakteurs vanaf die begin van April tot die einde van Augustus al die „bouw Hout", en vanaf die middel van Maart tot die helfte van September die wamaak-, artillerie- en meubelhout moes kap en lewer. Slegs „het goed en deugdzaam Hout" is aanvaar terwyl alle „ondeugend gescheurd, krom of schief Hout" afgewys is. Die houtkappers is verplig om soveel van hulle arbeiders as wat nodig sou wees tot diens van die opsigter te stel sodra 'n skip verskyn vir die afhaal van die hout. Dié arbeiders sou met die laaiwerk behulpsaam wees teen 'n dagloon van 18 stuiwers.²⁶⁶⁾

264) C. 318: Memorien en Rapporten, 1786, p.677.

265) C. 80: Resolutien, Junie-Desember 1786, 27 Desember 1786, pp.1354-1357.

266) C. 318: Memorien en Rapporten, 1786, pp.676 en 680.



Bouval van die houtstoor in Plettenbergbaai -

Fotos deur prof. G.L.F. Hartwig

Kontrakte is deur die volgende koloniste gesluit: Pieter Terblanche en Wessel Vosloo tesame vir 30 vragte; Hendrik Heyns vir 50 vragte; Stephanus Terblanche vir 15 vragte; Gerrit Bezuidenhout vir 25 vragte; Guilliame Wolvaart vir 30 vragte; Hendrik van der Wat vir 12 vragte; Adam Barnard vir 10 vragte; Rutger van Huyssteen vir 15 vragte; Hendrik Barnard vir 10 vragte; Jan Jacob Jarling vir 30 vragte; Johan Jacob Kretzinger vir 20 vragte; Johannes Bezuidenhout vir 15 vragte; Hendrik Jacobus Tesnaar vir 10 vragte; Johannes du Plesie vir 10 vragte en Cornelis Botha vir 12 vragte. Dit het 'n totaal van 294 vragte hout bedra.

Johan Fredrik Meding is as opsigter aangestel. Sy opdragte met betrekking tot die loods en die houtlewering is in Februarie 1787 aan hom oorhandig.

'n Kontrak is met Jan Jacob Jarling aangegaan vir die bou van 'n loods teen 'n koste van 15,000 Kaapse gulde. Hy moes dit naby die baken wat op die strand was, oprig met die volgende afmetings: 200 voet lank, 22 voet breed en 13 voet hoog, Rynlandse maat. Twee groot deure van ongeveer $10\frac{1}{2}$ voet hoog en 6 voet breed moes „zoo voor als agter inde gevels vlak teegen over den anderen" gebou word. Alle balke, deur- en vensterkosyne met hulle deure en luike, asook die nodige lateihoute, moes van opregte geelhout gemaak word. Dié hout moes gedurende die tydperk vanaf die begin van Mei tot die einde van Augustus 1787 gekap word „zonder dat er een enkel stuk in zal mogen komen dat buyten de voorsz. maanden gekapt of niet volmaakt gaaf en droog zal weezen." Jarling sou self die hout op 'n plek van sy keuse kap en voorberei sodat die gebou teen die einde van Desember 1787 klaar sou wees. Die werk het baie stadig gevorder. In

267) C. 318: Memorien en Rapporten, 1786, pp.683-685.

268) C. 705: Memorien en Instructien, 1787-1791, 9 Februarie 1787, pp.13-16 en 21-34.

269) C.80: Resolutien, Junie-Desember 1786, 27 Desember 1786, pp.1360-1361.

270) C. 318: Memorien en Rapporten, 1786, pp.692-694.

Maart 1788 is die helfte van die bousom aan hom uitbetaal. Op daardie tydstip was die vooruitsigte dat die loods aan die einde van daardie maand oorhandig sou kon word.²⁷¹⁾

Met die vergadering van 27 Desember 1786 is die kontrakteurs deur die Kaapse owerheid gemagtig om met die kap en lewering van hout volgens hulle ooreenkoms met die Kommissie voort te gaan.²⁷²⁾ Die bedryf in Plettenbergbaai het dus amptelik gedurende Desember 1786 'n aanvang geneem.

Teen Januarie 1788 was in die baai 'n voorraad hout wat gehaal moes word. Dit moes so gou moontlik geskied omdat „deze onderneeming daardoor desselfs volkomen beslag erlangende, dit de Lieden die in deselve hebben deelgenomen, niet wijnig zal encourageeren...” Aan die anderkant sou die skade aansienlik wees indien dit die hele jaar onbeskut moes lê aangesien die loods nog nie voltooi was nie. Slegs een vaartuig, die Meermin, was vir hierdie doel aan die Kaap beskikbaar, sodat op daardie tydstip onsekerheid geheers het wanneer die hout gehaal kon word.²⁷³⁾ Die Politieke Raad het nie toegelaat dat hierdie faktor die bedryf ontwrig nie; in dieselfde maand is alle voornemende kontrakteurs aangesê om tot en met die middel van eerskonde Maart die opgawes van hulle leweransies vir 1788 te maak.²⁷⁴⁾

Dit was noodsaaklik aangesien die hoof van elke regeringsdepartement 'n eis moes opstel van „zo veel bouw = wagenmakers = Meubel en Artillerie Hout, als hij naar een gemaakt overslag zal oordeelen in een rond Jaar voor 's Comp^s: eigen ommeslag benodigt te zijn...”²⁷⁵⁾ Hiervan sowel as van die hout wat deur die plaaslike koloniste benodigt is, het die hoofadministrateur 'n lys

271) C. 83: Resolutien, Januarie-Junie 1788, 4 Maart 1788, pp.302-307.

272) C. 685: Origineel Placcaat Boek, 1776-1786, 27 Desember 1786, pp.506-507.

273) C. 83: Resolutien, Januarie-Junie 1788, 22 Januarie 1788, pp.115-116 en 124.

274) C. 686: Origineel Placcaat Boek, 1787-1792, 22 Januarie 1788, pp.65-66.

275) C. 83: Resolutien, Januarie-Junie 1788, 22 Januarie 1788, pp.120-121.

opgestel om aan die Kommissie voor te lê.²⁷⁶⁾ Hierdie opgawes is vergelyk met dit wat gelewer sou word.

Vir 1788 het 18 koloniste kontrakte gesluit met 'n totale leweransie van 279 vragte. Hendrik Heynz het onderneem om 20 vragte te lewer, wat soos volg verdeel is: 6 vragte balke van opregte geelhout, 6 vragte planke van dieselfde hout, 2 vragte meubelhout van stinkhoutplanke, 2 vragte wamaakhout en 4 vragte artilleriehout. In geen ander kontrak is melding gemaak van 'n ander houtsoort vir meubelhout nie sodat heelwaarskynlik slegs stinkhout hiervoor gebruik is. In Heynz se kontrak is verder genoem dat 4 wanawe van geelhout, saffraanhout en witpeerhout moes wees. Die kanonnawe moes van geelhout of saffraanhout gemaak word. Cornelis Boota het 'n kontrak vir dieselfde voorraad aangegaan. Die res van die ooreenkomste het soos volg daaruit gesien: Johan Jacob Jarling, 20 vragte; Cornelis van der Watt, 24 vragte; Rutger van Huijssteen, 15 vragte met die bepaling dat die swalpe vir die kanonne van geelhout of stinkhout moes wees; Gottfried Fredrik Kogh, 20 vragte; Johan Jacob Krezinger, 40 vragte; Jacobus Bastiaen Henning, 5 vragte; Hendrik van der Walt, 30 vragte; Giliom Wolfart, 15 vragte; Carolus Johannes du Plesie, 10 vragte; Mighiel Kap, 10 vragte; Dirk Hoijer, 10 vragte; Gerrit Bezuidenhout, 10 vragte; Hendrik Barnard, 10 vragte; Stephanus Esaijas Terblans, 10 vragte;²⁷⁷⁾ Adam Barnard, 5 vragte en Wessel Vosloo 5 vragte.

Die aangekondigde strafmaatreëls is blykbaar nie streng toegepas nie want die koloniste het nie altyd presies volgens hulle kontrakte gelewer nie. So het Heynz planke van sowel opregte as outeniekwageelhout gelewer. Die wanawe was slegs van geelhout. Hierdie houtsoort is ook vir die kanonnawe sowel as die swalpe ge-

276) C. 83: Resolusien, Januarie-Junie 1788, 22 Januarie 1788, p.128.

277) C. 805: Hout, 1773-1792.

bruik. Die asse vir die kanonne van twaalf- en agtien pond is van ysterhout gemaak. Hy het egter die volle 20 vragte gelewer. Boota het 6 vragte geelhoutbalke gelewer terwyl die ander hout gedeeltelik gekap is. Slegs Krezinger, Henning, Hendrik van der Watt, Terblans en Barnard het hulle kontrakte volledig uitgevoer terwyl Mighiel Kap geen hout gelewer het nie. Die ander
278)
het hulle ooreenkomste gedeeltelik nagekom.

In Augustus 1788 het die Meermin die eerste besending hout uit Plettenbergbaai na die Kaap geneem. Daar is reeds op die probleem in verband met die gereelde afhaal van hout uit die baai gewys. Om in hierdie behoefte te voorsien, het die Here Sewentien 'n vaartuig, die Duijfje, gedurende 1788 na die Kaap gestuur. Hulle het gehoop, en verwag, dat dit die vervoer-
280)
probleem sou oplos. Die gedagte is wel deur A.E. van Braam Houckgeest genoem dat as gevolg van die gebrek aan vaartuie die groot voorrade hout nie verskeep kon word nie. Om dit reg te stel, sou hoë koste beloop waardeur die verkoopprijs van die hout baie opgeskuif sou word. Volgens hom moes sorg gedra word dat altyd genoeg skepe beskikbaar sou wees. Indien nie, moes die
281)
koloniste die hout nie eers na die houtloods vervoer nie. Aangesien geen kritieke opeenhoping van hout in die baai tot 1792 ooit voorgekom het nie, is die teendeel van hierdie pessimisme bewys.

Die tweede voorraad hout is in Oktober 1789 met die Jonge Franck en die Duijfje verskeep. Dit het bestaan uit: 380 geelhoutbalke van 5" x 7", 320 van 6" x 8", 200 van 7" x 9" en 100 van 10" x 12", 1200 geelhoutplanke van 1¹/₄", 2000 geelhout-

278) C. 805: Hout, 1773-1792.
279) C. 84: Resolutien, Julie-Desember 1788, 9 September 1788, pp.269-270.
280) C. 472: Inkomende Briewe, 1788-1789, 31 Desember 1788, pp.1098-1099.
281) V.C. 99: Gedagten En consideratien ontrend Eenige opgegeevene Vraag Poincten..., 21 Maart 1789, pp.1-2 en 5.

duie, 1663 voet stinkhoutplanke, 1500 wavellings, 4000 waspeke, 80 wanawe, 120 wa-asse, 120 waskamels, 60 wadraaiborde, 240 waronge, 120 wadisselbome, 240 gesaagde leerbome, 30 voortange vir ossewaens, 60 voortange vir perdewaens, 120 agtertange, 35 buikplanke, 28 koetsvellings, 60 koetsspeke, 8 koetsnawe, 3 koetsasse en 80 „malwagen“-vellings. ²⁸²⁾ Die koloniste wat hout nodig gehad het, kon dit elke dag behalwe Sondag by die Kompanjie se houtmagasyn „tegens direkte contante betaaling“ ²⁸³⁾ koop.

In September 1790 het die Sterrenschans met die volgende vrag hout uit Plettenbergbaai in Tafelbaai aangekom : 810 geelhoutbalke, 310 geelhoutplanke, 1300 geelhoutduie, 1133 voet stinkhoutplanke, 500 wavellings, 1000 waspeke, 80 gesaagde leerbome, 20 wadisselbome, 20 langwaens, 40 wa-asse, 40 waskamels, 20 wadraaiborde, 50 wanawe, 80 waronge, 10 ossewavoortange, 20 perdewavoortange, 40 agtertange, 1 geelhoutbuikplank en 44 „malwagen“-vellings. Hierbenewens is ook 'n voorraad vir artilleriedoeleindes ontvang. ²⁸⁴⁾ Dit is soos gewoonlik teen vas- ²⁸⁵⁾ gestelde pryse uit die houtmagasyn verkoop.

Elke jaar het die houtkappers nuwe kontrakte gesluit. Feltlik geen opgawes hiervan kan gevind word nie. In 1791 het Cornelis Boota weer die volgende gelewer: 46 geelhoutbalke, 150 geelhoutplanke waarvan 61 van outeniekwageelhout was, 167 wavelings, 434 waspeke, 68 ronge, 17 wa-asse, 14 wadisselbome, 6 paar disselbome van 16 voet, 7 paar waskamels, 6 paar draaiborde, 6 perdewavoortange, 16 wa-agtertange, 4 ossewavoortange, 23 gesaag-

282) C. 86: Resolutien, Julie-Desember 1789, 6 Oktober 1789, p.187.

283) C. 686: Origineel Placcaat Boek, 1787-1792, 6/19 Oktober 1789, p.101.

284) C. 88: Resolutien, Julie-September 1790, 15 September 1790, p.705.

285) C. 88: Resolutien, Julie-September 1790, 15 September 1790, p.705; C. 686: Origineel Placcaat Boek, 1787-1792, 15/24 September 1790, pp.221-222.

286)

de leerbome en 8 wa-nawe.

Gedurende die 6 jaar vanaf die begin van September 1787 tot en met die einde van Augustus 1793 het die pos die volgende timmerhout gelewer: 2933 geelhoutbalke, 3058 geelhoutplanke, 3700 geelhoutduie, 4659 voet stinkhout, 4762 wavelings, 8728 waspeke, 377 wanawe, 440(?) wa-asse, 338 waskamels, 196 perde-wavoortange, 103 ossewavoortange, 271 agtertange, 214 disselbome, 164 draaiborde, 168 langwaens, 740 gesaagde leerbome, 1840 leerskeie, 629 ronge, 136 paar buikplanke, 93 „malwagen“-vellings, 20 „malwagen“-speke, 60 koetsspeke, 28 koetsvellings, 3 koetsasse en 8 koetsnawe.²⁸⁷⁾ Vir dieselfde tydperk is die volgende hout vir artilleriesdoeleindes gelewer: 203 swalpe, 93 nawe, 32 asse, 923 vellings, 2536 speke, 1 langwa, 17 skamels, 31 tange en 13 disselbome.²⁸⁸⁾

Sedert die stigting van die houtpos het die Here Sewentien 'n lewendige belangstelling in die ontginning van die bosse getoon. Hulle was veral geïnteresseerd in die houtsoorte wat daar gevind is. Reeds in Desember 1788 het hulle aan die Politieke Raad opgedra om monsters na Nederland te stuur.²⁸⁹⁾ Hiermee is lank gesloer sodat dit eers aan die einde van 1790 tot uitvoer gebring is.²⁹⁰⁾ Die volgende monsters is in Nederland ondersoek en met 'n opgawe van die gebruik van elke soort na die Kaap teruggestuur: hardepeerhout wat vir blokmakers, meulbouers en stoeldraaiers, maar nie vir kabinetwerkers nie geskik was; keurhout wat vir draaiers, wieldraaiers en wamakers geskik was; assegaaihout wat baie bruikbaar was vir kabinetwerkers, Spaanse

286) C. 799: Gemengde Stukke, 1714-1795, stuk 7, 3 April 1792.

287) C. 214: Bijlagen, Januarie-Februarie 1794, pp.556-557.

288) C. 214: Bijlagen, Januarie-Februarie 1794, pp.538-539.

289) C. 472: Inkomende Briewe, 1788-1789, 31 Desember 1788, p.1099.

290) C. 89: Resolutien, Oktober-Desember 1790, 19 November 1790, p.1140.

stoelmakers en musikale instrumente; swartbashout wat van weinig meer gebruik was as vir draaiers; klipessenhout wat goed vir stoelmakers was; opregte geelhout wat goed was vir „witwerkers”²⁹¹⁾, kismakers, beeldhouers en timmermanne en beter was as „wagenshot”; rooi-elshout wat vir weinig dinge bruikbaar was; outeniekwageelhout wat deur „witwerkers” gebruik kon word; rooihout wat baie bruikbaar was vir kunsdraaiers; olyfhout wat goed was vir kunsdraaiers; saliehout wat goed was vir blokmakers; yperhout wat goed was vir draaiers; stinkhout wat vir geweerlope, skrynwerkers en Spaanse stoelmakers geskik was; witpeerhout wat goed was vir draaiers en melkhout wat vir laasgenoemde doel baie goed was.

Voorts was daar seebashout wat „zeer hard en wreed van Nerf” was en vir draaiers en blokmakers geskik was; witboshout wat vir timmermanne, skrynwerkers en kismakers goed was; kamassiehout wat vir kunsdraaiers en die makers van musiekinstrumente baie goed was; wildegranaathout wat goed was vir draaiers; wilde vlierhout wat vir skaafmakers en kasmakers bruikbaar was; „Wilt Elzen”-hout wat vir klompemakers goed was; boekenhout wat baie geskik was vir kabinetwerk en die maak van „huyscieraaden”; saffraanhout wat goed was vir skaafmakers en kunsdraaiers; koeliahout wat vir draaiers bruikbaar was; buffelhoringhout wat vir dieselfde doel bruikbaar was; swarthout wat vir kabinetwerkers en draaiers goed was; essenhout wat vir die makers van rytuie goed was en kershout wat vir draaiers geskik was. Die volgende houtsoorte is spesiaal vir gebruik as timmerhout aanbeveel: assegaalhout, opregte- en outeniekwageelhout; rooi-elshout, stinkhout, witboshout, „Wilt Essen”²⁹²⁾, boekenhout, saffraanhout en essenhout.²⁹³⁾

291) 'n skrynwerker in growwe hout.

292) in die voorafgaande lys heet dit „Wilt Elzen”. In die lig van die genoemde „Essenhout” is hier waarskynlik „Wilt Elzen” bedoel.

293) C. 219: Bijlagen, 1794, pp.59-63.

'n Periodieke behoefte aan hout het die ontginning steeds gestimuleer. Jaarliks is groot voorrade gekap en na die Kaap verskeep of per wa vervoer. Teen Junie 1795 was die volgende hout vir verskeping gereed: 600 geelhoutbalke, 1725 geelhoutplanke, 10,000 gekloofde geelhoutduie waarvan 8,000 bestem was vir „Leggers en andere Fustagien" en die res vir „Zolders en Platten", 3000 voet stinkhout van 3" dik, 50 buikplanke, 1500 vellings, 3000 speke, 100 asse, 100 skamels, 60 perdewavoortange, 20 ossewavoortange, 100 agtertange, 50 draaiborde, 100 „ordinaire" disselbome en 3 van 16 voet, 300 gesaagde leerbome, 600 ronge, 4 affuitasse, 126 nawe vir affuite en ammunisie- en voorwaens, 1 „Triquebals"-tang, 7 disselbome en 1 langwa vir 'n ammunisiewa, 10 affuitvellings, 21 tange vir ammunisie- en voorwaens, 2 geelhoutplanke van $3\frac{1}{2}$ " dik „tot Beddingen voor de Mortier Stoelen", 25 „Malwagen"-vellings en 20 „Malwagen"-bome.²⁹⁴⁾

Aan die begin van 1790 het dit duidelik geblyk dat in die ontginning van die houtbosse aan die suidkus vir die Kompanjie „een nieuwen zeer lucrative Tak van handel legd op gesloten, waarvan de Voordeelen Steeds moeten accresseeren na mate men oplettend is, om dien Handel op goede gronden te vestigen..."²⁹⁵⁾ Met die oog hierop is in Maart 1790 sekere maatreëls getref. Die kap van hout in Plettenbergbaai het jaarliks teen die middel van hierdie maand 'n aanvang geneem. Aangesien die verdeling van die hout onder die kappers en die ander administratiewe werk baie tyd vereis het omdat „alles distinct en specificq moet werden uitgedrukt" moes die houteise in die Kaap voortaan gedurende Januarie opgestel word.²⁹⁶⁾ Die nuwe voorraad hout uit Plettenbergbaai is nie by die res, wat mag

294) C. 222: Bijlagen, Mei-September 1795, pp.297-298.

295) C. 87: Resolutien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, p.350.

296) C. 87: Resolutien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, pp.351-352.

oorgeskië het van die vorige jaar, gepak nie. Onmiddellik nadat dit afgelaai is, het die Kommissie die vrag ondersoek en 'n opgawe van al die bedorwe hout gemaak. ²⁹⁷⁾ Elke jaar sou die opsigter van die houtmagasyn 'n lys van daardie hout wat hy bevind het te duur of te goedkoop van die hand gesit is, aan die hoofadministrateur voorlê. Ooreenkomstige veranderings sou aangebring word. ²⁹⁸⁾ Die hoofadministrateur, in oorleg met die Kommissie, het 'n berekening gemaak van die gelewerde hout. Dit is aan die Goewerneur voorgelê om deur die Politieke Raad goedgekeur te word. Daarna is dit, saam met die vasgestelde verkoopsprys van elke artikel, deur middel van plakkate bekend gemaak. ²⁹⁹⁾

Die opsigter moes alles in sy vermoë doen om soveel moontlik van die wamaakhout te verkoop voordat die nuwe voorraad ingebring word. Jaarliks, gedurende Augustus of selfs vroeër, moes hy 'n opname van die bedorwe hout maak en aantoon dat dit nie sy skuld was dat dit bederf het nie. Dit is dan per openbare veiling verkoop. Sodoende kon ook hierdie hout aan die einde van genoemde maand in die afsluiting van die boeke betrek word. ³⁰⁰⁾ Hierna is volgens bepaling 5% van die wins op die hout wat vir Kompanjiesdiens gebruik en dit wat verkoop is, aan die opsigter in Plettenbergbaai betaal as sy besoldiging. ³⁰¹⁾ Aan die end van elke maand het die opsigter van die Kaapse houtloods die geld inbetaal wat hy uit die verkope van die inheemse hout ontvang het. ³⁰²⁾

Afgesien van hierdie suiwer administratiewe reëlings was

297) C. 87: Resolusien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, p.353.

298) C. 87: Resolusien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, p.354.

299) C. 87: Resolusien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, pp.354-355.

300) C. 87: Resolusien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, pp.355-357.

301) C. 87: Resolusien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, p.358; C.81: Resolusien, Januarie-Junie 1787, 9 Februarie 1787, pp.130-131.

302) C. 87: Resolusien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, pp.357-358.

dit nodig om „den ondernoomen Handel van de E: Compagnie met het inlands Hout op solide gronden te vestigen, zodanig, dat deselve onder 't aanbrengen van goede winsten Steeds accresseerende...”³⁰³⁾ In Maart 1790 is in die Politieke Raad 'n verslag van De Ridder, Duminiij en Bergh voorgelê. Daarin het hulle sekere maatreëls aan die hand gedoen waarvolgens die genoemde oogmerk verwesenlik kon word. In die eerste plek was dit nodig dat die handel wat die „buijten Lieden” met die Kaapse koloniste in inheemse hout gedryf het, afgeskaf word. Dit moes egter op so 'n wyse gedoen word dat eersgenoemde nie nadelig getref word nie. 'n Genoegsame voorraad hout moes steeds aan die Kaap beskikbaar wees. Die verkoopsprys kon dan so laag gehou word dat hierdie mense „niet als met verlies met de maatschappij in concurrentie kunnen koomen.” Die gevolg sou die beoogde verval van hierdie bedryf wees. Terselfdertyd sou die Kompanjieshandel opbloeï.³⁰⁴⁾ Die private handelaars kon hierna aan die lewering aan die Kompanjie deelneem. Omdat „het hout hakken de geliefste professie, en genoegzaam 't eenigste bestaan van meest alle die lieden” was, sou hulle verplig wees om kontrakte met die Kompanjie te sluit. Terwyl die saak vir hulle dus „alleen van gedaante verandert”, was dit selfs in hulle voordeel. Die koloniste in die Kaap sou voordeel trek deurdat „zij in d' excessive prijzen van het Hout gesoulageerd werden.”³⁰⁵⁾ Die koloniste op die platteland sou dus verplig word om so na as moontlik aan die sentrum van handel en die houtbosse te woon. Hieruit sou volg dat hulle „in beknopter bestecken zig by malkanderen zullende voegen”, waardeur

303) C. 87: Resolutien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, p.362.

304) C. 87: Resolutien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, pp.363 en 364-365.

305) C. 87: Resolutien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, pp.365-366.

die binneland „beeter bewoond“ sou word.³⁰⁶⁾ Indien hierdie redenasie van die Kommissie bewaarheid sou word, sou dit die sosiale motief agter die stigting van dié pos verwesenlik.

Die Kommissie het voorts genoem dat die vermeerdering van leweransiers die Kompanjie in staat sou stel om die bedryf te help op dreef kom en terselfdertyd „het heft in handen“ te hou. Die mededinging van baie lewerensiers sou verseker dat laer pryse sonder veel beswaar aanvaar sou word. Terselfdertyd sou dit „aanhaare zaaken ... die extentie geeven..., welke men zal geraden vinden, en waar voor deselve susceptibel weezen zal.“³⁰⁷⁾ Die houthandel moes dus ook aan die algemene beleid van winsbejag beantwoord. Hierdie oorwegings is verstaanbaar in die lig van die Here Sewentien se opdrag aan die Goewerneur om „deese operatien by voortdurendheid met die meeste exactitude voort te zetten, en daar by alles wat 'S Meesters belang maar eenigsins bevorderen kan, pligtschuldig in 't oog te houden, en ter harte te neemen.“³⁰⁸⁾

Ten spyte van die maatreëls om ook die lewensomstandighede van die koloniste in die Plettenbergbaai-omgewing te verbeter, het dit teen die middel van 1792 geblyk dat hulle bestaansmiddele ontoereikend was. Geen verbetering in hulle finansiële toestand het ingetree nie. Gedurende Julie het kommissarisgeneraal Nederburg en Frykenius die moontlikheid geopper dat die koloniste deur middel van die walvisvangs hul finansiële posisie kon verbeter. Hulle wou ook die Goewerneur se mening met betrekking tot die Plettenbergbaaihandel weet. Indien dit nie volgens sy oordeel genoeg winste afwerp nie, moes hy wyses aan die hand doen waarop dit aan die koloniste oorgelaat kon word.³⁰⁹⁾

306) C. 87: Resolutien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, p.366.

307) C. 87: Resolutien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, pp.366-367.

308) C. 88: Resolutien, Julie-September 1790, 9 Julie 1790, pp.117-118.

309) C. 689: Brieven van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius, 1792-1793, I, 13 Julie 1792, pp.203-206.

In die lig van die ekonomiese chaos van die kolonie is in November 1792 vrye handel langs die ooskus en na Indië aan die koloniste toegestaan. Geen Kompanjieskepe het dus meer hout uit Plettenbergbaai gehaal nie. Alle kontrakte is nietig verklaar.³¹⁰⁾ Die Politieke Raad het besluit om met „bijzondere oplettendheid“ na te gaan hoe die Kompanjie die meeste voordeel van dié bosse kon geniet.³¹¹⁾ Egbertus Bergh en kaptein Francois Duminij is aangestel om dit te ondersoek. Na aanleiding van hulle verslag wat in Februarie 1794 in die Raad ter tafel gelê is, is sekere maatreëls getref. Behalwe die opsigter, het 4 arbeiders, 'n timmerman, 'n smid, 'n wamaker en 'n messelaar voortaan die Plettenbergbaai pos beman. Verder is 'n ossewa en 20 trekosse aangehou.³¹²⁾ 'n Stelsel van ordonnansies is ingestel. Hiervolgens is verlof vir die kap van 12 vragte hout op 'n seël van 12 Riksdalers uitgerek.³¹³⁾ Sodoende het die koloniste stof vir handel gekry terwyl die opbrengs van die seëls die Kompanjie toegekom het. Die koloniste het dus geen skade gely nie sodat hulle nog steeds vir hul huisgesinne kon sorg, aldus Bergh en Duminij.³¹⁴⁾

Die geboue op die pos is aan die hoogste bier verhuur of verkoop. Aangesien die volgende hout nog in die loods was, is 'n besluit oor hierdie gebou uitgestel³¹⁵⁾ : 1337 geelhoutbalke,

+ 310) C. 99: Resolutien, Oktober-Desember 1792, 26 November 1792, pp.668-669: C. 687: Origineel Placcaat Boek, 1792-1795, 26 November 1792/26 Februarie 1793, pp.213-214.

311) C. 99: Resolutien, Oktober-Desember 1792, 26 November 1792, p.669.

312) C. 105: Resolutien, Januarie-Maart 1794, 4 Februarie 1794, p.496.

+ 313) C. 687: Origineel Placcaat Boek, 1792-1795, 31 Januarie/14 Maart 1792, pp.9-10.

314) C. 105: Resolutien, Januarie-Maart 1794, 4 Februarie 1794, pp.452-453.

315) C. 105: Resolutien, Januarie-Maart 1794, 4 Februarie 1794, p.492.

4065 geelhoutduie, 2575 geelhoutplanke, 6969 voet stinkhout van 3" en 1", asook 'n hoeveelheid wamaakhout. Onder die hout vir die artillerie was o.a. : 2 ysterhoutasse vir agtponderkanonne en 2 asse vir sesponders, 85 kanonnawe van verskillende groottes, 1 ammunisiewa-agternaaf en 1 voornaaf, 38 nawe vir voorwaens van 24-, 18- en 8-pond, 10 kanonvellings vir sesponders, 17 tange vir voorwaens, 4 agtertange vir ammunisiewaens, 7 disselbome vir dergelike waens, 1 langwa, 1 „Triquebals"-tang, en 2 geelhoutplanke van $3\frac{1}{2}$ " dik en 22 voet lank. Die afhaal van hierdie voorrade was nie gou te voorsien nie. Die 316) 317)

Huurders en kopers is ook toegelaat om met die inwoners van Kaapstad handel te dryf. 318)

Hierdie toestand van sake het 'n heel nuwe orde vereis. Daar moes nou teen moedswillige vernieling van die bosse sowel as teen bedrog in die gebruik van die seëls gewaak word. Dit is aan die opsigters in Plettenbergbaai en Mosselbaai oorgelaat om hierdie sake en die belange van die Kompanjie te behartig. Die houtkappers wat onder hierdie nuwe stelsel hulle bedryf voortgesit het, het die verlof daartoe in Kaapstad gekry. Die verlofbriewe is deur die landdros van Swellendam geregistreer om sodoende alle „Clandestine"vervoer van hout na die Kaap te beheer. Daarna het hulle die geregistreerde ordonnansie by die opsigter in Plettenbergbaai ingehandig. Hy het die bome wat op elke kontrakteur se perseel gekap mag word, met die Kompanjiesmerk gestempel. Vir elk so 'n boom het hy een skelling (of ses stuiwers) ontvang. Geen bome behalwe hierdie mag gekap word nie. 319) 320)

C. 214:

316) A Bijlagen, Januarie-Februarie 1794, pp.545-547.

317) C. 105: Resolutien, Januarie-Maart 1794, 4 Februarie 1794, p.492.

318) C. 105: Resolutien, Januarie-Maart 1794, 4 Februarie 1794, pp.451-452.

319) C.105: Resolutien, Januarie-Maart 1794, 4 Februarie 1794, pp.453 en 491.

320) C. 105: Resolutien, Januarie-Maart 1794, 4 Februarie 1794, pp.454 en 458.

Hierdie nuwe orde het nie die beoogde welsyn van die houtkapperkoloniste tot gevolg gehad nie. Hulle inkomste was karig sodat die meeste 'n swak bestaan gevoer het. Veral die vervoer van die hout na die Kaap het veel te wense oorgelaat. Die slytasie van 'n wa op hierdie tog kon op 25 Rds. gestel word. Hierby het die feit gekom dat die houtkapper gedurende die reis niks verdien het nie, asook ander moontlike verliese soos dié van vee en ongelukke met die wa. 'n Gewilde berekening was dat 4 arbeiders 14 dae geneem het vir die kap van 'n vrag hout. Hiervoor is 2 Riksdalders per dag begroot. Teen die neëntigerjare het die wamakers 35 tot 40 Rds. vir 'n vrag wamaakhout betaal. Sodoende het die verkoop van so 'n vrag aan die Kaap slegs 'n klein gedeelte van die houtkapper se onkoste en moeite gedek. Dit was dus alreeds in 1794 duidelik dat "een arme houtkapper waarlyk een seer elendig schepzel is."³²¹⁾

Die houtkappers was ook ontevrede oor die verhoging van die ordonnansiegeld en die bedrag wat hulle vir die merk van bome moes betaal. Met betrekking tot laasgenoemde saak het die opsigters hierdie vergunning misbruik. Bome wat onbruikbaar was nadat dit gekap is, is gemerk.³²²⁾ Om hulle misnoë te kenne te gee en 'n verbetering van die toestand aan te vra, is 'n klagskrif aan die landdros van Swellendam oorhandig. Dit is in September 1794 in die Politieke Raad ter tafel gelê.³²³⁾ In Desember het die owerheid besluit om die houtkappers tegemoet te kom op 'n wyse wat nóg hulle nóg die Kompanjie sou benadeel. Die ordonnansiegeld vir die kap van 12 vragte hout is na 3 Riksdalders verlaag. Verder is die opsigters verbied om vir hul eie wins hout te kap of laat kap met 'n boete van 200 Rds. vir 'n oortreding.³²⁴⁾

321) C. 107: Resolutien, September-Desember 1794, 12 Desember 1794, pp. 675-680.

322) C. 107: Resolutien, September-Desember 1794, 12 Desember 1794, pp. 680-682.

323) C. 107: Resolutien, September-Desember 1794, 17 September 1794, pp. 27-28.

324) C. 107: Resolutien, September-Desember 1794, 12 Desember 1794, pp. 686-688; C. 687: Origineel Placcaat Boek, 1792-1795, 12/24 Desember 1794, pp. 529-531.

Die ontginning van die Plettenbergbaaibosse het in 'n groot behoefte aan timmerhout en wamaakhout voorsien. As gevolg van die heersende ekonomiese toestand in die Kolonie is 'n groot deel van hierdie voorsiening, en van die deelname van die koloniste daaraan, ontwrig. Met hierdie grootskaalse ontginning is die waarde van die houtsoorte van die gemengde geelhout- en breëblaarbosse van die suidkus ongetwyfeld erken.

B. Die Aanplant van Bome:

Jan van Riebeeck het reeds in sy rapport op Janszen en Proot se „Memorie” aanplantings aan die Kaap in die vooruitsig gestel. Indien die fort aan die „verse revier” (Liesbeekrivier) gebou word sou die „aen te planten ende op te wassen bomen” die uitsig belemmer.³²⁵⁾ Die eerste proewe en aanplantings wat wel gemaak is, is spoedig as 'n hulpbron van timmerhout en brandhout beskou.

Proewe met saad van die elsboom³²⁶⁾ was die eerste belangrike poging. Van Riebeeck het 'n voorraad wat uit Nederland ontvang is, laat saai. Teen Oktober 1654³²⁷⁾ het nog niks opgekom nie. Gedurende die daaropvolgende jare is meer saad gekry.³²⁸⁾ In Maart 1657 het slegs een boom opgekom. Vasbeslote om hierdie geringe sukses verder te voer, het die Kommandeur nog meer saad, in kaste met grond, aangevra.³²⁹⁾ Dit is by die Kompanjie se tuin agter Tafelberg gesaai. Teen 1661 het dit beter as voorheen opgekom sodat die bome „treffelyck aen 't wassen” was.³³⁰⁾ Sodoende is die elsboom aan die Kaap gevestig. Daar was geen rede om voortaan aan die goeie resultate

³²⁵⁾ C. 409, I: Inkomende Briewe, 1652-1660, Junie 1651, p.28.

³²⁶⁾ Heel waarskynlik van die Alnus-spesie. Sien Stichting Houtvoorlichtingsinstituut Amsterdam: Houtvademeccum, I, p.136.

³²⁷⁾ Bosman en Thom: Daghregister, I, 9 Oktober 1654, pp.255-256.

³²⁸⁾ C. 493, II: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 5 Maart 1657, p.597.

³²⁹⁾ C. 493, II: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 5 Maart 1657, p.617.

³³⁰⁾ C. 494, I: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 4 Mei 1661, p.26.

van hierdie aanplantings te twyfel nie. In 1663 het kommissaris Overtwater aanbeveel dat ernstige aandag hieraan gegee moes word sodat die nedersetting daarvan „binnen korte Jaeren wel merckelijcken dienst ... soude kunnen trecken.”³³¹⁾ Teen die einde van hierdie jaar het die bome so 'n gunstige wasdom bereik dat dit begin het om „wel boven alle andere te emineeren...”³³²⁾ Die suidooste wind het egter die jong else baie verniel.

Op hierdie stadium van die nedersetting het die voorsiening van timmer- en brandhout 'n uitdaging van elke dag geword. Teen Maart 1670 was laasgenoemde in die onmiddellike omgewing van die fort alles afgekap. Die naaste moes 4 myl ver „over bergh en dal” gehaal word.³³³⁾ In die lig van hierdie omstandighede het die Here Sewentien die Kommandeur opdrag gegee om op Robbeneiland, Dasseneiland en elders 'n aantal else bome te plant.³³⁴⁾ As gevolg van die dorheid van hierdie eiland is hiervan afgesien.³³⁵⁾

In Maart 1670 het die Politieke Raad besluit om 'n stuk grond van 12 morge, „streckt zuijt, en noorden opgaande na de oosthoeck van voors Tafelbergh”, met jong else te laat beplant. Daar is geoordeel dat dit daar weelderig sou groei. Hierdeur sou die Kompanjie mettertyd van hout voorsien word terwyl dit terselfdertyd naby die bouwerke sou wees.³³⁶⁾ Sodoende kon die vervoerprobleem opgelos word. Kommissaris Van den Brouck

331) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.152.

332) C. 494, I: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 21 November 1663, p.515.

333) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.259.

334) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 4 en 5 Maart 1670, p.27.

335) C. 495, II: Uitgaande Briewe, 1668-1671, 19 Maart 1670, p.617.

336) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 4 en 5 Maart 1670, p.27.

het goewerneur Borghorst ernstig aanbeveel om hierdie onderneming sonder uitstel aan te pak. Die Kommissaris het die vertroue uitgespreek dat hierdie bos oor ses tot sewe jaar vir kap geskik sou wees.³³⁷⁾ Hierdie besluit en aanbeveling is egter heeltemal geïgnoreer.

Die volgende jaar, 1671, het kommissaris Isbrand Goske hierdie pligversuim sterk afgekeur. Hy was ontevrede dat slegs ongeveer 900 bome gedurende die afgelope 9 jaar gekweek is.³³⁸⁾

Die baastuinier het aangevoer dat hulle nie genoeg kennis gehad het van „te steeken en planten” soos dit in Nederland gedoen is nie. Hierop is die metode aan hulle geleer. Vervolgens het Goske opdrag gegee om 'n begin met die aanplanting op alle aangewese plekke te maak. Ook daar waar die grond „rul, Sandrigh en sabrich” was, moes met die projek voortgegaan word. Indien dit gedurende die volgende paar jaar ywerig voortgesit word, sou daar nooit 'n gebrek aan brandhout wees nie. Die groot koste wat veroorsaak is deur die haal van brandhout op verafgeleë plekke, sou verdwyn. Om hierdie onderneming gouer te voltooi, moes soveel „steeckkloten” as moontlik aan die vryburgers gegee word.³³⁹⁾ Sodoende wou Goske verhoed dat hy van versuim in die aanplantings van elsbome aangekla kon word.³⁴⁰⁾

Ná hierdie vermaning het die Kaapse owerheid gereageer en die besluit van die vorige jaar aangepak. Op daardie stadium was daar egter 'n gebrek aan boompies sodat lank gewag moes word om hierin te voorsien. Hulle kon in elk geval nie voor die aanvang van die reënseisoen met die projek begin nie.³⁴¹⁾

337) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.260.

338) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.285.

339) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, pp.285-286.

340) C. V.C. 36: Raporten der Commissarissen, 1657-1764, p.254.

341) C. 495, II: Uitgaande Briewe, 1668-1671, 23 Februarie 1671, p.1007.

Die groei omstandighede van die els was op daardie stadium goed bekend. Dit het in taamlik vrugbare en nat grond gefloreer. Die enigste voorwaarde was dat dit teen die wind beskut moes wees.³⁴²⁾ In 1679 het een van die koloniste met die saad geëksperimenteer en bevind dat die boom ook op hierdie wyse gekweek kon word.³⁴³⁾ Dit is eienaardig aangesien die saad reeds vanaf 1654 gebruik is.

In Augustus 1679 het die waarnemende gesaghebber, Hendrik Crudop, 'n plek ongeveer 'n uur vanaf die Kasteel vir beplanting met 'n paar honderd gewortelde elsboompies uitgesoek. Indien die resultaat gunstig blyk, sou hiermee voortgegaan word. Dit kon dan as 'n brandhoutbos dien.³⁴⁴⁾ Alle aanplantings is dus redelik naby die fort gemaak sodat die probleem van vervoer so veel as moontlik opgelos kon word.

Die waarde van die kreupelboom as brandhout is spoedig besef. Met die toenemende uitkap daarvan het dit duidelik geword dat hierdie bron slegs deur aanplanting in stand gehou kon word. Versuim hierin het die Kaapse owerheid gedwing om in 1699 aan die Here Sewentien te erken dat indien kreupelbome van die begin af aangeplant is, hulle baie beter van brandhout voorsien sou wees. In Maart van hierdie jaar is dus besluit om die aanplanting van kreupelbome teen die begin van die reënseisoen aan te pak.³⁴⁵⁾

Met dieselfde oorwegings as by die plant van die elsbome, het die Politieke Raad in Maart 1670 besluit om 'n stuk grond van 12 tot 13 morg agter die Kompanjiestuin, wat na die kloof tussen Leeuberg en Tafelberg gestrek het, met kreupelbome te

³⁴²⁾ C. 499, I: Uitgaande Briewe, 1679-1681, 18 April 1679, p.130.

³⁴³⁾ C. 499, I: Uitgaande Briewe, 1679-1681, 18 April 1679, p.129.

³⁴⁴⁾ C. 589: Origineel Dagregister, 1679, 9 Augustus 1679, p.951.

³⁴⁵⁾ C. 495, I: Uitgaande Briewe, 1668-1671, 22 Maart 1669, p.272.

laat beplant.³⁴⁶⁾ Kommissaris van den Brouck het goewerneur Borghorst aangeraai om hierdie onderneming sonder uitstel aan te pak.³⁴⁷⁾ Laasgenoemde se beswaar was dat die stuk grond, alhoewel dit naby die fort en bouwerke geleë was „requireert soo groote beslommeringe dat 'et met 't aanplanten van een kreupel bosch, in veele jaaren niet sal connen beschieten..”

Boonop was die plaaslike bosse nog redelik met brandhout voorsien, sodat die nedersetters vir 'n geruime tyd nie daaraan gebrek sou ondervind nie.³⁴⁸⁾ Die volgende jaar het goewerneur Pieter Hackius 'n ander argument geopper. Die kreupelbosse het skuilplek aan ongediertes verskaf. Dit was dus nie raadzaam om aanplantings so na aan die fort te maak nie. Hulle sou egter nie nalaat om dit op geskikte plekke tot uitvoering te bring nie.³⁴⁹⁾

In Junie 1676 het die Goewerneur die waterplek agter die Leeuberg besoek. Hy wou vasstel of bome wat mettertyd vir brandhout geskik sou wees, op die strand geplant kon word.³⁵⁰⁾

Pogings is ook aangewend om spar- en masbome³⁵¹⁾ aan die

346) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 4 en 5 Maart 1670, p.27.

347) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.260.

348) C. 495, II: Uitgaande Briewe, 1668-1671, 19 Maart 1670, p.618.

349) C. 495, II: Uitgaande Briewe, 1668-1671, 23 Februarie 1671, pp.1007-1008.

350) V.C. 7: Dagregister, 1674-1676, 20 Junie 1676, p.208.

351) „Fijnspar” of „gewone spar” is die Nederlandse benaming vir die Picea abies. Hierdie boomsoort groei nie inheems in Nederland nie maar kom hoofsaaklik in Noord- en Midde-Europa voor. Die hout word vir boudoeleindes sowel as in die skeepsbou gebruik.

Die Pinus silvestris, Pinus sp. div. word in Nederland die „mastboom” genoem. Sy groeigebied is in Noord-, Oos- en Midde-Europa en Siberië, maar dit is ook in Nederland aangeplant. Hierdie hout word as bouhout en vir skeepsbou gebruik. Sien Stichting Houtvoorlichtingsinstituut Amsterdam: Houtvademecum, I, pp.84 en 96.

Kaap te kweek. In Augustus 1656 is 'n paar sparboompies in kaste met die skip Peerl ontvang. Hulle was reeds een tot twee jaar oud en was goed aan die groei. Die Here Sewentien het soveel belangstelling vir hierdie pogings getoon dat die Kaapse owerheid hulle van die resultate in kennis moes stel.³⁵²⁾ Later in die jaar, in November, is 'n vaatjie met masboomsaad ontvang.³⁵³⁾ Teen Maart 1657 het sommige sparboompies doodgegaan sodat ander, asook saad, uit Nederland aangevra is. Daar is weereens 'n poging aangewend om goeie resultate te verkry.³⁵⁴⁾

As ywerige pionier het Van Riebeeck soveel verskillende boomsoorte as moontlik aan die Kaap probeer kweek. In 1656 is proewe met esbome³⁵⁵⁾ gedoen. Teen Oktober het dit begin om „sigh oock fray tot wassen te stellen.“³⁵⁶⁾ Die volgende jaar in Maart is saad in kassies met grond uit Nederland bestel.³⁵⁷⁾ Gedurende die volgende jare is hieraan baie aandag bestee. In 1661 was reeds 1375 esse rondom die Kompanjiestuin geplant.³⁵⁸⁾ In sy „Memorie“ van September 1663 het kommissaris Overtwater goewerneur Wagenaar opdrag gegee om ook aan die plant van hierdie bome ernstige aandag te skenk aangesien dit goeie resultate gelewer het.³⁵⁹⁾

In 1656 is 'n aantal „vaderlantsche eijcken boomen“ geplant.³⁶⁰⁾ Teen Junie het dit gelyk asof hulle sou aard. Dit was wel die geval sodat die Kommandeur in Oktober verklaar het dat die bome goed aan die groei was.³⁶¹⁾ Sodoende is die welbe-

352) C. 409, II: Inkomende Briewe, 1652-1660, 23 Maart 1656, p.413.

353) C. 409, II: Inkomende Briewe, 1652-1660, 30 November 1656, p.509.

354) C. 493, II: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 5 Maart 1657, pp.610 en 617.

355) Waarskynlik 'n Fraxinus spesie.

356) Bosman en Thom: Dagregister, II, 11 Oktober 1656, p.72.

357) C. 493, II: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 5 Maart 1657, p.617.

358) C. 494, I: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 4 Mei 1661, p.26.

359) C. 700 : Memorien en Instructien, 1657-1685, p.152.

360) C. 493, II: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 10 Junie 1656, p.542.

361) Bosman en Thom: Dagregister, II, 11 Oktober 1656, p.72.

kende eikeboom aan die Kaap gevestig. Gedurende die daaropvolgende jare is dit slegs op beperkte skaal aangeplant. In sy „Memorie" het kommissaris Overtwater beveel dat aan hierdie bome aandag gegee moes word.³⁶²⁾ Die suidooste wind het ook hierdie aanplantings verniel.³⁶³⁾

Die veeroof deur die Hottentotte het vir die nedersetters 'n periodieke probleem geskep. In November 1659 is die vryburgers aan die anderkant van die Liesbeekrivier beveel om hulle landerye te omhein. Diegene wat aan hierdie kant van die rivier gewoon het, moes die plekke waar vee deurgejaag kon word met „pega peges" afkamp. Verder moes „bitter amandel boomen" daar geplant word.³⁶⁴⁾ Die lengte van die voorgestelde grensheining was 3673 roede. Vanaf die see tot by die vernaamste „ruyterwacht" was 'n afstand van 1320 roede. In Februarie die volgende jaar is besluit om die orige 2353 roede 'n voet breed te laat omploeg. Dit sou dan met „bitter amandelboomen" ende alderhande braem ende steeckdoorn" beplant word.³⁶⁵⁾ Van Riebeeck het reeds in April 1654 met die bitteramandel kennis gemaak toe hulle 'n Hottentotkraal agter Tafelberg besoek het.³⁶⁶⁾ Volgens die Kommandeur sou die beplande heining binne 4 tot 5 jaar tot 'n „goede, dichte ende stercke beschuttingh" ontwikkel. Hy het bevind dat die bitteramandel „alsoo weligh als eenige willigh in 't Vaderlant groeyende ende dick hout settende is..." Die vrugte was teen die einde van Maart en begin April ryp. Dit kon dan versamel word om teen

362) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.152

363) C. 494, II: Uitgaande Briewe, 1662-1667, 21 November 1663, p.515.

364) S.A.Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 7 November 1659, p.222; Bosman en Thom: Dagregister, III, 7 November 1659, pp.154-155; C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 7/9 November 1659, p.136.

365) Bosman en Thom: Dagregister, III, 23, 24 en 25 Februarie 1660, p.187.

366) Bosman en Thom: Dagregister, I, 7 April 1654, pp.214-215.

die volgende reënseisoen gesaai te word.³⁶⁷⁾ Op 12 Julie 1660 het Van Riebeeck uitgegaan om bevele te gee in verband met die begin van die plantery.³⁶⁸⁾ Teen Mei die volgende jaar het die struik mooi opgekom. Van Riebeeck het bereken dat dit in 5 tot 6 jaar 'n „bysonder schoone, dichte hegh" sou wees.³⁶⁹⁾

Die bitteramandel, beter bekend as die wilde-amandel (Brabeium stellatifolium) is 'n inheemse struik van die familie Proteaceae. Dit groei dig en bereik 'n hoogte van 20 voet of meer. Die stam kan teen die grond 'n deursnit van 3 duim ? bereik.³⁷⁰⁾ Dit was dus by uitstek vir hierdie doel geskik. Palmer en Pitman beweer tereg dat "The wild almond has the distinction of being the first indigenous tree to be cultivated in South Africa."³⁷¹⁾

Die vernieling wat die wind, veral die suidooster, aan die jong bome en die Kompanjiestuin aangerig het, het meer aandag geveer. Die beste oplossing was om dit met ander plantegroei te omhein. Op 29 en 30 Augustus 1656 het Van Riebeeck die omliggende veld deurkruis op soek na geskikte plante hiervoor. Hy het 'n „soorte van sparreboom" gevind wat ongeveer een vaam (6 voet) hoog was. Dit het baie soos die sparboompies gelyk wat vroeër die maand uit Nederland met die Peerl ontvang is.[?] 'n Paar hiervan is by die Kompanjiestuin verplant terwyl enkele lote in die grond gesteek is.³⁷²⁾ Twee dae later is agter Tafelberg, naby die houtbosse, meer van hierdie boompies gevind.

367) Bosman en Thom: Dagregister, III, 23, 24 en 25 Februarie 1660, p.187.

368) Bosman en Thom: Dagregister, III, 12 Julie 1660, p.249.

369) Bosman en Thom: Dagregister, III, 13 Mei 1661, p.366.

370) Rycroft, H.B.: The Van Riebeeck hedge at Kirstenbosch: past, present and future, in Die Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Bosbouvereniging, no.31, Junie 1958, p.21.

371) Palmer, E. en Pitman, N.: Trees of South Africa, p.216.

372) Bosman en Thom: Dagregister, II, 29 en 30 Augustus 1656, p.64.

Hulle was ongeveer 5 tot 7 voet hoog en redelik verdor. 'n Aantal is naby die fort en elders „op wat vetter gronden” verplant om vas te stel of dit daar sou groei. Op 2 September het hulle hierdie boomsoort in 'n redelike oorfloed teen die noordelike hang van Tafelberg gevind. Dié bome het egter 'n groter ooreenkoms met die „genever”-boom as met die sparboom getoon.³⁷³⁾ In Julie 1657 is nog meer van hierdie jong bome uit die bos om die Kompanjiestuin verplant.³⁷⁴⁾ Die vryburgers het hulle landerye en tuine met 'n sogenaamde „speeckboom” omhein. Dit het vinnig „tot een hooge rechte heester” gegroei.³⁷⁵⁾

Die aanvanklike proewe en aanplantings is gedoen met die doel om in die behoeftes aan timmerhout en brandhout te voorsien. Hiervan het feitlik niks gekom nie. Verder is dit onderneem as deel van die verdedigingswerke sowel as beskerming teen die natuurelemente. Proewe is ook met ander saad gedoen maar het nie bruikbare resultate gelewer nie. Teen Oktober 1654 het 'n paar „haesneuteboomen” opgekom van die neute wat uit Nederland ontvang is.³⁷⁶⁾ In 1656 is „lepelbladensaet” uit Hoorn gekry. In Oktober en November is dit op skaduryke en vogtige plekke in die bos gesaai.³⁷⁷⁾

Simon van der Stel het hom vanaf die begin van sy bewindsaanvaarding voorgeneem om aanplantings met ywer uit te voer. Hy is ingelig dat, naas elsbome, eikebome en esbome „ongemeen wel tieren.” Die akkers was net so goed soos dié van Nederland. Reeds in Desember 1679 het Van der Stel besluit om ge-

373) Bosman en Thom: Daghregister, II, 1 en 2 September 1656, p.65. Die presiese identiteit van hierdie inheemse bome is onbekend. Dit kon heel moontlik die bergsapree (Widdringtonia cupressoides) gewees het.

374) Bosman en Thom: Daghregister, II, 9 Julie 1657, p.140.

375) C. 499, I: Uitgaande Briewe, 1679-1681, 18 April 1659, pp.128-129.

376) Bosman en Thom: Daghregister, I, 9 Oktober 1654, p.255.

377) Bosman en Thom: Daghregister, II, 24 Oktober en 4 November 1656, pp.77 en 79.

durende die volgende reënseisoen op 'n paar plekke akkers te laat saai. Dieselfde sou met die esse gedoen word. Hy het gehoop dat dit suksesvol sou wees "en tot geen geringe nut en dienst deser residentie gedijen sal..."³⁷⁸⁾ Hierdie en die daaropvolgende aanplanting van eikebome, saam met die pogings van sy seun Wilhem Adriaen, is genoegsame regverdiging om die jare 1679-1707 die "eike tydperk" te noem.

Die volgende jaar het die feit dat die herhaaldelike aanmanings om bome te plant, geïgnoreer is, 'n skerpe teregwyding van kommissaris Abbema ontlok. Alhoewel die aanplant van else en ander bome vir timmerhout- en brandhoutdoeleindes soveel as 10 jaar tevore deur kommissaris van den Brouck aanbeveel is, is weinig vordering daarmee gemaak. Tot Abbema se groot blydskap het Van der Stel 'n begin gemaak deur in 'n paar geskikte valleie boomsaad te saai wat reeds ses duim hoog gegroei het. Dit het hom laat besluit om geen verdere vermanings en opdragte uit te reik nie, maar die onderneming aan die "goeden ijver" van die Kommandeur oor te laat.³⁷⁹⁾ In 1681 het kommissaris Van Goens (jr.) ook opgemerk dat van die aanbevelings met betrekking tot aanplanting weinig tereggekome het, "als met de comste van den presenten commandeur, die daer toe grootten ijver besteet heeft..." Simon van der Stel het dus reeds erkenning gekry vir wat hy tot op daardie stadium gedoen het. Van Goens het hom gemaak om hierdie werk voort te sit asook om die vryburgers hierin aan te moedig.³⁸⁰⁾

Van der Stel het sy voorgangers die skuld vir die swak stand van die aanplantings gegee. Aangesien hulle hierdie noodsaaklike werk so "slap beijvert" het, sou die beoogde doelwit nooit be-

378) C. 499, I: Uitgaande Briewe, 1679-1681, 23 Desember 1679, pp.395-396.

379) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.354.

380) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.366.

bereik word nie. Hy was ook verbaas dat voorheen soveel oor die aanplantings van else en ander bome vir brandhoutdoeleinde gepraat is, maar niks noemenswaardigs verrig is nie. Terselfdertyd is alle hout voor die voet weggekap sodat op daardie stadium 'n gebrek geheers het. Die Kommandeur sou egter nie nalaat om hierdie behoefte aan te vul nie.³⁸¹⁾

Met hierdie doel voor oë is gedurende 1681 „nettelijske duijsent“ eikebome in die Kompanjiestuin en veral teen die berg-hange van die Tafelvallei geplant. Akkers sowel as jong bome is aan die vryburgers uitgereik, en hulle is „Ernstigh gerecom-mandeert“ om die werk ywerig uit te voer.³⁸²⁾ Dit het vir die Kommandeur duidelik geword dat hierdie bome meer as al die ander „hier ongemeen weeldrigh voort wil...“ 'n Eienaardig-heid het voorgekom: sommige akkers het eers ná 'n jaar ont-kiem, maar daarna het hulle vinnig gegroei. Hierdie sukses het hom laat besluit om op geskikte plekke naby die fort met die plant van groot hoeveelhede eike voort te gaan.³⁸³⁾ Daar is dus steeds gepoog om terselfdertyd die vervoerprobleem op te los.

In 1682 was gewese goewerneur-generaal Van Goens pessimis-ties oor die beskikbaarheid van brandhout. Volgens sy mening was die verbod op die gebruik van kreupelbome nie voldoende nie. Die Kommandeur moes ook toesien dat 'n verskeidenheid van boom-soorte vir hierdie doel, en vir timmerhout, aangeplant word. Veral eike-*, esse-, boeken- en kastaininghout was hiervoor ge-skik. Enige ander boom wat plaaslik goed aard, kon ook gekweek word. Dit moes sonder verdragings gedoen word sodat oor 15 tot 20 jaar 'n oorvloed van hout beskikbaar sou wees. Van Goens het dit die Kommandeur op die hart gedruk dat „aan welkers aan-

381) C. 499, II: Uitgaande Briewe, 1679-1681, 20 Maart 1681, p.723.

382) C. 500, I: Uitgaande Briewe, 1682-1684, 23 April 1682, p.57.

383) C. 500, I: Uitgaande Briewe, 1682-1684, 23 April 1682, pp.57-58.

plantingh en culture ... den dienst der E Comp^e, ende 't wel-
varen van dit Land seer veel gelegen is..."³⁸⁴⁾

By Klapmuts is 'n klein stuk grond, wat in die laagte tussen twee heuwels geleë, was, met eike en esse beplant. Aangesien daar geen „heggen of bemantelingh van ander hout" was om die jong bome teen die fel winde te beskerm nie, is nie veel hiervan verwag nie.³⁸⁵⁾

Teen die middel van die tagtigerjare is nie veel meer vor-dering met die aankweek van bome vir timmerhoutdoeleindes ge-
maak nie. Afsiesien van in die Kompanjiestuin is by „Rondebos-
jen" 'n klompie eike geplant. Voorheen is in die bergklowe
boomsaad uitgestrooi maar dit is blykbaar deur die sterk reën
weggespoel of „onder den drop van de groote boomen verstikt..."
Slegs 'n paar else het so opgekom.³⁸⁶⁾

Met sy besoek aan die Kaap in 1685 het H.A. van Reede die
aanplantings in die Paradysbos ondersoek. Hy wou vasstel of
dit die moeite werd was om aandag daaraan te skenk, en indien
wel, hoe dit tot nut van die Kompanjie gebruik kon word. Ná
'n moeitevolle tog tot bo teen die bergh het hulle slegs „twee
elsenstruijken of boomen soo dick als een mans arm" aangetref.
Volgens die baashoutkapper, Karel Tetro, het hoër op nog 'n
elsboom gestaan wat al vrugte begin dra het. Dit het geblyk
dat Van der Stel nooit self hierdie aanplantings besoek het nie,
maar sy kennis daarvan op „quaet rapport" gegrond het.³⁸⁷⁾ Hier-
oor was Van Reede redelik verontwaardig. Hy het hom egter
weerhou om die Kommandeur van „malitie ende gebreck van op-
regtigheijt" te beskuldig. Van Reede het Van der Stel aange-
raai om „in het toekomstige voorsigtiger en soo los en onseker
niet te sijn omtrent informatien, daervan men bij ondersoek

³⁸⁴⁾ C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, pp.428-429.

³⁸⁵⁾ Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 23 Mei 1685, p.134.

³⁸⁶⁾ Theal, G.H.: Belangrijke historische dokumenten, I, p.22.

³⁸⁷⁾ Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 27 Mei 1685, pp.142-143.

het contrarie konde uijt vinden..."³⁸⁸⁾

Voorts het Van Reede die Kommandeur beveel om op verskeie plekke in die bos stukke grond van 10 tot 12 vierkante roede te laat skoon maak. Hier moes dan aanplantings van „vaderlands houwt" gemaak word. Die houtkappers moes vir die versorging hiervan verantwoordelik gehou word. Elke drie maande moes persone spesiaal aangestel word om dit te besoek en te besorg. Daarna moes hulle skriftelike rapport aan die Kommandeur lewer. Dieselfde prosedure moes in verband met ander aanplantings gevolg word.³⁸⁹⁾ By Klapmuts moes dit op 'n plek gedoen word waar die bome teen die wind beskut was en waar voldoende water en vrugbare grond was.³⁹⁰⁾ In Stellenbosch moes die aanplantings op bevel van en onder toesig van die plaaslike owerhede aangepak word. Dit kon in 'n enkele bos of op verskeie plekke gedoen word.³⁹¹⁾

Met betrekking tot aanplantings in die algemeen het Van Reede genoem dat „geen beter plaetsen konnen werden gevonden, dan daer de nature selver bosschen en swaer geboomte voortbrenghet...", naamlik in die bergklowe waar dit beskut was teen die wind en genoeg water gehad het. Op alle ander plekke moes dit deur heinings van inheemse struik of bome beskerm word, soos in die Kompanjiestuin en by „Rondebosje".³⁹²⁾ Van Reede het dit belangrik geag dat goeie sorg steeds gehandhaaf word. Slegs op hierdie manier sou progressiewe resultate verkry

388) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 27 Mei 1685, pp.142-143.

389) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 27 Mei 1685, pp.143-144.

390) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 23 Mei 1685, p.134.

391) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 13 Julie 1685, p.217; C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, pp.491-492; C. 708: Instructien voor Commandeur S. van der Stel door H.A. van Reede, 1685, pp.83-84.

392) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 23 Mei 1685, pp.134-135.

word met die hoop om „het goede oogmerk te boven te komen.”³⁹³⁾

Hierdie deeglike ondersoek en opbouende kritiek het Simon van der Stel tot daadwerklike optrede aangespoor. In Junie 1687 is 'n begin gemaak met die aanplant van inheemse en ingevoerde bome op die buiteposte.³⁹⁴⁾ Van die ander aanplantings het ongeveer 4000 tot 5000 eikebome die volgende jaar in April akkers gedra. Hierbenewens was meer as 50,000 boompies gereed vir uitplant binne die volgende twee jaar.³⁹⁵⁾

Die „andringende schaarzheid” van hout vir timmer- en branddoeleindes het steeds geheers. Verskillende metodes van aanplanting is gebruik om hierin te voorsien. In Julie 1689 is die onderneming na die koloniste uitgebrei. Alle „inwoners ten platten lande geseten” is beveel om die landerye wat al 4 jaar lank in hulle besit was, jaarliks met 100 jong eike te omplant. Hiervoor sou die Kompanjie akkers sowel as jong boompies aan hulle uitreik. Hulle was vir die plant en versorging hiervan verantwoordelik, met 'n boete van 25 Riksdalders indien hulle versuim om hierdie bevel uit te voer.³⁹⁶⁾ Twee jaar later is hierdie getal na 200 tot 300 vermeerder.³⁹⁷⁾

In April 1691 het die vryhoutsaers Joost Pietersz en Borchard Pietersz met die owerheid 'n kontrak gesluit om die Kompanjiesbos in Houtbaai vir 5 jaar te bewerk. Indien hulle die voorwaardes verbreek, moes hulle op eie koste jaarliks 3,000 eikeboompies in die bos plant.³⁹⁸⁾ Aan die vryburgers is ook 'n stuk grond gegee om met verskillende boomsoorte te beplant.³⁹⁹⁾ Teen Julie 1693 was 'n gedeelte van 24,000 eike reeds daar geplant. Dit was bedoel vir 'n brandhout- en

393) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 27 Mei 1685, p.144.

394) C. 592: Origineel Dagregister, 1687, 7 Junie 1687, p.339.

395) C. 502: Uitgaande Briewe, 1688-1690, 26 April 1688, p.62.

396) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 18 Julie 1689, p.211; C. 681: Origineel Placcaat Boek, 1686-1709, 18/26 Julie 1689, pp.66-67; C. 593: Origineel Dagregister, 1689, 18 Julie 1689, pp.248-249; St. 19/23: Diverse Instruksies, 1685-1811, 29 Desember 1689.

397) C. 503: Uitgaande Briewe, 1691-1692, 29 Junie 1691, p.111.

398) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 3 April 1691, p.237.

399) C. 504: Uitgaande Briewe, 1693-1695, 12 April 1693, pp.107-108.

timmerhoutbos vir die Kompanjie. Die res sou spoedig in die grond gesit word. Die volgende maand het Van der Stel persoonlik toesig gehou oor die uitplant van bome. ⁴⁰⁰⁾

Ten spyte van hierdie ywer het die Here Sewentien Van der Stel in 'n skrywe van 1694 beskuldig dat hy te min bome geplant het. In sy brief van Mei 1695 het die Goewerneur op die saak ingegaan. Hy het genoem dat hy hierdie onderneming sedert sy koms na die Kaap op die hart gedra het. Behalwe 'n groot aantal vrugtebome, is in die bosse van die Houtbaakloof 4,000 eike geplant. By die Steenberge is 4,379 eike geplant en by Rustenburg 3,600 eike, benewens 459 else en 81 esse. Op Klapmuts is 1,008 en by die Schuur 5,000 eike geplant. 'n Verdere 11,000 eike is in die Kompanjiesbosse in die grond gesit. Hierdie aanplantings het almal „wel en weelrig" gegroei. Hierbenewens het die Goewerneur genoem dat hy die vorige vyf jaar jaarliks 'n groot stuk grond op Rustenburg met akkers besaai het. Hiervan het reeds „een ontelbare menigte jonge eijke boomtjies" opgekom en hulle kon op daardie stadium volgens verhouding van jaar tot jaar uitgeplant word. Daarby moes nog die verpligte aanplantings van die koloniste gereken word. Dit het onder toesig van die fiskaal gestaan aangesien die Goewerneur gedurende „dese conjuncture van tijden" nie baie lank van die Kasteel afwesig kon wees nie. Van hierdie kultuur was mettertyd „het gerequireerde genot" te wagte. Dit kon reeds die geval gewees het indien sy voorgangers „daar omtrent niet al te onagtsaam waren geweest, ende dat werk van de hand gewesen hadden." Volgens Van der Stel was daar geen bewyse dat sy voorgangers meer as 80 eikebome by Rustenburg aangeplant het nie. Hy het die hoop gekoester dat die kolonie as gevolg van die huidige aanplantings nooit 'n gebrek aan timmerhout sou onder-

400) V.C. 13: Dagregister, 1693-1695, 29 Julie en 5 Augustus 1693, pp.217 en 221.

401)
vind nie.

Die Goewerneur het voortgegaan om die koloniste en die plaaslike owerhede in die aanplantings te betrek. Hy het herhaaldelik die noodsaaklikheid van die aanplant van eikebosse en ander boomsoorte aan die Kaapse burgerrade en die owerhede van Stellenbosch en Drakenstein voorgestel. Om dit tot uitvoering te bring, het hy aan die heemrade van Stellenbosch en Drakenstein 'n geskikte stuk grond toegewys. Tot ergernis van die Goewerneur het hulle teen 1695 nog niks in hierdie verband gedoen nie. Dit was onrusbarend in die lig van die toenemende behoefte aan timmerhout en veral brandhout. Dit het hom genoop om in November 1695 die genoemde owerhede te beveel om voorts aan die beoogde boskultuur uitvoering te gee. Vir hierdie doel het hy 'n geskikte plek agter Wynberg, die sogenaamde „Wolvegat“, aan die burgerrade toegewys. Elke huisgesin was verplig om vir hierdie werk een arbeider af te staan of persoonlik te gaan help. Indien daar verdere vertraging of weiering was, sou dit op onkoste van die koloniste gedoen word. Die burger-⁴⁰²⁾rade het onmiddellik met die stuk werk begin sodat teen Augustus 1696 reeds ongeveer 3,000 eike geplant is. Hulle sou voort-⁴⁰³⁾gaan om „jaarliks by parceelen dese plantagie te perfectereen.“

In September 1693 het die landdros en heemrade van Stellenbosch die Goewerneur versoek om met die aanplant van 'n bos in Drakenstein te begin aangesien daar 'n geskikte stuk grond van 20 morge braak gelê het.⁴⁰⁴⁾ Henning Huisingh het aangebied om twee morge grond in Stellenbosch om te ploeg en met akkers te besaai.⁴⁰⁵⁾

401) C. 504: Uitgaande Briewe, 1693-1695, 9 Mei 1695, pp. 1062-1065.

402) C. 505: Uitgaande Briewe, 1696-1698, 1 Augustus 1696, pp.222-224; S.A.Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 2 November 1695, p.293.

403) C. 505: Uitgaande Briewe, 1696-1698, 1 Augustus 1696, p.224.

404) St. 1/1: Notule van landdros en heemrade, 1691-1707, 11 September 1693, p.16.

405) St. 1/1: Notule van landdros en heemrade, 1691-1707, 28 November 1695, p.80.

Op sy laaste reis het Van der Stel egter bevind dat hierdie aanplantings nie op geskikte grond gedoen is nie. Om dit in die toekoms te voorkom, moes die vryburgers „daar in ondersteunt en de behulpsaame hand geboden ... werden...”⁴⁰⁶⁾ Hy was daarop gesteld dat die aanplantings teen die suidooste wind beskut moes wees, en origens op vrugbare grond aangepak moes word. In sy instruksies aan sy opvolger en seun, Wilhem Adraen, stel hy dit dan ook duidelik. Die 16,000 „jonge en seer teedere plantsoenen” wat 9 tot 10 jaar vantevore in „swarte goede grond” teen Tafelberg geplant is, het 'n hoogte van 36 voet, met 'n deursnit van 7 tot 8 duim op die grond, bereik. In die bosse was daar nog verskeie plekke waar aanplantings gemaak kon word.⁴⁰⁷⁾

Volgens Simon van der Stel was die eikekultuur tot op daardie stadium so omvangryk dat „men in korte jaaren van bequame balken en planken en sulks uijt oorsaake van soo grooten quantijt boomen van genoegsaam timmerhout sal kunnen voorsien werden, en daar van ook voorsien blijven...”⁴⁰⁸⁾ Dit was duidelik dat hy die waardevolle hout van die Europese eik in gedagte gehad het. In Suid-Afrika groei hierdie boom egter te vinnig sodat die hout vir bogenoemde doel nutteloos is. Dit kan wel vir brandhout gebruik word. Die goed bedoelde pogings van Simon van der Stel het dus geensins die behoefte aan timmerhout verlig nie.

Hy het ook met ander boomsoorte proewe gedoen. Saad van die „boekebomen” is uit Nederland ontvang, maar aangesien dit verstik was, het daar niks van gekom nie. Teen April 1687 het

⁴⁰⁶⁾ Botha, C.G.: Collectanea, I, Van Riebeeckvereniging, 5, pp.17-18.

⁴⁰⁷⁾ Botha, C.G.: Collectanea, I, Van Riebeeckvereniging, 5, p.17.

⁴⁰⁸⁾ Botha, C.G.: Collectanea, I, Van Riebeeckvereniging, 5, p.17.

'n paar spar- en masbome opgekom. Hierdie resultate het hom nie laat twyfel „an derselver verder anwas" nie. ⁴⁰⁹⁾

Wat die aanplant van bome betref, het goewerneur Wilhem Adriaen van der Stel geen aanmoediging van sy vader nodig gehad nie. ⁴¹⁰⁾ Reeds in Julie 1699 het hy na die Kompanjiesbosse by „ronde bosje" gegaan. Daar was nog baie geskikte plekke om bome te plant. Hy het dus beveel dat 'n paar duisend eikeboompies geplant word. In hierdie voorneme is hy gesterk deur die feit dat die eike wat 'n paar jaar vantevore in die ou bos geplant is, baie weelderig gegroei het. ⁴¹¹⁾ Aan die einde van die reënseisoen was meer as 30,000 bome geplant. Ook hý het die hoop op hierdie kultuur gevestig om in die groot behoefte aan timmerhout te voorsien. ⁴¹²⁾

Die aanplantings wat deur sy voorganger in die „kolonies" begin is, is deur Wilhem Adriaen voortgesit. In Augustus 1699 het hy landdros Ditmars van Stellenbosch aangesê om elke vryburger aldaar en in Drakenstein te beveel om so gou as moontlik 'n wa na „ronde bosje" te stuur. Hulle moes 20,000 jong eike aanry waarvan 12,000 in eersgenoemde „kolonie", en die res in Drakenstein, geplant moes word. Hy het die landdros uitdruklik opdrag gegee om dit so gou as moontlik „inde vervallen plaatsen der bosschen" deur die slawe van die vryburgers te laat doen. Die boompies moes onder geen omstandighede op die vlaktes geplant word nie. ⁴¹³⁾ Die plaaslike owerhede was egter traag in die uitvoering van hierdie bevel sodat die plante in

⁴⁰⁹⁾ C.501: Uitgaande Briewe, 1685-1687, 18 April 1687, pp.639-640.

⁴¹⁰⁾ Boëseken, A.J.: Simon van der Stel en sy kinders, p.164.

⁴¹¹⁾ V.C. 15: Dagregister, 1699-1701, 15 Julie 1699, pp. 288-289.

⁴¹²⁾ C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 1 Maart 1700, p.709.

⁴¹³⁾ C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 29 Augustus 1699, pp.552-553; V.C.15: Dagregister, 1699-1701, 29 Augustus 1699, pp.385-386.

Julie 1700 nog nie afgehaal was nie. Aangesien die planttyd haas verby was, het die Goewerneur landdros Ditmars aangesê om dadelik aan hierdie opdrag uitvoering te gee. ⁴¹⁴⁾

Die eikeboom het nie net as bron van timmerhout gedien nie. In Julie 1701 is 'n wa met jong plante na Stellenbosch gestuur om langs die strate geplant te word. ⁴¹⁵⁾

Gedurende W.A. van der Stel se regeringstyd het die voorsiening van brandhout 'n ernstige vraagstuk geword. In Junie 1702 het die Here Sewentien in 'n skerpe teregwysing verklaar dat „ingevalle men hadde opgevolght d' ordre all van over de dertigh en vertigh Jaeren aff van hier gegeven en tot verscheijde malen gerenoveert, tot het aenplanten van allerhande soorten van boomen" sou die kolonie op daardie tydstip nie 'n gebrek ondervind het nie. Die Goewerneur is dus by herhaling baie ernstig aanbeveel om hieraan uitvoering te gee. ⁴¹⁶⁾ Een van die metodes hiertoe was dat alle grond nog steeds uitgegee is met die bepaling dat eike of ander bome daarop geplant moes word. ⁴¹⁷⁾ Die Goewerneur het nie veel meer gedoen om die vraagstuk die hoof te bied nie.

Wilhem Adriaen het ook ander boomsoorte probeer kweek, sonder noemenswaardige resultate. In 1700 is spar- en masboomsaad uit Nederland aangevra. Hy het ook saad van die lindeboom, die swartpopulier en die „jpe boom" versoek. ⁴¹⁸⁾

Indien die aanmoediging by Wilhem Adriaen van der Stel nie ontbreek het nie, het die volgehoue ywer beslis kortgekom.

Goewerneur W.A. van der Stel se opvolgers het in die verdere

⁴¹⁴⁾ C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 19 Julie 1700, p.1045.

⁴¹⁵⁾ C. 507: Uitgaande Briewe, 1701-1703, 13 Julie 1701, pp.324-325.

⁴¹⁶⁾ C. 426, I: Inkomende Briewe, 1703-1704, 21 Junie 1702, pp.888-889.

⁴¹⁷⁾ C. 507: Uitgaande Briewe, 1701-1703, 1 April 1703, p.839.

⁴¹⁸⁾ C. 424, II: Inkomende Briewe, 1699-1700, p.768. Die „jpe boom" was waarskynlik die Iepboom (Ulmus sp. div.).

boskultuur volhard. Op las van goewerneur Louis van Assenburg het die landdros van Stellenbosch in Julie 1709 'n reglement uitgevaardig waarvolgens die kolonie met eikebome beplant moes word. Dit is hoofsaaklik langs die strate geplant sodat versiering blykbaar die hoofdoel was. Die werk was vir alle inwoners van Stellenbosch verpligtend, en is onder toesig van die landdros en 3 heemrade uitgevoer.⁴¹⁹⁾ Die volgende jaar het hierdie owerhede by die Goewerneur verlot gevra vir die verdere aanplant van 'n paar bome ter versiering van die paaie. Hulle wou ook in die „bosschaadien“ bome kweek waarvan die hout mettertyd vir Kompanjiesgebruik nuttig sou wees. Die Politieke Raad het die eerste saak aan die inisiatief van die landdros en heemrade oorgelaat. Die ander onderneming sou deur die Raad ondersoek, en die nodige besluit daarvoor geneem word.⁴²⁰⁾

In April 1711 het die Politieke Raad die landdros en heemrade van Stellenbosch weer ernstig aangeraai om bome langs die paaie te plant. Hulle moes dit met alle ywer „versieren en plaijsierig ... maken.“ Afgesien hiervan sou „nogh eenigh nut van 't hout ... te bekoomen zijn.“⁴²¹⁾ Die volgende jaar het die Goewerneur vir hierdie doel 1,000 eike vanaf „Ronde bos“ na Stellenbosch gestuur. Dit moes ook gebruik word om die dooie boompies te vervang.⁴²²⁾

Die meeste grondbriewe het die eienaar verplig om jong eike of ander bome in die plek van dié wat afgekap is, te plant. Hieraan is weinig uitvoering gegee as gevolg van veral twee redes. Die meeste boere het slegs 60 morge grond besit. Indien hulle nog bosse moes aanplant, sou die plasies te klein wees

419) St. 19/23: Diverse Instruksies, 1685-1811, 24 Julie 1709.

420) C. 7, II: Resolusies, 1700-1710, 10 Februarie 1710, p.516; St.19/23: Diverse Instruksies, 1685-1811, datum onvermeld.

421) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 13 April 1711, p.214.

422) St.1/4: Notule van landdros en heemrade, 1711-1715, 4 Julie 1712, p.37.

"tot culture der landbouw..." Hierdeur sou hulle enigste middel tot broodwinning ingekort word. Verder het die plant van bome naby die koringlande en wingerde voëls aangelok wat groot skade kon aanrig. In die lig hiervan het die Politieke Raad in April 1711 besluit dat die landdros en heemrade voortaan aan elke boer, of aan 'n paar wat naby mekaar gewoon het, geskikte plekke sou aanwys om aanplantings te maak. Dit moes dan onder toesig van die plaaslike owerhede begin word sodat "een gewenscht oogwit mag werden bereijkt en dat men niet eens destituijt van 't selve geraake."⁴²³⁾ In Julie 1712 het die Stellenbosse kollege besluit om in "de Valleije boven het Land van den Oud Heemraad Matthijs Greef, die strekkende is na de Bottelarye" so 'n eikebos te begin.⁴²⁴⁾ Die bepaling van die grondbriewe is dus gewysig om by die besondere omstandighede van die koloniste aan te pas. Besliste pogings is daarna aangewend om dit tot uitvoering te bring. Met die oog hierop het die Here Sewentien in Augustus 1712 die Goewerneur beveel om aanplantings op die geskikste plekke te laat doen. Hiertoe moes "geen moeijte of vlijt" gespaar word nie.⁴²⁵⁾

Die Here Sewentien het die Kaapse Goewerneur periodiek aangesê om met alle moontlike middele die aankweek van "houd-gewasch" te bevorder. Dit was die aanleiding in 1716 vir die ondersoek na 'n geskikte plek om eikebome te plant. In Augustus van hierdie jaar het die Politieke Raad besluit om by die sogenaamde "Klijgat", naby die Hel, ongeveer 60,000 tot 80,000 eike te plant. Die planttyd was op daardie stadium egter verby. Daar is dus besluit dat 10 slawe die stuk grond gedurende die volgende maande sou voorberei sodat die projek met die vol-

⁴²³⁾ S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 13 April 1711, pp.214-215; C. 510, II: Uitgaande Briewe, 1710-1713, 17 Junie 1711, pp.594-595.

⁴²⁴⁾ St. 1/4: Notule van landdros en heemrade, 1711-1715, 4 Julie 1712, p.36.

⁴²⁵⁾ C. 433, I: Inkomende Briewe, 1713, 1 Augustus 1712, pp.99-100.

426)

gende reënseisoen kon begin.

Teen die tweede dekade van hierdie eeu was die hout van die Javaanse djatiboom goed bekend. Dit is in groot hoeveelhede ingevoer om vir plaaslike timmerwerk gebruik te word. Die Here Sewentien het steeds gekla dat die vervoer van hout na die Kaap hoë koste beloop het. Die opdragte om plaaslik in die behoeftes te probeer voorsien, het dus herhaaldelik voorgekom. Dit was heelwaarskynlik die beweegrede vir die Kaapse owerhede om vas te stel „of de jatiij boomen hier wel slagen willen...” In 1716 het hulle in hierdie verband aan die gewese direkteur-generaal in Batavia, Abraham Douglas, geskryf. Die volgende jaar in April is 'n sakkie met saad ontvang.⁴²⁷⁾ Geen noemenswaardige resultate het egter hiervan gekom nie.

Proewe is ook met esboompies wat uit Nederland ontvang is, gedoen. Van dieselfde saad is in verskillende grondtipes gesaai. Teen Maart 1720 was slegs een van die boompies aan die groei maar in 'n kwynende toestand. Van die saad het niks voortgespruit nie.⁴²⁸⁾ Gedurende die daaropvolgende maande het die boompies begin bot sodat dit teen April die volgende jaar sterk aan die groei was. Daar is besef dat die hout van die esboom vir die maak van waens en ander artikels baie geskik was. Op daardie stadium was daar plaaslik dan ook 'n gebrek aan hout vir hierdie doel. By ondersoek het dit geblyk dat daar baie geskikte plekke vir die aankweek van esbome was. In die lig van hierdie omstandighede het die Goewerneur in April 1721 'n groot aantal esboompies of vars saad uit Nederland aangevra.⁴²⁹⁾

426) C. 11: Resolusien, 1716-1717, 11 Augustus 1716, pp. 131-132; C. 511, II: Uitgaande Briewe, 1714-1717, 3 April 1717, p.1086.

427) C. 511, II: Uitgaande Briewe, 1714-1717, 3 April 1717, pp.1086-1087.

428) C. 512: Uitgaande Briewe, 1718-1720, 28 Maart 1720, p.770.

429) C. 513, I: Uitgaande Briewe, 1721-1722, 19 April 1721, pp.127-128.

Aan die begin van die veertigerjare was die gebrek aan brandhout 'n lastige vraagstuk. Kommissaris Van Imhoff kon dit nie begryp nie aangesien die eikeboom baie weelderig gegroei het. Boonop het baie ander soorte „kaphout“ hier geaard „waerdoor men sig selfs al overlange uijt die verleegenthijd hadde kunnen helpen...“⁴³⁰⁾ Aan hierdie aanklag was sowel die Kompanjie as die koloniste skuldig. Die kommissaris het die Politieke Raad aangesê om die koloniste 'n voorbeeld te stel deur die braak gronde van die Kompanjie met bome vir brandhoutdoeleindes te beplant. Dit was dan te hope dat die burgers dit sou navolg. 'n Paar koloniste het wel sporadiese aanplantings begin. Die bome sou eers oor 'n aantal jare vir afkap geskik wees. Volgens Van Imhoff sou die koloniste hierdie onderneming op eie inisiatief voortsit indien hulle eers een keer die voordeel daarvan begryp het. Dit kon wel gebeur want baie van die grond wat op daardie stadium as onbruikbaar verklaar is, was volgens hom nog vir boskultuur geskik.⁴³¹⁾

In 1744 is 'n gebied aan die koloniste toegewys waar hulle brandhout kon kap. Die Politieke Raad het verwag dat hulle „in erkentnisse van die gunst en ook om te voldoen aan datgeen 't welk se aan het algemeen welweesen verschuldigt sijn, in deesen hoogdringenden en dagelijx toeneemenden nood soo veel kap- en Brand-hout op sijn Land sal aanplanten en voortqueeken, als dit met mogelijkheid sal kunnen geschieden.“⁴³²⁾

Dit skyn asof die raadgewing van Van Imhoff en die gevolglike houding van die Kaapse owerheid doeltreffend was. In April 1748 het kommissaris Daniel Nolthenius gerapporteer dat

430) C. 710: Instruktionen hier gelaten door Gouverneur Generaal Van Imhoff, 25 Februarie 1743, pp.35-36; C. 711: Instruktionen hier gelaten door Gouverneur Generaal Van Imhoff, 25 Februarie 1743, pp.30-32.

431) C. 710: Instruktionen hier gelaten door Gouverneur Generaal Van Imhoff, 25 Februarie 1743, pp.36-37; C. 711: Instruktionen hier gelaten door Gouverneur Generaal Van Imhoff, 25 Februarie 1743, pp. 30-32.

432) C. 36: Resolutien, 1744, 30 Junie 1744, pp.305-306; C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 30 Junie 1744, pp. 200-201.

aanplantings in die bosse waar die grond dit toegelaat het, gemaak is. Op sy reis het hy hom herhaaldelik „onder de lommer der hooge eyke ... verlustigen." By die Paradys was 'n besonder indrukwekkende aanplanting. Hy het aanbeveel dat hierdie kultuur voortgesit word. Aangesien die vlaktes as gevolg van die dorre grond en die suidooste wind vir hierdie doel ongeskik was, moes aanplantings hier ten alle koste vermy word. Ook hý het geglo dat hierdie ondernemings in die behoefte aan timmer- en brandhout sou voorsien.⁴³³⁾

Dit was verstaanbaar dat die Here Sewentien met genoeë van hierdie vordering kennis geneem het. Hulle het die Goewerneur by herhaling beveel om die aandag van die landdroste en heemrade op hierdie belangrike werk te vestig.⁴³⁴⁾ Van hierdie vermanings is wel deeglik kennis geneem, al was dit net ampshalwe. In April 1750 het die Politieke Raad besluit dat aanplantings steeds hulle aandag sou geniet. Niks sou onaangeroer bly om dit te bevorder nie.⁴³⁵⁾ In die bronne van die daaropvolgende jare heers 'n ongelukkige swye in verband met hierdie saak.

Hendrik Niemann was as opsigter oor die Wittebomepos aangestel. In 1791 is die Paradys, Kirstenbosch en Houtbaai ook onder sy beheer geplaas.⁴³⁶⁾ Daar is veral aan die Wittebomepos aandag gegee aangesien die Kompanjie se „houtveld" daar naby geleë was. Niemann is beveel om die aanplanting van kreupelbome op die geskikte tyd deur die 3 arbeiders op dié pos te laat doen. Dit was baie maklik omdat die saad slegs in die grond gedruk

433) V.C. 36: Raporten der Commissarissen, 1657-1764, 2 April 1748, pp.767-768.

434) C. 452: Inkomende Briewe, 1750-1751, 15 Oktober 1749, p.81.

435) C. 42: Resolutien, 1750, 6 April 1750, p.103; C. 535: Uitgaande Briewe, 1750, 16 April 1750, p.290.

436) C. 325, III: Memorien en Rapporten, 1791, II, p.1113.

437) word. Daar het nie veel van hierdie opdragte gekom nie aangesien slegs „eenige struijken die er de Natuur doet groeijen” in 1793 daar gevind is. Daarenteen het die koloniste pragtige plantasies van „witteboomen” aangekweek. Kommissarisse-generaal Nederburgh en Frykenius was erg verontwaardig oor hierdie toestand van sake. Hulle het die Goewerneur beveel om pitte van witte- of dennebome in hierdie houtveld te laat saai. Met verloop van tyd sou dit goeie resultate oplewer. 438) Veel meer het die Kommissarisse ook nie aan die saak gedoen nie.

Die vernaamste pogings om deur middel van boskultuur in die behoefte aan timmerhout en brandhout te voorsien, is in die Skiereiland gedoen. Die inheemse bosse oos van die Hottentots-Hollandberge is slegs verder ooswaarts ontgin indien die betrokke bos uitgekap was. Weinig mense het besef dat stelselmatige aanplantings op sulke plekke noodsaaklik was. Sekunde J.W. Cloppenburg was een van die weiniges en het na aanleiding van sy reis deur die binneland in 1768 sekere aanbevelings gemaak.

Die vernieling wat in die omgewing van Swellendam aangerig is, het hom heftig ontstel. Hy het voorgestel dat geen ordonansie vir die kap van hout in hierdie bosse uitgereik moes word alvorens die aansoeker bewys gelewer het dat hy op of naby sy plaas 'n bos van eike aangeplant het nie. Sonder hierdie maatreëls sou die bosse tot niet gaan „en de inwoonderen in gevolg van tijd als de Hottentotten in hutten sullen moeten woenen.” 439) Ook die regering moes aan hierdie skema deelneem. Die landdros moes twee maande voor die aanvang van die winter die kaal rûens vóór die bosse met „bergeyken” of jong bome uit die bos laat besaai of beplant. 440) Verlof vir die kap van

437) C. 325, III: Memorien en Rapporten, 1791, II, pp.1114-1115.

438) C. 691: Brieven van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius, 1792-1793, III, 10 Mei 1793, p.465; C. 695: Verslagen en Bylagen van Nederburgh en Frykenius, IV, 1792-1793, pp.210-211.

439) V.C. 96: Joernaal van J.W. Cloppenburg, 29 September 1768, pp.11-12.

440) V.C. 96: Joernaal van J.W. Cloppenburg, 2 Oktober 1768, p.13.

hout in die Outeniekwalandbosse moes ná 3 jaar slegs aan diegene toegestaan word wat 'n bos van 3 morge eike of ander bruikbare bome aangeplant het.⁴⁴¹⁾ Die „om en by gelegene heuvelen en waterugtige vlaktens" van Grootvadersbosch behoort deur die korporaal van die Rietvalleipos met jong bome uit die bos en eike beplant te word.⁴⁴²⁾ Daar is geen bewyse dat hierdie aanbevelings opgevolg is nie.

Gedurende die onderhawige tydperk was die pogings om deur middel van die aanplant van bome in die behoefte aan timmerhout en brandhout te voorsien, nie baie doeltreffend nie. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die wanindruk wat die regeringsamptenare van die Suid-Afrikaanse eikehout gehad het. Dit bly eienaardig dat hierdie onkunde nie mettertyd reggestel is nie. Die aanplantings is egter in diens van die verdedigingswerke gebruik, sowel as vir beskerming teen winde. Die eikeboom het die karakteristieke versiering van 'n groot deel van die Kaapse skiereiland gebly. Deur hierdie pogings is 'n aantal belangrike boomsoorte, soos die els, die es en 'n Pinus-spesie in Suid-Afrika ingevoer en gevestig.

C. Die Invoer van Hout:

Die ontginning van die inheemse bosse is deur die vervoerprobleem vertraag. Die pogings om deur middel van boskultuur in die toenemende behoeftes aan timmerhout en brandhout te voorsien, het nooit hulle doel bereik nie. Brandhout is plaaslik gekry. Aangesien die bosse so stadig bewerk is, het die aanvraag na timmerhout steeds die aanbod oortref. Die enigste alternatief was dus om timmerhout uit Nederland aan te vra.

Die versoeke vir hout gedurende die sewentiende eeu kan geredelik in die bronne gevind word. Die opgawe van die presiese

⁴⁴¹⁾ V.C. 96: Joernaal van J.W. Cloppenburg, 8 Oktober 1768, p.21.

⁴⁴²⁾ V.C. 96: Joernaal van J.W. Cloppenburg, 14 Oktober 1768, p.34.

voorrade wat ingevoer is, is onvolledig. In sy eerste brief aan die Here Sewentien het Van Riebeeck balke en planke gevra om vir die pakhuse en ander bouwerke te gebruik.⁴⁴³⁾ In Mei 1657 is die hout vir die „grutmolen" met die Gecroonde Leeuw ontvang.⁴⁴⁴⁾ In Mei 1699 is die volgende hout uit Amsterdam met die Huys te Bywegh na die Kaap gestuur: 50 Hamburgse planke, 20 „Carveel"-planke en 50 „wintboomen."⁴⁴⁵⁾ Later in die jaar, in Desember, het die Theeboom die volgende verskeep: 20 Hamburgse planke, 20 „Carveel"-planke, 245 ribbe, 600 balkplanke, 504 deurgesaagde planke, 764 ander planke, 100 juffers, 63 sparre en 100 „wintboomen".⁴⁴⁶⁾ Dit, sowel as die hout in die Flora en die Taxisboomtie, het in April 1700 in Tafelbaai aangekom.⁴⁴⁷⁾

Aangesien die Kaapse Goewerneur geskryf het dat timmerhout vir die gebruik deur die vryburgers sowel as vir die Kompanjiesbouwerke baie skaars was, het die Here Sewentien besluit om in Oktober 1699 die orige skeepsruimte van die Santlooper en die Taxis met hout te vul. Dit moes dan met hulle aankoms aan die Kaap dadelik ontskeep word sodat dit nie bederf nie. Die Goewerneur moes ook toesien dat dit nie „ten onnutte gebruik, off misbruik" word nie.⁴⁴⁸⁾ In April 1700 het die Goewerneur aan die Nederlandse owerheid geskryf dat wamaakhout soos vellings en speke baie nodig was.⁴⁴⁹⁾ Hierop het die Huys te

⁴⁴³⁾ C. 493, I: Uitgaande Briewe, 1652-1661, 15 Mei 1652, p.13.

⁴⁴⁴⁾ C. 409, II: Inkomende Briewe, 1652-1660, 18 November 1656, p.511; Bosman en Thom: Dagregister, II, 7 Mei 1657, p.128.

⁴⁴⁵⁾ C. 424, I: Inkomende Briewe, 1699-1700, Mei 1699, p.203.

⁴⁴⁶⁾ C. 424, II: Inkomende Briewe, 1699-1700, Desember 1699, p.711

⁴⁴⁷⁾ C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 28 April 1700, p.912.

⁴⁴⁸⁾ C. 424, II: Inkomende Briewe, 1699-1700, 30 Oktober 1699, p.486.

⁴⁴⁹⁾ C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 28 April 1700, p.912.

Bywegh die volgende skeepsloading hout na die Kaap geneem: 199 balke, 395 balkplanke, 542 ribbe, 450 nawe, 89 voortange en 726 dubbele speke.⁴⁵⁰⁾ Dit was die eerste keer dat wamaakhout ingevoer is. In Januarie 1703 is 2742 sparre vir die dakke van huise en 110 „muscovise“ planke in die Abbekerck vir verskeping na die Kaap gelaai.⁴⁵¹⁾

Sedert 1716 is 'n jaarlikse „Eysch“ van voorrade vir gebruik aan die Kaap na Nederland gestuur. Die benodigde timmerhout, wamaakhout en hout vir die skeepswerf was 'n belangrike deel hiervan. Aanvanklik het die kamers van Amsterdam en Zeeland elk in die helfte voorsien. Later, toe die opgawes omvangryker geword het, is gedeeltelik daaraan voldoen. Die voorrade is steeds so ver as moontlik gelykop tussen die twee kamers verdeel. 'n Uittreksel van hierdie eise bied 'n beeld van die omvang van hierdie voorsiening.

Aan die versoek van 1716 vir 500 dennebalke, 900 ribbe, 2000 „Noordse“ planke, 100 juffers, 200 sparre, 1000 gesaagde planke, 1000 latte en 100 wa-asse is heeltemal voldoen.⁴⁵²⁾ Vir gebruik in 1719 is die volgende timmerhout gekry: 2300 denneplanke, 200 dennebalke, 1100 denneribbe, 2000 sparre, 2000 vellings en 2000 speke. Daarby is 100 „muscovise“ planke van 30 tot 40 voet, 3000 tot 4000 dennelatte en 2000 daksparre ontvang. Die 50 mashoute, 60 rondhoute vir stenge en ra's, 60 essenhoute roeispane en 50 „windbomen“ het die grootste gedeelte van die hout vir gebruik op die skeepstimmerwerf gevorm.⁴⁵³⁾

Die volgende timmerhout is vir gebruik in 1721 ingevoer: 1000 denneplanke, 100 juffers, 300 Koperwykse planke, 700 gesaagde planke en 1000 sparre van 15 tot 16 voet. Daarby het

450) C. 425, II: Inkomende Briewe, 1701-1702, pp.655-659.

451) C. 426, II: Inkomende Briewe, 1703-1704, 23 Januarie 1703, p.31.

452) C. 120: Bijlagen, 1716, pp.594-597.

453) C. 121: Bijlagen, 1718-1719, pp.652-669.

2000 speke, 800 vellings, 50 asse, 50 nawe, 25 voortange, 25 agtertange, 100 buikplanke van 10 voet lank en 2 duim dik, en 50 essenhoute van 10 voet gekom. Vir die skeepsbouwerf is 200 blaaië "wagenschot" en 30 rondhoute vir stenge en ra's ontvang.⁴⁵⁴⁾ Twee jaar later was die invoersyfers soos volg: 5800 denneplanke, waarvan 3000 twintig voet lank en 1 duim dik, en 2000 een-en-'n-kwart duim dik was, 900 dennebalke, 800 denneribbe, 600 juffers, 76 eikeplanke, 200 "Carveel"-planke, 200 heipale, 1000 "Noordse" planke en 1000 gesaagde planke. Die wamaakhout het bestaan uit: 2000 speke, 2000 vellings, 100 beukhoutwa-asse, 100 Iephoutnawe, 50 voortange, 50 agtertange en 200 essenhoutbuiktange. Verder is 200 essenhoute van 10 voet, 300 blaaië "wagenschot", 100 essenhoutroeispane en 100 gesorteerde muurjuffers gekry.⁴⁵⁵⁾

Vir 1725 is die volgende timmerhout ingevoer: 3500 sparre, 1800 dennebalke, 600 juffers en 2800 denneplanke. Hierby het gekom 10,000 vellings, 2,500 speke, 100 nawe en 500 essenhoute van 10 voet lank. Twee stukke eikehout vir die herstel van die Kaapse meule is ook gekry.⁴⁵⁶⁾ Die syfers vir 1727 was: 1500 dennebalke, 6000 denneplanke, 1500 ribbe, 2000 latte, 300 juffers en 18 eikeplanke.⁴⁵⁷⁾

Vir gebruik gedurende 1731 is die volgende ingevoer: 3500 denneplanke, 200 dennebalke, 100 ribbe, 1000 gesaagde planke, 300 juffers en 100 "muscovise" planke. Honderd-en-vyftig heipale, 20 gesaagde eikebalke en 200 denneplanke is vir herstelwerk aan die hawehoof gekry.⁴⁵⁸⁾ Die syfers vir 1733 was: 700 balke, 100 juffers en 1000 dannelatte.⁴⁵⁹⁾ Twee jaar later was die

454) C. 122: Bijlagen, 1721, pp.870-875. Volgens Van Dale is "wagenschot" 'n tipe "rechtdradige, gladde dunne eiken plank."

455) C. 124: Bijlagen, 1723, pp.233, 239, 241 en 243.

456) C. 126: Bijlagen, 1725, pp.545, 547 en 549.

457) C. 128: Bijlagen, 1727, pp. 613 en 615.

458) C. 132: Bijlagen, 1731, pp.269-273 en 287-289.

statistieke soos volg: 175 "gemeene" balke, 688 dennebalke, 150 denneribbe, 100 Pruisiese planke, 3900 denneplanke waarvan 2000 een duim dik en 1000 een-en-'n-kwart duim dik was, 800 gesaagde planke, 1400 dennelatte, 200 juffers, 200 sparre, 250 "Carveel"-planke en 55 eikeplanke. Die wamaakhout het bestaan uit: 4300 vellings, 150 nawe, 150 beukhoutwa-asse en 260 buikplanke.⁴⁶⁰⁾ Die timmerhout wat vir gebruik gedurende 1737 ingevoer is, was: 1300 dennebalke, 8800 denneplanke waarvan 3000 een-en-'n-kwart duim dik en 2000 een duim dik was, 1050 ribbe, 500 sparre, 300 juffers, 2600 dennelatte, 100 Pruisiese planke, 50 heipale, 59 eikeplanke en 200 "Carveel"-planke. Driehonderd vellings, 50 nawe, 50 beukhoutwa-asse en 160 buikplanke het die besending wamaakhout uitgemaak.⁴⁶¹⁾

In die lig van die groot gebrek aan timmerhout om in 1739 vir herstelwerk aan die Kompanjiesgeboue en die koloniste se huise te gebruik, het die Goewerneur die noodsaaklikheid van die invoer van die volgende hout sterk beklemtoon: 300 blaaie "wagenschot", 400 dennebalke, 450 denneribbe, 2500 denneplanke, 500 latte en 100 juffers. Die hele aanvraag is deur Nederland toegestaan.⁴⁶²⁾

In 1740 het dit vir die eerste keer gebeur dat minder hout ingevoer is as wat aangevra is. Die volgende jaar was die besending slegs die helfte van die Kaapse versoek. Dit het bestaan uit 330 dennebalke, 75 heipale, 11 eikeplanke, 75 sparre, 500 beukhoutvellings, 40 wa-asse en 1000 dubbele speke.⁴⁶³⁾

In April 1742 het die Here Sewentien die Goewerneur opdrag gegee om hout voortaan uit Batavia te eis. Die independente

459) C. 134: Bijlagen, 1733, p.233.

460) C.136: Bijlagen, 1735, pp.341-347 en 697-699.

461) C. 138: Bijlagen, 1737, pp.773, 775 en 777.

462) C. 140: Bijlagen, 1739, pp.464-474.

463) C. 142: Bijlagen, 1740-1741, pp.223 en 225.

fiskaal moes toesien dat geen private persone hout uit Europa of Indië aan die Kaap bring nie.⁴⁶⁴⁾ Van eersgenoemde opdrag het nie veel tereggekome aangesien die aanvraag vir die volgende jaar weer tussen die kamers van Amsterdam en Zeeland verdeel is. Hierdie besending het uit die volgende bestaan: 510 dennebalke, 160 denneribbe, 1450 denneplanke, waarvan 400 een-en-'n-kwart duim dik en 700 een duim dik was, 100 Pruisiese of „muscovise" planke, 1000 vellings, 2000 dubbele speke, 100 buikplanke, 50 wa-asse en 40 essenhoute van 11 voet.⁴⁶⁵⁾

Die invoer van timmerhout vir 1744 was soos volg: 2620 dennebalke, 750 denneribbe, 1000 latte, 1200 sparre, 50 heipale, 3900 denneplanke, 200 van dieselfde planke van 18 voet en 1 duim dik vir die maak van doodkiste, 80 Pruisiese planke en 20 eikeplanke. Die wamaakhout het uit 1000 vellings, 1000 dubbele speke, 150 wa-asse en 60 essenhoute van 10 voet bestaan. Vir gebruik op die skeepstimmerwerf is 150 blaaië „wagenschot", 50 skuitplanke van 2 duim en 80 mashoute ingevoer.⁴⁶⁶⁾ Vir 1745 was die syfers: 930 dennebalke, 500

denneribbe, 1800 denneplanke, 50 heipale, 25 eikeplanke en 60 nawe.⁴⁶⁷⁾ Die skeepslading wat vir 1746 na die Kaap geneem is, het uit die volgende bestaan: 3400 dennebalke, 1450 denneribbe, 42 eikeplanke, 8000 denneplanke, 1000 gesaagde planke, 2800 dennelatte, 700 sparre, 600 juffers, 150 heipale, 1000 vellings, 100 wa-asse en 50 nawe.⁴⁶⁸⁾

Aangesien die Here Sewentien nog 'n besluit oor die aangevraagde timmerhout vir 1747 moes neem, is die invoerstatistieke van slegs die wamaakhout en die hout vir die skeepsbouwerf bekend. Dit het gedeeltelik in die eis voldoen en het bestaan uit

464) C. 34: Resolusien, 1742, 8 September 1742, pp.281-282.

465) C. 144: Bijlagen, 1743, pp.85, 87, 89 en 91.

466) C. 145: Bijlagen, 1744, pp.319-339.

467) C. 146: Bijlagen, 1745, pp.285 en 287.

468) C. 147: Bijlagen, 1746, pp.313-327.

400 vellings, 50 wa-asse, 24 nawe, 198 blaaië „wagenschot" en
24 skuitplanke. ⁴⁶⁹⁾ Sewentig gesaagde eikebalke, 300 eike
heipale en 300 „Carveel"-planke is vir herstelwerk aan die
hawehoof gedurende 1749 ingevoer. Daarby het die volgende
timmerhout gekom: 2700 dennebalke, 960 denneribbe, 8828 eike-
planke, 1600 gesaagde planke, 2200 dennelatte, 550 sparre,
400 juffers, 500 vellings, 30 wa-asse, 80 buikplanke en 30
⁴⁷⁰⁾ nawe.

Vir 1752 is die volgende hout ingevoer: 300 „Carveel"-
planke, 300 heipale, 3100 dennebalke, 1750 denneribbe, 14000
denneplanke, 700 dennelatte, 2000 groot latte, 800 sparre, 600
juffers, 87 mashoute, 700 vellings, 200 buikplanke en een stuk
hout van 86 voet vir 'n meulroede. ⁴⁷¹⁾ Die volgende jaar se
syfers was: 94 blaaië „wagenschot", 24 skuitplanke, 100 hei-
pale, 100 „Carveel"-planke, 16 eikeplanke, 380 dennebalke, 1000
denneribbe, 1500 denneplanke, 160 sparre, 120 juffers, 100
vellings en 60 buikplanke. ⁴⁷²⁾ Vir 1754 is die statistieke
van net die dennebalke en die denneplanke bekend. Dit was 640
en 700 onderskeidelik. ⁴⁷³⁾

Die besending hout vir 1755 het uit die volgende bestaan:
250 blaaië „wagenschot", 100 heipale, 150 „Carveel"-planke, 21
eikeplanke, 1374 dennebalke, 520 denneribbe, 1660 denneplanke,
400 gesaagde planke, 600 dennelatte, 240 sparre, 200 juffers,
200 vellings en 100 buikplanke. ⁴⁷⁴⁾ Die volgende jaar se in-
voer was: 260 blaaië „wagenschot", 25 „Carveel"-planke, 78
eikeplanke, 190 dennebalke, 160 denneribbe, 1000 dennelatte,

469) C. 148: Bijlagen, 1747, pp.101, 103 en 115.

470) C. 150: Bijlagen, 1749, pp.117, 119 en 121.

471) C.153: Bijlagen, 1752, pp.133, 135, 157 en 162.

472) C. 154: Bijlagen, 1753, pp.71 en 73.

473) C. 155: Bijlagen, 1754, p.109.

474) C. 156: Bijlagen, 1755, pp.171-177.

1500 denneplanke, 300 gesaagde planke, 50 sparre, 50 juffers, 80 buikplanke en 7 eikebalke vir die pelmeul.⁴⁷⁵⁾ Die statistieke vir 1757 en 1759 was soos volg: 990 blaaië „wagenshot”, 30 skuitplanke, 196 mashoute, 130 heipale, 150 „Carveel”-planke, 230 eikeplanke, 1880 dennebalke, 620 denne-ribbe, 8000 denneplanke, 1450 sparre, 1250 gesaagde planke, 130 juffers, 580 buikplanke en 3170 dennelatte.⁴⁷⁶⁾

Vir gebruik in 1760 is die volgende hout ingevoer: 170 blaaië „wagenshot”, 60 heipale, 30 „Carveel”-planke, 44 eikeplanke, 265 dennebalke, 2195 denneplanke, 100 juffers en 250 buikplanke.⁴⁷⁷⁾ Vir 1761 was die statistieke: 111 mashoute, 540 balke, 265 denneribbe, 1200 latte, 4050 denneplanke, 100 heipale, 40 „Carveel”-planke, 27 eikeplanke, 1000 gesaagde planke, 600 sparre, 100 juffers en 100 buikplanke.⁴⁷⁸⁾ Die besending vir gebruik in 1763 het bestaan uit 250 gesaagde planke, 20 „Carveel”-planke, 150 sparre, 50 juffers, 24 heipale en 7 eikeplanke.⁴⁷⁹⁾ Twee jaar later was die syfers soos volg: 370 dennebalke, 220 denneribbe, 590 dennelatte, 2520 planke, 400 gesaagde planke, 20 „Carveel”-planke, 32 eikeplanke, 300 sparre, 50 heipale, 482 blaaië „wagenshot” en 20 skuitplanke.⁴⁸⁰⁾

Vir 1766 is die volgende ingevoer: 225 dennebalke, 825 denneplanke, 150 gesaagde planke, 20 „Carveel”-planke, 160 sparre, 18 eikeplanke, 25 juffers, 25 heipale en 136 blaaië wagenshot”.⁴⁸¹⁾ In 1769 het die besending bestaan uit 250

475) C. 157: Bijlagen, 1756, pp.269-273.

476) C. 158: Bijlagen, 1757, pp.311-317; C. 160: Bijlagen 1759, pp.217-221.

477) C. 161: Bijlagen, 1760, pp.113-115.

478) C. 162: Bijlagen, 1761, pp.235-239.

479) C. 164: Bijlagen, 1763, p.61

480) C. 166: Bijlagen, 1765, pp.160-165.

481) C. 167: Bijlagen, 1766, pp.147-152.

dennebalke, 110 denneribbe, 620 dennelatte, 1800 denneplanke, 200 gesaagde planke, 400 sparre, 60 juffers, 44 eikeplanke en 420 blaaie „wagenschot.”⁴⁸²⁾

In Julie 1771 het 't Huijs om met die volgende hout in Valsbaai aangekom: 100 sparre, 38 juffers, 38 eikeplate, 105 denneribbe, 149 dennelatte, 100 dennebalke, 80 blaaie „wagenschot” en 24 mashoute.⁴⁸³⁾ Vir 1774 is die volgende

ingevoer: 380 dennebalke, 160 denneribbe, 350 dennelatte, 1800 denneplanke waarvan 600 een duim dik en 600 een-en-'n-kwart duim dik was, 100 gesaagde planke, 150 juffers, 250 blaaie „wagenschot” en 20 skuitplanke.⁴⁸⁴⁾ Vir 1779 was die syfers: 1164 dennebalke, 200 denneribbe, 950 dennelatte, 5650 denneplanke, 500 gesaagde planke, 250 juffers, 175 sparre en 105 eikeplanke.⁴⁸⁵⁾

Die skeepsloading hout wat vir 1780 na die Kaap gestuur is, het bestaan uit 495 dennebalke, 225 denneribbe, 1000 dennelatte, 3650 denneplanke, 400 gesaagde planke, 100 juffers, 150 sparre en 128 eikeplanke.⁴⁸⁶⁾ Die volgende timmerhout is vir gebruik aan die nuwe hospitaal gedurende 1781 ingevoer: 648 dennebalke, 500 denneribbe, 1570 denneplanke en 100 juffers. Vir die volgende jaar is 468 dennebalke, 1170 denneplanke en 100 juffers ingevoer.⁴⁸⁷⁾ In Augustus 1782 het die Krönprinz von Preussen die volgende na die Kaap verskeep: 29 eikeplanke, 60 eikeknieë, 250 juffers en 110 sparre.⁴⁸⁸⁾ In dieselfde maand is 177 maste en rondhoute, 166 bootmaste van 30 tot 40 voet en 851 planke in die Berlin gelaai om na die Kaap geneem

482) C. 170: Bijlagen, 1769, pp.532-534.

483) C. 462: Inkomende Briewe, 1770-1771, 1 Julie 1771, p.851.

484) C. 175: Bijlagen, 1774, pp.313-315.

485) C. 180: Bijlagen, 1779, pp.222-227 en 239.

486) C. 181: Bijlagen, 1780, pp.421-422.

487) C. 182: Bijlagen, 1781, pp.239 en 241.

488) C. 184: Bijlagen, 1783, p.533.

te word.⁴⁸⁹⁾ Verdere verskeping in hierdie maand was: 176 dennebalke, 1100 denneplanke, 295 denneribbe, 250 dennelatte en 84 Iephoutplate.⁴⁹⁰⁾ Vir 1789 was die statistieke soos volg: 1285 dennebalke, 650 denneribbe, 430 latte, 100 ribbe, 1150 dennelatte, 3075 denneplanke, 350 gesaagde planke, 125 juffers, 700 sparre, 50 eikebalke en 130 eikeplanke. Vir artilleriesdoeleindes is 110 eikeplanke van 20 voet en 10 stamme van esbome ingevoer. Hout om op die skeepstimmerwerf te gebruik, is ook ontvang.⁴⁹¹⁾

Timmerhout is ook uit Indië en Batavia ingevoer. In April 1673 is 1350 planke en 90 kiaatbalke vanaf laasgenoemde plek versoek.⁴⁹²⁾ In April 1754 is 'n kiaatbalk wat vir die as van die pelmeul gebruik is, van die Indiese regering ontvang.⁴⁹³⁾ In Oktober 1764 het die Bosch en Hoven die volgende uit Batavia na die Kaap verskeep: 355 balke, 1240 planke, 1000 djatiplanke, 60 „Chineese“-planke en 60 kromhoute.⁴⁹⁴⁾ Na aanleiding van die Kaap se eis in 1783 vir timmerhout uit Indië, is die volgende toegestaan: 30 heipale, 30 swalpe, 50 affuitswalpe, 30 „winsboomen“, 165 balke, 300 meulplanke en 1000 „Chineese“-planke.⁴⁹⁵⁾ Die Zeeland het 2000 lêerduie uit Batavia na die Kaap in November 1789 geneem.⁴⁹⁶⁾

Die invoer van timmerhout na die Kaap het dus groot afmetings aangeneem. In Desember 1791 was die Here Sewentien verbaas oor die „onbezonnen Eisch van houtwerken door U E gedaan, en tot welker transport wel 2 Scheepen zouden zijn nodig

489) C. 184: Bijlagen, 1783, p.573.

490) C.184: Bijlagen, 1783, pp.545, 569, 571 en 573.

491) C. 190: Bijlagen, 1789, pp.573-579.

492) C. 496,I: Uitgaande Briewe, 1672-1673, 14 April 1673, p.498.

493) C. 46: Resolusien, 1754, 30 April 1754, p.261.

494) C. 166: Bijlagen, 1765, pp.1-3. Die djatiboom (Tectona grandis) groei op die huidige Java en Madoera en word soms die Indiese teakboom genoem.

495) C. 185: Bijlagen, 1784, p.45.

496) C. 220: Bijlagen, Januarie-Februarie 1795, p.249.

geweest". Hulle kon dit nie verstaan nie aangesien die inheemse bosse van die Plettenbergbaai-omgewing gedurende daardie jare ontgin is. In die lig hiervan het hulle verwag dat die eis van „Javasch hout" aansienlik sou verminder. Hierdie toestand van sake het hulle laat verklaar „dat tot tegengang van diergelyke verkeerdheeden niets minder nodig was, als onze ordre om het gewoone provisie Schip voortaan af te schaffen..."⁴⁹⁷⁾ Die vernaamste beweegrede vir hierdie skielike beswaar was beslis die finansiële probleme wat die Kompanjie gedurende daardie jare ondervind het.

Die invoer van hout vir gebruik gedurende 1793 het in die lig van hierdie brief gestaan. Slegs dit wat vir „s' Comp^s eygene ommeslag" nodig was, is uit Batavia gekry. Dit het bestaan uit 80 djati-heipale en 80 djatiswalpe vir die hawehoof, 6 djati-ankerstokke, 10 djatiroerpenbalke en 30 „windboomen" vir Kompanjieskepe, en 70 djatibalke en 395 djatimeulplanke om die geboue te voltooi.⁴⁹⁸⁾

In November 1666 het Jacob Granaet 'n verslag met betrekking tot Mauritius aan goewerneur Van Quaelberg oorhandig. Op hierdie eiland kon ebbehout en ander timmerhoutsoorte genoegsaam verkry word. Granaet het 944 stukke ebbehout saamgebring.⁴⁹⁹⁾ Gedurende die volgende jare is periodiek van hierdie houtsoort aan die Kaap ingevoer. Groter voorrade is deur die Kaapse owerheid vir versending na Nederland gekoop. Die hoeker Poelsnip het in Oktober 1668 met 100 mote ebbehout vanaf Mauritius in Tafelbaai aangekom.⁵⁰⁰⁾ Die volgende jaar in Junie is die Lepelaar na dié eiland gestuur om weer ebbehout vandaar te bring.⁵⁰¹⁾ In April 1685 is 'n opname gemaak van

⁴⁹⁷⁾ C. 476, II: Inkomende Briewe, 1791-1793, 22 Desember 1791, pp.348-349.

⁴⁹⁸⁾ C. 200: Bijlagen, Julie 1792, pp.203 en 209-210.

⁴⁹⁹⁾ V.C. 4, V: Dagregister, 1662-1666, 11 November 1666, pp.1124-1130.

⁵⁰⁰⁾ S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 16 November 1668, p.380.

⁵⁰¹⁾ S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 18 Junie 1669, p.391.

al die goedere wat sedert 'n paar jaar in die pakhuse van die Kompanjie vermis en nooit jaarliks afgeskryf is nie.

Daaronder was 19 „swarte ebbenhoute moten" wat sonder twyfel in die Kompanjieswerke gebruik is. ⁵⁰²⁾ In Februarie 1698

het die Soldaet 83 „Leverhout" planke en 300 mote ebbhout van die eiland na die Kaap geneem. ⁵⁰³⁾ Die volgende jaar het die Goewerneur 'n aantal affuite daar laat maak. ⁵⁰⁴⁾

In hulle brief van 21 November 1743 aan die Kaapse Goewerneur het die owerhede in Indië 30,000 tot 40,000 pond ebbhout aangevra. In Maart die volgende jaar het die Politieke Raad besluit om te verneem of 'n gedeelte hiervan by die koloniste gekoop kon word. Hulle sou ook dergelike versoeke aan die Franse skepe wat vanaf Mauritius by die Kaap aandoen, ⁵⁰⁵⁾ rig. In Desember 1756 is 30,000 pond „Lang, Swaar en regtdradig, Swart Mauritius Ebbhout" van die Franse fregat

Le St. Charles gekoop. Dit sou met die eerste geleentheid na Amsterdam gestuur word. ⁵⁰⁶⁾ In Januarie 1760 is 'n dergelike aankope van 300 stukke gedoen. ⁵⁰⁷⁾

Die probleem van voldoende skeepsruimte het reeds gedurende die sewentiende eeu ontstaan. In April 1656 het die Here Sewentien dit aan Van Riebeeck gestel dat hy min planke uit Nederland moes verwag „alsoo wij altijd scheepsruimte tot voldoeninge vanden eijch van Indien te cort comen..." Die bosse moes in hierdie behoefte voorsien. ⁵⁰⁸⁾ In April 1700 het die Goewerneur aan die Bewindhebbers geskryf dat die halfvol skepe

502) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 5 April 1685, p.108.

503) C. 423, IV: Inkomende Briewe, 1697-1699, 10 September 1698, pp.965-966.

504) C. 424, I: Inkomende Briewe, 1699-1701, September 1699, p.395.

505) C. 36: Resolusies, 1744, 31 Maart 1744, pp.140-141.

506) C. 48: Resolusies, 1756, 30 Desember 1756, p.552.

507) C. 52: Resolusies, 1760, 29 Januarie 1760, pp.161-163.

508) C. 409, II: Inkomende Briewe, 1652-1660, 12 April 1656, p.421.

vanaf Nederland maklik met timmerhout gevul kon word. Dit sou 'n goeie wins vir die groeiende kolonie wees. ⁵⁰⁹⁾

Batavia het hierdie stelling ondersteun en genoem dat dit makliker vir Nederland as vir hulle was om hout na die Kaap te stuur. ⁵¹⁰⁾

Later in die agtiende eeu toe die houtaise na Nederland groot was, het dit soms gebeur dat 'n gedeelte daarvan as gevolg van 'n gebrek aan skeepsruimte nie vervoer kon word nie. Dit was die geval met die aangevraagde ⁵¹¹⁾ 250 denneribbe, 1000 gesaagde planke en 1700 latte vir 1760. As gevolg van dieselfde

oorweging is slegs die helfte van die geeïste ⁵¹²⁾ 580 dennebalke vir 1763 verskeep. Die „groot Volumen“ van die timmerhout wat vir 1764 aangevra is, het veroorsaak dat dit net gedeeltelik uitgevoer is. ⁵¹³⁾ Twee jaar later kon 300 denneribbe en

1050 dannelatte weens 'n gebrek aan skeepsruimte nie verskeep word nie. ⁵¹⁴⁾ Die aanvraag na planke van 1¹/₄ duim en 1 duim het soms groot getalle beloop. Vir gebruik gedurende 1774 is onderskeidelik 900 en 1000 uit Nederland versoek. As gevolg van die groot ruimte wat vir die verskeping daarvan nodig was, is slegs 600 van elke soort gestuur. ⁵¹⁵⁾

Die maksimuminvoer van die belangrikste timmerhoutitems was soos volg: balke - 3,400 (1746); planke - 14,000 (1752); sparre - 3,500 (1725); latte - 2,800 (1746); ribbe - 1,750 (1752).

Uit die invoerstatistiek blyk dat dennehout die vernaamste

509) C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 28 April 1700, p.912.

510) C. 506: Uitgaande Briewe, 1699-1700, 29 Mei 1700, pp.971-972.

511) C. 161: Bijlagen, 1760, pp.114-115.

512) C. 164: Bijlagen, 1763, p.59.

513) C. 165: Bijlagen, 1764, p.133.

514) C.167: Bijlagen, 1766, pp.147-148.

515) C. 175: Bijlagen, 1774, p.314.

houtsoort was wat uit Nederland ingevoer is. Oor die algemeen is balke van 4" x 6", 5" x 6" en 4" x 5" die meeste aangevra. Dit is opvallend dat die invoersyfer van planke deurgaans die hoogste van elke jaar se statistieke was. Planke van 1 duim en 1¹/₄ duim dik is die meeste ingevoer. Met betrekking tot wamaakhout is veral vellings, asse, nawe, speke en buikplanke gekry. Kiaathout en djatihout is uit Indië en Batavia ingevoer. Ebbehout is reeds ⁱⁿ die sewentiende eeu vir timmerwerk gebruik.

Dit is 'n bekende feit dat mahoniehout in die laat agtiende eeu vir skrynwerk gebruik is. ⁵¹⁶⁾ Daar kan egter geen opgawes van die invoer van hierdie houtsoort in die bronne gevind word nie.

Aangesien die Kolonie plaaslik nooit ten volle in die behoeftes aan timmerhout kon voorsien nie, was ingevoerde hout 'n onontbeerlike artikel.

516) Sien bv. Van Onselen, L.E.: Cape Antique Furniture, pp.x, 26 en 37.

H O O F S T U K I I I

DIE VERNIELING VAN DIE HOUTBRONNE

Met die voorsiening in die behoefte aan timmerhout en brandhout het die nedersetters onberekenbare skade aan die inheemse bosse aangerig. Gelukkig het die owerheid dit vroeg reeds besef sodat periodiek maatreëls getref is om die houtbronne te bewaar.

Die eerste optrede deur die owerheid in hierdie verband was teen die uitkap van geelhout. Ons het gesien dat die behoefte aan planke deurgaans groot was. Dit het gou geblyk dat geelhout die geskikste vir hierdie doel was. Gevolglik het almal dit voor die voet gekap. Dit is selfs vir balke en style gebruik. Aangesien geelhoutbome nie volop in die bosse gegroei het nie, sou spoedig 'n tekort aan dié houtsoort ontstaan. In Oktober 1658 het Van Riebeeck almal, maar veral die vryhoutsaers, gelas om geelhout slegs vir planke te kap. Elke vryhoutsaer moes dit ook net in sy eie bos kap. 'n Oortreding van hierdie bevel was met 'n boete strafbaar.¹⁾

In die lig van die toenemende behoefte aan timmerhout het geelhout teen die sestigerjare begin skaars word. Op daardie stadium was dit nog in groot hoeveelhede vir die onvoltooide geboue nodig. Om 'n totale gebrek hieraan te voorkom, is die vryhoutsaers in Desember 1663 beveel om in die toekoms alleenlik vir die Kompanjieswerk timmerhout en planke van geelhout te lewer. Die vryburgers kon nog voldoende wilde-els-, amandel-,²⁾ boeken- en ander hout vir eie gebruik in die bosse kry. Met die toekenning van die ou bosse van die Hel en van Cornelisz in Julie 1668 aan Theunis van Schalckwijck, is hy verbied om

1) Bosman en Thom: Dagregister, II, 12 Oktober 1658, p.387; C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 12/13 Oktober 1658, pp.106-107.

2) V.C. 4, II: Dagregister, 1662-1666, 1 Desember 1663, p.498.

planke te saag, „nochte oude geel houte, off andre jong op-
luijckende boomen, te vellen...” Sodoende wou die owerheid
die bosse laat aangroei sodat die Kompanjie dit mettertyd weer
kon ontgin.³⁾

Ten spyte van hierdie bepalings het die vryhoutsaers tog
geelhout gekap. Benewens planke, het hulle selfs kosyne, spar-
re en latte daarvan gemaak en dit aan die vryburgers verkoop.
Hierdeur is die bosse van dié houtsoort ontbloot terwyl die
Kompanjie 'n groot behoefte daaraan gehad het. Hierdie toe-
stand het kommandeur Simon van der Stel in April 1680 laat be-
sluit dat die vryhoutsaers voortaan geen geelhout sonder sy
persoonlike verlof mag kap nie.⁴⁾ Dit was die ingrypendste
maatreël tot op daardie tydstip en hierdeur het die Kommandeur
'n gedeelte van die houtbedryf aan die Kaap feitlik persoonlik
beheer. Die erns van die toestand spreek egter onteenseglik
daaruit.

Behalwe geelhout, is ook elshout vir die maak van planke
gebruik. Teen 1687 het dit duidelik geword dat die „overdadig
en onbesonnen” kap van geelhout en elshout spoedig tot 'n gebrek
aan planke sou lei. Om dit te voorkom, het die Kommandeur in
Desember alle persone verbied om dit sonder sy skriftelike ver-
lof te kap. 'n Boete van 50 Rds. is op 'n oortreding hiervan
gestel.⁵⁾

Kragdadiger optrede is nie geneem om hierdie vernieling
teen te gaan nie.

Die vernieling van die timmerhoutbosse het reeds gedurende
1657 voorgekom toe die vryburgers die hout vir hulle huise en
skure met „grootte inordentie” gevel en geskend het. In November

3) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 16 Julie
1668, p.373.

4) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 8 April
1680, p.327.

5) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 25 Desem-
ber 1687, p.182; V.C. 11: Dagregister, 1687, 25 Desember 1687,
pp.531-532.

van hierdie jaar het Van Riebeeck hulle verbied om voortaan uit die Kompanjiesbos of dié van Leendert Cornelisz en Zieuwertsz hout te kap. Aangesien die ander bosse nog goed van hout voorsien was, kon hulle dit daar kry. Die vrytimmermanne was nie toegelaat om vir hulself uit die bosse hout te kap nie. Hulle moes slegs dit wat hulle vir die maak van 'n sekere artikel ontvang het, verwerk. 'n Oortreding van hierdie bevel was strafbaar met 'n boete van ses „realen", sowel as vergoeding van die skade.⁶⁾

Die bosse wat so aan die vryburgers toegewys is, is steeds verniel. Bruikbare bome is gekap en laat lê sodat hulle vergaan het. Die Kommandeur het besef dat hierdie optrede tot nadeel van die Kolonie was. In 'n poging om dit te voorkom, het hy in Oktober 1658 die vryburgers en die Kompanjiesamptenare die gebruik van al die bosse ontsê. Hulle moes die benodigde hout van die vryhoutsaers koop.⁷⁾

Met sy besoek aan die Kaap was kommissaris Van Reede verbaas oor die wyse waarop die bosse verniel is. In 'n bos, omtrent 1½ uur vanaf Rondebosch geleë, het hy bevind dat groot en dik, sowel as jong en dun bome afgekap is. As rede hiervoor het kommandeur Van der Stel aangevoer dat sparre en latte vir 'n verskeidenheid van doeleindes noodsaaklik was. Dit is op daardie plek gekap. Van Reede kon hierdie optrede nie begryp nie aangesien die uitroei van die jong plante onvermydelik tot die totale vernieling van die bosse sou lei, want „een boom kan geen boom worden sonder eerst als een lat en als een sparre te wesen."⁸⁾ Om 'n balk te kry, is 'n groot boom gevel en slegs die stam gebruik. Die boonste deel en swaar takke,

6) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 6 November 1657, p.116; Bosman en Thom: Daghregister, II, 6 November 1657, pp.191-192.

7) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 2 Oktober 1658, p.171; C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 2/3 Oktober 1658, pp.100-101.

8) Reede tot Drakenstein, E.A. van: Journaal, 26 Mei 1685, pp.139-140.

wat vir brandhout en ander timmerhout geskik was, het gelê en bederf. Talle volgroeide bome het in die bos gelê nog soos dit afgekap is. Die rede hiervoor was dat dit nie geskik bevind is vir die doel waarvoor dit gekap is nie.⁹⁾

So was die meeste bome wat vir timmerhout geskik was, reeds uitgekap.

In die lig van hierdie vernieling het Van Reede opdrag gegee dat voortaan geen latte en sparre uit daardie bosse gekap mag word nie sodat die jong plante groot kon word. Verder moes deeglike toesig oor die bosse gehou word. Hiertoe moes nie net opsigters, bevele en aanwysings gestel word nie, maar ook straf vir die oortreders. Dit, volgens Van Reede, sou verseker dat die nedersetters nie net vir hulself nie maar ook vir die toekoms voorsiening maak.¹⁰⁾

Naby die Steenberge is aan die vryburgers en Kompanjies-amptenare 'n bos toegewys waar hulle hul hout kon kap. Ten spyte hiervan het hulle dikwels in die Kompanjiesbos timmerhout en brandhout gekap. Om dit te voorkom, is die magte van fiskaal en landdros in Oktober 1689 aan die baashoutkapper, Jan Voslo, toegeken. As opsigter oor hierdie bos was hy dus nou by magte om elkeen wat hier sonder „uijtdrukkelik en schriftelik verlov" hout gehaal het, te vervolg en te beboet.¹¹⁾ In 1692 is die persoonlike toesig oor die bosse voortgesit toe die Here Sewentien Cornelis Timmermans na die Kaap gestuur het. Hy was belas met die toesig oor die saai en plant van bome sowel as die algemene instandhouding van die bosse. Hierin het hy direk onder die oppergesag van die Goewerneur gestaan.¹²⁾ Hiervan het nie veel gekom nie aange-

9) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 26 Mei 1685, p.140.

10) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, pp.471-472; C. 708: Instructien voor Commandeur S. v.d. Stel door H.A. van Reede, pp.52-53.

11) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 22 Oktober 1689, pp.212-213.

12) C. 420, II: Inkomende Briewe, 1692, 22 Desember 1692, p.686.

sien Timmermans in Januarie 1695 oorlede is.¹³⁾ In 1708
het kommissaris C.J. Simons aanbeveel dat 'n landmeter as
„houwerker" aangestel word. Hy moes dan beheer oor die Kom-
panjiesbosse besit.¹⁴⁾ Hierdie aanbeveling is egter nie op-
gevolg nie.

Die jong aanplantings is dikwels verniel. In September
1693 is alle vryburgers en Kompanjiesamptenare verbied om hul
vee in die nuut geplante bos van die Kompanjie, of daar naby,
te laat wei. Indien vee op die verbode plekke gevind word,
sou dit „op staande voet" dood gemaak word, behalwe die
perde.¹⁵⁾ Dit was nog 'n poging om die toenemende gebrek aan
hout te voorkom.

Hierdie vernieling het teen 1709 ernstige afmetings aange-
neem. Sommige mense het die bas van die bome wat in Stellen-
bosch, Drakenstein en elders langs die strate geplant is, ge-
stroop en takke afgebreek. Die beskadigde bome het dan dood-
gegaan. Die owerheid het besef dat hierdie toestand van sake
nie tot voordeel van die kolonie was nie. Dit was ook teen-
strydig met die aanbevelings van die Here Sewentien wat die
aanplant van bome van tyd tot tyd ernstig aanbeveel het. Om
die koloniste tot die bewaring van die bome aan te moedig,
is 'n beloning van 10 Rds. uitgelooft aan die persoon wat 'n
„boomschender" aan die gereg sou uitlewer.¹⁶⁾ Die skoenmakers
het sonder verlof die bas van die kreupelboom en ander nuttige
bome gestroop om dit in die leerlooierij te gebruik. Om dit te
voorkom, is hulle in Augustus 1709 verbied om in die toekoms
boombas sonder die skriftelike verlof van die Goewerneur af

13) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, p.373.

14) Botha, C.G.: Collectanea, I, Van Riebeeckvereniging,
5, pp.26-27.

15) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 7 Septem-
ber 1693, p.274.

16) C. 7, II: Resolusies, 1700-1710, 6 Augustus 1709,
p.467.

17)

te stroop. In Julie is 'n aantal eikebome in Stellenbosch geplant. Indien 'n kolonis iemand wat die bome verniel het, aan die gereg sou uitlewer, het hy 50 gulde ontvang.¹⁸⁾ Sulke oortreders sou in die openbaar, op die gewone „Justitie plaats”,¹⁹⁾ gezesel word.

Al hierdie maatreëls het weinig uitwerking gehad. In Augustus 1714 is 'n poging aangewend om 'n gekoördineerde stelsel van beheer daar te stel deur die aanstelling van die sogenaamde „onderhoutvesters”. Hulle was verantwoordelik vir toesig oor die Kompanjie se timmerhout- en brandhoutbosse, asook oor die jag. 'n Stel bepaling is aan hulle voorgelê. In die eerste plek moes hulle die grense van die Kompanjie se bosse noukeurig vasstel sodat amptenare die koloniste nie met die kap van hout kon kul nie. Hulle moes ondersoek instel of die eienaars van die aangrensende grond hulle skeidingspale „wel over eijnde houden”. Daar moes ook gesorg word dat die bome in die Kompanjiesbosse nie beskadig word nie. Die „onderhoutvesters” moes alles in die werk stel om veldbrande in of naby die Kompanjiesbosse te voorkom. Oortreders in dier voege moes aan die gereg uitgelewer word. Diegene wat in die Kompanjiesbosse hout kap of die bas van die bome met 'n byl of saag stroop, moes die vasgestelde boete opgelê word. Indien 'n slaaf betrap word, moes sy eienaar ook beboet word. Almal wat jong bome skend, moes sonder uitsondering aan die gereg oorgelewer word. Die „onderhoutvester” sou 25 gulde vir elke oortreder ontvang. Indien enige amptenaar van die Kompanjie vir ander instansies behalwe die Kompanjie self in die Kompanjiesbosse hout sou kap, moes so 'n geval dadelik aan die

17) C. 7, II: Resolusien, 1700-1710, 6 Augustus 1709, pp. 467-468.

18) St. 19/23: Diverse Instruksies, 1685-1811, 24 Julie 1709.

19) C. 7, II: Resolusien, 1700-1710, 6 Augustus 1709, pp. 467-468; C. 681: Origineel Placcaat Boek, 1686-1709, 6/8 Augustus 1709, pp. 560-562.

Kaptein gerapporteer word. Die betrokke persoon sou dan sy betrekking verloor en na gelang van omstandighede gestraf word.

Verder is sekere bosse aangewys waar alle persone verbied is om jong bome te kap of die bas te skil indien hulle nie die duidelik bevel van die Goewerneur daartoe het nie. Die „onderhoutvesters" moes sulke persone gevange neem. Vir elkeen sou hulle 30 gulde ontvang. Die „onderhoutvesters" kon ook enige wa met hout voorkeer om uit te vind waarvandaan dit kom en waarheen dit gaan. Indien dit uit die Kompanjiesbos kom, moes die verlofbrief getoon word. As die drywer in gebreke gebly het om dit te toon, moes die wa aan die gereg uitgelewer word.

Gedurende die nag het die „onderhoutvesters" in een van die gemaklikste wonings by die Paradysbos gebly. Hulle was voorsien van „een snaphaen, een degen, een paer pistoolen en paert met volle monture." Vir elke „onderhoutvester" is 'n patrollieroete uitgewerk. Die een moes elke oggend die timmerhout- sowel as die brandhoutbosse vanaf die Paradys tot by die Kaap inspekteer. Daar moes hy aan die Kaptein in die Kasteel verslag lewer en dieselfde dag na sy pos terugkeer. Die ander „onderhoutvester" moes die bosse van die Paradys tot by Houtbaai patrolleer. Vandaar moes hy langs die Hel en Wittebome deur die bosse agter Constantia gaan. Hy moes deur die Kompanjie se kreupelbosse langs die Wynberg na sy pos terugkeer. Die derde „onderhoutvester" moes die bosse agter Constantia langs die Buffelsvallei inspekteer. Daar moes hy sy perd laat en die Steenberge uitklim. Vandaar kon hy die bosse agter daardie berge baie maklik patrolleer. Hy moes dieselfde dag na sy pos terugkeer.

20)

20) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 7 Augustus 1714, pp.415-417; C. 702: Memorien en Instructien, 1686-1722, 7 Augustus 1714, no.593.

Teen die dertigerjare het die voorsorgmaatreëls ter beskerming van die Kompanjiesbosse feitlik geen uitwerking gehad nie. Koloniste en slawe het nog steeds in die bosse op 'n onwettige wyse hout gekap. Dit het met ernstige vernieling van die bome gepaardgegaan. Hierdie toestand van sake het beslisse optrede deur die Kaapse owerheid noodsaaklik gemaak. In September 1732 het die Politieke Raad besluit dat in die toekoms deur die poshouders op sulke oortreders „met scherp sal mogen werden vuur gegee...” Hiervolgens mag die vernielers dood of lewendig uitgelewer word. ²¹⁾ Dit was die ingrypendste maatreël tot op daardie stadium teen die beskadiging van die Kompanjiesbosse. Dit bewys egter die erns van die toestand. Teen 1743 het dit nog steeds voorgekom dat slawe en ander persone hout in die nabygeleë Kompanjiesbosse gekap het. By daardie geleentheid het hulle hul nie ontsien om die bome te verniel nie. In die lig hiervan het die Politieke Raad in April 1743 die verbod en gepaardgaande straf van September 1732 ²²⁾ hernieu.

Sodra die blankes 'n houtbron ontgin het, het grootskaalse vernieling ingetree. In September 1734 het die koloniste verlof gekry om in die bosse aan die Riviersonderend hout te kap. Hierdie vergunning is van die begin af misbruik. Hulle het meer hout gekap as wat hulle verlofbriewe toegelaat het. Dit het saamgegaan met 'n roekelose vernieling van die bosse waardeur volgroeide sowel as jong bome gevel is. Hierdie onoordeelkundige optrede het daartoe aanleiding gegee dat baie klagtes by die Goewerneur ingelewer is. Met die vergadering van die Politieke Raad op 5 September 1741 het hy die saak te berde gebring. Die Raad het besef dat hierdie optrede onherstelbare

21) C. 27: Resolusien, 1732-1733, 4 September 1732, pp.240-241; C. 682: Origineel Placcaat Boek, 1710-1734, 4 September 1732, pp.536-537.

22) C. 35: Resolusien, 1743, 9 April 1743, pp.260-261; C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 19 April 1743, p.168.

skade vir die bosse, en vir die Kolonie, ingehou het. Hulle het dus besluit om die verlof in te trek. Voortaan mag niemand hout in daardie bosse kap of laat kap nie.²³⁾ Dié verbod het die „Overbergse“ koloniste in 'n ernstige nood ten opsigte van timmerhout en wamaakhout geplaas. Na aanleiding van 'n versoek aan die Goewerneur, is in Mei 1743 besluit dat hulle weer in „voorm“ bosschen over de bergen geleegen /: die aan de revier Sonder eijnd uijtgesondert blijvende :/" hout mag kap. Dit moes egter oordeelkundig geskied.²⁴⁾ Daar is dus 'n poging aangewend om die bosse aan die Riviersonderend te bewaar.

Gedurende die sewentigerjare is nog steeds gepoog om hierdie bosse teen die vernieling deur die koloniste te beskerm. In die verlofbriewe wat uitgereik is vir die kap van wamaakhout en timmerhout in die bosse oos van die Hottentots-Hollandberge, is bepaal dat die Riviersonderendbosse hiervan uitgesluit word. Terselfdertyd is alle verlofhouers verbied om boekenhout te kap. So het Hans Detlefs in Februarie 1774 vergunning vir 12 vragte wamaak- en timmerhout gekry, „sullende echter op geenerlij wyse eenige Boekehoute boomen vermogen te kappen...“²⁵⁾

Ook die bosse van Outenikwaland is nie van vernieling gespaar nie. In 1776 het Swellengrebel opgemerk dat die beste bome reeds uitgekapt was. Groot bome is gevel en op die jong bome laat val, waardeur laasgenoemde verniel is. Volgens hom was die toestand so erg „zoodat 't niet te voorsien is, dat deese bosschen het zoo lang zullen uythouden, als men anders

23) C. 33: Resolutien, 1741, 5 September 1741, pp.333-335; C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 5 September 1741, pp.141-143.

24) C. 35: Resolutien, 1743, 28 Mei 1743, pp.277-279; C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 28 Mei 1743, pp. 173-174.

25) C. 805 : Hout, 1773-1792.

van hunne uytgestrektheid wel zou hebben te verwagte." ²⁶⁾

Die begin van die bedryf in Plettenbergbaai het mettertyd sekere reëlins teen die uitputting van die bosse noodsaaklik gemaak. In Maart 1790 is sekere maaatreëls in die vooruitsig gestel om sorg te dra dat „de Bosschen in stand werden gehouden door in't exploicteeren derzelve een zekere ordre t' observeeren, en 't omgekapte Hout met overleg, ten nutte aan te wenden." ²⁷⁾ Die bosse vanaf Mosselbaai moes in „vacken" verdeel word. Die ontginning moes in die eerste vak begin word. Dit moes ontgin word totdat dit uitgeput is of net jong bome oorgebly het. Daar moes dan tot die tweede vak oorgegaan word. Die Kompanjiespos moes gelyktydig na 'n aangrensende baai verskuif word. Op hierdie wyse moes die een vak na die ander ontgin word totdat dit onwenslik was om die bedryf verder van die hoofplaas te verwyder. Daarna moes na die eerste vak teruggekeer word. Dit was onwaarskynlik dat dit binne 50 of 100 jaar sou gebeur. Op daardie stadium sou die jong bome 'n volgroei wasdom bereik het. Sodoende kon die ontginning weer van vooraf begin. Daar moes ook gepoog word om alle beskikbare hout te verwerk aangesien baie boomtoppe en boomtakke gewoonlik onverwerk in die bosse agtergelaat is. Dit het noodwendig 'n verlies beteken. Dit is ook in die Politieke Raad genoem dat die vernieling van hierdie bosse slegs voorkom kon word indien dit onder die direkte beheer van die aangestelde Kommissie, en toekomstige kommissies, sou bly. ²⁸⁾

Na aanleiding van die beperking van die Kompanjiesbedryf aan die Kaap deur die Here Sewentien, is sekere reëlins getref om onbeheerde vernieling in die bosse te voorkom. Dit moes

26) Cloeten, P.: Journaal van eenen landtogt die den ondergeteekende met den Weledelen heer M^r Hend^k Swellengrebel in den jaare 1776 gedaan heeft, in Godeé Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika, IV, p.33.

27) C. 87: Resolutien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, p.364.

28) C. 87: Resolutien, Januarie-Junie 1790, 2 Maart 1790, pp.367-374.

egter geen bykomstige finansiële las vir die Kompanjie mee-bring nie. In Januarie 1792 is dus slegs 'n opsigter en twee arbeiders oor die bosse aan die Buffeljachtsrivier aangestel. Hulle moes toesien dat die koloniste nie die „jong aankoomend zo kostbaar hout" verniel of afkap nie. ²⁹⁾ Met betrekking tot die bosse van Plettenbergbaai moes die opsigter aldaar gereeld inspeksie hou om sodoende ongeoorloofde kap en uitroei van die bome te beheer. Persone wat oortree se verlot om hout in die Kompanjiesbosse te kap, sou ingetrek word. ³⁰⁾

Die vernieling van die bosse in die distrik Graaff-Reinet het in die besonder kommer gewek aangesien daardie streek tot 'n groot mate van inheemse bosse ontbloom was. Berigte van moedswillige vernieling het die plaaslike landdros in November 1794 genoop om alle koloniste van die distrik te verbied om in die bosse van Elandskloof aan die Swartkopsrivier hout te kap indien hulle ^{nie} daartoe verlot besit nie. ³¹⁾

Soos reeds gesien, was die Kompanjiesposte by Paradys en Wittebome teen die neëntigerjare belangrike leweransiers van timmer- en brandhout. Dit was dus belangrik dat hierdie bronne teen vernieling beskerm moes word. Vir hierdie doel is Hendrik Niemann as opsigter, en 'n aantal arbeiders op elke pos, aangestel. Die twee manne op Paradys moes die houtbosse aan die agterkant van Tafelberg „behoorlijk ... gadeslaan." Hulle moes sorg dat niemand daar hout kap nie. Alle oortreders moes na die Kaapse tronk gestuur word terwyl die hout tot voordeel van die Kompanjie gekonfiskeer sou word. Die arbeiders op Kirstenbosch moes toesien dat die houtbosse van dié streek nie beskadig

29) C. 96: Resolusien, Januarie-Maart 1792, 31 Januarie 1792, pp.262-265.

30) C. 105: Resolusien, Januarie-Maart 1794, 4 Februarie 1794, p.459.

31) G.R. 14/4: Publications, Notices and Warnings, 1786-1819, 17 November 1794; G.R. 16/1, I: Letters despatched by Landdros and Secretary, 1786-1813, 17 November 1794.

32)
word nie.

Anderkant die kloof, op die sogenaamde plek van Van Kamptz (Kampsbaai), is 'n bos aangeplant wat later in belang van die Kompanjie ontgin sou word. Sommige koloniste het hier hout gekap, of laat kap. Sodoende is die jong aanplanting verniel. Om hierdie onverantwoordelike optrede te beëindig, is alle koloniste in Mei 1791 verbied om daar hout te kap of te laat kap. 'n Oortreding was strafbaar met 'n boete van 50 Rds.³³⁾ Om alle misverstand uit die weg te ruim met betrekking tot die grense van die Kompanjie se bosgebiede, is in September 1791 besluit dat laasgenoemde met pale omhein sou word. Plankies met die inskripsie „VOC Houtveld" sou daaraan geheg word. Alle koloniste en slawe is verbied om binne daardie gebiede enige hout te kap of te laat kap.³⁴⁾

Die uitroeiing van die brandhoutbronne het spoedig 'n lastige vraagstuk vir die Kaapse owerheid geword. As onontbeerlike gebruiksartikel het die vryburgers brandhout op die naaste moontlike plek gehaal. Reeds in Oktober 1658 is hulle verbied om dit uit die Kompanjiesbos, wat langs die Bosrivier tot by die Liesbeekrivier gestrek het, te kap. Die steenbakkers en kalkbranders is nie toegelaat om die struik wat op die duine gegroei het, vir hulle oonde te gebruik nie. Hierdie struik is beskerm sodat die vryburgers dit vir die vleg van hulle huismure kon gebruik.³⁵⁾ Die noordelike hang van Tafelberg was by uitstek vir die haal van brandhout geskik. Die brandhout vir die Kompanjiesbedrywe is egter ook daar gekap. Om te voorkom

32) C. 325, III: Memorien en Rapporten, 1791, II, p.1115.

33) C. 686: Origineel Placcaat Boek, 1787-1792, 24/28 Mei 1791, pp.259-260.

34) C. 686: Origineel Placcaat Boek, 1787-1792, 16 September/11 Oktober 1791, pp.315-317.

35) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 2 Oktober 1658, pp.171-172; C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 2/3 Oktober 1658, pp.100-101.

dat laasgenoemde mettertyd „met excessive Costen" op verafgeleë plekke gehaal sou moes word, is alle vryburgers in Julie 1671 verbied om in die streek vanaf die Leeu- en Windberg tot ongeveer by Rustenburg brandhout te kap. Hierdeur is ook gepoog om die jong bome tyd te gee om volle wasdom te bereik.³⁶⁾ Die onwettige haal van brandhout teen die noordelike hang van Tafelberg het steeds voorgekom. In Julie 1676 is die bevel van 1671 hernieu.³⁷⁾ In April 1680 was dit nodig om die plakkaat weer uit te vaardig. Daar is verder bepaal dat elkeen wat brandhout uit die bosse haal of laat haal, 'n verlofbrief daarvoor van die Sekretaris moes kry. 'n Oortreding was strafbaar met 25 Rds.³⁸⁾

Dit was nie net die vernieling van die timmerhoutbosse wat van kommissaris Van Reede kritiek uitgelok het nie. Met sy besoek aan die bosse het hy naby Houtbaai deur die oorblywende stronke en stompe van omgekapte bome gegaan. Dit was die bos waar die koloniste hulle brandhout gehaal het.³⁹⁾ Van Reede kon nie begryp „hoe men soo quistigh heeft kunnen zijn ontrent het hout in een land soo seer daarvan ontbloot..." Dit was duidelik dat diegene wat hierdie vernietiging aangerig het „alleen maer voor haerselven en geheel niet voor den toekomenden tijt" gesorg het.⁴⁰⁾ In 'n poging om hierdie onverantwoordelike optrede en 'n absolute gebrek aan brandhout te voorkom, het hy sekere maaatreëls voorgestel. Die Kommandeur moes op alle plekke waar brandhout gegroei het, stukke grond van 6 tot 7 vierkante roede afsonder. Dit moes ongebruik gelaat word. Hy

36) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 1/4 Julie 1671, pp.295-296.

37) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1651-1669, 10 Julie 1676, p.145; C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 10 Julie 1676, pp.354-356; V.C. 7: Dagregister, 1674-1676, 15 Augustus 1676, pp.274-275.

38) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 8 April/ 11 Junie 1680, pp.412-414.

39) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 28 Mei 1685, pp.144-145.

40) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 26 Mei 1685,

41)

moes ook die vryburgers verplig om dieselfde te doen.

Ten spyte van die stelsel van toesig wat in 1714 ingestel is, het die koloniste daagliks hulle brandhout op ongemagtigde plekke, soos die Kompanjiestuin en in die Tafelvallei, gekap. Indien aanklagte gemaak is, het sommige eienaars van die uitgestuurde slawe beweer dat laasgenoemde dit op eie inisiatief gedoen het. In November 1717 het die Politieke Raad besluit dat almal wat in die toekoms op verbode plekke brandhout gaan haal of deur slawe laat haal, summier aangehou sou word. 'n Boete van 50 Rds. sou in sulke gevalle opgelê word. Indien die slawe gevang word, sou hulle deur die „Caffers" geysel word. ⁴²⁾

Ons het reeds in 'n vorige hoofstuk gesien dat die brandhoutprobleem periodiek die aandag van die Politieke Raad in beslag geneem het. Teen die twintigerjare het 'n ander probleem opgeduik: sommige koloniste het groot voorrade brandhout laat aanbring om langs die strate te verkoop. Aangesien brandhout altyd skaars was, het hierdie gebruik die uitroeiing van die brandhout vinnig aangehelp. In Julie 1724 is alle koloniste verbied om brandhout in die Tafelvallei of op ander plekke wat voorheen verbied is, te kap of te laat kap. 'n Oortreding van hierdie bevel was strafbaar met 50 Rds. terwyl die slawe van sulke persone geysel sou word. ⁴³⁾ Hierdie toestand het die Politieke Raad in November 1724 laat besluit om voortaan die uitreik van verlofbriewe vir die kap van brandhout te beperk. Sodoende wou hulle probeer om die verdere vernieling van die houtbronne te voorkom. Die koloniste is verbied om die hout wat hulle met verlof op Kompanjiesgronde gehaal het, aan mekaar te verkoop. Diegene wat wel sulke hout verkoop het, sou met

41) Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal, 28 Mei 1685, p.145

42) C. 12: Resolusien, 1717-1718, 16 November 1717, pp.271-273.

43) C. 19: Resolusien, 1724-1725, 4 Julie 1724, pp.131-132; C. 682: Origineel Placcaat Boek, 1710-1734, 4/20 Julie 1724, pp. 246-247.

20 Rds. beboet word. Verlofbriewe sou uitgereik word slegs aan persone wat hout vir eie verbruik kap. Die slawe wat brandhout op verbode plekke gaan haal het, sou met of sonder die medewete van hulle eienaars vir 'n jaar lank in diens van die Kompanjie gebruik word.⁴⁴⁾

Teen Mei 1743 het die onbesonne uitroei van die wortelhout op die duine die ernstige aandag van die owerhede geverg. Alles het daarop gedui dat hierdie bron totaal vernietig sou word indien teenmaatreëls nie getref word nie. In hierdie maand het die Politieke Raad alle persone verbied om in die vervolg duinhout te gebruik. Sodoende wou hulle dit kans gee om te vermeerder. 'n Ander plek is aan die koloniste toegewys waar hulle brandhout kon gaan haal. Hulle moes sorg dra dat geen kreupelhout gekap of verniel word nie.⁴⁵⁾ In 1744 is 'n gelykluidende bepaling gemaak toe aan die koloniste 'n ander gebied aangewys is waar hulle brandhout kon gaan haal.⁴⁶⁾ Die owerheid het dus besliste pogings aangewend om die vernaamste bron van brandhout, kreupelhout, te bewaar. Dit was dringend noodsaaklik aangesien die behoefte voortdurend toegeneem het.

Die brandhoutbronne van die Kompanjie het steeds gevaar geloop om totaal uitgeroei te word. In Valsbaai is dié bosse deur die koloniste op 'n vernielsugtige wyse uitgekapt sodat 'n gebrek spoedig sou ontstaan. Om hierdie brandhout te spaar, is alle koloniste en ander persone in Oktober 1746 ten strengste verbied om in die toekoms dáár hout te haal. Diegene wat in die omgewing van Valsbaai gewoon het, is toegelaat om daar brandhout vir huishoudelike doeleindes te kap. Hulle moes egter toesien dat dit met „een spaarsame hand” geskied.⁴⁷⁾

44) C. 19: Resolusien, 1724-1725, 14 November 1724, pp.256-258.

45) C. 35: Resolusien, 1743, 28 Mei 1743, pp.275-277; C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 28 Mei 1743, pp.172-173.

46) C. 36: Resolusien, 1744, 7 Januarie 1744, p.35.

47) C. 38: Resolusien, 1746, 25 Oktober 1746, pp.225-226; C. 683: Origineel Placcaat Boek, 1735-1753, 25 Oktober 1746, pp.248-249.

Teen die neëntigerjare is die Kompanjie se brandhoutbos, wat naby die Wittebomepos geleë was, onder die toesig van Hendrik Niemann geplaas. Die drie arbeiders op dié pos moes toesien dat geen hout daar gekap word nie. Hulle het gedurig die veld gewapen gepatrolleer om seker te maak dat die veewagters of ander persone nie veldbrande veroorsaak wat die jong kreupelbome kon verniel nie.⁴⁸⁾

Veldbrande het reeds vóór die stigting van die nedersetting voorgekom. Sedert die koms van die blankes en die gepaardgaande vernieling is die gevaar wat veldbrande vir die houtbosse ingehou het, vanselfsprekend in 'n baie ernstige lig beskou.

Sommige veewagters het die droë gras teen die berg naby die bosse aan die brand gestee. Dikwels is die vuur deur die wind so sterk aangeblaas dat die bosse gevaar geloop het om vlam te vat. In April 1680 het die Politieke Raad besluit om toekomstige oortreders 'n boete van 25 gulde op te lê.⁴⁹⁾ Gedurende die daaropvolgende jare het „een parthij overgegeven boosaerdige menschen" steeds veldbrande veroorsaak. Die feit dat geen booswigte betrap kon word nie, het nog groter kommer gewek. Die ondoeltreffende uitvoering van die wetgewing word hierdeur onteenseglik bewys. As bykomstige maatreël is in Februarie 1683 'n aantal pale teen die berg geplant. Niemand mag sy vee hoër op laat wei het nie. Oortreders in dier voege sou met 25 Rds. beboet word.⁵⁰⁾ Sodoende is gepoog om brandstigting naby die bosse te voorkom.

In die lig van die rampe wat steeds voorgekom het, is alle persone in Februarie 1687 verbied om hulle wei- of koringlande, bosse, struike of stoppels sonder verlof aan die brand te steek. Oortreders sou die eerste keer gegesel word, en indien

48) C. 325, III: Memorien en Rapporten, 1791, II, p.1114.

49) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 8 April 1680, p.328.

50) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 23 Februarie 1683, pp.441-443.

hulle vir 'n tweede keer betrap word, was die straf om „met de koord gestraft te werden datter de dood na volgt...”⁵¹⁾ Hierdie verregaande maatreël bewys die ernstige lig waarin die Kaapse owerheid hierdie oortredings beskou het.

In Mei 1713 het in Houtbaai en die Helbos 'n groot aantal bome afgebrand, asook feitlik 'n hele heining van die Kompanjiestuin by „ronde bosje”. Volgens vermoede is die bossies in die omgewing moedswillig aan die brand gestee. Om hierdie laakbare optrede in die toekoms te probeer voorkom, is die plakkaat van 19 Februarie 1687 hernieu.⁵²⁾ In Oktober 1740 is weer 'n verbod op brandstigting geplaas. Dit het so weinig uitwerking gehad dat in Januarie die volgende jaar die oortreding by herhaling strafbaar gemaak is volgens die plakkaat van Februarie 1687.⁵³⁾

Ons sien dus dat die Kaapse owerhede wel deeglik bewus was van die ongunstige gevolge van die vernieling. In 'n poging om hierdie onverantwoordelike optrede te voorkom, is talle maatreëls getref. Sommige daarvan kan by voorbaat as onprakties afgeskryf word. Die vernaamste rede vir mislukking is egter die feit dat daar geen doeltreffende uitvoerende mag was nie. Dit kan ook sterk betwyfel word of sekere maatreëls wél toegepas is. Aan die ander kant is dit 'n feit dat die sewentiende- en agtiende eeuse samelewing aan die Kaap geen begrip vir die waarde van bosbewaring openbaar het nie. In die lig hiervan is die owerheid se pogings om geelhout, elshout, duinhout, kreupelhout, boekenhout en die bosse aan die Riviersonderend te bewaar, prysenswaardig.

Baie min van die inheemse houtbosse van die Skiereiland en die westelike Langeberge is vir die nageslag nagelaat.

51) C. 681: Origineel Placcaat Boek, 1686-1709, 19/20 Februarie 1687, pp.34-35.

52) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 16 Mei 1713, p.350.

53) C. 33: Resolusies, 1741, 19 Januarie 1741, pp.34-38.

DIE HOUTMARK

Die instelling van vryburgers en vryhoutsaers in 1657 het 'n houtmark aan die Kaap geskep. Die behoefte aan hout en die beperkte voorsiening in dié behoefte het 'n invloed op die houthandel uitgeoefen. Dit was van tyd tot tyd noodsaaklik dat die owerheid buitensporighede met betrekking tot pryse moes voorkom. Pryslyste vir timmerhoutartikels, asook die ^{pryse} wat die wamakers vir hul produkte kon vra, is derhalwe vasgestel.

Leendert Cornelisz het aan die Kompanjie en die koloniste hout verkoop vir timmerdoeleindes, vir die maak van waens, vir boerderybenodighede en vir ander gereedskap. Hy het self ook waens en landbougereedskap gemaak. Teen 1662 het hy geelhoutplanke soos volg verkoop: 'n vierkante voet van 1 tot 2 duim dik teen 2 stuiwers; 'n vierkante voet van 3 tot 4 duim dik teen 3 stuiwers, en planke wat meer as 4 duim dik was teen 6 stuiwers per vierkante voet. Indien ander geskikte hout gebruik is, was dieselfde pryse van toepassing, maar „slechter hout voor minder gelt.”¹⁾

Die vryhoutsaers het egter spoedig die pryse verhoog. Reeds teen Januarie 1663 het die vryburgers en „gemeene lantlieden” verskeie kere by die Goewerneur gekla dat die vryhoutsaers hulle vir ligte balke, stutte, style en ander timmerhout „naer eijgen goetduncken” laat betaal. Die owerheid het besef dat hierdie besware gegrond was. Dit het die Politieke Raad daartoe beweeg om in genoemde maand te bepaal dat geen persoon aan die vryhoutsaers meer sal betaal as die volgende pryse nie: vir 'n ronde paal, met 'n deursnit van 6 duim en

1) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, pp.118-119.

7 of 8 voet lank, as 'n stut vir „boerehuisen“: 4 stuiwers;
'n ronde paal 9 of 10 voet lank: 6 stuiwers; 'n ronde paal
11 of 12 voet lank: 8 stuiwers; vir 'n paal langer as 12 voet:
1 stuiwer vir elke bykomstige voet; vir „rond gemeen pagger
hout“ met 'n deursnit van 4 duim en 6 of 7 voet lank: 2 stuiwers;
„pagger hout“ 8, 9 of 10 voet lank: 3 stuiwers; vir 'n spar
van 17 of 18 voet lank en met 'n deursnit van $2\frac{1}{2}$ tot 4 duim: 2
stuiwers; vir 100 latte: f.1.10; vir 'n sport van 4 duim
breed en 2 duim dik: 2 stuiwers; vir 'n gording van 5" x 5"
en 20 voet lank: f.2; vir 'n plating van 6 duim breed en 20
voet lank: f.2.

Die pryse van balke was soos volg: 'n balk van 5" x 5"
en 11 of 12 voet lank: f.1; 'n balk van 6" x 6" en 13 of 14
voet lank: f.1.10; 'n balk van 7" x 7" en 15 of 16 voet lank:
f.2.10; 'n balk van 8" x 8" en 15 of 16 voet lank: f.4; 'n
balk van 9" x 9" en 17 of 18 voet lank: f.5; 'n balk van
10" x 10" en 19 of 20 voet lank: f.8; 'n balk van 10" x 10"
en 23 of 24 voet lank: f.9; 'n balk van 12" x 12" en 25 of 26
voet lank: f.11; 'n moerbalk van 14" x 14" en 24 voet lank:
f.12.10; 'n moerbalk van 15" x 15" en 25 of 26 voet lank: f.15;
'n moerbalk van 16" x 16" en 27 of 28 voet lank: f.20 en 'n
moerbalk van 18" x 18" en 29 of 30 voet lank: f.36.

Hierdie pryse het slegs op artikels wat van geelhout gemaak
is, betrekking gehad. Indien elshout, boekenhout of assegaai-
hout gebruik word, sou die artikel 'n derde van bogenoemde
prys kos.
2)

Sommige vryburgers het uit die Houtbaaibos en die bosse
wat nader aan die Kaap geleë was, timmerhout aangery om aan
die Kompanjie te verkoop. In 'n poging om hulle winste so hoog
as moontlik op te skuif, het hulle soms van 'n gewone vrag hout

2) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 27 Januarie
1663, pp.293-294; C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686,
27 Januarie 1663, pp.180-183.

2 tot 3 vragte gemaak. Hulle het dan die vasgestelde prys per vrag vir elke vrag ontvang. Teen 1667 het hierdie „puijre bedriegelijcke schraperije" onder die aandag van die owerheid gekom. Om hierdie bedrog in die toekoms te probeer voorkom, het die Politieke Raad in September van hierdie jaar sekere pryse vasgestel. Vir elke 100 voet plank van 1 duim dik wat uit die Houtbaaibos gebring word, sou die vryburgers 3 ligte gulde (of 1 Riksdalder) kry. Vir 'n vrag pale uit die „leenenbos" sou 3 gulde betaal word, en vir 30 sparre uit Houtbaai 6³⁾ gulde.

Dit is besonder opvallend dat terwyl Leendert Cornelisz in 1662 vir 100 voet plank van 1 tot 2 duim dik f.12.8 gevra het, die Kompanjie in 1667 die vryburgers vir 100 voet plank van 1 duim dik, wat hulle uit Houtbaai aangery het, f.3 betaal het. Hierdie geweldige prysverlaging, juis toe daar 'n groot skaarste aan planke was, moes klaarblyklik as strafmaatreeël teen bogenoemde bedrog dien.

Daar is reeds verwys na die groot aantal geelhoutbome wat in Augustus 1714 naby die Steenberge gevind is. Die daaropvolgende besluit van die Politieke Raad dat hout uit hierdie bosse deur Kompanjiesarbeiders aan die koloniste gelewer sou word, het dit vir die owerheid nodig gemaak om die volgende pryse vas te stel: 'n balk van 4" x 6" en 20 tot 24 voet lank: 2½ Rds.; 'n balk van 5" x 7" en 20 tot 24 voet lank: 3 Rds.; 'n balk van 6" x 8" en 20 tot 24 voet lank: 4 Rds.; 'n balk van 8" x 10" en 20 tot 24 voet lank: 6 Rds.; 'n balk van 10" x 12" en 20 tot 24 voet lank: 7 Rds.; 'n balk van 12" x 12" en 24 voet lank: 8 Rds.; 'n rib van 3" x 3" en 20 tot 24 voet lank: 1 Rds.; 'n rib van 4" x 4" en 20 tot 24 voet lank: 1½ Rds.; 'n rib van 4" x 5" en 20 tot 24 voet lank: 2 Rds.; 'n styl

3) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 24 September 1667, pp.234-235.

van 14 en 16 voet lank: $\frac{5}{8}$ Rds.; 'n styl van 16 en 18 voet lank: $\frac{3}{4}$ Rds.; 'n styl van 18 en 20 voet lank: $\frac{7}{8}$ Rds.; 'n styl van 20 en 24 voet lank: 1 Rds.; 'n hanebalk van 10 en 12 voet lank: $\frac{3}{4}$ Rds.; 'n hanebalk van 12 en 14 voet lank: 1 Rds.; 'n hanebalk van 14 en 16 voet lank: $1\frac{1}{8}$ Rds.; 1 voet plaat: 3 stuiwers; 1 voet gording: 3 stuiwers; 100 sparre: 10 Rds.; 100 latte: $\frac{3}{4}$ Rds.; 100 sweepstokke: 1 Rds.; 1 voet plank van 2 duim dik en 18 voet lank: 1 schelling; 1 voet plank van $1\frac{1}{2}$ duim dik en 18 voet lank: 5 stuiwers; 1 voet plank van 1 duim dik en 18 voet lank: 4 stuiwers; 1 voet lateihout: 1 schelling; 'n hoekkeper: 1 Rds. en 'n kielkeper: 1 Rds.⁴⁾

Gedurende die agtiende eeu het die pryse van timmerhout steeds gestyg. Dit was een van die verskynsels wat die aandag van besoekers aan die Kaap getrek het. So noem Sparman dat teen die sewentigerjare 'n spar van 1 voet breed en 20 voet lank ongeveer 5 Rds. gekos het.⁵⁾ Ook die ingevoerde hout was duur. 'n Djatihoutplank van 2 duim dik en 25 tot 30 voet lank het aan die einde van die tagtigerjare ongeveer 12 tot 13 Rds. gekos, terwyl die prys van 'n „europäisches Tannenbrett“ ongeveer 6 tot 8 Rds. was.⁶⁾

Hierdie toestand van sake is vererger deurdat sommige opsigters van die Kompanjie se houtmagasyn persoonlike wins uit die verkope van hout gemaak het. Hulle het die vasgestelde houtpryse veronagsaam en die artikels met 'n woekerwins van ruim 30% verkoop.⁷⁾

4) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 14 Augustus 1714, pp.418-419.

5) Sparman, A.: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, I, p. 300.

6) Wurmb, von en Wollzogen, von Baron: Briefe ... auf ihren Reisen nach Afrika und Ostindien, p.304.

7) Beyers, C.: Die Kaapse Patriotte, p.21; Bernard, F.: Ueber den gegenwärtigen Zustand der Kolonie am Vorgebirge der guten Hoffnung, p.80.

In 1790 is die volgende pryse vasgestel vir die inheemse hout wat uit Plettenbergbaai ontvang is: 'n geelhoutbalk van 5" x 7": 6 Rds.; 'n geelhoutbalk van 6" x 8": 7 Rds.; 'n geelhoutbalk van 7" x 9": 9 Rds.; 'n geelhoutbalk van 10" x 12": 14 Rds.; 'n geelhoutplank van 1¹/₄ duim dik: 3 Rds.; 'n geelhoutplank van 2 duim dik: 5¹/₂ Rds.; 'n geelhoutplank van 2¹/₂ duim dik: 6 Rds.; 100 geelhoutduie: 24 Rds. en 1 voet stinkhoutplank: 26 stuiwers.⁸⁾

In vergelyking met die pryse van 1714 was daar aansienlike prysstygings. So het die balke van 5" x 7" en 10" x 12" 'n prysvermeerdering van 100% ondergaan en die balke van 6" x 8" 'n styging van 75%. Planke van 2 duim het 'n vermeerdering van 144% getoon.

In die lig van die stygende pryse van timmerhout is dit verstaanbaar dat die wamakers ook steeds meer vir hulle produkte wou hê. In 1662 was Leendert Cornelisz se tariewe vir die maak van die volgende artikels soos volg: 'n wa "sonder leeren": f.30; 'n wa "met leeren": f.36; 'n ploeg: f.12; 'n eg: f.3¹/₂; die agterwerk van 'n ploeg: f.10; 'n graafsteel: 8 stuiwers; 'n swaar kroiwa: f.5; herstelwerk aan 'n wa-as: f.2.10; 'n skamel: f.1.5; 'n voortang in 'n wa: f.2 en 'n agtertang: f.1.5.⁹⁾

Na aanleiding van die klagtes deur die koloniste in 1663 dat die vryhoutsaaers willekeurige en buitensporige pryse op hout gehef het, is in Januarie van hierdie jaar ook die volgende pryslys vir die wamakers vasgestel: 'n wa sonder "leeren en beslag": f.30; 'n wa met "leeren sonder beslag": f.36; 'n ploeg: f.12; 'n eg: f.3.10; die agterwerk van 'n ploeg: f.9; 'n osjuk: f.1; 'n graafsteel: 6 stuiwers; 'n swaar kroiwa: f.5; 'n ligte kroiwa: f.2; 'n wa-as: f.2.10; 'n skamel: f.1.5;

8) C. 686: Origineel Placcaat Boek, 1787-1792, 15/24 September 1790, pp.221-222.

9) C. 700: Memorien en Instructien, 1657-1685, p.119.

'n voortang in 'n wa: f.2; 'n agtertang: f.1; 'n ploegbalk: f.2; 'n ploeghoof: f.1.10; 'n „riste": f.1; 'n wiel: f.1; 'n ploegsteel sonder wiele: f.2; 'n disselboom: 15 stuiwers; 'n tong: 10 stuiwers; 'n stert: f.1.4; 'n „cropscheede": 2 stuiwers; 4 wawiele: f.18 en 'n swaar wiel van 'n kruise: f.1. Hierdie pryse is bepaal vir artikels wat van geelhout gemaak word. Indien dit van elshout, boekenhout of assegaai-¹⁰⁾ hout gemaak word, het dit $\frac{1}{3}$ van bogenoemde pryse gekos.

Reeds teen die einde van die sewentigerjare het die vryburgers gekla dat die wamakers hierdie pryse onredelik verhoog het. Laasgenoemde het aangevoer dat dit vir hulle onmoontlik was om die ou pryse te handhaaf „vermits altans 't houtwerck daertoe nodigh met een ongelooffelyke arbeyt booven uyt de bosschen op een verre distantie moste werden affgehaelt en per asse herwaerts gebracht, daer 't selve in voortijden met de helft minder moeijten en kosten konde bekoomen..."¹¹⁾ Die toenemende behoefte aan timmerhout en die gepaardgaande vervoerprobleme het dus 'n belangrike invloed uitgeoefen op die pryse wat die wamakers vir hulle materiaal en diens gevra het.

In 'n poging om die pryse te beheer, het die Politieke Raad dit in Augustus 1679 soos volg vasgestel: 'n wa „uyt de gront op gemaakt met buyck, leeren jocken en al verder toebehooren": f.56; 'n wa sonder „buyck, leer en jocken": f.40; 'n ploeg: f.18; 'n eg: f.5; 'n agterploeg: f.9; 'n juk met 4 skeie: f.1.10; 'n graafsteel: 10 stuiwers; 'n swaar kruise met sy wiel: f.6.10; 'n wa-as: f.4; 'n voorskamel: f.1.10; 'n agterskamel: f.2.10; 'n voortang in 'n wa: f.3; 'n agtertang: f.3; 'n ploegbalk: f.3; 'n ploeghoof: f.3; 'n „riste": f.1.10; 'n ploegwiel: f.2.10; 'n ploeg sonder sy wiel met disselboom en tang: f.4; 'n wadisselboom: f.1.10;

10) S.A. Argiefstukke: Resolusies, I, 1651-1669, 27 Januarie 1663, p.294.

11) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 30 Augustus 1679, p.302.

'n tong in 'n ploeg: f.1; 'n ploegstert: f.2; 'n jukskei: 2 stuiwers; 4 wawiele: f.28 en 'n swaar wiel van 'n kruise: f.2. Die Raad het alle wamakers opdrag gegee om „goet, ¹²⁾ deugtsaam en durabel werck" te lewer.

In Mei 1692 was dit weereens vir die Kaapse owerheid nodig om pryse vas te stel. Hulle het die wamakers beveel om „haar daar naar ... te reguleren sonder dat-se voor hun arbeid en materialen meer sullen vermogen t' eijsschen, als in geseide taxatie uijtgedrukt en aangeweesen staat..." Dit is soos volg bepaal: 'n wa van „goed en droog hout wel gemaakt": f.60; 'n as: f.4; 'n voortang: f.4; 'n langwa: f.1.; 'n agtertang: f.2; 'n agterskamel: f.2; 'n skamel: f.1.8; 'n „rijbord": 12 stuiwers; 'n arm: 4 stuiwers; 'n disselboom: f.1.8; 'n juk met sy skeie, f.1.4; 'n velling: 12 stuiwers; 'n speek: 6 stuiwers; die buik van 'n wa: f.6; 'n waleer: f.3.8; 'n wawiel: f.8; 'n agterploeg: f.10; 'n voorploeg: f.10; 'n ploegbalk: f.4; 'n ploeghoof: f.3; 'n ploegstert: f.2; 'n „reister": f.1.8; 'n ploegskede: f.1; 'n ploegwiel: f.3; 'n ploegstelling: f.2; die tong in 'n ploeg: 12 stuiwers; 'n ploegdisselboom: f.1; 'n eg met houttande: f.9; 'n eg met ¹³⁾ ystertande: f.8 en 'n kruise: f.7.

Met die pryse van 1663 as basis toon 'n eg, 'n voortang, 'n agtertang, 'n ploegbalk, 'n ploegsteel en 'n swaar kruise-wiel prysstygings van 100% of meer in 1692. Prysverlagings het in die geval van 'n juk, 'n agtertang, 'n disselboom, 'n tong in 'n ploeg en 'n „ritserbort" voorgekom. Daarenteen het die pryse van 'n wa-as, 'n ploeghoof en 'n ploegstert konstant gebly. In 1692 was die prysvermeerdering van die wa en die wawiel 67% en 78% onderskeidelik.

12) S.A. Argiefstukke: Resolusies, II, 1670-1680, 30 Augustus 1679, p.303.

13) S.A. Argiefstukke: Resolusies, III, 1681-1707, 19 Mei 1692, p.253.

In Augustus 1714 is ook besluit dat wamaakhout teen dieselfde pryse verkoop sou word as wat op daardie stadium in Nederland gevra is.¹⁴⁾ Die korrekte pryse was egter op daardie tydstip onbekend. Om 'n mate van prysbeheer in te stel, is die volgende pryse in November 1714 bepaal: 3 speke: 1 schelling; 1 velling: 1 schelling; 1 as: 4 schellings; 1 voortang: 4 schellings; 1 langwa: 1 schelling; 3 jukke: 2 schellings; 6 „scheijen tot leeren": 1 schelling; 1 skamel: 2 schellings; 1 naaf: 3 schellings; 3 leerbome: 2 schellings; 1 disselboom: 2 schellings, en 1 buikplank: 6 schellings.¹⁵⁾

In Oktober 1715 is die pryse van die plaaslike vervaardigde artikels soos volg vasgestel: 6 jukhoute: $\frac{5}{8}$ Rds.; 3 leerbome: $\frac{5}{8}$ Rds.; 2 disselbome: $\frac{5}{8}$ Rds.; 1 langwa: $\frac{1}{8}$ Rds.; en 4 „juck off leerscheijen": $\frac{1}{8}$ Rds.¹⁶⁾

Daar was dus nie 'n noemenswaardige verskil in prys tussen die ingevoerde artikels en dié wat plaaslik gemaak is nie. Slegs die leerbome van inheemse hout het meer as verdubbel in prys.

Soos in die geval van die timmerhout het ook die wa-onderdele wat uit Plettenbergbaai ontvang is, aansienlike prysstygings getoon. Vir 1790 was die pryse: 'n waveling: 16 stuiwers; 100 waspeke: 10 Rds.; 'n wanaaf: 1 Rds.; 'n wa-as: 2 Rds.; 'n waskamel: 1 Rds.; 'n wadraaibord: 6 schellings; 100 waronge: $12\frac{1}{2}$ Rds.; 'n wadisselboom: $1\frac{1}{8}$ Rds.; 'n gesaagde leerboom: $1\frac{1}{8}$ Rds.; 'n voortang vir 'n ossewa: $1\frac{1}{2}$ Rds.; 'n voortang vir 'n perdewa: 1 Rds.; 'n paar agtertange: 6 schellings; 'n buikplank: $5\frac{1}{2}$ Rds., en 'n langwa: 6 schellings.¹⁷⁾

Die weinig artikels wat ons met dié van 1715 kan vergelyk

14) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 14 Augustus 1714, p.419.

15) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 20 November 1714, pp.427-428.

16) S.A. Argiefstukke: Resolusies, IV, 1707-1715, 8 Oktober 1715, p.461.

17) C. 686: Origineel Placcaat Boek, 1787-1792, 15/24 September 1790, pp.221-222.

vertoon 'n besonder hoë persentasie prysvermeerderings. So is dit 260% vir 'n wadisselboom, 440% vir 'n gesaagde leerboom en 500% vir 'n langwa.

Daar is reeds verwys na die periodieke gebrek aan brandhout. In die lig van die stygende pryse van timmerhout en wamaakhout is dit verstaanbaar dat ook brandhout duur sou word. In 1667 het die Kompanjie 4 ligte gulde vir 'n wavrag brandhout aan die vryburgers betaal.¹⁸⁾ Teen 1669 het hierdie bedrag tot 2 gulde verminder sodat die vryburgers by die owerheid klagtes ingedien het. Hulle het aangevoer dat hulle nie teen so 'n geringe vergoeding 'n bestaan kon maak nie. Die antwoord van die owerheid was dat die burgers die hout slegs aangery het terwyl skeepsvolk dit gekap het.¹⁹⁾

Teen die sewentigerjare van die agtiende eeu het brandhout aansienlik in prys gestyg. Die koloniste het dit nog hoofsaaklik vir huishoudelike doeleindes gebruik. Dit het voorgekom dat die maandelikse brandhoutrekening van sommige koloniste meer as 20 Riksdalders was.²⁰⁾

In 1791 was 4 Riksdalders die minimumprys wat die Kompanjie aan die koloniste vir 'n vrag brandhout moes betaal.²¹⁾ In Augustus van daardie jaar is die prys op 3 Riksdalders deur die Politieke Raad vasgestel.²²⁾ Die pryse van 'n wavrag brandhout het egter steeds gewissel. So het die Politieke Raad in Augustus 1792 die prys vir 'n vrag „Wortelhout uit de duinen”

18) C. 680: Origineel Placcaat Boek, 1652-1686, 24 September 1667, pp.234-235.

19) V.C. 5: Dagregister, 1667-1670, 6 Junie 1669, p.529.

20) Wurmb, von en Wollzogen, von Baron: Brief ... auf ihren Reisen nach Afrika und Ostindien, p.304.

21) C. 92: Resolutien, Junie-Augustus 1791, 8 Julie 1791, p.154.

22) C. 320, I: Memorien en Rapporten, 1788, 1 Augustus 1791, p.240.

op 8 Kaapse gulde (d.w.s. $2\frac{2}{3}$ Rds.) vasgestel.²³⁾ Gedurende
1793 het die leweransier van hout aan skepe en vir die labo-
ratorium van die hospitaal $3\frac{1}{4}$ Riksdalder per vrag ont-
vang.²⁴⁾

Indien ons die sewentiende- en agtiende eeuse houtpryse teenoor mekaar wil stel, is daar weinig artikels wat vergelyk kan word uit die aard van die pryslyste. Die volgende persentasie prysvermeerderings is gebaseer op die pryse van 1663 en 1790:

Moerbalke van 14" x 14"/geelhoutbalke van 12" x 14"	-	373%
Balke " 10" x 10"/geelhoutbalke " 10" x 12"	-	425%
Balke " 8" x 8"/geelhoutbalke " 8" x 10"	-	800%
Balke " 6" x 6"/geelhoutbalke " 6" x 8"	-	115%
'n wa-as	-	129%
'n waskamel	-	129%
'n voortang	-	125%
'n agtertang	-	13%
'n disselboom	-	260%

Die swaarder timmerhoutbalke het dus oor die algemeen 'n aansienlike styging getoon. Die pryse van sommige wa-onderdele het redelik konstante verhogings getoon.

Sedert die begin van die nedersetting is geelhout as die duursaamste en duurste timmerhout beskou. Daarenteen het elshout, boekenhout en assegaaihout baie minder gekos.

Die oorheersende kenmerk van die houtmark gedurende die onderhawige tydperk was voortdurende prysstygings. Dit was gedeeltelik as gevolg van 'n waardevermindering van geld. Ons sou graag hierdie waardevermindering wou vermeld om die realistiese prysstygings te bepaal. Die presiese depresiasie is eg-

23) C. 201: Bijlagen, Augustus 1792, p.40.

24) C. 103: Resolusien, Julie-September 1793, 16 Augustus 1793, p.248.

ter onseker; een bron stel dit op 20% tot 50% gedurende die
laaste 2 jaar van die Kompanjiesbewind.²⁵⁾ Deur periodieke
pryslyste vas te stel, het die owerheid probeer om die kolo-
niste teen uitbuiting te beskerm. Die Kompanjie het egter self
steeds die minimumprys aan die koloniste betaal. Dit het voort-
gevloei uit die oorweging van maksimum-wins wat een van die
kardinale beginsels van die Kompanjie se ekonomiese beleid aan
die Kaap was.

25) De Kock, M.H.: Economic History of South Africa, p.76;
Swart, H.L.G.: Die ontwikkeling van handel aan die Kaap, 1795-
1806, pp.160, 163, 165 en 174.

B E S L U I T

Gedurende die tydperk 1652-1795 was hout een van die daaglikse noodsaaklikhede aan die Kaap. Timmerhout was vir die uitvoering van die talryke verpligtinge van die Kompanjie, sowel as vir die welsyn van die koloniste nodig. Brandhout was ook onontbeerlik.

Daar is gepoog om langs drie weë in hierdie behoefte te voorsien, naamlik deur die ontginning van die inheemse bronne, deur die aanplant van bome en deur die invoer van hout.

Die ontginning van die inheemse bronne en die invoer van hout was doeltreffende metodes. Die ontginning van die inheemse bronne het, behalwe dat dit in 'n behoefte voorsien het, ook 'n ekonomiese en sosiale funksie vervul. Deur die instelling van vryhoutsaers, as uitvloeisel van die vryburgerstelsel, het houtvoorsiening 'n middel van bestaan geword. Die houtmark was egter aan 'n strenge kontrole onderhewig omdat die Kompanjie pryse vasgestel het. Die sosiale funksie het daarin bestaan dat die Kompanjie gehoop het dat hy, deur aan houtkappers by die Plettenbergbaaihoutpos 'n aandeel in houtlewering aan die Kompanjie te gee, sou verhoed dat hulle verder van die hoofplaas af wegtrek en sodoende moontlik verwilder.

Die vervoer probleem het steeds die benutting van die inheemse bronne aan bande gelê. Daarby het 'n roekelose vernieling verhoed dat dié bronne ten volle benut word.

Die invoer van hout was die doeltreffendste middel van houtvoorsiening. Invoere het slegs gedurende die laaste jare van die Kompanjiestydperk, toe finansiële probleme besnoeiing in dié opsig vereis het, in omvang afgeneem.

Geen noemenswaardige praktiese resultate is met die aanplant van bome verkry nie. Die enigste positiewe resultate was die vestiging van 'n aantal Europese boomsoorte in Suid-Afrika. 'n Beperkte hoeveelheid brandhout is deur middel van aanplantings verkry, maar dit is onmoontlik om in verband hiermee presiese

syfers aan te gee.

Gedurende die sewentiende eeu het die vraag na hout die aanbod ver oorskry. In die volgende eeu, veral gedurende die tagtiger- en neëntigerjare, het dié verskil steeds kleiner geword. Die plaaslike houtbronne het 'n al hoe groter rol in die houtvoorsiening gespeel.

Die beperkte ontginning van die gemengde geelhout- en breëblaarbosse van die suidkus gedurende die agtiende eeu was die voorloper tot intensiewer en meer beheerde ontginning in die volgende eeu.

B Y L A A G

Gedurende die tydperk 1652-1795 was verskeie munte aan die Kaap in omloop. Die waarde van hierdie munte het steeds gewissel. Die waarde van die geldeenhede wat in hierdie ver-¹⁾handeling vermeld word, is by benadering soos volg :

	Waarde in stuiwers	Waarde in huidige S.A. geld ²⁾
Stuiwer	1	1c
Schelling	6	5c
Gulde (Kaapse of ligte)	16	13c
Gulde (Hollandse)	20	16c
Riksdalder	48	40c

1) vgl. Thom, H.B.: Die geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika, p.386.

2) d.w.s. teen pari.

I LITERATUURA. Algemene Literatuur

- Beyers, C.: Die Kaapse Patriotte, 1779-1791.
Kaapstad en Johannesburg, 1929.
- Boëseken, A.J.: Die kommissarissee aan die Kaap, 1657-1700.
M.A.-verhandeling, Universiteit van
Stellenbosch, 1936.
- Boëseken, A.J.: Die Nederlandse Kommissarissee en die 18de
eeuse samelewing aan die Kaap, in Argiefjaar-
boek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Sewen-
de Jaargang, 1944.
- Boëseken, A.J.: Simon van der Stel en sy kinders.
Kaapstad, 1964.
- Bosdari, C. de: Cape Dutch Houses and Farms.
Kaapstad en Amsterdam, 1953.
- Botha, C.G.: Collected Works, deel I: General History and
social life of the Cape of Good Hope.
Kaapstad, 1962.
- Burrows, E.H.: Overberg Outspan.
Kaapstad, 1952.
- Crone, G.C.E.: Onze schepen in de Gouden Eeuw.
Amsterdam, 1939.
- De Kock, M.H.: Selected subjects in the Economic History
of South Africa.
Kaapstad en Johannesburg, 1924.
- Fehr, W.: Skatte in die Kasteel de Goede Hoop. Uitgege-
deur die Raad van Trustees, Kasteelkunsver-
sameling.
Kaapstad, 1963.
- Geyer, A.L.: Das wirtschaftliche System der niederländischen
ostindischen Kompanie am Kap der guten Hoffnung,
1785-1795.
München en Berlyn, 1923.
- Godeé Molsbergen, E.C.: De Stichter van Hollands Zuid-Afrika
Jan van Riebeeck, 1618-1677.
Amsterdam, 1912.
- Godeé Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika in de Holland-
se tijd, dele II en IV. Linschotenvereniging,
XII en XXXVI.
's-Gravenhage, 1916 en 1932.
- Green, L.G.: Beyond the city lights.
Kaapstad, 1957.

- Koester, A.: Ship Models of the seventeenth to the nineteenth centuries.
New York, 1926.
- Leipoldt, C.L.: Jan van Riebeeck, Die Grondlegger van 'n Blanke Suid-Afrika.
Kaapstad, 1938.
- Luckhoff, C.C.: Table Mountain our national heritage after three hundred years.
Kaapstad, 1951.
- Mossop, E.E.: Old Cape Highways.
Kaapstad, jaartal onvermeld.
- Muller, C.F.J.: Die geskiedenis van die vissery aan die Kaap tot aan die middel van die agtiende eeu, in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, vyfde jaargang, 1942, I.
- Nel, J.J.: Perdeteelt in Suid-Afrika, 1652-1752. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1930.
- Noble, R.: The Cape and its people and other essays.
Kaapstad, 1869.
- Pearse, G.E.: The Cape of Good Hope, 1652-1833.
Pretoria, 1956.
- Pearse, G.E.: Eighteenth century furniture in South Africa.
Pretoria, 1960.
- Ras, R.C.: Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke, 1652-1713.
Kaapstad, 1959.
- Rothman, M.E. en Rothman, E.: Die Drostdy op Swellendam. Brosjure uitgegee deur die Drostdykommissie, Swellendam, 1960.
- Spilhaus, M.W.: The First South Africans and the Laws which governed them to which is appended the Diary of Adam Tas.
Kaapstad, 1949.
- Stellenbosse Stadsraad: Stellenbosch, 1679-1929.
- Swart, H.L.G.: Die ontwikkeling van handel aan die Kaap tussen die jare 1795 en 1806. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1949.
- Theal, G.M.: History of Africa south of the Zambesi from the settlement of the Portuguese at Sofala in September 1505 to the conquest of the Cape Colony by the British in September 1795, dele II en III.
Londen, 1922.
- Theal, G.M.: Belangrijke historiese dokumenten, 3 dele.
Kaapstad, 1896-1911.
- Theal, G.M.: Willem Adriaan van der Stel and other historical sketches.
Kaapstad, 1913.

- Trotter, A.F.: Old Cape Colony. A Chronicle of Her Men and Houses from 1652 to 1806. Westminster, 1903.
- Van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842). Kaapstad, 1938.
- Van der Walt, A.J.H.: Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der Guten Hoffnung (1700-1779), eine historisch-ökonomische Untersuchung über das Werden und Wesen des Pionierslebens im 18. Jahrhundert. Berlin, 1928.
- Van der Walt, A.J.H., Wild, J.A. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, 2 dele. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg, 1955.
- Van Onselen, L.E.: Cape Antique Furniture. Kaapstad, 1959.
- Venter, P.J.: Landdros en Heemrade (1682-1827), in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, derde jaargang, 1940, II.
- Walton, J.: Homesteads and villages of South Africa. Pretoria, 1952.
- Welch, S.R.: Portuguese and Dutch in South Africa, 1641-1806. Kaapstad, 1951.

B. Besondere Literatuur

- Adamson, R.S. en Salter, T.M.: Flora of the Cape Peninsula. Kaapstad en Johannesburg, 1950.
- Boerhave Beekman, W.: Hout in alle tijden, deel III. 's-Gravenhage, 1951.
- Brown, J.C.: Management of crown forests at the Cape of Good Hope. Londen, 1887.
- Karsten, M.C.: The Old Company's Garden at the Cape and its Superintendents. Involving an Historical Account of Early Cape Botany. Kaapstad, 1951.
- Palmer, E. en Pitman, N.: Trees of South Africa. Amsterdam en Kaapstad, 1961.
- Pappe, L.: Silva Capensis, or a description of South African Forest trees and arborescent shrubs. Kaapstad, 1862.
- Poynton: R.J.: 'n Gids tot die Kenmerke en Gebruike van bome en struikie genoem in die pryslys van die Bosboudepartement. Staatsdrukker, Pretoria, 1963.
- Sim, T.R.: The Forests and Forest Flora of the Colony of the Cape of Good Hope. Aberdeen, 1907.

Stichting Houtvoorlichtingsinstituut Amsterdam: Hout-
vademecum, deel I, houtsoorten.
Amsterdam, jaartal onvermeld.

Tapson, W.: Timber and Tides.
Kaapstad, 1961.

II LETTERKUNDIGE BRONNE

A. Kontemporêre Werke

Barnard, Lady Anne: South Africa a century ago. Letters
written from the Cape of Good Hope (1797-1801).
Geredigeer deur W.H. Wilkins.
Londen, 1908.

Barrington, G.: An Account of a voyage to New South Wales,
deel I.
Londen, 1810.

Barrow, J.: An Account of Travels into the interior of
Southern Africa, in the years 1797 and 1798,
2 dele.
Londen, 1801 en 1804.

Batavia, in deszelfs gelegenheid.
Amsterdam, 1799.

Bernard, F.: Ueber den gegenwärtigen Zustand der Kolonie
am Vorgebürge der guten Hoffnung verglichen
mit ihrem ursprünglichen. Uit Frans vertaal
deur A.F. Lüder.
Göttingen, 1786.

Best, C.C.: Brieven over Oostindiën. Uit het Hoogduitsch.
Amsterdam, 1808.

Bogaerts, A.: Historische Reizen Door d'oostersche Deelen
van Asia; ... mitsgaders ... 't geen aan Kaap
de goede Hoop in den jaare 1706 is voorgeval-
len, tot aan het opontbod des Gouverneurs
Willem Adriaan van der Stel.
Amsterdam, 1711.

Bouchenroeder, B.F.: Reize in de binnenlanden van Zuid-
Afrika, gedaan in den jare 1803.
Amsterdam en Den Haag, 1806.

Burchell, W.J.: Travels in the Interior of Southern
Africa, 2 dele. Herdruk van die oorspronklike
uitgawe van 1822, met 'n inleiding van
I. Schapera.
Londen, 1953.

Dampier, W.: A New Voyage round the World. Describing
particularly, ... the Cape of Good Hope, ...
Londen, 1699.

De Saint Pierre, J.H.B.: A Voyage to the Isle of France,
the Isle of Bourbon, and the Cape of Good
Hope. Uit Frans vertaal.
Londen, 1800.

- Description of the Cape of Good Hope, and of the Dutch Settlements on that famous Promontory. With an elegant Perspective View of the Cape, Harbour, Town and Fort, in The Gentleman's Museum, and Grand Imperial Magazine, Julie 1771.
- Gleanings in Africa; exhibiting a faithful and correct view of the manners and customs of the inhabitants of the Cape of Good Hope. Londen, 1806.
- Hondius, J.: Klare Besgryving van Cabo de Bona Esperanca. Faksimilee van die teks van 1652, met 'n vertaling in Engels deur L.C. van Oordt en van 'n inleiding en aantekeninge voorsien deur prof. P. Serton. Kaapstad, 1952.
- Kindersley, Mrs: Letters from the island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies. Londen, 1777.
- Kolbe, P.: Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop, 2 dele. Amsterdam, 1727.
- Leguat, F.: A New Voyage to the East-Indies. Londen, 1708.
- Le Vaillant, F.: Reize in de binnenlanden van Afrika, langs de Kaap de Goede Hoop, in de jaare 1780 tot 1785. Uit Frans vertaal deur J.D. Pasteur. Leiden en Amsterdam, 1791.
- Lichtenstein, H.: Reisen im südlichen Africa in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806, deel I. Berlyn, 1811.
- Martin, R.M.: History of Southern Africa: comprising the Cape of Good Hope, Mauritius, Seychelles, etc. Londen, 1836.
- Masson, F.: An Account of Three Journeys from the Cape Town into the Southern Parts of Africa; undertaken for the Discovery of new plants, towards the improvement of the Royal Botanical Gardens at Kew, in Philosophical Transactions of the Royal Society of London, vol. LXVI, 1776, deel I. Londen, 1776.
- Mentzel, O.F.: A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, 3 dele. Uit Duits vertaal deur H.J. Mandelbrote. V.R.V. 4, 6 en 25. Kaapstad, 1921, 1925 en 1944.
- Nieuwe algemene beschryving van de Kaap de Goede Hoop, 2 dele. Amsterdam en Harlingen, 1777.

Nieuwste en beknopte beschryving van de Kaap der Goede-
Hope.
Amsterdam, 1778.

← The Oriental Navigator; or, New Directions for sailing to
and from the East Indies. Oorspronklik deur
R. Sayer opgestel.
Londen, 1794.

Paterson, W.: A Narrative of four journeys into the country
of the Hottentots, and Caffraria, 1777-1779.
Londen, 1790.

Percival, R.: An Account of the Cape of Good Hope.
Londen, 1804.

Salmon: Modern History: or, the present state of all
nations, deel III.
Londen, 1739.

Semple, R.: Walks and Sketches at the Cape of Good Hope;
to which is subjoined, a journey from Cape
Town to Blettenberg's Bay.
Londen, 1805.

Sparman, A.: Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de Landen
van den Zuidpool, en Rondom de Waereld; doch
voornaamlijk in de Landen der Hottentotten
en Kafferen; In de jaare 1772 tot 1776 ge-
daan. Alles in 't Nederduitsch vertaald.
Leiden en Amsterdam, 1787.

• Stavorinus, J.S.: Reize van Zeeland over de Kaap de Goede
Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz.
gedaan in de jaaren 1768 tot 1771, deel I.
Leiden, 1793.

Stavorinus, J.S.: Reize van Zeeland over de Kaap de Goede
Hoop en Batavia, naar Samarang, Macassar,
Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren
1774 tot 1778, 2 dele.
Leiden, 1797.

→ Ten Rhyne, W.: An Account of the Cape of Good Hope and
the Hottentots, in A Collection of Voyages
and Travels, deel IV.
Londen, 1704.

Thompson, G.: Travels and adventures in Southern Africa.
Faksimilee van teks van 1827.
Africana Connoisseurs Pers, 1962.

Thunberg, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia performed
between the years 1770 and 1779, 2 dele.
Londen, jaartal onvermeld.

• Valentyn, F.: Beschryving Van 't Nederlandsch Comptoir
op de Kust van Malabar, En van onzen Handel in
Japan, Mitsgaders een Beschryving van Kaap
der Goede Hoope, etc., 5de deel, 2de stuk.
Dordrecht en Amsterdam, 1726.

Wurmb, von en Wollzogen, von Baron: Briefe ... auf ihren
Reisen nach Afrika und Ostindien in den Jahren
1774 bis 1792.
Gotha, 1794.

B. Periodieke Publikasies

Die Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Bosbouvereniging,
1940-1958.

III ARGIVALE BRONNE

A. Gedrukte

- Botha, C.G.: Collectanea, first series. V.R.V.5.
Kaapstad, 1924.
- Bosman, D.B. en Thom, H.B.: Dagregister gehouden bij den
oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, 3
dele.
Kaapstad, 1952-1957.
- Chavonnes, M.P. de en Imhoff, G.W. van: The Reports of
Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff,
on the Cape. With incidental correspondence.
Met 'n inleiding deur J.X. Merriman. V.R.V.1.
Kaapstad, 1918.
- Kaapse Argiefstukke: Kaapse Plakkaatboek, dele I-IV.
Kaapstad, 1944-1949.
- Mossop, E.E.: Journals of the expeditions of Olof Bergh
and Isaac Schrijver. V.R.V.12.
Kaapstad, 1931.
- Mossop, E.E.: The Journals of Brink and Rhenius. V.R.V.28.
Kaapstad, 1947.
- Reede tot Drakenstein, H.A. van: Journaal van zijn verblyf
aan de Kaap, medegedeeld door A. Hulshof, in
Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch
Genootschap (gevestigd te Utrecht), twee en
zestigste deel. Utrecht, 1941.
- Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Resolusies van die Politieke
Raad, 1651-1719, 5 dele.
Kaapstad, 1957-1964.
- Waterhouse, G.: Simon van der Stel's Journal of his ex-
pedition to Namaqualand, 1685-1686.
Dublin, 1932.

B. Ongedrukte

Staatsargief, Kaapstad

Politieke Raad

- C. 7 - C. 119: Resolusies, 1700-1795.
- C. 120 - C. 222: Bijlagen tot de Resolusies, 1716-1795.
- C. 291 - C. 325: Memorien en Rapporten, 1710-1791.
- C. 326 - C. 408: Attestasies, 1652-1791.
- C. 409 - C. 477: Inkomende Brieven, 1649-1795.

- C. 493 - C. 573: Uitgaande Brieven, 1652-1795.
 C. 586 - C. 648: Origineel Dagregister, 1662-1787.
 C. 650 - C. 657: Dagregister van Stellenbosch, Drakenstein en Swellendam, 1729-1784.
 C. 680 - C. 687: Origineel Placcaat Boek, 1652-1795.
 C. 689 - C. 691: Brieven van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius, Aan Raad van Politie, 3 dele, 1792-1793.
 C. 692 - C. 697: Verslag en Bylagen van Nederburgh en Frykenius, 6 dele, 1792-1793.
 C. 698 - C. 699: Briewe en Papiere van A.J. Sluysken aan die Gekommitteerdes, ongedateer.
 C. 700 - C. 707: Memorien en Instructien, 1657-1795.
 C. 708 : Instructien voor Commandeur Simon van der Stel door H.A. van Rheeде, 1685.
 C. 709 : Instructien door Commandeur Steeland, 1713.
 C. 710 - C. 711: Instructien hier gelaten door Gouverneur Generaal van Imhoff, met Bylagen, 1743.
 C. 729 : Rapporten over Steenkolen te Fransch Hoek, and other questions raised by XVII in despatch of 24.6.1716.
 C. 786 - C. 787: Losse Stukken, ongedateer.
 C. 799 : Gemengde Stukke, 1714-1795.
 C. 805 : Hout, 1773-1792.

Stellenbosch (St.)

- 1/1 - 1/22 : Notule van Landdros en Heemrade, 1691-1795.
 19/23 : Diverse Instruksies, 1685-1811.
 19/165 : Dokumente betreffende Overbergse Sake, 1744-1767.
 19/185 : Gemengde Stukke, ongedateer.

Simonstad

- 10/1 : Inkomende Briewe, allerlei, 1793-1864.

Swellendam (Swm.)

- 1/1 - 1/3 : Notule van Landdros en Heemrade, Junie 1747 - Desember 1798.
 10/1 - 10/2 : Dagregister, 1755-1787.

14/1 : Uitgaande Briewe van Landdros en Heemrade, 1745-1767.

Graaff-Reinet (G.R.)

1/1 : Notule van Landdros en Heemrade, 1786-1795.

12/1 : Briewe van Veldkornette, Veldwagmeesters, Veldkommandante en Private Persone, 1781-1884.

13/1 : Briewe van Private Persone, ongedateer.

13/2 : Letters Received from Private Individuals, 1781-1800.

14/4 : Publications, Notices and Warnings, 1786-1819.

16/1 : Letters Despatched by Landdrost and Secretary, dele I en II, 1786-1813.

14/127 : Game, Trading and Waggon Licences, 1790-1839.

Burgerkrygsraad

8 : Instruksies vir die Burgerkrygsraad en Direkteur van die Militêre Ateliers en Artillerie konstruksie Winkels, 1768-1804.

Woordelikse Afskrifte

V.C. 4 - V.C. 35: Dagregister, 1662-1789.

V.C. 36 : Raporten der Commissarissen, Twaalf Stukken, 1657-1764.

V.C. 95 : Remarks on the Cape Government by J.W. Cloppenburg, + 1767.

V.C. 96 : Joernaal van landtog in Suid-Afrika deur J.W. Cloppenburg, 23 September - 16 November 1768.


V.C. 99 : Gedagten En consideration ontrend Eenige opgegeevene Vraag Poincten betrekkelijk de Cabo de Goede Hoop En desselfs Ingezeetenen, 21.3.1789.

V.C. 119 : Joernaal van J.P. van Braam, 1783.

V.C. 152 : Corte Beschryvinge over-de zuydhoek van Africa, Gelegen aan Cabo de Goede Hoop, deur E.W. Cochius, + 1750.

Mikrofilm

313 : Dagregister, 1688.



- Explanations*
- Forests
 - Scrub
 - Boundaries of the Colony
 - Boundaries of Conservancies
 - Railways, open
 - Railways, under construction or proposed

Scale, 40 Eng. Miles - One Inch

THE COLONY
OF THE
CAPE OF GOOD HOPE

Showing approximately the position and extent of the Forests and Scrubs.
July, 1906.
G. R. SIMS.

INDIAN OCEAN

ATLANTIC OCEAN

28 29 30 31 32 33 34